'N KRIMINOLOGIESE ONTLEDING VAN MANLIKE OBSERVASIEGEVALLE

deur

ANASTASIOS LADIKOS

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

KRIMINOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF J J NESER

MEDEPROMOTOR: PROF F J A SNYDERS

JUNIE 1999

Studentenommer 386-219-4

"Ek verklaar hiermee dat 'N KRIMINOLOGIESE ONTLEDING VAN MANLIKE OBSERVASIEGEVALLE my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het".

A LADIKOS

26-07-1999

DATUM

Opgedra aan:

PASTOOR EDMUND ROEBERT (8-11-1939 - 05-07-1997).

'n Man van onwrikbare geloof wat vir sy geslag die Here se krag en liefde verkondig het en wat Hom heelhartig gevolg het.

364.3730968 LADI

UNISA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1995-11-
Class
Klas
Access
Aanwin.

0001735615

VOORWOORD

"U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape" (Openbaring 4:11).

Ek wil ook hiermee my dank en waardering betuig teenoor almal wat direk of indirek tot die samestelling van hierdie proefskrif bygedra het. In die besonder:

Prof Jan Neser, my promotor, vir sy bekwame leiding en voortdurende aanmoediging.

Prof Ricky Snyders, my hulppromotor, vir sy deskundige raad en opbouende kommentaar.

Profs Piet van der Walt (01-06-1923 - 04-04-1999), Jacob van der Westhuizen, Tom Cloete, Herman Conradie, Gert du Preez, Beaty Naudé en Johan Prinsloo, asook Drs Johan Louw en Eon Sonnekus wie se wesenlike insette tot die vorming van my kriminologiese denke bygedra het.

My vrou Androula, asook ons kinders Nitsa en Yorgho-savva vir hulle opofferings, aanmoediging en ondersteuning.

My ouers Mnr George Ladikos (30-07-1916 - 30-04-1980) en Mev Pagoni Ladikos vir al hulle opofferings deur die jare heen en spesifiek hulle uiters moeilike besluit om Suid-Afrika toe te emigreer tot ons voordeel.

My skoonouers Mnr George Savvas en Mev Driena Savvas wie se bydrae baie meer as hulle konstante aansporing en belangstelling in my studies behels het.

Prof Francois Steffens, meve Lizelle Fletcher en Riëtte Eiselen (Departement Statistiek, Unisa) asook Dr Piet Becker (Mediese Navorsingsraad) en Prof Michael Greenacre (Universiteit van Pompeu Fabra, Spanje) vir waardevolle advies met die verskeie statistiese ontledings.

Mev Sanmarie Hugo en Mnr Norman Hall (Departement Rekenaardienste, Unisa) vir uiters professionele diens met betrekking tot statistiese rekenaarverwerkings.

Dr Babs Meiring (Departement Afrikaans, Unisa) vir haar uitstekende en onbaatsugtige diens met die taalkundige versorging.

Prof Wilhelm Bodemer en die etiese komitee van die Weskoppieshospitaal vir die toestemming om die empiriese gedeelte van die studie aldaar te onderneem.

Mnre Patrick Mbatsana en Gregory Gumede asook Mev Yvonne Mononyane (Registrasie-afdeling, Weskoppieshospitaal) vir die opsporing van die benodigde lêers.

Mev Karen de Wit vir tikwerk van teksgedeeltes, tabelle en figure asook Mev Zettie Campher vir tikwerk van teksgedeeltes.

Vir die doeleindes van geslagsgelykheid verwys die voornaamwoord hy na beide geslagte.

Die punt (.) by persentasies (byvoorbeeld 41,67) in tabelle en figure, in hoofstuk 7, is behou soos dit deur die statistiese programme aangebring is. Dit het dieselfde betekenis as die komma (,) (byvoorbeeld 41,67) by persentasies in die res van die teks.

It is easy to lie with statistics but ... it is impossible to tell the truth without it.

- Anonymous

It is the spirit and not the form of law that keeps justice alive.

- Justice Earl Warren (1891-1974)

Do all the good you can, In all the ways you can, In all the places you can, At all times you can, To all people you can, As long as you can.

- Rev John Wesley (1703-1791)

SUMMARY

A CRIMINOLOGICAL ANALYSIS OF MALE OBSERVATION CASES

The purpose of this study was to retrospectively analyze a group of observation cases referred to a psychiatric institution through the criminal justice system by means of certain measuring instruments in order to determine on which grounds some of the cases were classified as criminals and others as state patients.

The sample for the purposes of this investigation consisted of one hundred and forty-two cases referred to the Weskoppies hospital for psychiatric observation during 1988 to 1994. The measuring instruments were the South African Wechsler intelligence scale, the Rorschach projective technique and an information schedule which was used for the purpose of gathering biographical information and personal details of each particular case. The data collected through these instruments was statistically analyzed utilising frequencies and crosstabulations, chi-square tests, t-tests, correspondence analyses, factor analyses and regression analyses.

The findings of this investigation revealed that crimes concerning personal relations and property crimes were more committed by criminals than state patients while crimes concerning communal life were encountered more amongst state patients than criminals.

Non-person-directed crimes of violence were encountered proportionally more amongst state patients who had a history of substance abuse than in criminals with a similar history. State patients who had a history of substance abuse were proportionally more prosecuted on account of person-directed-crimes of violence than criminals with a similar history.

The predictive measuring instrument developed by means of regression analysis indicated as important predictors three subtests of the South African Wechsler intelligence scale namely - general information, digit-symbol substitution and picture arrangement - as well as the variable "previous psychiatric

treatment".

The following recommendations were also made:
The current endeavour to adapt the South African Wechsler intelligence scale for all population groups needs to be maintained and this adaptation should also be pursued in each country where the scale is used or was used in the past.

It is advisable to draw up certain profiles of specific offenders by means of the Rorschach projective technique while the testing procedure should preferably be undertaken by the same researcher.

Provision should be made that the accused be declared as state patients only on account of serious and violent crimes while the courts should have the right in appropriate cases to charge the accused with detention in accordance with chapter three of the Mental Health Act.

The testimony of criminologists and psychologists should be added to the testimony of psychiatrists especially in cases of accountability or diminished accountability.

The proposed predictive model may be further refined and adapted through the use of a larger, nation-wide sample resulting in the inclusion of a greater number of observation cases and variables.

Due to the accelerating rate of revision associated with The DSM-IV manual and the fact that its validity is questioned, ethically responsible psychiatrists, psychologists and criminologists are obligated to identify practices and procedures which threaten to misinform the legal system.

OPSOMMING

'N KRIMINOLOGIESE ONTLEDING VAN MANLIKE OBSERVASIEGEVALLE

Die doel van hierdie studie was om aan die hand van bepaalde meetinstrumente retrospektief 'n groep observasiegevalle wat deur die regstelsel na 'n psigiatriese inrigting verwys is, te ontleed, sodat daar vasgestel kon word op watter gronde sekere van die gevalle as misdadigers en ander as staatspasiënte geklassifiseer is.

Die steekproef vir die doeleindes van hierdie ondersoek het bestaan uit honderd twee-en-veertig gevalle wat vanaf 1988 tot 1994 na Weskoppieshospitaal vir psigiatriese waarneming verwys is. Die meetinstrumente wat gebruik is, was die Suid-Afrikaanse Wechsler-intelligensieskaal, die Rorschach-projeksietegniek en 'n inligtingskedule wat biografiese inligting en persoonlike besonderhede van elke besondere geval ingewin het. Die gegewens wat uit hierdie meetinstrumente versamel is, is statisties verwerk met behulp van frekwensies en kruistabellerings, chi-kwadraattoetse, t-toetse, korrespondensie-analises, faktoranalises en regressie-ontledings.

Die bevindinge van die ondersoek het aan die lig gebring dat persoonverhoudings- en eiendomsmisdrywe meer deur misdadigers as staatspasiënte gepleeg word, terwyl gemeenskapslewe misdrywe meer by staatspasiënte as misdadigers voorgekom het.

Nie-persoonsgerigte geweldsmisdrywe het verhoudingsgewys meer onder staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik as by misdadigers met 'n soortgelyke geskiedenis voorgekom. Staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik is ook verhoudingsgewys meer as misdadigers met 'n soortgelyke geskiedenis weens persoonsgerigte geweldsmisdrywe aangekla.

Die voorspellingsmeetinstrument wat met behulp van die regressie-ontledings ontwikkel is, het drie subtoetse van die Suid-Afrikaanse Wechsler-intelligensieskaal naamlik - algemene inligting, syfersimboolvervanging en prentrangskikking - asook

die veranderlike "vorige psigiatriese behandeling" as die belangrikste voorspellers uitgewys.

Die volgende aanbevelings word ook hiermee gemaak:
Daar moet volgehou word met die huidige poging om die Suid-Afrikaanse Wechsler-intelligensieskaal vir alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika aan te pas asook met die aanpassing van dié meetskaal vir elke land wat dit tans gebruik of in die verlede gebruik het.

Dit is raadsaam om met behulp van die Rorschach projektiewe tegniek bepaalde profiele ten opsigte van spesifieke oortreders op te stel terwyl die toetsingsproses verkieslik deur dieselfde ondersoeker waargeneem word.

Daar moet seker gemaak word dat beskuldigdes slegs in die geval van ernstige en gewelddadige misdade tot staatspasiënte verklaar word, terwyl die howe die bevoegdheid kry om in geskikte gevalle te beveel dat beskuldigdes ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Geestesgesondheid aangehou moet word.

Die getuienis van kriminoloë en sielkundiges behoort bygevoeg te word by dié van psigiaters en wel in gevalle waar toerekeningsvatbaarheid of verminderde toerekeningsvatbaarheid ter sprake is.

Die voorgestelde voorspellingsmodel kan verder verfyn en aangepas word deurdat 'n groter, landwye steekproef van alle observasiegevalle getrek word wat uiteraard 'n groter aantal veranderlikes sal insluit.

Weens die versnellingstempo van hersiening met betrekking tot die DSM-IV handleiding en die feit dat sy betroubaarheid bevraagteken word, word aanbeveel dat eties verantwoordelike gedrag aan die kant van psigiaters, sielkundiges en kriminoloë gevolg word sodat praktyke en prosedures wat die regstelsel kan benadeel, geïdentifiseer kan word.

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

HOOFSTUK 1
INLEIDENDE ORIëNTERING

1.1 INLEIDENDE PROBLEEMSTELLING 1
1.2 ONDERSOEKRASIONAAL 3
1.2.1 Aanleidende vrae 3
1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK 3
1.4 BEGRENSING 5
1.5 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE 6
1.6 INDELING VAN DIE PROEFSKRIF 8

HOOFSTUK 2
HISTORIESE OORSIG OOR DIE HANTERING VAN PSIGIATRIESE PASIëNTE MET MISDADIGE NEIGINGS

2.1 INLEIDING 10
2.2 HISTORIESE AGTERGROND TOT DIE VERWEER VAN ONTOEREKENINGSVATBAARHEID OP GROND VAN GEESTESONGESTELDHEID OF GEESTESGEBREK 12
2.3 VROEë ONTWIKKELINGE 16
2.4 DIE McNAGHTEN-Reël 22
2.5 DIE Reël IVM ONWEERSTAANBARE DRANG 23
2.6 DIE DURHAM-Reël 24
2.7 DIE AMERIKAANSE WETSINSTITUUT-FORMULE (MODEL STRAFKODE) 26
2.8 AFWYKINGS WAT GEESTESONGESTELDHEID DAARSTEL 29
2.8.1 Versteurings gewoonlik in die babatydperk, kinderjare of adolessensie gediagnoseer 30
2.8.2 Delirium, demensie, amnesiese versteurings en ander kognitiewe versteurings 30
2.8.3 Geestesversteurings te wyte aan 'n algemene mediese toestand nie elders geklassifiseer nie 31
2.8.4 Substansverwante versteurings 31
2.8.5 Skisofrenie en ander psigotiese versteurings 31
2.8.6 Gemoedsversteurings 32

Bladsy

2.8.7 Angsversteurings 32
2.8.8 Somatovorme versteurings 33
2.8.9 Kunsmatige versteurings 33
2.8.10 Dissosiatiewe versteurings 34
2.8.11 Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings 35
2.8.12 Eetversteurings 35
2.8.13 Slaapversteurings 36
2.8.14 Impuls-kontrole versteurings nie andersins gespesifiseer nie 36
2.8.15 Aanpassingsversteurings 37
2.8.16 Persoonlikheidsversteurings 37
2.8.17 Ander toestande wat die fokus van kliniese aandag kan wees 38
2.9 DIE VERWEER VAN ONTOEREKENINGSVATBAARHEID OP GROND VAN GEESTESONGESTELDHEID OF GEESTESGEBREK IN VERSKEIE LANDE 38
2.9.1 Die Verenigde State van Amerika 39
2.9.2 Die Verenigde Koninkryk 40
2.9.3 Kanada 41
2.9.4 Swede 43
2.9.5 Israel 44
2.9.6 Suid - Afrika 44
2.10 SLOTOPMERKINGS 48

HOOFSTUK 3

DIE VERSTANDELIKE GESTELDHEIDSBENADERING TOT MISDAADVEROORSAKING EN -VERKLARING

3.1 INLEIDING 49
3.2 OORSPRONG VAN DIE METING VAN INTELLIGENSIE 49
3.3 DIE VERBAND TUSSEN INTELLIGENSIE EN MISDAAD 53
3.4 DIE VERBAND VAN MISDADIGHEID MET LAE IK 62
3.4.1 Lae IK predisponeer persone tot misdadigheid 63
3.5 VERSKILLE TUSSEN OORTREDERS 64
3.5.1 Verbale versus Nie-Verbale Intelligensie 66
3.6 INTELLIGENSIE EN MORELE ONTWIKKELING 70

Bladsy

3.7 TAAL EN DIE ONTWIKKELING VAN INTELLIGENSIE VERSUS MISDADIGHEID 71
3.8 SLOTOPMERKINGS 73

HOOFSTUK 4
DIE PSIGOANALITIES-PSIGIATRIESE BENADERING TOT MISDAADVEROORSAKING EN -VERKLARING

4.1 INLEIDENDE ORIëNTERING 74
4.2 FREUD SE BYDRAE 76
4.2.1 Die orale stadium 77
4.2.2 Die anale stadium 77
4.2.3 Die falliese stadium 78
4.2.4 Die latente stadium 79
4.2.5 Die genitale stadium 79
4.2.6 Die Id, ego en superego as vlakke van bewussyn 80
4.3 PSIGOANALITIESE INTERPRETASIES VAN MISDAAD 81
4.4 ANTIKARAKTERVORMING, SKULDGEVOELENS EN ANGS 85
4.5 OBJEKSVERHOUDINGE EN GRENSLYNPERSOONLIKHEID 86
4.6 KRITIEK OP PSIGOANALITIES-PSIGIATRIESE VERKLARINGS 87
4.7 DIE PSIGOANALITIESE PERSPEKTIEF EN DIE KONSEPTE VAN PROJEKSIE EN PROJEKSIETEGNIEKE 92
4.8 DIE RORSCHACH TEGNIEK SOOS TOEGEPAS IN NAVORSINGSTEGNOLOGIE 96
4.8.1 Die Rorschach en geweld 97
4.8.2 Die Rorschach en seksoortreders 99
4.8.3 Die Rorschach en substansiemisbruik 100
4.8.4 Klassifikasie van oortreders 101
4.9 SLOTOPMERKINGS 103

HOOFSTUK 5
NAVORSINGSMETODIEK

5.1 INLEIDING 104
5.2 NAVORSINGSHIPOTESES 104
5.3 EMPIRIESE ONDERSOEK 105
5.3.1 Agtergrond 105

Bladsy

5.3.2 Loodsondersoek 106
5.3.3 Die Navorsingsontwerp 106
5.3.3.1 Die meetinstrumente en die inligtingskedule 108
A Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir Volwassenes 108
1 Rasionaal en ontwikkeling 108
2 Samestelling van die S A Wechsler-intelligensieskaal 109
3 Afneming en administrasie 109
4 Geldigheid en betroubaarheid 109
5 Groepering van IK-tellings 110
B Die Rorschach-projeksietegniek 112
1 Rasionaal en ontwikkeling van die projeksietegniek 112
2 Die interpretasie van die kwantitatiewe verhoudings 113
(a) Verhoudings wat betrekking het op die innerlike bronne en impulsiewe lewe. 113
(b) Verhoudings wat betrekking het op die organisasie van die behoefte aan toegeneentheid 115
(c) Verhoudings wat betrekking het op onderdrukte beheer 116
(d) Verhoudings wat betrekking het op die emosionele reaksie tot die omgewing 117
(e) Verhoudings wat betrekking het op intellektuele aspekte 118
C Die Inligtingskedule 120
1 Inleiding 120
2 Groepering van misdrywe 121
3 Groepering van psigiatriese diagnoses 123
5.4 DIE STATISTIESE TEGNIEKE 124
5.4.1 Die Korrespondensie-analise 124
5.4.2 Die Faktorontleding 126
5.4.3 Die Chikwadraattoets 127
5.4.3.1 Die Fisher se eksakte toets 128
5.4.4 Die T-Toets 129
5.4.5 Die Logistiese Stapsgewyse Regressie-ontleding 129
5.5 SLOTGEDEELTE 130

Bladsy

HOOFSTUK 6

BESKRYWING VAN STEEKPROEF

6.1 INLEIDING 131

6.2 BIOGRAFIESE INLIGTING 131

6.3 BEROEPSTATUS - INLIGTING 131

6.4 AKADEMIESE INLIGTING 132

6.5 ALGEMENE INLIGTING 132

6.6 SLOTGEDEELTE 133

HOOFSTUK 7

ANALISE EN INTERPRETASIE VAN INGESAMELDE DATA

7.1 INLEIDING 134

7.2 BEDUIDENDE VERANDERLIKES UIT DIE INLIGTINGSKEDULE AFGELEI 134

7.3 RESULTATE VAN DIE SA WECHSLER INTELLIGENSIESKAAL 141

7.4 KRUISTABELLE EN KORRESPONSENSIE-ANALISES OP GROND VAN INLIGTINGSKEDULE- EN WECHSLERSKAAL VERANDERLIKES 143

7.4.1 Subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor A tot F klas misdrywe 143

7.4.2 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor A tot F klas misdrywe 146

7.4.3 Subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 148

7.4.4 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor geweld/ nie-geweld misdrywe 149

7.4.5 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor A tot F misdrywe 152

7.4.6 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor A tot F klas misdrywe 154

7.4.7 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkohol-misbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 156

7.4.8 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 158

Bladsy

7.4.9 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor A tot F misdrywe 159

7.4.10 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor A tot F klas misdrywe 161

7.4.11 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substans-misbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 162

7.4.12 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 165

7.4.13 Subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 167

7.4.14 Korrespondensie-analise ingedeel volgens totale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 169

7.4.15 Subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 171

7.4.16 Korrespondensie-analise ingedeel volgens verbale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 173

7.4.17 Subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 174

7.4.18 Korrespondensie-analise ingedeel volgens praktiese IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe 177

7.4.19 Subgroepe met en sonder rekord van vorige oortredings teenoor psigiatriese diagnoses 178

7.4.20 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder rekord van vorige oortredings teenoor psigiatriese diagnoses 181

7.4.21 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkohol-misbruik teenoor psigiatriese diagnoses 183

7.4.22 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses 185

7.4.23 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substans-misbruik teenoor psigiatriese diagnoses 187

7.4.24 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses 190

Bladsy

7.4.25 Subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor psigiatriese diagnoses 192
7.4.26 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor psigiatriese diagnoses 196
7.4.27 Subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor psigiatriese diagnoses 198
7.4.28 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor psigiatriese diagnoses 201
7.4.29 Subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor psigiatriese diagnoses 203
7.4.30 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor psigiatriese diagnoses 207
7.5 RESULTATE VAN FAKTORONTLEDINGS MET BETREKKING TOT RORSCHACH LOKALITEITS- EN VORMVERANDERLIKES 209
7.5.1 Rorschach lokaliteitsveranderlikes 209
7.5.2 Rorschach-tipe vormveranderlikes 211
7.5.3 Rorschach-inhoudveranderlikes 212
7.5.4 Rorschach kwantitatiewe verhoudings 212
7.6 DIE REGRESSIE-ONTLEDING EN 'N VOORGESTELDE VOORSPELLINGSMODEL 215
7.7 PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE VOORSPELLINGSMODEL 220
7.8 SLOTGEDEELTE 222

HOOFSTUK 8
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING 223
8.2 GEVOLGTREKKINGS 223
8.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 226
8.4 SLOT 228

BIBLIOGRAFIE 230

BYLAE A 244
BYLAE B 250

T A B E L L E L Y S

TABEL		Bladsy
TABEL 7.1	GROEPE TEENOOR MISDRYWE VOLGENS KLAS (A B C D & F)	135
TABEL 7.2	GROEPE TEENOOR MISDRYWE VOLGENS KLAS (B C & D)	136
TABEL 7.3	GROEPE TEENOOR VERRIGTING VAN MILITêRE DIENS	137
TABEL 7.4	GROEPE TEENOOR VORIGE PSIGIATRIESE BEHANDELING	138
TABEL 7.5	GROEPE TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	139
TABEL 7.6	STATISTIESE KENMERKE VAN DIE S A WECHSLER VERANDERLIKES BY DIE MISDADIGERS- EN STAATSPASIëNTEGROEPE	142
TABEL 7.7	SUBGROEPE MET EN SONDER VORIGE OORTREDINGS TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE	145
TABEL 7.8	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	149
TABEL 7.9	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE	153
TABEL 7.10	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	157
TABEL 7.11	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE	160
TABEL 7.12	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	164
TABEL 7.13	SUBGROEPE (T.O.V TOTALE IK) TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	168
TABEL 7.14	SUBGROEPE (T.O.V VERBALE IK) TEENOOR GEWELD/NIEGEWELD MISDRYWE	172
TABEL 7.15	SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK) TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	176
TABEL 7.16	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	180

		Bladsy
TABEL 7.17	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOL-MISBRUIK TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	184
TABEL 7.18	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANS-MISBRUIK TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	189
TABEL 7.19	SUBGROEPE (T.O.V TOTALE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	194-5
TABEL 7.20	SUBGROEPE (T.O.V VERBALE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	200
TABEL 7.21	SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES	205-6
TABEL 7.22	C3 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE	213
TABEL 7.23	KLASSIFIKASIE VAN GROEPE	217

F I G U R E L Y S

FIGUUR		Bladsy
FIGUUR 1	SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS) V. MISDRYWE (KLAS)	147
FIGUUR 2	SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS) V. MISDRYWE (GEWELD / NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	151
FIGUUR 3	SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK) V. MISDRYWE (KLAS)	155
FIGUUR 4	SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK) V. MISDRYWE (GEWELD / NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	158
FIGUUR 5	SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK) V. MISDRYWE (KLAS)	162
FIGUUR 6	SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK) V. MISDRYWE (GEWELD - NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	166
FIGUUR 7	SUBGROEPE (T.O.V. TOTALE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	170
FIGUUR 8	SUBGROEPE (T.O.V. VERBALE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	173
FIGUUR 9	SUBGROEPE (T.O.V. PRAKTIESE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)	177
FIGUUR 10	SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	182
FIGUUR 11	SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	186
FIGUUR 12	SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	191
FIGUUR 13	SUBGROEPE (T.O.V. TOTALE IK) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	197
FIGUUR 14	SUBGROEPE (T.O.V. VERBALE IK) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	202
FIGUUR 15	SUBGROEPE (T.O.V. PRAKTIESE IK) V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES	208

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIëNTERING

1.1 INLEIDENDE PROBLEEMSTELLING

Die invloed van misdadigheid in die algemeen en misdaad in die besonder is veral vanuit vier gesigspunte vir hierdie ondersoek van belang, naamlik die kriminologiese, psigologiese, psigiatriese en regsterreine.

Regdeur die geskiedenis van die menslike beskawing, was daar 'n sterk neiging om geestesongesteldheid en misdaad aan mekaar te koppel. Dit is ook bekend dat die meeste samelewings en hulle onderskeie regstelsels dikwels deur geestesversteurings verwar en deur vrees aangejaag is. Monahan en Geis (1976), soos aangehaal in Bartol (1991:145), noem dat die eerste inrigting vir geestesongesteldes in die Amerikaanse kolonies deur Benjamin Franklin tot stand gebring is nadat hy aangevoer het dat geestesongestelde persone na misdadige gedrag neig. Gevolglik moes hulle, indien nodig, selfs teen hulle sin opgesluit word ten einde die gemeenskap te beskerm. Dus het die opvatting vroeg al posgevat dat geestesongestelde persone gevaarlik is en persone wat bisarre misdade pleeg geestesongesteld is.

Alhoewel misdaad en geestesongesteldheid onafhanklik van mekaar variasie kan vertoon, sal hulle verspreiding nietemin oorvleuel. Gegee dat die kumulatiewe voorkoms van misdaad in 'n leeftyd by mans 40 persent en by vroue 14 persent is en dat meer as 10 persent van die bevolking psigiatriese behandeling ontvang, sal die twee (misdaad en geestesongesteldheid) dikwels saam voorkom, selfs in die afwesigheid van 'n oorsaaklike verband (Farrington, 1981:173). Tog sal die klaarblyklike gebrek aan 'n verband op die gesamentlike vlak nie betekenisvolle verbande op die individuele vlak uitsluit nie. In die lig van die heterogeniteit van die misdadigers en geestesongesteldes, mag daar tog oorsaaklike verbande tussen sekere vorme van misdaad en sekere vorme van

geestesongesteldheid wees (Wessely en Taylor, 1991:194).

Gedurende 1978 in die VSA was die gemiddelde aantal oortreders wat op grond van geestesongesteldheid deur die regstelsel ontoerekeningsvatbaar bevind is en in staatsinstansies opgeneem is, 3 140 per dag. Hierdie gevalle verteenwoordig maar net 1% van die sowat 307 276 persone wat gemiddeld daagliks, gedurende die ooreenstemmende tydperk, in gevangenisinstansies aangehou word. Dié klein minderheid van 1% dien 'n simboliese funksie naamlik om die gevangesetting van die ander 99% te regverdig, aldus Monahan en Steadman (1983:xiii). Bogenoemde outeurs verduidelik hierdie stelling deur daarop te wys dat in Amerika die verweer van ontoerekeningsvatbaarheid op grond van geestesongesteldheid "die uitsondering wat die reël bewys" is. Deur dus 'n relatiewe klein aantal persone van kriminele aanspreeklikheid vry te spreek, inkrimineer die wetgewer alle ander wetsoortreders (Blackburn 1993:252).

Volgens die verslag van 1 Julie 1991 tot 30 Junie 1992, opgestel deur die Departement van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika, is 10 233 geestesongestelde gevalle deur die onderskeie Prokureurs-generaal behartig. Daarby het Visser e.a (1989:23) se navorsing aangaande aantal eenhede per tipe eenheid waar pasiënte opgeneem is, aan die lig gebring dat geestesongestelde persone in observasie eenhede 8% van die totale ondersoekgroep (N=458) uitgemaak het. Verder het Uys soos aangehaal in die Nuus vir die geesteswetenskappe (1993:20) die regstatus van forensies psigiatriese gevalle soos volg ingedeel:

a) Gevalle wat onbevoeg is om verhoor te word weens geestesongesteldheid.
b) Gevalle wat nie skuldig bevind is weens geestesongesteldheid tydens die pleeg van die misdaad.
c) Gevaarlike geestesongestelde gevalle wat siviel in 'n psigiatriese inrigting opgeneem is en
d) Geestesongestelde gevangenes wat eers as geestesongesteld gediagnoseer is terwyl hulle besig was om hul vonnisse uit te dien en wat dan na psigiatriese inrigtings oorgeplaas is.

1.2 ONDERSOEKRASIONAAL

Na aanleiding van die voorafgaande word die rasionaal vir die ondersoek soos volg uiteengesit:

1.2.1 Aanleidende vrae

Behoort daar 'n onderskeid te wees in observasiegevalle tussen enersyds misdadige gedrag waarvoor 'n persoon deur 'n hof skuldig bevind en gevonnis word, en andersyds beweerde misdadige gedrag waarvoor 'n persoon as ontoerekeningsvatbaar geag word en gevolglik tot 'n staatspasiënt verklaar word?

Behoort daar aandag geskenk te word aan die evaluering van spesifieke meetinstrumente wat 'n diagnose al dan nie van geestesongesteldheid by observasiegevalle wat beweerde misdade gepleeg het, moontlik maak, veral in die lig van die feit dat die lys van geestesversteurings periodiek hersien en gewysig mag word?

Die stelling kan dus gemaak word dat kriminoloë met hul diepe kennis en insig aangaande die misdaadverskynsel 'n groter bydrae ten opsigte van die terrein van misdaadveroorsaking en misdaadverklaring behoort te lewer.

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die ondersoekrasionaal, word die volgende doelstellings in die vooruitsig gestel:

(i) 'n Beskrywing van die mees geskikte misdaadveroorsakings- en -verklaringsteorieë. Waar die begrip misdaadveroorsaking na bydraende faktore verwys wat die misdaadpleging voorafgegaan het, dui die begrip misdaadverklaring op verduidelikings van die misdaad nadat dit gepleeg is. Die misdaadveroorsakings- en -verklaringsteorieë word breedweg in twee kategorieë verdeel naamlik:

(a) die persoonsgerigte misdaadveroorsakings en -verklaringsperspektiewe en
(b) die sosiale milieu misdaadveroorsakings en -verklaringsteorieë.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar gefokus op die persoonsgerigte perspektiewe aangesien hierdie perspektiewe verwys na die gedurig veranderende maar tog relatief stabiele organisasie van liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy gedrag in interaksie met die omgewing bepaal (Meyer et al, 1988:8). Met betrekking tot psigiatriese gevalle kan die kritiese kragte verantwoordelik vir die afwyking hoofsaaklik aan individuele faktore toegeskryf word en dit is die hoofrede waarom in hierdie studie op die persoonsgerigte perspektief gesteun word. In die meeste gevalle word die geestesongesteldheid by wyse van 'n lewenslange gedragspatroon gemanifesteer (Kisker, 1964:221, Blackburn, 1993:270).

Die persoonsgerigteperspektief word in twee onderafdelings verdeel, naamlik biologiese en psigologiese teorieë. Hierdie teorieë kan hoofsaaklik soos volg verder verfyn word:

(1) Biologiese teorieë
    * Somatotipes
    * Oorerwing
    * Die biochemiese benadering
    * Leermoeilikhede
    * Neurofisiologiese faktore

(2) Psigologiese teorieë
    * Die verstandelike gesteldheidsbenadering
    * Die psigoanalities-psigiatriese benadering

Laasgenoemde twee benaderings wat onder die psigologiese

teorieë ressorteer, kan as die mees toepaslik binne die konteks van hierdie ondersoek beskou word, aangesien die beskikbare empiriese data primêr hierdeur verklaar kan word.

(ii) 'n Ontledende beskrywing van enkele (142) manlike observasiegevalle.

(iii) Die toetsing van bepaalde hipoteses in verband met genoemde observasiegevalle soos in hoofstuk vyf uiteengesit.

(iv) Die beoordeling van toepaslike meetinstrumente wat gebruik word om misdadigheid en geestesongesteldheid te probeer diagnoseer.

(v) Die ontwikkeling van 'n toepaslike kriminologiese model vir die moontlike voorspelling van manlike observasiegevalle se misdadige gedrag.

1.4 BEGRENSING

Aangesien die grootste aantal obsevasiegevalle in Gauteng by Weskoppieshospitaal te Pretoria opgeneem word asook weens die feit dat dit vir die navorser maklik bereikbaar is, is daar besluit om die ondersoek aldaar te onderneem. Die twee grootste groepe wat as observasiegevalle na Weskoppieshospitaal deur die howe verwys word, is swart mans en blanke mans. Daar is besluit om die ondersoek tot die blanke mans te beperk omrede meeste sielkundige toetse ongelukkig nog nie vir die swart bevolkingsgroepe gestandaardiseer is nie. Wat tydperk betref, word daar gekyk na observasiegevalle opgeneem by Weskoppieshospitaal vanaf 1988 tot 1994. Verdere besonderhede hieroor word in die hoofstuk oor navorsingsmetodiek gegee. (Kruisverwysing na paragraaf 5.3.1)

1.5 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

DSM -IV

'n Afkorting vir die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders 4de uitgawe (American Psychiatric Association, 1994), 'n klassifikasiestelsel vir psigiese versteurings wat deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging opgestel is. Die doel van hierdie handleiding is om duidelike beskrywings van die diagnostiese kategorieë daar te stel, sonder om enige etiologiese teorie te bevoordeel (Plug et al, 1993:73).

Ekstratensief

'n Term wat dui op 'n ingesteldheid op die omgewing eerder as op die eie innerlike lewe. Dit word volgens veronderstelling aangedui deur 'n groter proporsie kleurresponse as menslike bewegingsresponse op die Rorschach projeksietegniek (Plug et al, 1993:1993).

Geestesgesondheid

Dit is 'n toestand van relatief goeie aanpassing wat gepaardgaan met 'n gevoel van tevredenheid, 'n lus vir die lewe en die aktualisering van potensialiteite en vaardighede asook die afwesigheid van psigopatologiese toestande.

Geestesongesteldheid of geestesgebrek

Dit is 'n toestand van 'n ernstige of minder ernstige aard wat dui op 'n sieklike of patologiese versteuring van 'n mens se geestesvermoëns. Sinonieme is die volgende: geestessiekte, geestesgebrek, geesteskrankheid, geestesversteuring.

Kleurrespons

Dit het betrekking tot die Rorschach projeksietegniek en verwys

na 'n respons wat deur die chromatiese kleur van die inkklad, of deur sowel die kleur as die vorm van die inkklad, bepaal word (Plug et al, 1993:178).

Misdaad

Volgens die juridiese definisie is misdaad die skending van 'n wet waaraan straf, oplegbaar deur die staat, verbonde is ná skuldigbevinding. Ooreenkomstig die kriminologiese definisie is misdaad enige anti-sosiale handeling wat teenstrydig is met of skadelik is vir die gesonde, normale voortbestaan van individue, hul naasbestaandes en die gemeenskap.

Misdadigheid

Misdadigheid (of kriminaliteit) is 'n predisponeerde geneigdheid, ingesteldheid tot, of vatbaarheid vir die pleeg van 'n misdaad.

Narsistiese persoonlikheid

'n Persoonlikheidsversteuring wat gekenmerk word deur 'n onrealistiese gevoel van belangrikheid en uniekheid, preokkupasie met fantasieë van onbegrensde sukses, ekshibisionistiese behoefte aan voortdurende aandag en bewondering, asook versteurings in interpersoonlike verhoudings, byvoorbeeld uitbuiting van ander en gebrek aan empatie (Plug et al, 1993:231)

Observasiegevalle of forensies psigiatriese gevalle

Observasiegevalle verwys na persone wat ingevolge die strafproseswet No 51 van 1977 artikels 77, 78 of 79 deur 'n hof na 'n psigiatriese inrigting vir waarneming gestuur is, sodat deskundige advies aangaande hulle geestesgesondheid ingewin kan word, voordat die hof 'n finale uitspraak oor hulle kan lewer.

Toerekeningsvatbaarheid

Die begrip "toerekeningsvatbaarheid" verwys na die geestesvermoëns waaroor iemand moet beskik ten einde met skuld op te tree en gevolglik strafregtelik aanspreeklik te wees. Iemand is toerekeningsvatbaar indien hy oor die geestesvermoëns beskik om (a) die ongeoorloofdheid van sy doen en late te besef, en (b) ooreenkomstig hierdie besef van die ongeoorloofdheid van sy doen en late op te tree.

1.6 INDELING VAN DIE PROEFSKRIF

Die gegewens van die ondersoek word in agt hoofstukke uiteengesit.

Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Hoofstuk een gee 'n bondige beskrywing van die onderwerp wat aangespreek word, die rasionaal en doel van die ondersoek, en die omskrywing van kernbegrippe.

Hoofstuk 2: Historiese oorsig oor die hantering van psigiatriese pasiënte met misdadige neigings

Hierdie hoofstuk bied die historiese agtergrond met betrekking tot individue wat sowel misdadige neigings as geestesongesteldheid in hulle gedrag openbaar het.

Hoofstuk 3: Die verstandelike gesteldheidsbenadering tot misdaadveroorsaking en -verklaring

In hierdie hoofstuk word onder andere die oorsprong van die meting van intelligensie bespreek asook verskeie aspekte aangaande die verband tussen intelligensie en misdaad.

Hoofstuk 4: Die psigoanalities-psigiatriese benadering tot misdaadveroorsaking en -verklaring

In bogenoemde hoofstuk word die siening van die psigoanalities-psigiatriese benadering met betrekking tot die misdaadverskynsel uiteengesit. Daar word ook spesifiek aandag gegee aan die konsepte van projeksie en projeksietegnieke binne die psigoanalitiese benadering.

Hoofstuk 5: Navorsingsmetodiek

Hierdie hoofstuk bied 'n uiteensetting van navorsingsmetodes wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is.

Hoofstuk 6: Beskrywing van die steekproef

In hierdie hoofstuk word eenvoudige statistiese inligting aangaande die twee groepe waaruit die steekproef bestaan, weergegee.

Hoofstuk 7: Analise en interpretasie van ingesamelde data

In hierdie hoofstuk word die data van die empiriese gedeelte van die studie ontleed en vertolk aan die hand van bepaalde statistiese metodes en tegnieke.

Hoofstuk 8: Gevolgtrekkings en aanbevelings

Die finale hoofstuk bied die studie se gevolgtrekkings gebaseer op die empiriese gedeelte van die ondersoek asook aanbevelings afgelei uit die konsepsueel-teoretiese gedeelte en die empiriese gedeelte van die studie.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG OOR DIE HANTERING VAN PSIGIATRIESE PASIëNTE MET MISDADIGE NEIGINGS

2.1 INLEIDING

Samelewings het altyd te kampe gehad met individue wat aan die vereistes van die wet óf nie wil óf nie kan voldoen nie. Geesteswetenskaplikes, juriste en mediese praktisyns het nog altyd belang gestel in die verband tussen misdadige gedrag en geestesongesteldheid. Die belangstelling het twee komponente: die begeerte om die aard van misdadigheid te verstaan en die behoefte om die perke van kriminele aanspreeklikheid te bepaal.

Alhoewel daar 'n groot hoeveelheid literatuur oor die verband tussen misdaad en geestesongesteldheid bestaan, is daar tot teenstrydige gevolgtrekkings gekom. Een verklaring vir hierdie konflik is geleë in die problematiek om een tros (groep) gemengde begrippe en konstrukte (naamlik geestesongesteldheid) met 'n ander (naamlik misdaad of misdadige gedrag) te vergelyk. Geestesongesteldheid of geestesversteuring is 'n begrip wat presiese mediese omskrywing ontwyk en wat in verskeie Geestesgesondheidwette eksplisiet onomskrywe is. Ernstige geestesongesteldheid verteenwoordig waarskynlik 'n kwalitatiewe afwyking van normaliteit maar die meeste ander geestesiektetipes word geredeliker as kwantitatiewe afwykings gesien wat die uiterste punte van 'n normale spektrum verteenwoordig. Dit is veral die geval by geestesaantasting - hoër intelligensie is net so statisties afwykend as ernstige aantasting, maar word selde so beskou. Geestesongesteldheid as 'n kollektiewe term het dus sosiale en mediese komponente. Misdadige gedrag word suiwer in sosiale en regsterme omskryf terwyl sodanige gedrag opvallend onder en binne samelewings volgens omstandighede wissel. Die probleem om presiese omskrywings te verkry, het duidelike implikasies as die verband tussen geestesongesteldheid en misdadige gedrag oorweeg word.

Volgens Gunn (1977:318) is die hoofprobleem by 'n bespreking van die verband tussen misdadige gedrag en geestesongesteldheid dat die twee begrippe in 'n groot mate nie met mekaar verband hou nie. Selfs al blyk dit dat geestesongesteldheid individue nie vir misdadige optrede vatbaar maak nie, is daar bevind dat die voorkoms van geestesongesteldheid onder aangehoue misdadigers en die voorkoms van misdadigheid onder individue wat as geestesongesteld gediagnoseer is hoër is as onder die bevolking in geheel (Monahan & Steadman 1984:1). Wat die probleem dus kompliseer, is dat die twee begrippe nie totaal sonder verband is nie.

Ten spyte van die ingewikkeldheid van beskrywing en kriteria, het geesteswetenskaplikes tog geringe vordering gemaak in die verstaan van die afwykende menslike verstand. Navorsers het byvoorbeeld geleer dat die meeste afwykende gedrag (optrede) - sowel abnormaal as misdadig - waarskynlik deur dieselfde basiese prosesse as normale gedrag aangeleer word. Afwykende gedrag verteenwoordig blykbaar geleerde responspatrone om waargenome bedreigings, vrese en stres baas te raak en, in die algemeen, om in die werklike of vermeende wêreld te oorleef. Probleme ontstaan wanneer daar gepoog word om hierdie responspatrone te klassifiseer en te vereenvoudig aangesien soveel faktore betrokke is by elke individu se ontdekking van wat die beste vir hom werk. Geesteswetenskaplikes is goed daarvan bewus dat menslike gedrag selde 'n vaste, voorspelbare patroon volg wat netjies met leerboekomskrywings of riglyne in 'n diagnostiekhandboek ooreenstem. Toch en Adams (1989:24-25) wys daarop dat menseklassifikasie dikwels die neweproduk van brontoekenning is. Anders gestel, klassifikasiestelsels word dikwels om befondsingsdoeleindes en om personeelbehoeftes te bepaal, toegepas. Etikette het by die bestudering van misdadige en abnormale gedrag beperkte waarde. Met betrekking tot misdadige gedrag, lig hulle ons in oor gedrag maar nie oor beweegredes nie. Ons weet dat 'n persoon wat geringe diefstal gepleeg het, 'n item of items van relatief nominale waarde gesteel het, maar ons het geen benul van wat daartoe gelei het. By abnormale gedrag is

etikette nog meer problematies omdat hulle op responspatrone gegrond is wat nie in uiterlike gedrag gemanifesteer mag word nie. Wanneer 'n persoon as byvoorbeeld skisofreen gediagnoseer word, kan dit na hallusinasies wat nie vir 'n waarnemer duidelik ooglopend is nie, verwys. By gedrag wat misdadig sowel as abnormaal is, is die probleem natuurlik groter. Aangesien etikette niks verklaar nie, moet die bestudering van misdadige gedrag wat vermoedelik abnormaal is, verder as etikette gaan en poog om die hoofoorsake daarvan te verklaar.

2.2 HISTORIESE AGTERGROND TOT DIE VERWEER VAN ONTOEREKENINGSVATBAARHEID OP GROND VAN GEESTESONGESTELDHEID OF GEESTESGEBREK

Deur die geskiedenis was daar geen spesifieke kriteria vir verontskuldigende geestesongesteldheid gewees nie. In 'n relatief klein gemeenskap waar almal die oortreder geken het, was geen kriteria buitendien nodig nie. Ou Hebreeuse reg het eenvoudig verklaar dat idiote, geestesgebrekkiges en kinders onder 'n sekere ouderdom nie krimineel verantwoordelik behoort gehou te word nie omdat hulle nie goed van kwaad, reg van verkeerd kon onderskei nie en dus onskuldig is voor God en die mens. Terwyl die Ou Testament geen direkte beskrywing bevat van geestesongesteldhede wat 'n verontskuldigende effek voorsien nie, word daar dikwels in die Talmoed na sulke vryspraking verwys, soos die volgende stelling bewys: "Dit is 'n ernstige saak om 'n doofstomme, 'n imbesiel of 'n minderjarige te stamp: diegene wat hulle beseer, is strafbaar, maar as hulle ander beseer, is hulle nie strafbaar nie" (Danby, 1918:342-343 - eie vertaling). Ingevolge die Hebreeuse wette en regulasies oor die hantering van eetgoed, mag die doofstomme, die minderjarige en die geestesgebrekkige nie vir aanstootlike gedrag gestraf word nie aangesien slegs die daad vir hulle van betekenis is. Hierdie stellings aangaande verontskuldiging is betekenisvol omdat dit uitbring dat Joodse reg vroeg al erken het dat opset belangrik is by die bepaling van verantwoordelikheid. Verder is dit duidelik dat hierdie vroeë Joodse reg (wetgewing)

geestesongesteldheid spesifiek as belangrik geag het by die bepaling van die bestaan van verantwoordelikheid.

Die Griekse sowel as die Romeinse filosofie en reg het aandag aan die kriminele aanspreeklikheidsleer geskenk. Teen die sesde eeu vC het Griekse reg opsetlike manslag strenger as onopsetlike manslag behandel. Gedurende die vyfde eeu was daar groter klem op skuld as aanspreeklikheidsbasis, en in die vierde eeu het Demosthenes die totaal verskillende houding wat teenoor opsetlike en onopsetlike beserings getoon is onder die ongeskrewe natuurwette wat deur die mens se universele sedelikheidsgevoel gesteun word, getel (Jones 1956:264). Hoewel Plato beweer het dat die onderskeiding tussen opsetlike en onopsetlike onregte filosofies ongegrond was omdat onregverdige handelinge altyd onwilliglik gedoen is, het hy die praktiese voordele van so 'n onderskeiding erken en toegegee dat skadelike handelinge wat met 'n mate van berekening uitgevoer word strenger straf verdien het as die daarsonder (Plato 1982:350). Die ontwikkeling van 'n verontskuldigingsleer wat op geestesongesteldheid gegrond is, is deur Plato se erkenning dat menslike verantwoordelikheid uit 'n element van wilsvryheid voortspruit, wat meebring dat die mens en nie die Hemel nie verantwoordelik is vir die goeie en die kwaad in menslike lewens. Aristoteles het die onderskeid tussen opsetlike en onopsetlike handelinge meer breedvoerig ontwikkel. Volgens hom is morele deugsaamheid 'n persoonlike karakterstemming wat 'n persoon toelaat om ingevolge sy geaardheid goed te funksioneer. Hiervolgens is 'n handeling onopsetlik indien dit onder dwang of ***deur onwetendheid*** in teenstelling met ***in onwetendheid*** gedoen is. Volgens Aristoteles het die mens die vermoë om te kies, en hierdie keuse hou verband met persoonlikheidsaspekte waaroor hy beheer het. Aristoteles gee 'n drie-gefasetteerde toets vir onopsetlike handeling wat kennis, keuse en 'n karakteruitbreiding insluit. Aristoteles (1954:28-35) meen 'n persoon is verantwoordelik as hy opsetlik kies om 'n spesifieke handeling te pleeg met begrip van die omstandighede en in die afwesigheid van eksterne dwang.

Die vroegste Romeinse regsbronne, soos die Twaalf Tafels, bevat slegs bykomstige verwysings na die onvermoë van die geestesongestelde persoon. Teen die derde eeu vC bevat dokumente soos die ***Lex Aquilia***, wat oor verpligtinge voortspruitend uit beskadiging aan eiendom handel, egter taamlik spesifieke verwysings na verantwoordelikheid en vereistes vir skuldigheid/strafbaarheid. By Justinianus se kodifikasie van Romeinse reg, reeds in die sesde eeu vC, vind 'n mens eksplisiete erkenning van die verontskuldigende betekenis van geestesongesteldheid met betrekking tot sowel handelings- as onregmatige verpligtinge. 'n Belangrike passasie van die Justiniaanse Versameling lui soos volg: "There are those who are not to be held accountable, such as a madman (furiosus) and a child who is not capable of wrongful intention (dolus); these individuals are able to suffer a wrong but not to produce one. Since a wrong is only able to exist by the intention of those who have committed it, it follows that these persons, whether they have assaulted by blows or insulted by words, are not considered to have committed a wrong" (Monro 1901:78). Ingevolge Romeinse reg is 'n geestesongestelde persoon dus nie vir sy skadelike handelinge aanspreekbaar nie en word hy deur sy geestesongesteldheid verontskuldig.

In die vroeë Middeleeue is die geestestoestand van die misdadiger al hoe meer beklemtoon. Hierdie klem is primêr deur twee bronne gekweek:

(a) belangstelling in die nuutontdekte Romeinse reg en
(b) die toenemende belangrike invloed wat die geestelikes op staatsbeleid uitgeoefen het.

Gevolglik het 'n vereiste aan strafbare opset die begrip van streng aanspreeklikheid vervang en die hoeksteen van strafregspleging geword. Henry de Bracton, 'n geestelike en 'n regter van die Gemene Reg, het aangedui dat kinders en geestesongesteldes om hierdie rede nie aan misdaad skuldig kon wees nie. Beide is in opset onskuldig en het geen begeerte om kwaad aan te rig nie. Volgens hom (soos deur Biggs [1955:22]

aangehaal), weet 'n geestesongestelde nie wat hy doen nie, ly hy gebrek aan verstandelike vermoë en rede en is hy baie na aan 'n dier. Vir die eerste verwysing na die begrip *mens rea* het Bracton soos volg in sy verhandeling ***De Legibus et Consuetedinibus Angliea*** geskryf (Syre, 1932:978-1026; Hermann, 1983:23) "We must consider with what mind or with what intent a thing is done ... in order that it may be determined accordingly what action would follow and what punishment. For take away the will and every act will be different, because your state of mind gives meaning to your act, and a crime is not committed unless the intent to injure intervene, nor is a theft committed except with the intent to steal .... And this is in accordance with what might be said of the infant or the madman, since the innocence of design protects the one and the lack of reason in committing the act excuses the other." Bracton het dus geredeneer dat die verstand van die geestesongestelde sonder "rede" was and dat hy, sonder hierdie element, van 'n oortreding verontskuldig moes word. Die vereistes vir misdaadsaanspreeklikheid is dus tweevoudig: handeling/daad plus opset. Bracton se spesifieke bespreking van geestesongesteldheid of geestesgebrek ten opsigte van verantwoordelikheid het na 'n ooreenkoms met dieresin verwys waarna latere regsgeleerdes dan ook verwys het - wat tot sommige skrywers se aanspraak op 'n vroeë "wilde dier"-toets vir misdaadsaanspreeklikheid gelei het. Sy bespreking was egter metafories. Op grond van hierdie filosofiese en teologiese tradisies, het die vroeë Engelse Gemene Reg nie 'n verweer van geestesongesteldheid erken nie. Geestesongesteldheid was oorspronklik nie 'n verhoorverweer nie maar 'n kwytskeldingsinstrument. Die staat het dit as 'n rede beskou om veroordeelde moordenaars vry te spreek. Destyds is geestesongesteldes as "aan diere verwant" beskou omdat hulle 'n gebrek aan volle redeneervermoë gehad het en van morele aanspreeklikheid ontneem is. Alhoewel die "wilde dier"-toets aanvanklik aan Bracton toegeskryf is, het die begrip inderdaad waarskynlik ontstaan uit die Aristoteliaanse denkrigting van die dag wat die mens van diere onderskei het, wat verkeerdelik uit Latyn as "brutus" vertaal is.

2.3 VROEë ONTWIKKELINGE

Beskrywings van vroeë geestesongesteldheidgevalle is skaars en gewoonlik meganies en dit is moeilik om aan die hand van dié wat wel bestaan algemene stellings te maak. Nigel Walker (1968:20-23), wat vroeë Engelse geestesongesteldheidsreg intensief bestudeer het, het op die lang verhaal van Richard Blofot van Cheddestan afgekom. Richard Blofot het in 1270 nC 'n waansinnige aanval ("frenzied seizure") gehad, selfmoord probeer pleeg, en toe sy vrou en twee kinders vermoor. Die Balju van Norfolk het, op grond van sy amp se bevoegdheid, Richard vir ses jaar opgesluit. Die saak het egter uiteindelik onder Koning Edward I se aandag gekom, wat toe versoek het dat 'n jurie aangestel word om die feite van die saak uit te vind. Die jurie het laat weet dat die oortreder gesond genoeg was om vrygelaat te word, maar dat hulle nie met veiligheid kon sê dat hy geestelik sodanig herstel het dat sy vrystelling geen gevaar sou inhou nie.

In die twaalfde en dertiende eeu het die Koningshof beheer oor Engeland ingestel en is outonome plaaslike howe deur 'n juriestelsel vervang. Tot die veertiende eeu is die jurie egter bloot 'n feiteliggaam sonder bevoegdheid om eie besluite te neem. Nadat die verwante inligting ingewin is, het die jurie die feite aan die Koning se regters, wat dan uitspraak gelewer het, voorgelê. Teen die vyftiende eeu het die jurie 'n beoordelaar van feite eerder as 'n feiteondersoeker geword en het hulle die uitspraak gelewer, hoewel nóg die regters nóg die jurie het die reg gehad om verder as die feite te gaan en die uitspraak volgens versagtende of verontskuldigende omstandighede aan te pas. As die verweerder die handeling gepleeg het, moes hulle veroordeel; as hy geestesgebrekkig of 'n minderjarige was, of in self-verdediging doodgemaak het, kon hulle genade aanbeveel, maar die vergunning van genade was uitsluitlik die bevoegdheid van die Koning. Dit was nie nodig om geestesongesteldheid te bepaal nie want die enigste kwytskeldingskriteria was die stem van die Koning se mening en gewete.

In die sestiende eeu het die jurie egter die bevoegdheid verwerf om nie alleen die feite te oorweeg en tot 'n uitspraak te kom nie, maar om hul eie "spesiale uitspraak" aan te teken indien hulle sou weet van bepaalde omstandighede wat die skuld van die beskuldigde weerspreek. Die dreigende gevaar was dat die jurie met hulle onbeheersde regverdigheidsin buite beheer kon raak, en verskeie planne is bedink om hulle binne perke wat as aanvaarbaar vir die Koning en sy regering beskou is, te hou. Die begrippe van "feit" en "die reg" het as twee afsonderlike entiteite verskyn: jurielede is daarop geregtig om die feite te oorweeg, maar 'n regter sou hulle inlig oor die wet wat bepaal het wat in die eerste plek 'n feit uitmaak en wat nie, en of en hoe hulle dit moes oorweeg. Geestesongesteldheid mag iemand byvoorbeeld van skuld vryspreek, maar nie net enige tipe geestesongesteldheid nie. Die riglyne wat inderdaad aan die howe gegee is, het sonder twyfel ontsaglik gewissel. Die meeste regters het destyds, soos nou, baie min ondervinding van geestesongesteldheidsgevalle gehad en is genoodsaak om op enige bronne wat hulle ook al kon vind, staat te maak. Die mees algemene diagnostiese kriterium waarvan gebruik gemaak is, is die abstrakte "begrip van goed en kwaad"-toets. Volgens die Ou Testamentiese verhaal van die skepping is die mens se verbanning van salige onskuld deur die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad veroorsaak - wat hom tot 'n menslike lewe van ellende verdoem het, en hom nietemin die goddelike vermoë en die noodsaaklikheid om tussen goed en kwaad, reg en verkeerd te onderskei, gegee het.

Edward Coke en Matthew Hale, die sewentiende eeuse regsgeleerdes, het albei besef hoe moeilik dit is om die omvang van verontskuldigende geestesongesteldheid te beskryf. Coke was van mening dat die geestesongestelde nie weet wat hy doen nie, 'n gebrek aan geestes-/verstands- en onderskeidingsvermoë het en daarom nie oor 'n misdadige opset beskik nie. Coke het verder as Bracton gegaan en gepoog om 'n toets of standaard vir geestesongesteldheid wat as verontskuldigingstoestand dien, daar te stel en om tussen sulke geestesongesteldheid en ander geestesongesteldheidstoestande wat nie vryspreek nie, te

onderskei. Coke het vier kategorieë persone wat 'n gebrek aan die geesteselement of -vermoë het, beskryf. Die eerste kategorie het die ***idioot***, wat vanaf geboorte aan die swakheid van gebrek aan verstandsvermoë ly, behels. Die tweede kategorie het na die persoon wat weens siekte of leed of ongeluk sy geheue en verstand verloor, verwys. Die derde was die geestesongestelde persoon wat 'n ruk lank nie by sy verstand was nie maar by tye oor sy geestesvermoëns beskik het. Hierdie tipe persoon word in tye van 'n gebrek aan verstandsvermoë as nie strafregtelik aanspreeklik gehou nie. Die vierde kategorie het die persoon behels wat homself deur sy eie skadelike handelinge van sy geheue en verstand ontsê, soos in die geval van opsetlike dronkenskap.

Hale het die vermoëns van ***verstand*** en ***wil*** as voorvereistes vir 'n persoon se vermoë om verantwoordelik te handel, aangewys. In die geval van 'n geestesongestelde persoon, sluit die gebrek aan verstand 'n wilsdaad uit en kan strafbaarheid derhalwe nie oorweeg word nie. Hale het ook die verskil tussen volkome en gedeeltelike geestesongesteldheid uitgewys, wat steeds belangrik is in die hedendaagse onderskeid tussen geestesongesteldheid en verminderde toerekeningsvatbaarheid. Hy het persone wat ontoerekeningsvatbaar was, in drie klasse gekategoriseer:

(a) idiootheid
(b) geestesongesteldheid
(c) dronkenskap.

Hy het geestesongesteldheid verder in twee groepe onderverdeel, naamlik gedeeltelike geestesongesteldheid en volkome geestesongesteldheid. Persone in die laasgenoemde groep word van skuld aan die ernstigste oortredinge, insluitend misdaad of verraad, vrygespreek. Hale het egter erken dat daar sekere toestande is waar die verstand nie totaal nie maar slegs gedeeltelik aangetas is. 'n Rowwe en moderne vertaling van daardie toestande sou delusies, depressie en misdadigheid self behels. Indien die gedeeltelik geestesongestelde persoon genoeg verstand (gelyk aan 'n kind op die diskresionêre ouderdom van 12

of 14 jaar) gehad het, was hy skuldig. Terwyl Hale dus die toestand van gedeeltelike geestesongesteldheid erken het, wou hy dit nie verskoon nie. Hy het verder gegaan en die ongesteldheid ***dementia affectata***, of ***veroorsaakte onnoselheid*** deur drank of dwelmmiddels veroorsaak (en vergelykbaar aan wat deesdae as "alkoholmisbruik" en "substansmisbruik" bekend staan), onderskei. Boonop het hy die mening uitgespreek, soos deur Walker (1968:39) aangehaal, dat "if heavy drinking had caused an habitual or fixed frenzy he should be treated by the law as if it were involuntarily contracted - a principle that was to save several Victorian alcoholics from the gallows".

Na Bracton se beskrywing gepubliseer is, het die verweer van geestesongesteldheid nie veel ontwikkel nie, tot die bakensaak ***Rex v Arnold*** in 1724. Die verweerder, Edward Arnold, is van poging tot moord op Lord Onslow aangekla. Arnold het onder die delusie verkeer dat Lord Onslow hom getoor het en sy liggaam wou binnedring om hom te pla. Onder hierdie delusies het hy Lord Onslow probeer doodskiet. In sy instruksie aan die jurie het die voorsittende regter, regter Trace, 'n aantal afsonderlike geestesongesteldheidstoetse gekombineer:

1. 'n toets vir algemene abstrakte morele oordeel, of die verweerder "nie in staat was om tussen goed en kwaad te onderskei nie"

2. 'n toets vir morele oordeel in die bepaalde geval, of die verweerder "in staat was om te onderskei of hy goed of kwaad doen"

3. 'n toets vir algehele verstandsgebrek, of die verweerder "geheel en al van sy verstand en geheue beroof is"

4. 'n toets vir gebrek aan die verstandsvlak wat opsetvorming vereis, ietwat minder as gehele verstandsgebrek, of die verweerder "van sy redenering en gevolglik sy opset beroof is"

5. 'n toets vir die gedeeltelike verstandsgebrek hieraan verwant, 'n formulering wat voorstel dat dit voldoende is dat "verweerder nie verstaan het wat hy doen nie" en

6. die sogenaamde "wilde dier-toets", of die verweerder "nie weet wat hy doen nie, net so min as wat 'n baba, 'n monster, of 'n wilde dier sou weet".

Aan die hand van so 'n ontoegeeflike omskrywing van kriminele geestesongesteldheid is dit nie verbasend nie dat Edward Arnold skuldig bevind is en tot die galg veroordeel is. Lord Onslow het egter gelukkig ingetree en is die vonnis tot lewenslange gevangenisstraf versag.

Die volgende belangrike saak vir die ontwikkeling van die regsgeestesongesteldheidstoets is ***Rex v. Ferres***. In 1760 het Lawrence Earl Ferres sy opsigter, teenoor wie hy 'n patologiese haat ontwikkel het, doodgeskiet. Aan sy skuld of dat hy die daad sorgvuldig beplan het, was daar geen twyfel nie. 'n Belangrike kenmerk van die saak is dat regsbelang vereis dat wilsgebrek of toegewing aan drang, uit verstandsgebrek moet voortspruit. Verder stel hierdie saak dit duidelik dat verstandsgebrek oor die algemeen aan die hand van morele standaarde gemeet word en nie volgens die gebrek om die verbod ooreenkomstig enige spesifieke wettige voorskrif in regsterme te verstaan nie. Lord Ferres is weens 'n moord wat koelbloedig en doelbewus uitgevoer is, aangekla. Die verweerder se verweer was dat hy aan gedeeltelike geestesongesteldheid gely het en het die getuienis van getuies en medici dat hy soms geestesongesteld was en by tye nie geweet het of bewus was van wat hy doen nie, voorsien. Ook het hy spesifiek beweer dat hy aan delusies gely het en dat die oorledene hom gemartel het. Die aanklaer het getuienis voorsien dat die beskuldigde ten tye van die moord voldoende vermoë gehad het om die opset te vorm en die gevolge daarvan te begryp. Die verweerder is skuldig bevind en tereggestel.

'n Verdere regsmylpaal is behaal in die verhoor van James

Hadfield, wat Koning George III in 1800 probeer skiet het toe die koning die koninklike loge by die Drury Lane Teater te Londen binnegetree het. Toe hy op die aanklag van hoogverraad verhoor is, het hy die verweer van geestesongesteldheid aangebied. Hadfield het kopbeserings en breinskade in die Frans-Britse oorlog in 1794 opgedoen wat tot sy ontslag uit die leër op grond van geestesongesteldheid gelei het (Maeder, 1985:14). Hy het aan die delusie gely dat God die wêreld gaan vernietig maar dat hy, Hadfield, hierdie ramp kon keer indien hy sy eie lewe sou opoffer. Hy het egter geglo dat selfmoord 'n ernstige sonde was en het derhalwe gepoog om die Koning te vermoor in die wete dat hy die doodstraf kon kry. Thomas Erskine, wat later die Groot Kanselier van Engeland geword het, het Hadfield verdedig. Volgens Whitlock (1963:28) het Erskine in verband met die destydse "wilde dier-toets" gesê: "If it was meant that to protect a man from punishment he must be in such a state of prostrated intellect as not to know his name, nor his condition, nor his relation to others ... then no such madness ever existed in the world."

Erskine het in sy verdediging geslaag. Sulke verligte regsargumente ter verdediging van die regsgeestesongestelde is egter nie konsekwent erken nie. In 1812 het John Bellingham, 'n Engelsman wat verskeie kere in die besigheidswêreld misluk het en wat aan paranoia en delusies gely het, die Britse Eerste Minister Spencer Percival in die ingang tot die parlementsgebou doodgeskiet. Bellingham is binne een week na die oortreding verhoor, gevonnis en tereggestel.

In 1840 het Edward Oxford, 'n 18-jarige kroegman, 'n sluipmoordpoging op Koningin Victoria en Prins Albert uitgevoer. Oxford het aan oorerflike geestesongesteldheid gely want sy vader en grootvader was albei geestesongesteld. Die jurie is gesê dat Oxford se skuld of onskuld daarvan afgehang het of hy onder die invloed van 'n siek verstand was en werklik onbewus was ten tye van die oortreding. Oxford is uiteindelik onskuldig bevind tot groot ontsteltenis van die koninklike gesin.

2.4 DIE McNAGHTEN-REëL

Die kenmerkomskrywing van kriminele geestesongesteldheid het betrekking op die saak van Daniel McNaghten (onderskeidelik McNaughton, M'Naghten en Macnaghten), wat Edward Drummond, privaatsekretaris van die Britse Eerste Minister, Robert Peele, doodgeskiet het. Weens paranoïese delusies het McNaghten vasgeglo dat die eerste minister deel van 'n Tory-sameswering teen hom was. McNaghten het eers probeer om van sy denkbeeldige kwelgeeste weg te kom deur Europa te reis. Toe dit nie geslaag het nie, het hy die Eerste Ministerswoning te Downingstraat 10 bekruip en die man wat hy verkeerdelik vir Robert Peele aangesien het, geskiet. McNaghten is van moord aangekla en hy het geestesongesteldheid as verweer gebied. Nege mediese deskundiges, insluitend die Amerikaanse psigiater Isaac Ray, het twee dae lank oor sy geestestoestand getuig en almal het saamgestem dat hy geestesongesteld was. Op instruksie van die Hoofregter het die jurie, sonder om die hof te verlaat om te beraadslaag, 'n uitspraak van onskuldig weens geestesongesteldheid gelewer. McNaghten is in die Broadmoor se psigiatriese inrigting opgeneem, waar hy die res van sy lewe deurgebring het.

Die publiek asook Koningin Victoria was egter woedend daaroor. Koningin Victoria, op wie verskeie moordpogings gemaak is, het 'n strenger geestesongesteldheidstoets vereis. Daar is in die Britse Hoërhuis beraadslaag en vyf vrae is gevolglik aan vyftien hoofregters voorgelê. Hulle antwoorde vorm die sogenoemde "McNaghten-reël". Die verdeeldheid tussen die wetenskap en die reg oor die omskrywing van geestesongesteldheid het dus 150 jaar gelede begin. Hierdie reël het in 1843, lank voor geesteswetenskappe soos sielkunde en kriminologie alombekend geword het, ingetree. Volgens die McNaghten-reël dan, wat die standaard vir geestesongesteldheidsbepaling in Brittanje en die Verenigde State geword het, word kriminele gedrag verskoon indien die verweerder weens 'n geestesiekte:

(a) nie geweet het wat hy gedoen het toe hy die misdaad gepleeg

het nie, of

(b) nie geweet het dat hy verkeerd gehandel het ten tye van die misdaadpleging nie.

Die McNaghten-reël is reeds in 1844 in 'n verhoor in Massachusetts aanvaar en het gou na al die ander regsgebiede in die Verenigde State versprei. Howe en wetgewende liggame het hierdie "kennis van reg en verkeerd"-toets met hulle begrippe van regverdigheid verenigbaar gevind omdat dit bloot 'n herformulering van die ou sedeleer afkomstig van Genesis in die Ou Testament was, wat morele verantwoordelikheid tot die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad verbind het. Baie psigiaters en sommige jurielede meen dat die McNaghten-reël onnodig streng is omdat dit vereis dat 'n verweerder aan 'n ernstige kognitiewe gebrek moet ly om van verantwoordelikheid vrygespreek te word en omdat baie persone wat aan ernstige sielsiekte ly, eerder wils- en impulsbeheerversteurings as kognitiewe versteurings toon. Die streng toepassing van die reël het tot gevolg dat baie verweerders duidelik volgens konvensionele mediese standaarde geestesongesteld is, maar volgens wet as gesond van verstand en dus strafregtelik aanspreeklik gehou kan word. Verder is baie psigiaters van mening dat die basiese kwessie van reg en verkeerd soos deur die McNaghten-reël gestel, 'n morele oordeel van die geneeskundige vereis wat buite sy professionele opleiding, ondervinding en bekwaamheid berus (Schmalleger, 1994:75).

2.5 DIE REëL IN VERBAND MET ONWEERSTAANBARE DRANG

In 'n poging om die strengheid van die McNaghten-reël te wysig, laat 'n minderheid van die Amerikaanse state en federale en militêre strafwette 'n aanvullende kriminele aanspreeklikheidsreël toe wat die verweerder se wilsgebreke in ag neem. Volgens wat as die ***onweerstaanbare drang-reël*** bekend staan, word 'n persoon geestesongesteld geag te gewees het toe hy die misdaad of versuim gepleeg het indien hy, weens 'n drang

wat hy magteloos was om te beheer, genoop gevoel het om die daad of versuim uit te voer. 'n Drang is 'n tydelike verlies aan 'n persoon se selfbeheer of verstand. Dit is beskryf as 'n "innerlike stuwingskrag" wat nie deur die persoon te bowe gekom kan word nie ten spyte van sy pogings om dit te onderdruk. Om die verdediging van geestesongesteldheid met die onweerstaanbare drang-toets te ondersteun, moet dit vir die verweerder onmoontlik wees, eerder as bloot onwillig, om sy gedrag op die tydstip van sy oortreding te beheer. 'n Voorbeeld van 'n onweerstaanbare drang is 'n epileptiese aanval waartydens 'n persoon nie die bewegings van sy liggaam kan beheer nie. 'n Oortreding word egter selde tydens 'n epileptiese aanval gepleeg. State in Amerika wat hierdie toets vir geestesongesteldheid gebruik, erken dat 'n onweerstaanbare drang soortgelyk aan 'n epileptiese aanval, kan veroorsaak word deur intense woede, jaloesie of hartstog. Gewone voorvalle van sulke emosies sal egter nie die verdediging van geestesongesteldheid onder die onweerstaanbare drang-toets rugsteun nie. Dit moet vir die verweerder totaal onmoontlik wees om hierdie gevoelens en sy gedrag wat daaruit voortspruit te beheer.

Die onweerstaanbare drang-toets is gekritiseer as misleidend omdat dit suggereer dat 'n misdaad tydens 'n skielike eksplosiewe aanval gepleeg moet word om impulsief te wees. Psigiaters het daaroor geargumenteer dat 'n persoon se gedrag voorbedag en beplan kan wees en nie skielik en eksplosief nie, maar wel impulsief (Schmalleger, 1994:76). Gedrag as gevolg van 'n oormatige getob en melankolie word nie as impulsief beskou onder die onweerstaanbare drang-toets nie.

2.6 DIE DURHAM-REëL

Die geval van Monte Durham is interessant. Hy het 'n geskiedenis gehad van geestesongesteldheid wat van afwisselende aard was. Hy was nie net met 'n verskeidenheid diagnoses soos "ongesond" en "psigoties" geklassifiseer nie, maar by ander geleenthede is hy "gesond" en "herstel" verklaar. In Mei 1951 is hy vir die

derde keer uit die St. Elizabeth Hospitaal ontslaan. Op 13 Julie 1951 breek hy by 'n huis in. Na sy inhegtenisname en veroordeling, het 'n psigiatriese ondersoek getoon dat hy aan hallusinasies ly. Tydens die verhoor wat gehou is kragtens die McNaghten-reëls asook die onweerstaanbare drang-toets, het die kwessie van geestesongesteldheid egter gewentel om die tyd van die misdaad. Durham, soos die meeste ander verweerders wat geestesongesteldheid voorhou, is nie tydens die misdaad ondersoek nie, maar twee maande daarna. In sy uitspraak het regter Bazelon die eeue-lange geskiedenis van die reg/verkeerdtoets in ag geneem en die opinies van wetenskaplikes, geneeshere en verskeie kommissies voorgehou. Hy het aan die hand gedoen dat die McNagten-formule vervang word deur 'n blote reël: " 'n Beskuldigde is nie toerekeningsvatbaar as sy onregmatige daad die uitvloeisel was van geestessiekte of geestesgebrek nie" (Platt & Diamond, 1966: 1254).

Kragtens die Durham-reël kan 'n persoon dus suksesvol geestesongesteld pleit as sy oortreding die "gevolg" is van óf geestesongesteldheid, óf van 'n geestesgebrek. Dit is met ander woorde belangrik om die betekenis van geestesongesteldheid, geestesgebrek en die woord produk te verstaan.

Enige abnormale toestand van die verstand wat die geestes- of emosionele prosesse wesenlik beïnvloed en wat gedragsbeheer aantas, kan geld as 'n geestestoestand. 'n Geestestoestand kan óf 'n ongesteldheid óf 'n gebrek wees. 'n Geestesongesteldheid kragtens die Durham-reël word beskou as 'n toestand wat kan lei tot óf verbetering, óf agteruitgang. 'n Geestesgebrek is 'n toestand wat nie verbetering of agteruitgang inhou nie. 'n Geestesongesteldheid kan geërf of deur 'n besering veroorsaak word. 'n Geestesgebrek kan op dieselfde manier veroorsaak word of deur een of ander liggaamlike of geesteskwaal. Die federale hof wat die Durham-reël gemaak het, was nie tevrede met beide die McNagten-reël en die onweerstaanbare drang-toets nie. Hierdie hof het aanvaar dat 'n persoon sou kon onderskei tussen reg en verkeerd en in staat sou kon wees om sy drange te beheer, maar

nogtans geestesongesteld kan wees. Die hoofvoordeel van die Durham-reël is dat dit nie van 'n jurie verwag word om hom te verlaat op spesifieke geesteseienskappe, soos "drange" of die vermoë om tussen reg of verkeerd te onderskei nie. In plaas daarvan, laat hierdie toets die jurie toe om 'n verweerder se algehele emosionele toestand tydens sy kriminele oortreding in ag te neem. Psigiaters is van mening dat die Durham-reël hulle toelaat om eerlik en openhartig in hulle getuienis te wees. Hulle hoef nie feite te "verdoesel" om die geestesongesteldheid te bepaal van 'n persoon wat volgens hulle oortuiging nie impulsief opgetree het nie en kon onderskei tussen reg en verkeerd. Hierdie toets neem tobbery, bepeinsing en melankolie in ag as aanduidings van geestesongesteldheid.

Ondanks hierdie opvallende voordele, het die Durham-reël een ernstige gebrek. Met hierdie toets moet 'n jurie besluit of 'n verweerder se gedrag die produk is van geestesongesteldheid of -gebrek. Die hof wat egter die Durham-voordeel ingestel het, het nie die betekenis van produk genoegsaam gedefinieer nie. Elke jurie moet hierdie woord volgens sy eie vertolking definieer. Dit beteken dat baie juries verskillende interpretasies daaraan gee, en een jurie kan 'n verweerder "geestesgesond" verklaar terwyl 'n ander jurie 'n ander verweerder "geestesongesteld" vind, selfs al sou albei die verweerders onder dieselfde toestand verkeer het op die tydstip toe dieselfde misdaad gepleeg is. Gebrek aan eenvormigheid maak hierdie toets dus onregverdig soos toegepas van saak tot saak. (McAuley, 1993:10-13).

2.7 DIE AMERIKAANSE WETSINSTITUUT-FORMULE (MODEL-STRAFKODE)

In 1972 het die Distrik van Columbia die Durham-reël afgeskaf ten gunste van die versigtiger benadering van die Amerikaanse Wetsinstituut. Die Amerikaanse Wetsinstituut (AWI) met die ondersteuning van die Amerikaanse Balievereniging en ander regsorganisasies, het vir 'n aantal jare gewerk aan 'n "model strafkode" gebaseer op 'n uitgebreide studie van misdadige gedrag waarmee hulle graag die tallose variante toepassings deur

state van die Strafreg wou verenig. Na nege jaar van navorsing het die AWI die resultate van sy studie in die vorm van 'n Model Strafkode gepubliseer, wat bepaal:

a) 'n Persoon is nie toerekeningsvatbaar vir sy kriminele handeling nie indien op die tydstip van sodanige gedrag as gevolg van geestesongesteldheid of -gebrek, hy nie oor die voldoende vermoë beskik om die kriminaliteit van sy gedrag of die mate waarin sy gedrag aan die vereistes van die reg voldoen te begryp nie, en

b) Die begrip "geestesongesteldheid of -gebrek" sluit nie 'n abnormaliteit in wat hom slegs manifesteer by herhaalde kriminele of andersyds antisosiale gedrag nie.

In die prominente 1972-saak van die ***Verenigde State vs. Brawner***, het die invloedryke hof van die Distrik van Columbia die Durham-reël laat vaar ten gunste van die AWI se Model-Strafkode. Die feite in ***Brawner*** was duidelik. Brawner se kakebeen is in 'n geveg gebreek. 'n Halfuur daarna keer hy terug met 'n pistool, en skiet vyf skote deur 'n toe woonsteldeur waarvan een koeël een van die inwoners noodlottig tref. Vier gesaghebbende getuies het ooreengestem dat Brawner aan 'n psigiatriese of neurologiese afwyking ly, normaalweg bekend as 'n "epileptiese versteuring" of 'n "persoonlikheidsversteuring wat verband hou met epilepsie". Ondanks die menings van staatsgetuies oor Brawner se optrede as 'n legitieme reaksie geoordeel aan sy ernstige besering, is Brawner nogtans skuldig bevind.

Die Model-strafkodetoets om geestesongesteldheid te bepaal verskil merkbaar van die vorige toetse (Regoli en Hewitt, 1996:72-73). Ander toetse verdeel die menslike denke in ten minste drie kunsmatige kompartemente - die intellek, die wil en die emosies - en konsentreer dan op slegs een kompartement. Derhalwe konsentreer die McNaghten-reël op die intellek (die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei). Die onweerstaanbare drang-toets konsentreer op die wil (die onvermoë

om 'n drang te beheer). Die Durham-reël konsentreer op emosies (tobbery, nadenke en melankolie). Daarenteen beskou die Model-strafkode die menslike denke as 'n saamgevoegde entiteit en erken dat geestesongesteldheid of -gebrek sy funksionering in meer as een opsig kan belemmer. Die Model-strafkodetoets vir geestesongesteldheid erken dat daar verskillende grade van geestesongesteldheid is. Deur die gebruik van die uitdrukking "substansiële vermoë" erken hierdie toets dat nie elke onbevoegdheid voldoende is om die ontwyking van kriminele toerekeningsvatbaarheid te regverdig nie. Maar totale onvermoë is ook nie nodig nie. Dus is "substansiële onvermoë" voldoende.

Die Model-strafkodetoets het daarby belang of die verweerder die morele, sosiale, en regsredes waarom sy gedrag verkeerd is begryp, eerder as om te weet of hy in die abstrakte reg van verkeerd kan onderskei. Hierdie toets wil bepaal of die verweerder kan verstaan of hy "die verkeerdheid van sy gedrag besef", eerder as om sy kennis van die aard van sy handeling te meet. Die toets kyk na 'n verweerder se vermoë "om sy gedrag aan te pas by die vereistes van die wet", eerder as sy "onweerstaanbare drange".

Ofskoon die Model-strafkodetoets nie so rigied is as óf die McNagten-reël óf die "onweerstaanbare drang"-toets is nie, is dit ook nie so vaag soos die Durham-reël nie. Die jurie word nie die onmoontlike taak opgedra om die presiese rede vir geestesongesteldheid te bepaal nie. Dit is voldoende kragtens die Model-strafkodetoets dat die verweerder se gedrag plaasgevind het as 'n gevolg, eerder as die oorsaak van geestesongesteldheid of -gebrek. Die gewone taal wat in hierdie toets gebruik word, lê 'n standaard neer wat meer algemeen deur elke jurie verstaan en gevolg word. Daarom verminder die Model-strafkodetoets in 'n groot mate die moontlikheid dat twee persone wat oor dieselfde geestestoestand beskik en wat dieselfde misdaad gepleeg het, verskillende uitsprake deur verskillende juries sal ontvang.

Die Model-strafkodetoets om geestesongesteldheid te bepaal is in

verskillende state verwerp, en is nie woord vir woord in alle Amerikaanse state so aanvaar nie. Verskeie state, insluitend Illinois en New York, het aangepaste weergawes van die Model-strafkodetoets deur besluite van die hof aanvaar. Ander state wat hulle strafwette hersien, oorweeg 'n hersiene weergawe van hierdie toets vir geestesongesteldheid.

2.8 AFWYKINGS WAT GEESTESONGESTELDHEID DAARSTEL

'n Onvermydelike oorvleueling bestaan tussen regs- en mediese begrippe van geestesongesteldhede as gevolg van die feit dat geestesongesteldheid ook 'n mediese begrip is. Aangesien die meeste geestesongesteldhede meestal slegs deur hulle mediese benamings herken word, is dit nuttig om die verskeie klassifikasies van mediesgedefinieerde geestesongesteldhede uit te ken, en om te oorweeg welke hiervan voldoen aan die regsdefinisie van geestesongesteldheid. "The Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM)" is 'n handleiding wat saamgestel is deur 'n komitee wat deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging benoem is en bedoel is vir geesteswetenskaplikes wat spesifieke geestesongesteldhede wil definieer en diagnoseer. Die "DSM II" het in 1968 verskyn en is gevolg deur die "DSM III" wat in 1980 gepubliseer is en wat aansienlik van sy voorganger verskil. Die "DSM III-R" wat in 1987 gepubliseer is, het sommige wysigings aangebring en word deur die meeste professionele persone in die VSA wat betrokke is by geestesgesondheid gebruik. Die jongste uitgawe, nl. die "DSM-IV" wat in 1994 verskyn het, is uitgebrei in 'n poging om die empiriese inset te vermeerder en die subjektiwiteit en vooroordeel te verminder. Vervolgens gaan die "DSM-IV" voort om die definisies van die "DSM III-R", net so nuttig as enige ander beskikbare definisie te gebruik. (Bartol, 1995: 143-144).

Volgens die "DSM-IV" (1994) kan geestesongesteldhede geklassifiseer word in die volgende breë seksies:

2.8.1 Versteurings gewoonlik in die babatydperk, kinderjare of adolessensie gediagnoseer

Die bedoeling met hierdie afdelingstitel is nie om voor te stel dat daar 'n duidelike onderskeiding tussen versteurings in die "kinderjare" en in "volwassenheid" bestaan nie. Alhoewel die meeste individue met hierdie versteurings in die kinderjare of adolessensie vir kliniese aandag/sorg aanmeld, word die versteurings soms nie voor volwassenheid gediagnoseer nie. Hierdie afdeling sluit die volgende versteurings in:

- geestesvertraging
- leerprobleemversteurings
- versteurings in motoriese vaardigheid
- kommunikasieversteurings
- deurdringende ontwikkelingsversteurings
- versteurings t.o.v. aandagstoornis en steurende gedrag
- voedings- en eetversteurings van babatydperk of vroeë kinderjare
- "tic"-versteurings
- eliminasieversteurings
- ander versteurings van die babatydperk, kinderjare of adolessensie (soos skeidingsangsversteurings, selektiewe mutisme, ens)

Sommige van hierdie tipe versteurings kan aan die kriteria vir die regsomskrywing van geestesongesteldheid voldoen.

2.8.2 Delirium, demensie, amnesiese versteurings en ander kognitiewe versteurings

Die oorheersende versteuring is 'n klinies opvallende kognitiewe of geheuedefek wat 'n aansienlike verandering van 'n vorige funksioneringsvlak verteenwoordig. By elke versteuring in hierdie afdeling is die etiologie of 'n algemene mediese toestand of 'n substans of 'n kombinasie van hierdie faktore. Weer eens kan hierdie tipe versteurings by tye aan die regsomskrywing van

geestesongesteldheid voldoen.

2.8.3 Geestesversteurings te wyte aan 'n algemene mediese toestand nie elders geklassifiseer nie

Hierdie versteurings behels die teenwoordigheid van geestelike simptome wat geag word die direkte fisiologiese gevolg te wees van 'n algemene mediese toestand. Afhangende van die erns van hierdie versteurings, kan hulle die lyer sy insig en self-beheer ontneem. Hierdie tipe versteurings kan dus aan die vereistes vir die regsomskrywing van geestesongesteldheid voldoen.

2.8.4 Substansverwante versteurings

Hierdie afdeling behels versteurings wat aan dwelmverslaafheid (insluitend alkohol) verwant is, die newe-effekte van medikasie en toksineblootstelling. Die substansies waarna in hierdie afdeling verwys word, word in elf klasse gegroepeer, insluitend alkohol, kafeïne, dagga, kokaïne, hallusinogene ensovoorts. Aangesien hierdie versteurings nóg patologies nóg endogeen, nog permanent is, is persone wat aan sulke versteurings ly nie volgens wet geestesongesteld nie.

2.8.5 Skisofrenie en ander psigotiese versteurings

Dié versteurings, word almal deur bepalende psigotiese simptome gekenmerk. Die volgende versteurings word hier ingesluit:

- skisofrenie
- skisofrenievorme versteuring
- skisoaffektiewe versteuring
- delusionele versteuring
- kortstondige psigotiese versteuring
- gedeelde psigotiese versteuring
- psigotiese versteuring te wyte aan 'n algemene mediese toestand
- substans-geïnduseerde psigotiese versteuring

- psigotiese versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Hierdie tipe versteurings is patologies, endogeen en het die vermoë om die persoon/lyer van insig en selfbeheer te ontneem. Hulle voldoen dus aan die kriteria vir die regsomskrywing van geestesongesteldheid.

2.8.6 Gemoedsversteurings

Hierdie afdeling behels versteurings wat 'n versteuring in gemoed as uitstaande eienskap het en sluit die volgende in:

- depressiewe versteurings (unipolêre depressie)
- bipolêre versteurings
- gemoedsversteuring te wyte aan 'n algemene mediese toestand
- substans-geïnduseerde gemoedsversteuring

Die depressiewe versteurings word van die bipolêre versteurings onderskei deur die feit dat daar geen geskiedenis van 'n maniese, gemengde of hipomaniese episode is nie. Die bipolêre versteurings sluit die teenwoordigheid of geskiedenis van maniese episodes, gemengde episodes of hipomaniese episodes in wat gewoonlik met die teenwoordigheid of rekord/geskiedenis van ernstige depressiewe episodes gepaardgaan.

Gemoedsversteurings het die vermoë om 'n individu sy insig of selfbeheer te ontneem en kan dus aan die kriteria vir die regsomskrywing van geestesongesteldheid voldoen.

2.8.7 Angsversteurings

Die volgende versteurings word hier ingesluit:

- paniekversteuring sonder agorafobie
- paniekversteurings met agorafobie
- agorafobie sonder 'n paniekversteuringsgeskiedenis
- spesifieke fobie

- sosiale fobie
- obsessief-kompulsiewe versteuring
- posttraumatiese stres versteuring
- akute stres versteuring
- algemene angs versteuring
- angsversteuring te wyte aan 'n algemene mediese toestand
- substans-geïnduseerde angsversteuring
- angsversteuring nie andersins gespesifiseer nie

Persone wat aan angsversteurings ly, sou dit skaars waag om hul tot misdaadpleging te wend.

2.8.8 Somatovorme versteurings

Die algemene eienskap van hierdie versteurings is die teenwoordigheid van fisiese simptome wat 'n algemene mediese toestand voorstel en word nie volledig deur 'n algemene mediese toestand, die direkte gevolge van 'n substans of 'n ander geestesversteuring verklaar nie. Die volgende somatovorme versteurings word hier ingesluit:

- somatiserende versteuring
- ongedifferensieërde somatovorme versteuring
- konversieversteuring
- pynversteuring
- hipochondriase
- liggaamsdismorfiese versteuring
- somatovorme versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Aangesien die fisiese simptome wat in hierdie versteurings manifesteer nie opsetlik is nie, kan somatovorme versteurings aan die kriteria vir die regsomskrywing van geestesongesteldheid voldoen.

2.8.9 Kunsmatige versteurings

Kunsmatige versteurings word gekenmerk deur fisiese of

psigologiese simptome wat opsetlik veroorsaak of geveins word om die siekrol aan te neem. Individue met kunsmatige versteurings stel hul storie gewoonlik met dramatiese flair, is uiters vaag en onkonsekwent as hulle uitgevra word en kan hulleself soms in patologiese leuenary begeef op 'n wyse wat hul aanhoorders interessant mag vind. Kunsmatige versteurings word volgens die subtipe wat die heersende simptome die beste kenmerk, gekodeer:

- met oorwegend fisiese tekens en simptome
- met gesamentlike psigologiese en fisiese tekens en simptome
- kunsmatige versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Aangesien hierdie tipe versteurings aan simptome wat opsetlik veroorsaak word, gekenmerk word, is mense wat hierdie versteurings manifesteer moontlik nie kragtens wet geestesongesteld nie.

2.8.10 Dissosiatiewe versteurings

Die wesenlike eienskap van die dissosiatiewe versteurings is 'n ontwrigting in die gewoonlik geïntegreerde funksies van bewustheid, geheue, identiteit of omgewingswaarneming. Die versteuring kan skielik, geleidelik, kortstondig of kronies wees. Hierdie afdeling sluit die volgende versteurings in:

- dissosiatiewe amnesie
- dissosiatiewe "fugue"
- dissosiatiewe identiteitsversteuring
- depersonalisasieversteuring
- dissosiatiewe versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Dit is moeilik om te voorspel of persone wat aan dissosiatiewe versteurings ly misdadige gedrag sal manifesteer, maar indien dit wel die geval is, kan hierdie versteurings aan die kriteria van die regsomskrywing van geestesongesteldheid voldoen.

2.8.11 Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings

Hierdie afdeling sluit vier breë kategorieë in:

- seksuele disfunksies
- parafilieë
- geslagsidentiteitsversteurings
- seksuele versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Die seksuele disfunksies behels seksuele lusversteurings, seksuele opwekkingsversteurings, orgasmiese versteurings, seksuele pynversteurings, seksuele disfunksies weens 'n algemene mediese toestand, en substans-geïnduseerde seksuele disfunksies nie andersins gespesifiseer nie.

Die parafilieë word deur herhalende, hewige seksuele drange, fantasieë, of gedrag wat ongewone objekte, aktiwiteite of situasies insluit, gekenmerk. Die parafilieë behels ekshibisionisme, fetisjisme, frotteurisme, pedofilie, seksuele masochisme, seksuele sadisme, transvestiese voyerisme, en parafilie nie andersins gespesifiseer nie.

Geslagsidentiteitsversteurings word gekenmerk deur sterk en volgehoue kruis-geslag identifikasie en gaan gepaard met voortdurende ongerief ten opsigte van 'n persoon se toebedeelde geslag.

Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings beïnvloed nie die vermoë om tussen die werklikheid en onwerklikheid te onderskei nie, dus is persone wat hierdie tipe gedrag manifesteer nie kragtens wet geestesongesteld nie.

2.8.12 Eetversteurings

Hierdie versteurings word gekenmerk deur ernstige steurings in eetgedrag. Twee spesifieke diagnoses word hier ingesluit, naamlik

- Anoreksia nervosa
- Bulimie nervosa

Dit is vanselfsprekend dat dit uiters onwaarskynlik is dat persone wat aan hierdie versteurings ly, in staat sal wees om misdaad te pleeg.

2.8.13 Slaapversteurings

Die slaapversteurings word volgens vermoedelike etiologie in vier hoofafdelings verdeel:

- primêre slaapversteurings (onderverdeel in dissomnieë en parasomnieë)
- slaapversteurings verwant aan 'n ander geestesversteuring
- slaapversteurings te wyte aan/weens 'n algemene mediese toestand
- substans-geïnduseerde slaapversteuring

Dit is moeilik om te voorspel watter tipe misdadige gedrag persone wat aan slaapversteurings ly, sal toon.

2.8.14 Impuls-kontrole versteurings nie andersins gespesifiseer nie

Hierdie afdeling behels impuls-kontrole versteurings wat nie by die voorstelling van versteurings in ander afdelings ingesluit is nie. Die volgende versteurings word in hierdie afdeling ingesluit:

- intermiterende eksplosiwiteit
- kleptomanie
- piromanie
- patologiese dobbelary
- trichotillomanie
- impuls-kontrole versteuring nie andersins gespesifiseer nie

Die meeste versteurings hier ingesluit, sal nie aan die kriteria vir geestesongesteldheid kragtens die wet voldoen nie.

2.8.15 Aanpassingsversteurings

Hierdie soort versteurings word gekenmerk deur die ontwikkeling van klinies opvallende emosionele of gedragsimptome in reaksie op 'n herkenbare psigososiale stressor of stressors. Die simptome moet binne drie maande na die aanval van die stressor(s) begin.

Aanpassingsversteurings word volgens die subtipe wat die oorheersende simptome die beste kenmerk, gekodeer:

- met depressiewe gemoed
- met angs
- met gemengde angs en depressiewe gemoed
- met versteuring van gedrag
- met gemengde versteuring van emosies en gedrag
- ongespesifiseerd

Persone wat aan aanpassingsversteurings ly en misdaad pleeg, is gewoonlik kragtens die wet nie geestesongesteld nie.

2.8.16 Persoonlikheidsversteurings

'n Persoonlikheidsversteuring is 'n volgehoue patroon van innerlike ervaring en gedrag wat opvallend afwyk van die kultuurverwagtinge van die persoon, ontstaan in adolessensie of vroeë volwassenheid, is oor 'n tydperk stabiel en lei tot angs of aantasting. Dié versteurings sluit in die

- paranoïede persoonlikheid
- skisoïede persoonlikheid
- skisotipiese persoonlikheid
- antisosiale persoonlikheid
- grenslynpersoonlikheid
- histrioniese persoonlikheid

- narsistiese persoonlikheid
- vermydingspersoonlikheid
- afhanklike persoonlikheid
- obsessief-kompulsiewe persoonlikheid en
- persoonlikheidsversteuring nie andersins gespesifiseer nie

Hierdie versteurings is nie die gevolg van steurnis van die psigiese stand nie maar eerder gedragspatrone aangeleer gedurende die vormingsjare. Persoonlikheidsversteurings word nie as patologiese geestesiektes beskou nie en as algemene reël word hulle nie geag as geestesongesteldheid vir die doeleindes van die verweer van ontoerekeningsvatbaarheid op grond van geestesongesteldheid nie.

2.8.17 Ander toestande wat die fokus van kliniese aandag kan wees

Hierdie afdeling dek ander toestande of probleme wat die fokus van kliniese aandag kan wees. Die toestande en probleme word soos volg gekodeer:

- psigologiese faktore wat mediese toestand affekteer
- medikasiegeïnduseerde bewegingsversteurings
- ander medikasiegeïnduseerde versteuring
- verhoudingsprobleme
- probleme verwant aan misbruik/mishandeling of verwaarlosing
- addisionele toestande wat die fokus van kliniese aandag kan wees

Aangesien hierdie versteurings nie patologies of endogene of permanent is nie, is persone wat aan sulke versteurings ly nie kragtens die wet geestesongesteld nie.

2.9 DIE VERWEER VAN ONTOEREKENINGSVATBAARHEID OP GROND VAN GEESTESONGESTELDHEID OF GEESTESGEBREK IN VERSKEIE LANDE

Verskeie lande met uiteenlopende regstelsels volg elkeen 'n eie

benadering ten opsigte van beskuldigdes in kriminele verhore wat tydens die pleging van die misdryf en/of tydens die verhoor aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die benaderings van bepaalde lande se verskillende regstelsels met betrekking tot beskuldigdes waar geestesongesteldheid of geestesgebrek die oorsaak van ontoerekeningsvatbaarheid is, bespreek.

2.9.1 Die Verenigde State van Amerika

Die Amerikaanse Kongres het in 1984 die ***Insanity Defense Reform Act*** goedgekeur met die doel om "nie-skuldig op grond van geestesongesteldheid" ***(not guilty by reason of insanity)*** - uitsprake te verminder. Bogenoemde wet het die bewyslas op die verdediging geplaas om geestesongesteldheid te bewys, en die graad van bewys is verander na "suiwer en oortuigende bewys" ***("clear and convincing evidence")***. Verder is die federale wetgewing met betrekking tot die vrylating van persone wat "nie skuldig nie maar geestesongesteld is" ook gewysig en strenger gemaak. Daarby is kontrole oor die vrylating van sodanige gevalle verskuif van hospitaalrade na die howe. Die hoofrede vir die kongres se begeerte om die verweer van geestesongesteldheid aan bande te lê, was die mislukte aanslag van John Hinckley op die lewe van president Ronald Reagan. Die sogenaamde "ultimate opinion"-getuienis deur deskundiges is ook afgeskaf (Finkel, 1992: 384-385).

Die vernaamste kritiek teenoor bovermelde wysigings is dat in die openbare histerie wat gevolg het op die sluipmoordpoging wetenskaplike feite geïgnoreer is, en vasgestaar is teen mites dat die verweer van geestesongesteldheid 'n skuiwergat is waardeur baie persone straf vryspring, dat die verweer "easily faked and engineered" is en dat psigiatrie die reg, die verhoor en die jurie manipuleer. Navorsing aangaande wie die verweer geopper het, of dit suksesvol was en waar en hoe lank "nie skuldig maar geestesongestelde" persone hulle aldaar bevind het, toon aan dat hierdie opvattings vals is en dat ten opsigte van

die bewyslas daar nie werklik 'n verskil in die eindresultaat is nie.

'n Vroeëre beslissing van die Hooggeregshof het tot gevolg dat state die "verweer van ontoerekeningsvatbaarheid op grond van geestesongesteldheid" mag afskaf (Pretoria News, 1994). Die hof het sonder enige kommentaar beslis dat Montana se afskaffing daarvan as "an affirmative defence for criminal defendants" geldig is. Idaho en Utah het ook reeds enige moontlikheid dat 'n beskuldigde onskuldig bevind kan word, op grond van geestesongesteldheid, uitgeskakel. Verskeie ander state het "skuldig maar geestesongesteld" - wetgewing aangeneem wat dit selfs moontliker maak dat iemand wat geestesongesteld was toe hy 'n misdryf gepleeg het, 'n sekere tydperk van gevangenisstraf sal uitdien as hy ooit sy geestesgesondheid herwin.

2.9.2 Die Verenigde Koninkryk

Op grond van artikel 4 (2) van die Criminal Procedure (Insanity) Act, 1964, word die howe gemagtig om in gepaste gevalle die ondersoek na die verhoorbaarheid van die beskuldigde uit te stel tot voor die opening van die saak vir die verdediging (Snyman, 1987:157). Die bepaling lui soos volg:

> "The Court, if having regard to the nature of the supposed disability the court is of the opinion that it is expedient so to do and in the interest of the accused, may postpone consideration of the said question (hereinafter referred to as the question of fitness to be tried) until any time up to the opening of the case for the defence, and if before the question of fitness to be tried falls to be determined the jury return a verdict of acquittal on the count or each of the counts on which the accused is being tried that question shall not be determined". Volgens Snyman word hierdie bepaling ook in Kanada en die VSA nagevolg.

Die hoofoorweging van artikel 4(2) is oënskynlik om die

verhoorbare beskuldigde die geleentheid te bied om verpligte aanhouding te ontwyk in gevalle waar hy die staat se saak deur middel van kruisondervraging of 'n tegniese punt ongedaan kan maak. Met ***nature of the supposed disability*** word blykbaar bedoel dat gevaarlike onverhoorbares aangehou behoort te word.

In R v Burles is beslis dat die hof eers die sterkte van die staat se saak soos blyk uit verklarings, ensovoorts moet oorweeg en daarna moet kyk na die aard en graad van die beskuldigde se ongesteldheid soos blyk uit mediese verslae. Die hof moet dan 'n beslissing vel oor wat is raadsaam en in die beskuldigde se belang. Dan kan dit blyk dat in een geval die Staat se saak so sterk en die beskuldigde se toestand so swak is dat dit geen nut sou hê om die vraag na verhoorbaarheid uit te stel nie. Aan die ander kant kan die Staat se saak so swak en die beskuldigde se oënskynlike toestand so goed wees, dat dit duidelik tot die beskuldigde se voordeel sou wees om beregting van dié vraag uit te stel. Tussen hierdie twee uiterstes moet 'n hof sy diskresie gebruik.

Artikel 5(1) van die ***Criminal Procedure (Insanity) Act*** reël die posisie waar die beskuldigde nie verhoorbaar is nie. Indien die hof bevind dat 'n beskuldigde aan 'n onvermoë ly, moet hy na 'n hospitaal verwys word wat deur die "Home Secretary" gespesifiseer word. In daardie hospitaal kan die beskuldigde vir 'n onbepaalde typerk aangehou word. (Oosthuizen & Verschoor, 1993:155-164).

2.9.3 Kanada

Tot onlangs kon die bewese onverhoorbare beskuldigde ingevolge artikel 543(6) van die Kanadese strafkode vir 'n onbepaalde tyd as pasiënt aangehou word. Geen statutêre riglyne is weerlê in verband met die duur van aanhouding nie. As gevolg van die beslissing in R v Swain naamlik dat die regsposisie onkonstitusioneel is, is wetgewing aangeneem wat die duur van aanhouding aansienlik inperk en ook koppel aan die misdryf waarvoor die pasiënt tereggestaan het (Kruger, 1993:151).

In ***R v Swain*** moet die Kanadese Hooggeregshof beslis of sekere gemeenregtelike reëls en sekere bepalings van die Kanadese Strafkode in verband met aanhouding van ***insanity acquittees*** nie met bepalings van die ***Canadian Charter of Rights and Freedoms*** in botsing is nie. Artikel 7 van die Charter lui soos volg:

> "Everyone has the right to life, liberty and security of the person and the right not to be deprived thereof except in accordance with the principles of fundamental justice".

Die hof het bevind dat die gemeenregtelike reël wat die vervolging toelaat om getuienis oor die beskuldigde se geestesongesteldheid te lei, ongeag die wense van die beskuldigde, impliseer dat die beskuldigde 'n mate van beheer oor sy eie verdediging verloor het. Die reël skend 'n beginsel van fundamentele geregtigheid, is 'n ontkenning van vryheid wat nie voldoen aan die beginsels van fundamentele geregtigheid nie en beperk die beskuldigde se regte onder artikel 7 (Kruger, 1993: 150-151). Die hof moes ook beslis of die bepaling van die Strafkode dat iemand wat onskuldig bevind is op grond van geestesongesteldheid, nie inbreuk maak op artikel 7 of artikel 9 (elkeen het die reg om nie arbitrêr aangehou te word) van die Handves nie. Die hof het bevind dat inbreuk gemaak word op artikel 7 vir sover die verhoorregter verplig is om 'n bevel te gee, maar dat aanhouding in orde sou kon wees indien die regter 'n diskresie gehad het en die beginsels van fundamentele geregtigheid nagekom is. Ten opsigte van artikel 9 is soos volg beslis: "The detention order is automatic, without any rational standard for determining which individual insanity acquittee should be detained and which should be released. I need not determine at this point what standard would be required by S 9 in order to detain an insanity acquittee. The duty of the trial judge to detain is unqualified by any standards whatsoever. I cannot imagine a detention being ordered on a more arbitrary basis". (Kruger, 1993:151-152).

Artikel 672 van die Kanadese Strafkode is egter in 1993 ingebring en bepaal dat die aanhouding van 'n pasiënt nie langer mag duur as die maksimum periode van gevangenisstraf wat by skuldigbevinding opgelê sou kon word nie.

2.9.4 Swede

In Swede het nuwe wetgewing op Januarie 1992 in werking getree. Daar is aparte wetgewing van toepassing op normale nie-kriminele verpligte sorg en forensiese psigiatriese sorg. Normale verpligte sorg kan vergelyk word met Suid-Afrikaanse siviele opnames in 'n inrigting, behalwe wat die prosedure betref. Verpligte sorg kan opgelê word as iemand ernstig geestesongesteld is en hy onder die omstandighede psigiatriese sorg nodig het wat slegs in 'n hospitaal verskaf kan word. Opname kan ook plaasvind as 'n geestesongestelde versorging en behandeling teenstaan of oënskynlik nie in staat is om 'n duidelike mening oor sy behoeftes te betuig nie. Daar moet ook in aanmerking geneem word of die pasiënt vir die veiligheid van ander, of vir ander se liggaamlike of geestesgesondheid gevaar inhou.

Vervolgens al wat benodig word vir 'n opname onder verpligte sorg is 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn. 'n Hospitaalkomitee moet egter die noodsaaklikheid van verpligte sorg bevestig. Indien dit blyk dat verpligte sorg langer as vier weke kan duur, moet die hoofpsigiater van die betrokke hospitaal 'n hof nader vir toestemming tot verpligte sorg. Die hof kan 'n maksimum tydperk van vier maande na toelating magtig, maar na verstryking hiervan kan die toestemming telkens vir ses maande hernu word.

As geestesongestelde oortreders voldoen aan die vereistes wat vir verpligte sorg neergelê is, word hulle in plaas van gevangenisstraf tot verpligte regsgeneeskundige psigiatriese sorg gevonnis. Geen voorsiening is vir 'n minimum of maksimum tydperk van aanhouding gemaak nie. In die geval van 'n ernstige misdryf, waar die moontlikheid bestaan dat die gedrag herhaal sal word, kan die hof magtiging verleen dat 'n spesiale ondersoek gehou

moet word alvorens die pasiënt ontslaan word.

2.9.5 Israel

'n Nuwe wet oor geestesgesondheid het in 1991 in werking getree. Die doel van die institusionalisering van geestesongestelde persone word in die wet omskryf as "hoofsaaklik vir behandeling". Die howe se rol in verpligte institusionalisering is hoofsaaklik sekondêr. Wanneer 'n beskuldigde sy verhoor deurstaan het en skuldig bevind is, en die getuienis het die hof tot die gevolgtrekking laat kom dat die beskuldigde tydens die pleging van die misdryf geestesongesteld was en dus nie gestraf kan word nie en steeds geestesongesteld is, moet die hof beveel dat die beskuldigde opgeneem word in 'n psigiatriese inrigting of as 'n buitepasiënt behandeling moet ontvang. Behalwe dat die howe ook die bevoegdheid het om verdagtes vir observasie te verwys, is hierdie bevoegdhede die totaliteit van die howe se bevoegdhede.

Die belangrikste instansie is die distrikspsigiater. Hierdie persoon het wye bevoegdhede in verband met die vrywillige en verpligte opname van geestesongestelde persone. Die distrikspsigiater kan selfs 'n hofbevel vir buitepasiëntbehandeling herroep en wysig in 'n opname bevel. Die distrikspsigiatriese raad bestaan uit twee psigiaters en 'n regsgeleerde wat as voorsitter optree. Dit is 'n belangrike liggaam wat toestemming moet verleen vir alle hospitalisasiebevele langer as 14 dae, wat dien as appèlliggaam vir bevele en beslissings in verband met pasiënte, en wat die ontslag van diegene wat deur 'n hofbevel opgeneem is, moet magtig. Gewoonlik word afwesigheid met verlof en ontslag aan die hospitaalbestuurder opgedra, maar in baie gevalle kan deur die pasiënt, sy familie of die distrikspsigiater teen sy besluit geappelleer word.

2.9.6 Suid - Afrika

Voor die Strafproses Wet van 1977 in werking getree het, was die

geestesongesteldheidverdediging in Suid-Afrika stewig gebaseer op die eerste en tweede McNagten-reël wat 'n eeu gelede in die Suid-Afrikaanse Reg opgeneem is. Bykomend hiertoe is die onvermydelike impuls-reël twintig jaar later ook tot die Suid-Afrikaanse Strafproses Wet toegevoeg. Na die aanbevelings in 1967 van die Rumpff Kommissie van Ondersoek na die Verantwoordelikheid van Verstandelike Versteurde Persone en Verwante Aangeleenthede, is hierdie reël vervang deur die bepalings van s 78 (1) van die Strafproses Wet. Seksie 78 (1) lees soos volg:

" 'n Persoon wat 'n daad pleeg wat 'n oortreding is en wat op die tydstip van so 'n pleging aan 'n geestessiekte of geestesgebrek ly wat hom onbevoeg maak

(a) vir begrip van die verkeerdheid van sy daad; of
(b) vir optrede in ooreenkoms met begrip van die verkeerdheid van sy daad, sal nie krimineel verantwoordelik wees vir sodanige daad nie."

Verskeie navorsers (Kruger, 1983 en 1993; Milton, 1989; Van Oosten, 1993) het deur die jare heen besware geopper oor die eintlike taak en die praktiese uitoefening van die Strafproses Wet 51 van 1977 met betrekking tot die verklaring en aanhouding van persone as pasiënte van die staat, en het daarom begin om die weg te berei vir die wysiging van die betrokke Wet. Milton (1989: 121) som die probleem soos volg op:

" Die verdediging van kriminele aanspreeklikheid gebaseer op die geestesongesteldheid van die oortreder is ten grondslag paradoksaal. Dit is dat juis die rede om hom van sy aanspreeklikheid te onthef, die mees deurslaggewende rede is om hom opgesluit te hou. Maar terwyl dit onteenseglik waar is dat baie geestesversteurde oortreders gevaarlik is en in aanhouding moet wees, volg dit nie vanselfsprekend nie en is dit nie waar om te verklaar dat geestesversteurde oortreders as 'n groep, gevaarliker is en 'n groter bedreiging vir die gemeenskap inhou as ander soort oortreders nie. Tog is dit die diepgesetelde

veronderstelling van ons reg, gebaseer op eeue-oue, diepgewortelde vrees van die gemeenskap vir die sielsiekes. Moderne vooruitgang in medisyne en psigiatrie het die moontlikhede vir die suksesvolle behandeling en genesing van geestessiekte dramaties verander."

Hy gaan voort om aan te dring op wysiging van die wet sodat geestesversteurders met dieselfde substantiewe geregtigheid (materiële reg) behandel word as die ander soorte oortreders.

Die Minister van Justisie het op 15 Januarie 1993 'n ondersoek goedgekeur na die verklaring tot en aanhouding van persone as staatspasiënte kragtens die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, en die ontslag van sodanige persone kragtens die Wet op Geestesgesondheid, Wet 18 van 1973. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het hierdie ondersoek onderneem met die doel om moontlike regshervorming na te vors. Die Kommissie het met die volgende voorgestelde aanbevelings vorendag gekom (South African Law Commission, 1995).

* Wysigings van artikel 29 van die Wet op Geestesgesondheid waarvolgens die prokureur-generaal, 'n hospitaalraad en 'n staatspasiënt (of 'n naasbestaande) 'n aansoek in verband met die ontslag van 'n staatspasiënt aan 'n regter in Kamers mag voorlê. Verder moet die regter in Kamers oor twee sake sekerheid kry, naamlik in hoeverre die pasiënt genees is en of hy 'n gevaar vir die publiek inhou. As hy oordeel dat die pasiënt genees is en nie 'n gevaar inhou nie, moet hy die staatspasiënt onvoorwaardelik vrylaat, so nie kan hy 'n geskikte bevel gee. Ten einde misbruik deur veral staatspasiënte te voorkom sal daar egter 'n veiligheidsmeganisme ingebou moet word. Daar word voorgestel dat wanneer 'n staatspasiënt self die aansoeker is, die regter 'n ***curator ad litem*** sal aanwys om aan die regter 'n verslag oor die ooglopende meriete van die aansoek voor te lê.

* 'n Wysiging van die Wet op Geestesgesondheid waarvolgens daar nie meer 'n amptelike ***curator ad litem*** vir staatspasiënte sal wees nie. Dit sal behels dat die omskrywing van "amptelike ***curator ad litem***" in artikel 17 gewysig moet word, dat 'n omskrywing van "prokureur-generaal" ingevoeg moet word en dat die woorde "amptelike ***curator ad litem***" op verskeie plekke, maar in die besonder in artikel 29, deur "prokureur-generaal" vervang moet word.

* Die woord "staatspasiënt" moet verkieslik in die Wet op Geestesgesondheid deur 'n meer gepaste woord vervang word. Voorstelle sal verwelkom word, maar in hierdie stadium is daar geen definitiewe voorstel nie.

* Indien 'n hof dit op gegronde redes nodig ag, moet die ondersoek na die verhoorbaarheid van 'n beskuldigde uitgestel kan word tot na afhandeling van die staatsaak.

* Artikel 78 van die Strafproseswet moet sodanig gewysig word dat dit duidelik gestel word welke verslae en dokumente 'n verwysing vir waarneming moet vergesel. Dit sal neerkom op 'n statutêre erkenning van die verslag van die staatsaanklaer, wat reeds baie goed in die praktyk werk.

* By artikel 78 van die Strafproseswet moet die regter, wanneer bewys word dat die beskuldigde genees is, beveel dat hy nie aangehou word nie. Daar moet dus voorsiening gemaak word daarvoor dat die deskundige paneel ook in hierdie verband 'n ondersoek doen en 'n aanbeveling maak.

* By artikel 78 van die Strafproseswet moet die getuienis van sielkundiges ook toelaatbaar wees, maar slegs aanvullend tot dié van psigiaters.

* Artikels 77 en 78 van die Strafproseswet moet daarvoor voorsiening maak dat slegs diegene wat ernstige geweldsmisdrywe gepleeg het as staatspasiënte aangehou word.

Die howe moet gevolglik die bevoegdheid kry om te gelas dat ander geestesiektes of -versteurdes ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Geestesgesondheid aangehou word.

* Mettertyd sal daar slegs staatspasiënte wees wat ernstige geweldsmisdrywe gepleeg het, wat tot gevolg sal hê dat die bepalings van subartikels (4A), (5), (6) en (7) van artikel 29 oorbodig sal wees. Daar moet dus 'n oorgangsbepaling wees wat hierdie subartikels in stand hou ten opsigte van die ontslag van daardie staatspasiënte wat tans deur 'n hospitaalraad ontslaan kan word.

2.10 SLOTOPMERKINGS

Die regsplegingspraktyk kan moontlik die sosiale wetenskappe oorleef en sonder hulle voortbestaan. Dit kan egter ook deur sosiale wetenskapsbevindinge en -toepassings verryk en verbeter word. Die metodes, kritiese aannames/veronderstellings en gevolge van die regsplegingspraktyk verg voortdurende bestudering. Indien die regsmetodes, -veronderstellings en -gevolge as onbillik of ongegrond gesien word, sal minagting vir die reg en losbandigheid waarskynlik toeneem. Indien wette uit oorgevoeligheid (emosionaliteit) of opvattinge wat nie empiries gesteun word nie, verander word, sal die mensdom heel waarskynlik die foute van die verlede herhaal of nuwes skep. Die sosiale wetenskappe kan in hierdie verband 'n konstruktiewe rol speel veral waar hulle metodes, veronderstellings en gevolge wettige, etiese en morele aangeleenthede aanspreek.

Daar is meer as net geestesongesteldheid op die proef maar daar bestaan egter nie 'n finale uitspraak nie omdat daar nie een kan wees nie. In hierdie bedeling sal die mensdom altyd gedeeltelik weet en gedeeltelik voorspel.

HOOFSTUK 3

DIE VERSTANDELIKE GESTELDHEIDSBENADERING TOT MISDAADVEROORSAKING EN -VERKLARING

3.1 INLEIDING

Intelligensie en misdaad is beide as wetenskaplike konsepte analoë gevalle met temperatuur, vogtigheid en ander wetenskaplike konsepte. Probleme by die meting van intelligensie en misdaad verskil dus nie van probleme wat ontstaan as gevolg van die meting van temperatuur, vogtigheid asook ander wetenskaplike konsepte nie. Oor die afgelope jare was beide konsepte, naamlik dié van intelligensie asook dié van misdaad, hoogs omstrede. 'n Groot hoeveelheid navorsing is op beide gebiede onderneem. Die geskil het in 'n volgehoue heftige bespreking ontaard sodra die verband tussen intelligensie en misdaad 'n navorsingsonderwerp geword het. Duidelikheid is en word nog steeds nagestreef oor die mate waartoe gemete intelligensie op sigself 'n sosiale produk is wat ontstaan uit subkulturele variasies in leeromgewings asook ander sosiale faktore van daardie aard eerder as 'n aanduiding van aangebore intelligensie. Hierdie hoofstuk ondersoek die gehipoteseerde verhouding tussen intelligensie en misdaad vanuit 'n psigologies-kriminologiese perspektief.

3.2 OORSPRONG VAN DIE METING VAN INTELLIGENSIE

Met verwysing na intelligensie het beide die Griekse filosowe Aristoteles en Plato alreeds 'n onderskeid getref tussen die kognitiewe aspekte van die menslike natuur (daardie aspekte wat denke, probleemoplossing, meditasie, redenasie, nadenke, oorpeinsing ens behels) en die hormiese aspekte van menslike gedrag (daardie aspekte wat emosies, gevoelens, passie en die wil behels). Die Romeinse denker Cicero het op 'n later stadium die term "intelligensie" bekendgestel om te verwys na 'n persoon se kognitiewe en intellektuele vermoëns. Die Grieke het egter die konsep van intelligensie geskep. Aan die een kant het

Aristoteles die "waargenome handelinge" of gedrag van 'n persoon gekontrasteer met 'n hipotetiese "onderliggende vermoë" waarop dit berus het (Aristoteles, 1913:36). Aan die ander kant het Plato (1982:56-58) 'n onderskeiding tussen "natuur" en "opvoeding" getref. Hy het spesifiek verwys na genetiese oorsake by die verklaring van individuele verskille in intellek en persoonlikheid. In die afgelope eeu is die konsep van intelligensie deur die filosowe Herbert Spencer, Francis Galton, die statistikus Karl Pearson en die fisioloë Hughlings Jackson, Sherrington Cambell, Broadman en Hashley ondersoek. Hulle navorsing het Spencer se teorie van 'n "hierarchy of neural functions" gestaaf, waarvolgens 'n basiese tipe aktiwiteit deur betreklike definitiewe stadiums tot hoër en meer gespesialiseerde vorme ontwikkel (Cattell 1987:8-9). Daar is bevind dat die brein altyd as 'n geheel te werk gaan, dat sodanige aktiwiteit 'n patroon volg en nie willekeurig verspreid is nie en dat die patroon self integrasie insluit en impliseer. Die konsep van "massa-aktiwiteit" van die brein is ook bekendgestel, waarvolgens kognitiewe funksionering beheer word deur globale areas van die brein eerder as gespesialiseerde klein areas.

Charles Spearman het bogenoemde verskillende idees gekombineer in 'n aanneemlike psigologiese teorie. Hy het gepostuleer dat indien daar 'n soort algemene, allesomvattende kognitiewe vermoë bestaan wat 'n persoon in staat stel om uitmuntend te redeneer, probleme op te los en oor die algemeen goed te vaar op kognitiewe gebied ("**g**" genoem deur Spearman), dit moontlik behoort te wees om 'n groot aantal verskillende probleme van variërende moeilikheidsgraad saam te stel om sodanige vermoë te toets (Cattell, 1987:22). Omtrent dieselfde tyd het Alfred Binet in Frankryk en Hermann Ebbinghaus in Duitsland sulke toetse opgestel. Spearman se bydrae was 'n betreklik eenvoudige statistiese idee, naamlik dat dit moontlik behoort te wees om aan te toon of sommige mense beter vaar in alle soorte kognitiewe toetse as andere. Dit kon bepaal word deur 'n groot aantal toetse in 'n ewekansige steekproef toe te pas en die resultate van die toetse of toetsitems te vergelyk deur 'n proses bekend

as korrelasie. As die hipotese waar is, behoort alle korrelasies positief te wees. Met ander woorde, as 'n persoon goed vaar in een tipe toets is dit waarskynlik dat daardie persoon ook goed sal vaar in ander tipe toetse. 'n Korrelasie is eenvoudig 'n statistiese tegniek wat aandui tot watter mate twee faktore verband hou en word uitgedruk as 'n syfer wat varieer vanaf 0 tot 1. 'n Positiewe korrelasie van 1,00 dui op 'n perfekte korrespondensie, terwyl 'n korrelasie van 0,00 die afwesigheid van enige verband hoegenaamd aandui. 'n Negatiewe korrelasie wat uitgedruk word as -0,75 dui daarop dat die twee faktore wat vergelyk word, omgekeerd verband hou met mekaar, in dié sin dat hoe hoër die een is, hoe laer is die ander een. Verder het Spearman ook matematies bewys dat as vermoë betreffende 'n gegewe kognitiewe taak verdeel word in twee onderskeie elemente wat afsonderlik getoets word - die eerste is algemene kognitiewe vermoë of intelligensie en die tweede is die spesifieke vermoë om daardie besondere taak uit te voer - neem die patroon van korrelasie tussen die toetse 'n baie spesifieke vorm aan. Interkorrelasies tussen verskillende toetse word weerspieël in die vorm van 'n reghoekige tabel of netwerk wat 'n matriks genoem word. Die spesifieke patroon wat Spearman gevind het, is bekend as 'n "matriks van die rang 1" en dit is hoogs onwaarskynlik dat dit toevallig sou voorkom (Spearman & Jones, 1950:27). Spearman se bydrae verteenwoordig 'n algehele breuk met die verlede, omdat sy teorie aanleiding gee tot toetsbare, kwantifiseerbare hipoteses. Laasgenoemde onderskei dit van die teorieë van Plato, Aristoteles, Spencer ensovoorts.

Spearman se teorie is op die proef gestel deur Thurstone, wat na 'n aanvanklik foutiewe toetsings-tegniek met gevolglike foutiewe resultate sy studie herhaal het. Thurstone het tot die gevolgtrekking gekom dat sy toetse inderdaad iets soortgelyk aan Spearman se algemene intelligensie of "**g**" gemeet het. Hulle het egter ook 'n aantal primêre vermoëns gemeet buite en behalwe intelligensie en onafhanklik daarvan (Smit, 1981:12). Spearman en sy span navorsers het verder teen hierdie tyd reeds bewyse gevind vir faktore soos verbale en numeriese vermoëns. Derhalwe

is finale ooreenstemming bereik oor 'n paradigma wat tot teenswoordig geld. Hierdie paradigma stel dit dat verskillende mense oor verskillende vermoëns beskik waarmee hulle intellektuele probleme oplos en dat veral ***algemene*** intelligensie van besondere belang is. Persone beskik ook oor spesifieke vermoëns waarmee hulle spesifieke tipe probleme hanteer, byvoorbeeld verbale-, numeriese-, visio-ruimtelike-, meganiese- of geheuevermoëns. Sodanige vermoëns kon baie belangrik wees in spesiale omstandighede. Daarbenewens het elke toets sy eie unieke bydrae wat daaraan verbind is en wat ***inmeng*** met die meting van intelligensie of spesiale vermoëns. Hierdie fout kan geëlimineer word deur 'n groot aantal verskillende toetse te gebruik wat soveel verskillende materiaal as moontlik insluit.

'n Intelligensietoets is dus eenvoudig 'n gekontroleerde steekproef van 'n persoon se gedrag met 'n bekende verhouding tot sy of haar gedrag in ander bepaalde omstandighede. Intelligensietoetsitems staan in dieselfde verhouding tot intelligensie as wat die toetsing van bloeddruk, liggaamstemperatuur of bloedchemie tot algemene fisiologiese werkverrigting staan. Soos in geneeskunde is die doel om toetse te ontwerp wat gerieflik en betroubaar is en die eienskappe toets wat dit veronderstel is om te toets. Toetsitems wat 'n persoon se beheersing van woordeskat ondersoek, wat die afleiding van verbande tussen woorde, syfers of prente vereis, wat probleme daar stel om op te los of reëls om te interpreteer, val onder 'n enorme verskeidenheid toetsitems wat meestal deur die lukraakmetode ontdek is en wat spesifiek algemene intelligente gedrag diagnoseer. Toetsitems van alle soorte lewer tellings wat gewoonlik tot 'n sekere mate met mekaar korreleer. Anders gestel, is 'n betreklike klein aantal onderliggende bekwaamhede, naamlik minder as 'n dosyn verantwoordelik vir groot dele van alle variasie tussen persone op die volle reeks items wat reeds in intelligensietoetse ingesluit is. Juis as gevolg van hierdie onderliggende spaarsamigheid voorspel die puntetelling van 'n intelligensietoets wat ongeveer 'n uur duur, 'n persoon se prestasie in 'n groot aantal verskillende omgewings en tye.

3.3 DIE VERBAND TUSSEN INTELLIGENSIE EN MISDAAD

Intelligensie, wat gewoonlik deur IK-toetse gemeet word, is reeds deur talryke navorsers met misdaad en misdadigheid verbind. In die eerste gedeelte van hierdie eeu was die oorwegende siening van baie geesteswetenskaplikes dat lae intelligensie by oortreders 'n belangrike oorsaak van misdaad was. Goring het in 1913 in Engeland beweer dat die een essensiële verstandelik aangebore faktor in die etiologie van misdaad gebrekkige intelligensie was. Hy was ook van mening dat hoe meer kere 'n persoon aan misdaad skuldig bevind is, hoe minder intelligent was daardie persoon waarskynlik (Hibbert, 1963:197-199). Die Amerikaanse psigiater Goddard wat die Binet-Simon toets in die Verenigde State van Amerika bekendgestel het en dikwels verstandelike toetsing van misdadige kinders onderneem het, het in 1914 'n studie oor die intellektuele vermoëns van gevangenes gepubliseer. Hy het gevind dat die persentasie "gebrekkiges" of swaksinnige gevangenes vanaf 28 tot 89 persent strek, met 'n geskatte gemiddelde van 50 persent. As gevolg van hierdie studie het Goddard tot die gevolgtrekking gekom dat misdadige gedrag grootliks aan lae intelligensie toegeskryf kon word. Volgens Goddard kon 'n gebrek aan intellek op sigself nie veroorsaak dat sodanige persoon misdaad pleeg nie. In sekere ongesonde omgewings en gekombineerd met "psigopatiese" persoonlikheidstrekke het lae intelligensie egter bygedra tot 'n misdadige predisposisie. Goddard het weens sy gevolgtrekkings 'n argument aangevoer teen die moraliteit van vergeldende straf vir misdadigers. Hy het die siening gehandhaaf dat dit alleenlik geregverdig sou wees om straf op te lê aan persone wie se misdade 'n uitvloeisel van hul gebreke is indien dit rehabiliteitswaarde het (Halleck, 1968:185-208).

Volgens Santamour et al, (1989:9) het sommige studies in die eerste twee dekades van hierdie eeu daarop aanspraak gemaak dat tot 100 persent van oortreders verstandelik vertraag was. Die standardisering van intelligensietoetse met rekrute uit die leër gedurende die Eerste Wêreldoorlog is gevolg deur kritiek op die

neiging om misdadigheid te sien as veroorsaak deur of hoogs korreleerbaar met gebrekkige intelligensie. Daar was ook 'n toenemende bewustheid van foute en gebreke in die samestelling en toepassing van toetse. Dit was die einde van die begin in een van die langste onafgebroke sagas in kriminologie waarin die aard van die verwantskap tussen IK en misdadige gedrag in 'n aantal verskillende stadiums bestudeer en nagevors is. Teen 1926 het Murchison drie belangrike swakhede van vorige navorsingsprojekte geïdentifiseer, naamlik die gebrek aan 'n definisie van verstandelike vertraging, 'n oorbeklemtoning van die intellektuele vlak van die algemene bevolking, en 'n onderbeklemtoning van die belangrike rol wat deur sosio-kulturele faktore gespeel word. In sy boek ***Criminal Intelligence*** het Murchison (1926:41-187) bewys gelewer dat die syfers wat verkry is in steekproewe bestaande uit manskappe gedurende die Eerste Wêreldoorlog laer was as die syfers wat behaal is deur gevangenes in die federale gevangenis te Fort Leavenworth. Ander vergelykende studies van dwarsoor die land het Murchison daarvan oortuig dat misdadigers nie minder intelligent as die algemene bevolking is nie, veral nadat hy toegelaat het vir vooroordele wat kon veroorsaak het dat die spesifieke gevangenes wat hy in sy steekproef gebruik het, uit die minder intelligente sektor van die misdadige populasie was. Hy het bevind dat meer intelligente misdadigers waarskynliker opsporing sou ontvlug. Indien hul wel opgespoor word, sou hulle verder in 'n groter mate in staat wees om skerpsinnige advokate te bekostig. Dus het Murchison van Goddard verskil oor die feite asook oor die implikasies van laasgenoemde se bevindinge. In plaas van rehabilitasie het Murchison streng strawwe bepleit, insluitende afskaffing van probasie, parool en vrylating op borgtog, asook 'n verpligte doodsvonnis vir die derde veroordeling weens misdaad.

Sutherland (1931:357-375) het navorsing gedoen oor 350 verslae wat handel oor die evaluering van ongeveer 150 000 oortreders gedurende die tydperk 1910-1928. Hy het tot die slotsom gekom dat 50 persent van misdadigers as geestesongesteld gediagnoseer is in die tydperk 1910-1914, terwyl slegs 20 persent as sulks

geklassifiseer is in die tydperk 1925-1928. Hierdie bevindinge het nie bewys dat geestesongesteldheid 'n belangrike oorsaak van misdadigheid was nie. Sutherland het die variasie in resultate toegeskryf aan metodes en puntetoekenning wat deur toetsafnemers gebruik is eerder as aan 'n verandering in die intellektuele vermoëns van oortreders. Verder het hy in sy kritiese oorsig van verstandelike vertraging en misdaad tot sy mees betekenisvolle gevolgtrekking gekom dat die verhouding tussen hierdie twee nie bepaal kan word deur dit in isolasie sonder inagneming van ander faktore te beskou nie (Sutherland, 1931:373). Byvoorbeeld, die omgekeerde verband tussen intelligensie en veroordelingsyfers impliseer sterk dat meer intelligente misdadigers tot 'n groter mate gelei sal word deur die risiko van arrestasie en vervolging. Hulle sal dus in vergelyking met minder intelligente misdadigers buite verhouding aangetrokke wees tot misdade met lae veroordelingsyfers. Die bydrae van intelligensie tot hierdie spesifieke feit kan verklaar word deur die veronderstelling dat mense met hoër IK puntetellings oor die algemeen beter ingestel is op werklike gebeurlikhede en risiko's van verskillende soorte oortredings.

Tog is dit ten beste slegs 'n gedeeltelike rede vir die verband. Die tipiese misdade van minder intelligente oortreders is dikwels misdade wat 'n onmiddellike beloning tot gevolg het. Voorbeelde hiervan is geweldsmisdade waar die beloning die skade is wat die teenstander van die oomblik berokken is, of seksuele misdade wat onmiddellike bevrediging bied, of kleiner eiendomsmisdade wat veroorsaak word deur 'n geleentheidsteiken, soos 'n nagtelike ontmoeting met 'n vreemdeling in 'n stil straat in die stad. In kontras hiermee behels die kenmerkende misdade van meer intelligente oortreders voorbereiding, beplanning, en selfs by geleentheid onderhandeling met medepligtiges. Dit behels ook dat die beloning lank uitgestel moet word. Kortliks, insoverre die tydsduur van fisieke buitestaatstelling op sigself 'n korrelaat van intelligensie is, sal persone met 'n lae intelligensie impulsiewe misdade met onmiddellike belonings verkies, terwyl persone met 'n hoë intelligensie aan die omgekeerde voorkeur sal

verleen. Dit is moontlik dus nie net toevallig dat laer veroordelingsyfers voorkom vir misdade wat langer neem om te beplan, uit te voer en resultate te lewer nie. Die bewyse wat wel bestaan, suggereer dat lae IK toetstellings inderdaad met impulsiewe misdade geassosieer word (Heilbrun, 1979:515).

Tot 'n mate kan getoetste intelligensie 'n indirekte verteenwoordiging van 'n potensiële misdadiger se geleenthede vir misdaad wees. Om 'n verduisteraar, 'n vervalser of 'n organiseerder van onwettige interstaattransaksies te wees, vereis 'n verskeidenheid van vaardighede of sosiale kontakte wat nie dikwels gevind word in verbinding met 'n IK onder 90 of 95 nie. Daar moet egter nie aanvaar word dat hoë toetstellings 'n waarborg van sorgvuldige en winsgewende misdaad is nie. Inteendeel, in 'n direkte vergelyking van 50 intelligente jeugmisdadigers (met 'n gemiddelde IK van 126) met 50 misdadigers van soortgelyke ouderdom en etniese agtergrond en met 'n tipiese IK (d.w.s. 'n IK van 96) van persone wat verwys is na 'n spesifieke Londense inrigting, het die meer intelligente misdadigers ongeveer die helfte minder uit hul eiendomsmisdade wins gemaak as die tipiese misdadiger. Die differensiasie in die keuse van misdaad as gevolg van IK het nog nie te voorskyn gekom in hierdie twaalf tot sewentien jaar oue misdadigers nie. In hierdie steekproef was die faktor wat die skrander misdadigers van die ander onderskei het, 'n hoër vlak van psigiatriese versteuring (Gath et al, 1971:279).

Die volgende navorsingstudies deur die onderskeie outeurs het analoë persentasies van oortreders wat bestudeer is as synde verstandelik vertraagde persone opgelewer: bevindinge deur Burt (1925) - {81 persent}, Healy en Bronner (1936) - {13,5 persent}, Glueck en Glueck (1930) - {20,6 persent}, Glueck (1934) - {13,1 persent - mans}, Glueck (1934a) - {34,1 persent - vroue}, McClure (1933) - {27,4 persent (21,8 persent seuns, 32,9 persent meisies)} en Merrill (1947) - {23 persent}. Ellenberg (1961: 118) rapporteer dat die voorkoms van verstandelike vertraging onder misdadigers in Remnant Homes verminder het vanaf 7,5

persent in 1930 tot 2,1 persent in 1955.

Kort nadat Murchison en Sutherland tot die slotsom gekom het dat intelligensie en misdadigheid ongekorreleerd is, het nuwe toetse, verbeterde statistiese metodes en groter omsigtigheid omtrent toetsingsprosedures 'n bykans gestabiliseerde raming van die gemiddelde oortreder se IK tot gevolg gehad. Hierdie raming het nie merkbaar verander sedert die vroeë 1940's nie. Merrill (1947: 158-180) het byvoorbeeld in 1947 gerapporteer dat die gemiddelde IK van 500 agtereenvolgende persone wat na die jeughof in 'n Noord-Kaliforniese distrik verwys is 92,5 was volgens die nuwe hersiene weergawe van die Stanford-Binet toets. Sy het die gemiddelde IK van sodanige jeugoortreders nie met die nasionale gemiddelde van 100 vergelyk nie, maar met 101,8, wat die gemiddelde intelligensiesyfer vir Amerikaansgebore blankes in die standardiseringsmonster van die 1937 hersiene weergawe was. Merrill het op hierdie syfer besluit aangesien dit die gemiddelde IK van die bevolking in die distrik wat sy ondersoek het meer akkuraat gereflekteer het.

Oorsigte van die literatuur sedert die 1940's het die gemiddelde oortreder se IK herhaaldelik by 91-93 geplaas in die geval waar die oortrederbevolking die volle reeks oortreders verteenwoordig het en die vlak van die misdaad by benadering in ooreenstemming was met die tipiese geval wat verwysing na 'n hof tot gevolg gehad het. Die getoetste intelligensiesyfer van nie-geïnstitusionaliseerde misdadige bendelede of voor-misdadige wangedraggevalle blyk ook laer as die intelligensiesyfer van die gemiddelde bevolking te wees (Woodward, 1955:281-303).

Volgens moderne intelligensietoetse word die intelligensie van die gemiddelde bevolking vasgestel op 'n IK van 100. Hierdie syfer reflekteer die gemiddelde intelligensie van alle groepe, insluitende oortreders. Oortreders verskil dus nie slegs met agt of nege punte van nie-oortreders nie, maar met meer, afhangende van wat die geskatte ware persentasie misdadigers onder die algemene bevolking is. Dit is vanselfsprekend dat soos die ware

persentasie van oortreders verhoog, die nie-oortreder se gemiddelde IK hoër moet wees om die algemene bevolkingsgemiddelde van 100 op te lewer. Teen 'n konserwatiewe raming van die manlike oortrederpopulasie word bereken dat daar 'n tien-punt gaping tussen oortreders en nie-oortreders bestaan, wat waarskynlik 'n laer limiet op die ware syfer plaas (Hirschi & Hindelang, 1977 : 571-587).

Aangesien daar verskillende aanneemlike verklarings vir die korrelasie tussen IK en tipe misdaad is, is dit nouliks verrassend dat daar ook verskeie verklarings is vir die primêre verband tussen IK en misdaad. Soos die standaard van IK toetse verbeter het en hierdie belangrike kwessie met groter metodologiese sofistikasie benader is, het die verskil tussen die gerapporteerde IK's van misdadigers en nie-misdadigers in die 1950's begin krimp. In sy oorsig van die literatuur wat verband hou met die etiologiese belang van lae intelligensie in misdadigheid, het Woodward (1955: 301) bereken dat die IK van die gemiddelde oortreder nie meer as agt punte onder die gemiddelde syfer van die algemene bevolking geval het nie. Woodward het aan die een kant tot die gevolgtrekking gekom dat lae intelligensie min of geen rol in misdadigheid speel nie en aan die ander kant dat intelligensie nie as 'n belangrike oorsaaklike faktor van misdadigheid beskou kan word nie. Nietemin het navorsing gedurende die 1960's en 1970's weer eens 'n verband tussen IK en misdaad begin suggereer. 'n Studie deur Hirschi (1969: 114-120) het 'n beduidende verband tussen IK en selfgerapporteerde misdaad gevind. Hierdie verband het bly staan selfs nadat toegelaat is vir die invloed van ras en sosiale status. 'n Longitudinale studie van 411 seuns in Londen deur West en Farrington (1973:53) het 'n sterk korrelasie tussen IK en residivisme aangetoon, asook dat seuns met 'n laer IK waarskynliker residiviste sou word. Hierdie korrelasie het bly staan selfs nadat faktore soos gesinsgrootte en inkomste in ag geneem is. Die skrywers se slotsom was dat die faktor van lae intelligensie 'n betekenisvolle voorspellende faktor van toekomstige misdadigheid is.

Dit is duidelik dat ten minste *twee* onderskeie en betwisbare verklarings deur verskillende navorsers aangebied is om meer lig te werp op die verband tussen intelligensie en misdaad. Die *eerste* verklaring lui dat die IK-misdadigheid verband die resultaat is van differensiële opsporing van misdadigers met lae IK's deur die polisie (Murchison, 1926; Stark, 1975; Sutherland, 1931). Hierdie argument behels dat die IK syfers van offisieel aangewese misdadigers nie verteenwoordigend is van die syfers vir die algemene populasie van misdadigers nie. Misdadigers met 'n lae IK sal waarskynliker opgespoor word vanweë hul misdade en sal dus ook waarskynliker in navorsingssteekproewe verteenwoordig word (Feldman, 1977; Hirschi & Hindelang, 1977). Moffit en Silva (1988:330-333) het die differensiële opsporingshipotese direk getoets deur die IK syfers van twee groepe selfgerapporteerde misdadigers te vergelyk, naamlik dié wat deur die polisie opgespoor is en dié wat nie opgespoor is nie. In teenstelling met bogenoemde hipotese het die twee groepe nie beduidend van mekaar verskil wat betref hul gemiddelde IK syfers nie. Beide groepe het egter statisties beduidend laer syfers as 'n nie-misdadige kontrolegroep behaal.

Die *tweede* betwisbare argument is dat die IK-misdadige verband die resultaat is van 'n derde veranderlike wat 'n invloed op beide bogenoemde veranderlikes het. Die twee veranderlikes wat die meeste as 'n moontlike verdere veranderlike voorgestel word, is sosiale klas en ras. Beide hierdie veranderlikes voldoen aan die noodsaaklike vereiste vir 'n derde veranderlike deur ten minste teoreties verband te hou met beide misdadigheid en IK. Volgens die sosiale klas argument neig seuns van laer sosiale klasse om laer IK tellings te hê as seuns van hoër sosiale klasse. Seuns van laer klasse is ook meer dikwels verteenwoordig onder veroordeelde misdadigers as seuns van hoër sosiale klasse. Nietemin is sosiale klas en nie intelligensie nie, verantwoordelik vir beide hierdie verbande (Hirschi & Hindelang, 1977:582-587).

Die ras "cum" kultuur argument berus op dieselfde premis. Swart

seuns neig om in 'n groter mate as ander bevolkingsgroepe verteenwoordig te wees in beide lae IK en misdadige groepe. Nietemin is dit die omstandighede en druk wat veroorsaak word deur die feit dat hulle lede van 'n minderbevoorregte minderheidsgroep is wat tot beide misdadigheid en laer IK syfers kan lei.

Indien die klas of ras argument korrek is, moet die verband tussen IK en misdaad verwyder of substansieel verminder word wanneer hierdie veranderlikes gekontroleer word. Hirschi en Hindelang (1977:571-587) het inderdaad verskeie studies oor offisiële misdadigheid wat hierdie moontlikhede ondersoek het, bestudeer (Hirschi, 1969; Reiss & Rhodes, 1961; Short & Strodtbeck, 1965; Toby & Toby, 1961; Wolfgang, Figlio & Sellin, 1972). Verder het hulle vasgestel dat die skakel tussen intelligensie en misdaad 'n persoon se ervaring op skool is. Nadat hy honderde studies aangeteken het wat 'n verband tussen akademiese bekwaamheid en misdadige gedrag aantoon, het Hirschi tot die slotsom gekom dat die deurslaggewende verband tussen intelligensiesyfers en misdaad bevestig word deur die misdadige persoon se ervaring op skool.

Terwyl die skoolervaring dikwels deurslaggewend is, kan daar ook ander verbindinge tussen intelligensie en misdaad wees, wat gewoonlik verdoesel word deur die strategiese plek van die skool in die hedendaagse lewe. Hirschi se studie van etlike duisende junior en senior hoërskoolleerlinge in die San Francisco-Oakland area het aan die lig gebring dat die neiging om die wet te oortree geassosieer is met 'n stel houdings wat beskryf kan word as onkonvensioneel, antisosiaal, onverantwoordelik en teenswoordig-geörienteerd. In kriminologiese teorie is sodanige houdings tradisioneel aan sosiale klas toegeskryf, maar Hirschi se data toon aan dat teenswoordig-geörienteerdheid in 'n groter mate 'n verband met intelligensie as klas toon (Hirschi & Hindelang, 1977:571-587).

'n Addisionele skakel tussen intelligensie en misdaad word

gesuggereer deur die bevinding dat 'n persoon se vlak van morele redenering met intelligensie gekorreleerd is, en in die besonder met verbale intelligensie. As ons morele redenering as slegs 'n ander vorm van redenering beskou, behoort dit nie verbasend te wees dat 'n veranderlike soos IK wat abstrakte redeneringsvermoë voorspel ook daardie spesifieke vorm van abstrakte redenering kan voorspel wat besluite omtrent reg en verkeerd tot gevolg het nie.

Hirschi en Hindelang het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die IK-misdaad verband bly staan het afgesien van sosiale klas of rassestatus. Hul hoofargument was dat die omgekeerde verband tussen IK syfers en misdadigheid voortdurend gedokumenteer word, afgesien van volhardende verduidelikings deur sekere navorsers dat die konsep van IK nie meer ernstig opgeneem word deur kundige en goed ingeligte navorsers nie. Hirschi en Hindelang het die aanname gemaak dat 'n indirekte oorsaaklike verhouding verband tussen IK en misdadigheid bestaan. Hiermee bedoel hulle dat 'n lae IK tot swak prestasie en negatiewe houdings teenoor die skool lei, wat dan weer op misdadigheid uitloop. 'n Hoë IK, aan die ander kant, versterk goeie prestasie en positiewe houdings teenoor die skool, wat weer die innerlike aanvaarding van konvensionele waardes en konformiteit stimuleer. Dus het Hirschi en Hindelang skoolprestasie en houdings teenoor die skool gesien as "tussenveranderlikes" wat 'n moontlike verband tussen IK en misdadigheid kon aandui.

Nogtans is een basiese gebrek in die Hirschi en Hindelang argument volgens Bartol (1992:132) die algemene aanname dat IK ekwivalent aan intelligensie is. Die term IK is uiteraard 'n afkorting van die konsep "intelligensiekwosiënt" wat afgelei is van 'n numeriese puntetelling wat deur middel van 'n intelligensietoets verkry is. Om goed te vaar in sodanige toetse word van 'n individu vereis om benewens taalverwerwing en verbale ontwikkeling die vermoë te hê om konvensionele konneksies te kan maak en onderskeidings tussen verbale konsepte te kan raaksien. Dit is van wesenlike belang om tussen IK en intelligensie te onderskei, aangesien die term IK slegs verwys

na 'n gestandaardiseerde telling vir 'n toets, terwyl intelligensie 'n breë, allesomvattende vermoë is wat 'n oppervlakkige of simplistiese definisie ontwyk. Selfs as 'n groep oortreders dus laer tellings vir intelligensietoetse behaal moet dit nie geïnterpreteer word as finale bewys dat misdadigers minder intelligent as nie-misdadigers is nie. IK syfers is globale aanwysers van alledaagse taalvaardighede wat tot 'n groot mate beïnvloed word deur ondervinding, die tipe toets wat gebruik word, asook die inhoud van die toets en die opleiding en vaardigheid van die ondersoeker. Ten spyte van hierdie menigte variasies word die omgekeerde verband tussen IK syfers en die neiging tot misdadigheid dikwels gerapporteer.

Kierkegaard-Sorensen en Medrick (1977:229-254) het 'n longitudinale studie oor die waarde van adolessente intelligensietoetssyfers in die voorspelling van latere misdadigheid voltooi. Hulle navorsing het aangedui dat adolessente wat later misdadige dade gepleeg het, 'n laer intelligensiesyfer gehad het as hul meer wetsgehoorsame eweknieë. By die vergelyking van die voorkoms- en insidensiesyfers van misdaad het Gordon (1976:210-215) bevind dat minderjarige jeugdige manspersone 'n hoër arrestasie- en hofverskyningsyfer gehad het as blanke mans- of vrouepersone, afgesien van enige spesifieke landelike of stedelike geografiese ligging. Hy het tot die slotsom gekom dat verskille in IK die waarskynlikste verduideliking van hierdie volhardende verskille in wettelose gedrag is. Terselfdertyd ontken hy nie die feit dat ander faktore as intelligensie belangriker as IK mag wees in swart en blanke populasies nie.

3.4 DIE VERBAND VAN MISDADIGHEID MET LAE IK

Bogenoemde stelling beteken dat die gevolge en korrelate van 'n misdadigerwees tot laer tellings in IK toetse kan lei. Dus is die verband tussen bogenoemde konsepte nie twyfelagtig nie en die oorsaaklike rigting loop vanaf misdadigheid tot IK. Ten minste twee verklarings word hiervoor aangebied.

Volgens die eerste verklaring het 'n sekere lewenstyl 'n laer intellektuele funksionering tot gevolg (Hare, 1984:133-140; Shanok & Lewis, 1981:211-213). Hierdie verlaging kan die resultaat wees van kopbeserings wat in talryke gevegte opgedoen is of van die skadelike effekte van dwelmmisbruik op die sentrale senuweestelsel. As misdaad tot 'n laer IK lei, behoort daar geen voorgenome verskille tussen toekomstige misdadigers en toekomstige nie-misdadigers te wees nie. Nietemin dui vooruitskouende studies van jeugmisdadigers aan dat die laer IK syfers reeds 'n geruime tyd voor die aanvang van misdadige aktiwiteite teenwoordig is (Denno, 1990:64; Moffit et al, 1981: 152-156; West & Farrington, 1973:55-58).

Volgens die tweede verklaring behaal misdadigers swakker puntetellings in IK toetse omdat hulle nie gemotiveer is om goed te presteer nie. Voorstanders van hierdie siening aanvaar nie dat laer IK syfers vir misdadigers benadeelde kognitiewe funksionering reflekteer nie. Daar word aanvaar dat misdadigers persoonlik opposisioneel is of dat daar nie in hul subkulture waarde geheg word aan die afneem van toetse nie. In albei hierdie gevalle behaal misdadigers swakker IK syfers as nie-misdadigers.

3.4.1 Lae IK predisponeer persone tot misdadigheid

Hierdie algemene argument impliseer dat 'n laer IK een van die oorsake van misdadigheid is. Die spesifieke verklaring hiervoor val oor die algemeen in een van twee kategorieë: die direkte-effek formulering en die indirekte-effek formulering (Moffit, 1990:112).

Navorsers oor die verband tussen brein-gedragsverhoudings interpreteer die IK as 'n breë indeks van neuropsigologiese welstand. Volgens hierdie siening belemmer tekorte in die neuropsigologiese waarna verwys word as "uitvoerende funksies" 'n persoon se vermoë om sy of haar eie gedrag te monitor en te beheer. Die uitvoerende funksies van die menslike brein sluit

die volgende in: die volhou van aandag en konsentrasie, abstrakte redenering, die vorming van doelstellings, antisipasie en beplanning, die onderneming van doelgerigte gedrag en self-monitering. Teoreties sal uitvoerende disfunksie van die brein uiteindelik daartoe lei dat 'n kind onoplettende en impulsief is, asook gestremd in die oorweging van die toekomstige implikasies van sy of haar gedrag. Studies deur Moffit en Henry (1989:116) het bevestig dat uitvoerende gebreke misdadigheid onder 'n subgroep oortreders voorspel het. Die logiese gevolgtrekking is dat IK direkte gevolge op misdadigheid behoort te hê in die mate waartoe IK tellings variansie deel met die mate van uitvoerende funksie. Sommige kinders met lae IK's is meer impulsief en minder bedrewe wat betref die handhawing van selfbeheer. Dus word gunstige toestande vir misdadigheid geskep.

Hierbenewens is daar alreeds verwys na wat talryke navorsers gesuggereer het, soms implisiet, dat IK indirek tot misdadigheid lei (Hirschi & Hindelang, 1977). Een van die mees aanneemlike teorieë is dat IK tot misdadigheid lei weens mislukking op skool (Hirschi, 1969). Seuns wat mislukking op skool ervaar, sal waarskynliker misdadigers word as seuns wat sukses behaal.

3.5 VERSKILLE TUSSEN OORTREDERS

Veralgemenings wat gebaseer is op saamgestelde statistiek word gedomineer deur die mees algemene kategorieë van oortreders. In die geval van intelligensie toon bewyse aan dat geen enkele veralgemening die bydrae van intelligensie tot misdaad kan dek nie. Selfgerapporteerde misdaad het byvoorbeeld 'n aansienlik swakker verband met getoetste intelligensie as wat offisiële rekords van misdadigheid het. Dit mag suggereer dat die verband tussen die veranderlikes in offisiële rekords toe te skryf is aan vooroordeel in die strafregsplegingsisteem wat oorhel in die guns van oortreders met hoë IK syfers. Hirschi en Hindelang (1977:580) wys egter daarop dat ander faktore meer ter sake mag wees. Hulle navorsingsbevindinge toon, byvoorbeeld, dat respondente met lae IK's waarskynlik minder geldige antwoorde gee

as respondente met 'n hoër IK. Hierbenewens dui selfrapporteringsverslae gewoonlik oor die algemeen op 'n populasie van minder ernstige oortreders as wat offisiële statistieke aandui. Gevolglik word baie van die korrelate van misdaad soos geslag en ouderdom versag in hulle oënskynlike effekte. Die effekte van ras en sosioekonomiese status word ook verswak en miskien selfs uitgewis in selfrapporteringsverslae van relatief geringe oortredings. Die korrelasie tussen oortreding en IK in selfrapporte verminder wel. Tog verminder dit oënskynlik in 'n mindere mate as wat die korrelasie tussen oortreding en ras of klas verminder.

Aan die ander uiterste en teenoor die algemeen gematigde oortreders staan populasies van residiviste soos geïdentifiseer deur selfrapporte. Verskeie studies het laer verbale IK syfers onder residiviste aangedui as onder nie-herhalende oortreders (West & Farrington, 1973; Wolfgang et al, 1972). Oor die algemeen is bevind dat residiviste laer punte behaal het as nie-herhalende oortreders. Nietemin was daar uitsonderings, soos in die geval van Hartman (1940:417-426) se navorsing, wat hoër IK's getoon het onder residiviste as onder eerste oortreders in sekere misdaadkategorieë (bv roof en diefstal). Die omgekeerde het vir seksoortreders gegeld. Oor die algemeen suggereer die paar vooruitskouende studies wat hieroor handel dat lae tellings inderdaad met frekwensie van oortreding korreleer.

Die tipe van misdaad wat gepleeg word toon 'n duidelike verband met IK, wat selfs Sutherland erken het in sy algemene veroordeling van die relevansie van toetsing vir kriminologie. Daar is bevind dat sulke misdade soos vervalsing, omkopery, skending van sekuriteit en verduistering geassosieer word met hoër IK's as die gemiddelde vir die algemene oortrederpopulasie. Aan die ander kant word aanrandings, moord , verkragting en seksoortredings geassosieer met laer IK's. Die IK's van hoë-frekwensie eiendomsoortreders, soos inbrekers, motordiewe en dwelm- en alkoholmisbruikers, word in die middel van die IK verspreiding vir oortreders gevind, wat nie 'n verrassing is nie.

Omdat hierdie hoë-frekwensie oortredings is, weeg hul vanselfsprekend swaar in die bepaling van die gemiddelde oortreder se eienskappe, soos byvoorbeeld IK. In Fox (1946:141-152) se evaluering van meer as vyfduisend gevangenes het eiendomsoortreders gemiddeld 92,8 (vyf punte hoër) as die gemiddelde van die totale steekproef behaal. In Merrill (1947) se studie van 'n steekproef van misdadigers het diegene wat weens diefstal veroordeel is gemiddeld 92,4 op die 1937 Stanford-Binet toets behaal. Volgens Caplan en Gligor se studie soos aangehaal deur Caplan (1965:108) het motordiewe gemiddeld 93,6 behaal.

'n Reekswydte van gemiddelde IK's kan by verskillende inrigtings verwag word tot die mate waartoe die gevangenisstelsel self die oortreders segregeer volgens die tipe misdaad wat hulle gepleeg het. Net soos die gevangenisstelsel onbewus gevangenes volgens intelligensie segregeer, veroorsaak die suksessyfer van die polisiestelsel waarskynlik dieselfde resultate. Uit die FBI Uniform Crime Reports blyk dit duidelik dat daar 'n veel groter waarskynlikheid van arrestasie is vir gewelddadige misdade soos moord, gewelddadige aanranding, en gewelddadige verkragting as vir inbraak, diefstal, en motordiefstal. Gesien vanuit die gesigspunt van arrestasiemoontlikhede, het misdadigers wat riskante misdade pleeg waarskynlik dus laer IK syfers as misdadigers wat "veiliger" misdade pleeg. Selfs al is die strafregsplegingsisteem nie direk bevooroordeel teenoor ootreders met lae IK's nie, sou die oortreders se eie keuse van oortredings lei tot hulle buite verhouding verteenwoordiging in offisiële rekords en in gevangenisse.

3.5.1 Verbale versus Nie-Verbale Intelligensie

Lae tellings by universele meting van IK onderskei oor die algemeen misdadigers van nie-misdadigers. Nogtans is die faktor wat misdadigers in die grootste mate onderskei, opgespoor in die meting van hul verbale vermoëns, die sogenaamde Verbale IK (VIK) en Nie-Verbale IK (NVIK). Sedert die bekendstelling van die

Wechsler skale is herhaaldelik bevind dat misdadige manspersone (hoewel nie vrouepersone nie) variansie aangedui het tussen Nie-Verbale IK (NVIK) en Verbale IK (VIK), ten gunste van eersgenoemde. Aangesien NVIK gemiddeldes van misdadigers geneig is om slegs marginaal laer as dié van nie-misdadige steekproewe te wees, is die NVIK > VIK teken oor die algemeen geïnterpreteer in terme van defektiewe of minderwaardige verbale vaardighede eerder as superieure nie-verbale vaardighede. Wechsler (1958) wat die eerste intelligensietoets ontwerp het, naamlik die Wechsler-Bellevue toets wat aan beide VIK en NVIK tellings asook 'n Volskaal IK (VSIK) telling plek gegee het, was die eerste persoon om te suggereer dat antisosiale adolessente hoër NVIK as VIK tellings het. Die "Wechsler Intelligence Scale for Children (WISK)" is in 1949 gepubliseer en die "Wechsler Intelligence Scale for Children - Revised (WISK-R)" in 1974. Beide toetse is saamgestel om gemiddeldes van 100 en standaardafwykings van 15 te hê. Hierdie toetse het die meeste toetse wat vroeër ontwikkel is vir gebruik met beide kinders en adolessente vervang.

Wanneer twee groepe met mekaar vergelyk word wat betref die verskille tussen VIK en NVIK is dit noodsaaklik om vooraf te weet watter verskille in die gemiddelde syfers vir die algemene bevolking voorkom, watter verskille as gevolg van toeval verkry word asook watter faktore met die verskille wat voorkom, geassosieer kan word.

Graham (1952:270) het die Verbale en Nie-Verbale Skaal patrone van nie-misdadige kinders vergelyk met dié van swak lesers. Hy het gerapporteer dat die gemiddelde Wechslerprofiel nou gekorrespondeer het met die verspreidingspatroon wat Wechsler as tipies van die adolessente psigopaat beskryf het. Graham het tot die slotsom gekom dat die NV > V profiel tipies van opvoedkundig benadeelde jeugdiges in die algemeen is, ongeag van hul betrokkenheid by misdadige aktiwiteite.

Richardson en Surko (1956:260-262) het soortgelyke gevolgtrekkings as Graham (1952) bereik. Hulle het bevind dat

die vier laagste subtoetspuntetelling op die WISK vir 105 jeugmisdadigers wat in verbeteringsinrigtings was, vir Woordeskat, Rekenkunde, Inligting en Kodering was. Die outeurs wys daarop dat hierdie subtoetse dié was "which are most dependent on school learning or which require consistency and persistence" (Richardson & Surko, 1956:260). Graham en Kamano (1958:302-305) het bevind dat slegs misdadigers wat leesversteurings openbaar het, (bv een graadvlak onder die werklike graadvlak op die leesprestasietoets) die NV > V patroon vertoon het wat volgens hipotese kenmerkend van die "adolessente psigopaat" was.

Prentice en Kelly (1963:335) het in 'n oorsig van 24 studies wat die intelligensietoetssyfers van misdadige proefpersone vergelyk met dié van nie-misdadige persone tot die slotsom gekom dat daar min bewyse is om Wechsler se bewering dat die NV > V patroon nuttig is by die onderskeiding van psigopatie per se te staaf. Die outeurs suggereer dat die NV > V diskrepansie tot 'n groter mate leergestremdhede diagnoseer, wat algemeen onder misdadigers voorkom.

In 'n poging om die geskil oor die NV > V patroon op te los, het Andrews (1974: 250-251) die verband tussen die NV > V teken en die graad van sosiale volwassenheid of onvolwassenheid in 'n groep van misdadige seuns met 'n gemiddelde ouderdom van 15,7 jaar oud ondersoek. Die WISK is op elke misdadige proefpersoon toegepas. Hulle is ook volgens hul volwassenheidsvlak geëvalueer deur hul proefbeamptes, wat die Warren I-vlak sisteem kontrolelys (Warren, 1971:239-258) voltooi het. Die resultate het aangetoon dat die WISK meer NV > V intelligensiesyfers opgelewer het en betekenisvol met die I-vlak gekorreleer het.

Kaufman (1976:739-744), wat navorsing onderneem het oor die frekwensie van NVIK-VIK diskrepansies wat betrekking het op die WISK-R standaardiseringsteekproewe het vasgestel dat die verskil tussen VIK en NVIK 12 punte moet wees sodat dit betekenisvol kan wees op die ,05 vlak van beduidendheid. Desgelyks moet die

verskil 15 punte wees op die ,01 vlak van betekenisvolheid. Verder het 'n derde van alle proefpersone 12-punt diskrepansies gehad, terwyl 'n kwart 'n 15-punt diskrepansie getoon het. Die gemiddelde diskrepansiesyfer was 9,7 en 'n VIK > NVIK patroon het netso dikwels voorgekom as 'n NVIK > VIK patroon.

Navorsingsbevindinge van studies waar die WISK- H toegepas is, het steekproefgemiddelde VIK's van misdadigers getoon wat amper bykans een standaardafwyking (10 tot 12 punte) onder die gemiddelde vir die algemene bevolking was. Dit suggereer dat ongeveer twee-derdes van misdadigers een of ander belemmering in verbale vermoë toon (Quay, 1987:109).

Nietemin is daar by 'n minderheid van misdadigers 'n wanbalans in die rigting van VIK > NVIK aangetoon. Walsh, Petee en Beyer (1987: 370-379) het gerapporteer dat 37 persent van 'n steekproef bestaande uit manlike misdadigers 'n NVIK > VIK van 9 of meer punte getoon het en 11 persent 'n VIK > NVIK van soortgelyke omvang. Hierdie bevindinge is vergelyk met 26 persent en 23 persent onderskeidelik van 'n steekproef bestaande uit nie-misdadigers. Selfs hoewel die onderverteenwoordiging van die VIK > NVIK groep by die misdadigers skyn te suggereer dat 'n verbale dominansie 'n waarborg teen misdadigheid is, het Walsh, Petee en Beyer (1987:370-379) bevind dat beide ongebalanseerde groepe 'n meer herhaalde betrokkenheid by misdadigheid gehad het as misdadigers wat nie hierdie wanbalans getoon het nie.

In 'n poging om te verklaar hoe lae intelligensie misdadigheid kan veroorsaak, het Quay (1987:113-115) gesuggereer dat lae verbale vermoëns direk tot antisosiale gedrag kan bydra deur belemmering van die ontwikkeling van hoër orde kognitiewe funksies, soos verbale self-regulering, sosiale probleemoplossing en morele oordeel. Nogtans is 'n meer algemene siening dat die effek daarvan indirek is, asook afhanklik is van prestasie op skool. Intelligensie toon waarskynlik ook wisselwerking met ander persoonlike eienskappe.

3.6 INTELLIGENSIE EN MORELE ONTWIKKELING

Morele ontwikkeling of morele redenering verwys na die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei en dit is gebaseer op waardeoordele. Oor die algemeen deel kinders van dieselfde ouderdom spefisieke eienskappe wat verskil van dié van kinders van 'n ander ouderdomsgroep wat hulself in 'n verskillende ontwikkelingstadium kan bevind (Simpson, 1976:984-1017). Alhoewel intellektuele volwassenheid noodsaaklik is vir morele volwassenheid, is dit nie genoegsaam vir regmatige morele ontwikkeling nie (Shapiro & Perry, 1976:79-105). Dus kan sekere individue belemmerings by morele ontwikkeling ondervind en 'n mindere mate van volwassenheid openbaar wat nie verband hou met hul ouderdom nie (Tomlinson-Keasy & Keasy, 1974:291-298).

Die assosiasie tussen ouderdom en intellektuele en sowel as morele ontwikkeling behels ook die interaksie van vele verskillende faktore (Hogan, 1974:113). Die bereiking van hoër stadia van morele ontwikkeling, soos beskryf deur Kohlberg(1976:135), is verwant aan intelligensie. Tog dui ekstensiewe longitudinale navorsing oor verstandelik vertraagde persone aan dat die vordering in die ontwikkeling van morele redenering, gedrag en oordeel deurgaans gedurende adolessensie voorkom (Aronfreed, 1974:113-154). Aan die ander kant kan stilstande of tydelike onderbrekings in morele ontwikkeling by individue van gemiddelde intelligensie deur die omgewing beïnvloed word. 'n Vergelyking tussen normale en sosiopatiese kinders met vergelykbare IK's het byvoorbeeld aangedui dat sosiopatiese kinders 'n laer stadium van morele ontwikkeling bereik het weens 'n gebrek aan geleenthede in hul gesinne vir rolaanname. Ander vergelykende studies suggereer dat ouers van misdadige kinders volwasse morele redenering mag ontmoedig (Campagna & Harter, 1974:199-205).

Behalwe stilstande in morele ontwikkeling kan onderbrekings in beide verstandelike en fisieke ontwikkeling gedurende die kinderjare en adolessensie om 'n verskeidenheid van redes

bestaan. Byvoorbeeld, standaardkurwes van beide verstandelike en fisieke groei neig om nie-liniêr te wees met die verloop van tyd. Volgens Epstein (1974:207-224) kom versnellings in verstandelike groei oor die algemeen gedurende die ouderdomme van 2-4, 6, 8, 10-12 en 14-16 jaar voor. Alhoewel die verband tussen fisieke en verstandelike ontwikkeling nie sonder twyfel vasgestel is nie, suggereer korrelasies tussen die twee aspekte tog 'n verband.

3.7 TAAL EN DIE ONTWIKKELING VAN INTELLIGENSIE VERSUS MISDADIGHEID

'n Spesifieke probleem wat kriminoloë voortdurend in ag moes neem in hulle pogings om die dinamiese verband tussen intelligensie en misdadigheid te interpreteer, was dat tellings of meting van beide veranderlikes in die meeste gevalle gelyktydig verkry is. In longitudinale studies wat intelligensie as 'n voorspellende veranderlike gebruik het, is intelligensie gewoonlik nie voor skoolgaande ouderdom gemeet nie. Empiriese bevindinge wat deur Stattin en Klackenberg-Larson (1993:369) aangehaal is, dui aan dat antisosiale gedrag alreeds in die vroeë kinderjare met lae intelligensie verbind word. Nietemin, aangesien die lang termyn voorspellingsmoontlikhede van intelligensie op baie vroeë ouderdom steeds tot 'n groot mate onbekend is, het bogenoemde skrywers onderneem om die intelligensie-misdadigheid en taalontwikkeling-misdadigheidverbande te ondersoek. Vir hierdie projek is die relevante data oor verstandelike ontwikkeling verkry uit 'n vooruitskouende longitudinale studie van normale kinders vanaf geboorte tot volwassenheid by die "Clinic for the Study of Children's Development and Health" by die Karolinska Hospitaal in Stockholm, Swede. Taalontwikkeling is ondersoek deur middel van die gebruik van die evaluasies van sielkundiges en rapporte deur moeders. Twee basiese vrae is ondersoek, naamlik:

(a) Op watter ouderdom word intelligensie aanduidend van misdadigheid?

(b) Tot watter mate, en hoe vroeg reeds verskyn verskille tussen toekomstige misdadigers en nie-misdadigers in die

taaldomein?

Die resultate het betekenisvolle negatiewe korrelasies getoon. So vroeg as die ouderdom van drie jaar het die intelligensiesyfers van die seuns statisties betekenisvol verband gehou met hul toekomstige gerapporteerde misdadigheid ($r = ,25$ $p < ,01$ $n = 119$). Betekenisvolle korrelasies van die omvang van -,20 tot -,25 is aangetoon tussen latere gerapporteerde misdadigheid en intelligensie wat geëvalueer is op die ouderdom van 11, 14 en 17 jaar oud (ouderdom 11: $r = ,21$ $p < ,05$ $n = 101$; ouderdom 14: $r = -,25$ $p < ,01$ $n = 97$; ouderdom 17: $r = ,-,20$ $p < ,05$ $n = 92$). Verdere steun vir die gehipoteseerde verband tussen misdadigheid en intelligensie is voorsien deur die psigologiese evaluasies van die kinders se verbale gedrag en deur hul moeders se verslae oor spraakuitinge op die ouderdom van 3 tot 5. Ten slotte het die outeurs aanbeveel dat vertraging in die ontwikkeling van taalontwikkeling in toekomstige studies sistematies ingesluit behoort te word in modelle wat intelligensie met misdaad verbind. 'n Vooruitskouende longitudinale benadering sal moontlik ook verdere geleenthede bied om die stap-vir-stap proses waardeur vroeë taalvermoë met toekomstige misdaad verbind word, in meer besonderhede bloot te lê.

Die studies wat tot sover bespreek is, skyn die idee te ondersteun dat alhoewel die NVIK > VIK profiel algemeen genoeg in ondersoekpopulasies voorkom dat dit aanduidend van jeugmisdadigheid kan wees, leesprobleme die NVIK > VIK verspreidingspatroon skyn te bevestig. Verder blyk dit dat vele misdadige kinders wat leesprobleme ervaar het ongediagnoseerd gebly het as synde leergestremd. Verskeie studies (Frease, 1973: 426-448; Krynicki, 1978:52-67) ondersteun die bewering dat steekproewe van misdadige proefpersone op ander vergelykende maatstawwe soortgelyke resultate lewer as kinders wat as leergestrem bestempel word.

Hoewel dit moeilik is om 'n direkte kousale verband tussen laer IK en misdaad vas te stel, is dit aanneemlik om te hipoteseer

dat laer intelligensie een faktor is wat kan lei tot akademiese en skoolmislukking en dus veroorsaak dat sodanige kinders skool as 'n negatiewe situasie beleef. Vele kinders kan geleidelik by misdadige aktiwiteite en onwettige gedrag betrokke raak as 'n alternatief tot doellose ure na skool. Menard en Morse (1980: 1347-1379) het gesuggereer dat die verskil in IK by sommige individue tot verskille in institusionele response lei, waarvan sommige misdadigheid kan stimuleer. Die implikasie hiervan is dat IK op sigself nie 'n kousale verband met misdadigheid hoef te hê nie. Bogenoemde outeurs beweer dat akademiese inrigtings selektiewe ontsegging van toegang van wenslike sosiale rolle toepas en negatiewe etikette heg aan jeugdiges met lae IK's, wat gevolglik tot misdadige gedrag lei. Indien die institusionele reaksie tot IK uitgeskakel word, word die verband tussen IK en misdaad uitgeskakel.

3.8 SLOTOPMERKINGS

Die respons op die vraag of daar 'n direkte verband tussen misdaad en intelligensie bestaan, al dan nie, bly selfs binne 'n psigologies-kriminologiese perspektief 'n enigma. Die antwoord hang teenswoordig af van watter studies 'n navorser ondersoek. Daar is verskeie metodologiese probleme betreffende studies wat probeer om die verband tussen hierdie twee veranderlikes vas te stel. Benewens die voortdurende kritiek op IK toetse, moet die probleem van toetsingstegnieke ook bestudeer word. Terwyl bogenoemde onberekenbare faktore bestaan, is dit oor die algemeen seker dat die IK en misdadige gedrag debat nog lank sal voortduur.

HOOFSTUK 4

DIE PSIGOANALITIES-PSIGIATRIESE BENADERING TOT MISDAADVEROORSAKING EN -VERKLARING

4.1 INLEIDENDE ORIëNTERING

Voorstanders van die psigoanalities-psigiatriese benadering ondersteun die standpunt baie sterk dat die primêre determinant van menslike gedrag in die persoon self opgesluit lê en dat die omgewing na die eerste paar jaar van die mens se lewe 'n baie geringe rol by die vorming van sy persoonlikheid speel. Psigoanalitiese skrywers beskou misdaad as 'n simptoom van ontstellende ondervindinge in die intieme verhoudinge van die gesin van die misdadige persoon gedurende die vroeë lewensjare. In die interpretasie van gevallestudies van misdadigers fokus sodanige skrywers op een of meer persoonlikheidskenmerke soos byvoorbeeld swak ego-ontwikkeling, met gevolglike impulsiwiteit van handeling, 'n groot mate van emosionele onstabiliteit en 'n gebrek aan skuldgevoelens. Geesteswetenskaplikes het tradisioneel na laasgenoemde eienskap verwys as die primêre basis vir die diagnosering van die "psigopatiese persoonlikheid". Gedurende die vroegste tydperk van die toepassing van sodanige diagnose is die byvoeglike naamwoord "aangebore" tot hierdie beskrywing toegevoeg om te kenne te gee dat die oënskynlike afwesigheid van 'n gewete by die "psigopatiese persoonlikheid" veroorsaak is deur oorgeërfde geestesgebreke of as gevolg van breinbeskadiging. Skrywers uit die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog skryf sodanige simptome egter toenemend toe aan gebrekkige vroeë sosialisering. Die term "sosiopaat" is gedurende daardie tydperk allerweë bo die term "psigopaat" verkies.

Geesteswetenskaplikes is van mening dat psigiatrie ontstaan het vanuit die ondervinding van mediese dokters in die hantering van die basiese probleem van geestesongesteldheid. Sodoende het psigiatrie as een van die afspringplekke van die psigoanalitiese

teorie geword. Beheer van die gevaarlike en dikwels gewelddadige gedrag van geestelik en emosioneel versteurde persone was vanaf die vroegste tye 'n probleem in georganiseerde samelewings. Dit was in die verlede dikwels nie onderskeibaar van die beheer van die gevaarlike en dikwels gewelddadige gedrag van misdadigers nie. In vroeë samelewings het demonologie as 'n denkwyse die mees toereikende verklaring gebied vir sowel misdaad as geestesongesteldheid, naamlik dat dit veroorsaak is deur die invloed van bose geeste of die duiwel (Ackerknecht, 1982: 12).

'n Objektiewe, naturalistiese mediese denkskool wat teruggedateer het tot ongeveer 600 vC het in antieke Griekeland bestaan. Hierdie mediese denkskool het ontstaan as gevolg van die wetenskaplike werk van Pythagoras van Samos (580 - 510 vC). Hippokrates van Kos (460 - 379 vC), wat allerweë beskou word as die vader van Geneeskunde, was ook 'n geesdriftige ondersteuner van bogenoemde denkskool. Die Griekse filosowe het die brein as die orgaan van die intellek en geestesongesteldheid as 'n versteuring van daardie orgaan beskou. Hulle het verder sekere verklarende beginsels van die persoonlikheid bekendgestel, naamlik die kwaliteite van hitte, koue, vogtigheid en droogheid asook die konsepte van die gemoedsgesteldheid ("humours"), naamlik bloed, flegma, swart gal en geel gal. Hierdie konsepte is vir honderde jare toegepas, dwarsdeur die Middeleeue tot in bykans moderne tye (Rosen, 1968:18).

Verskeie ander soorte geestesongesteldhede soos histerie, manie en melancholie is beskou as aspekte van spesiale breinfunksies. Dus was die medikasie wat vir geestesongesteldheid voorgeskryf was, soortgelyk aan medikasie vir ander siektes. Dit is dus duidelik dat psigiatrie 'n belangrike afdeling van die ontwikkelende veld van mediese kennis vanaf die aanvang daarvan was. Gedurende die langsame ontwikkeling van mediese kennis het die erkenning en identifisering van geestesongesteldheid as 'n siekte meer algemeen geword. Teen die tyd van Sigmund Freud (1856-1939) het alle algemene konsepte van abnormale sielkunde reeds ontstaan weens ondervinding wat opgedoen is in die

hantering van geestesversteurde persone. Hierby ingesluit was ook die onderskeiding tussen organiese siektes (bv probleme wat veroorsaak is deur kopbeserings, seniliteit weens ouderdom, ens) en funksionele siektes, waar eienaardige gedrag geopenbaar is, maar waar geen bekende organiese siekte teenwoordig was nie. Selfs die sentrale konsep van psigoanalise, die onbewuste, was bekend en is tot 'n groot mate benut voor Freud daarvan gebruik gemaak het. Die konsep van die onbewuste is ontwikkel deur Von Hartman (1842-1906) en is ekstensief aangewend asook verder ontwikkel deur Morton Prince (1854-1929) in verskeie nie-Freudiaanse studies van dissosiasie- of gesplete persoonlikheids-fenomene (Prince 1969:134).

4.2 FREUD SE BYDRAE

Freud het sowel misdadige gedrag as konvensionele gedrag as 'n probleem beskou. Met sy teorie het hy probeer om 'n omvattende verduideliking van menslike gedrag in die algemeen te verskaf. Misdadigheid het slegs een vorm van gedrag verteenwoordig. Dus kom die meeste van wat tans die psigoanalitiese siening van misdaad vorm, nie van Freud nie, maar van individue wat sy insigte toegepas het (Erikson, 1963; Jung, 1940; Rank, 1936; Adler, 1959).

Freud het begin om die proses van sosialisering vanaf die kleinkinderjare tot volwassenheid te verduidelik en het gehipoteseer dat daar psigoseksuele stadia van ontwikkeling bestaan waardeur alle normale kinders gaan. Volgens Freud (1953: 336-339) is die orale, anale, falliese, latente en genitale stadia van ontwikkeling van wesenlike belang in die vorming van die persoonlikheid. Elke stadium bring toenemende sosialiseringsvereistes mee en beïnvloed die manier waarop die individu basiese aangebore drange moet hanteer. Freud beweer dat hierdie drange, seksueel en aggressief van aard, spanninge skep wat bevredig moet word. Wanneer die spanninge wat veroorsaak word deur frustrasie, repressie, of onmatigheid nie verlig word deur aanvaarbare gedrag wat sublimasie genoem word nie, mag

antisosiale aanpassings insluitende misdadige aanpassings by 'n persoon voorkom.

Freud het te kenne gegee dat geskikte bevrediging gedurende elke stadium nodig is vir 'n individu om suksesvol tot volwassenheid te vorder. Ernstige probleme gedurende enige spesifieke stadium kan fiksasie tot gevolg hê. Hoewel daar geen "wetenskaplike" bewyse hiervoor is nie, was Freud (1953:353) ook van mening dat die volwassene se neurotiese of antisosiale gedrag kan dien as leidrade tot die besondere stadium waartydens die probleme voorgekom het. Die volgende stadiums van ontwikkeling word deur Freud geïdentifiseer:

4.2.1 Die orale stadium

Gedurende die orale stadium (geboorte tot 2 jaar) sentreer die kind se gevoelens rondom kos en borsvoeding. Die kind put genot uit aktiwiteite soos suig (bors of bottel). As die orale stadium kortgeknip word of uitermate verleng word, sal die kind nie normaal na die volgende ontwikkelingstadium voortgaan nie. As die orale drang verkeerd hanteer word, is die resultaat volgens Abrahamsen (1960:71) afhanklikheid en passiwiteit. Oordrewe passiwiteit is dikwels die oorsaak van antisosiale en misdadige aggressie. Vanuit die Freudiaanse gesigspunt word misdadige aktiwiteite, veral steel of kleptomanie (met die oogmerk om orale impulse te bevredig) en die uitlewing van oraal-sadistiese fantasieë geassosieer met gebreke gedurende die orale stadium.

4.2.2 Die anale stadium

Die anale stadium (ouderdom 2 tot 3 jaar) is veronderstel om geassosieer te wees met die verkryging van kontrole oor die uitskeidingsprosesse van die liggaam en dit is ook die periode waartydens kinders onafhanklikheid leer. Probleme gedurende hierdie stadium word aangedui deur oorafhanklike en skuldbelaaide of obsessiewe persoonlikhede. Probleme gedurende die anale stadium, veral as ouerlike behandeling van die kind gedurende

toiletopleiding streng is, word verbind aan oormatige of terughoudende gedrag. Sodanige probleme kan manifesteer in verskillende tipes neuroses, insluitende misdadige neuroses soos piromanie (Jacobson 1985:759-768). Fiksasie tydens hierdie stadium tesame met die meegaande skuldgevoel en angs is ook geassosieer met gedrag soos masochisme en sadisme. Byvoorbeeld, onder 'n groep pasiënte in 'n sielsieke-inrigting wat gewelddadige misdade gepleeg het, is bevind dat 'n drietal simptome van bednatmakery, brandstigting en dieremishandeling in 75 persent van die gevallestudies voorgekom het. Hierdie patroon suggereer 'n Freudiaanse interpretasie. (Hellman & Blackman, 1966:1435; Lester, 1986:320-322). In studies van verslae deur ouers oor aggressiewe en geestelik versteurde kinders is soortgelyke gedragspatrone blootgelê in gevalle waar probleme verbind is met die anale stadium van ontwikkeling (Kolko, Kazdin & Meyer 1985:377-385).

4.2.3 Die falliese stadium

Gedurende die falliese stadium (ouderdom 3 tot 6 jaar) is die kind vermoedelik seksueel aangetrokke tot die ouer van die teenoorgestelde geslag. Die kind is dus vyandig teenoor sy of haar mededinger, die ouer van dieselfde geslag. Na sodanige psigoseksuele dinamika word verwys as die Oedipuskompleks by manspersone en die Elektrakompleks by vroue. Gedurende hierdie tydperk fantaseer die seun dat hy sy moeder se minnaar en sy vader se mededinger is, terwyl die meisie haarself as haar vader se minnares en haar moeder se mededinger beskou. Hierdie konflik word oor die algemeen opgelos teen die ouderdom van vyf jaar, soos wat die kind die liefde van die ouer van die teenoorgestelde geslag verwerf deur te leer om hom of haar aan te trek as identifikasie met die ouer van dieselfde geslag. Daardeur word die seksuele en aggressiewe gevoelens op 'n sosiaal aanvaarbare manier gekanaliseer. As hierdie konflik nie voldoende opgelos word deur identifikasie met ouer van dieselfde geslag nie, sal die onderdrukte aspekte later in die persoon se lewe terugkeer om sy of haar gedrag te beïnvloed. Onopgeloste Oedipus/Elektra

konflikte is al aangebied as verklarings vir verskeie tipes van prostitusie en seksuele promiskuïteit, sowel as vyandigheid teenoor manlike gesag en weglopery (Gibbons, 1987:158-161; Hagan 1986:418).

Seksuele motivering is ook teoreties met sadistiese gedrag verbind (Freud, 1959; Fromm, 1973) asook met probleme soos piromanie (Abrahamsen, 1960; Gold, 1962). Volgens Bartol (1980: 17-18) is sodanige verduidelikings egter altyd post hoc en ook redelik vaag oor die manier waarop die verbande tussen sodanige handelinge en seksuele bevrediging werklik ontstaan. Probleme wat ontstaan in die falliese stadium is ook verbind aan ernstige uitbarstings van gewelddadige gedrag. Verwysings hierna kan gevind word in kliniese riglyne en/of beskrywings van die behandeling van patalogies gewelddadige oortreders. Byvoorbeeld, "If a violent patient mentions a specific target, an equivalent childhood history may be found, but the person has found a substitute focus for his resentment .... His anger is usually toward the same-sex parent" (Lester, 1986:317).

4.2.4 Die latente stadium

Gedurende die latente stadium (ouderdom 6 tot 12 jaar) neem seksuele motiverings vermoedelik af en die individu word ingestel op die ontwikkeling van sosiale vaardighede en verhoudinge buite die gesin. Terwyl relatief min aandag aan hierdie ontwikkelingsperiode geskenk word, word sommige blywende, onopgeloste seksuele spanninge wat daaraan verbind word, gesuggereer. Voorbeelde hiervan is ekshibisionisme (ontbloting), afloerdery, fetisjisme (seksuele opwekking deur teksture of klere) en frotteurisme (seksuele opwekking deur wrywing) (Weiss & Sampson, 1986:80).

4.2.5 Die genitale stadium

Die mees betekenisvolle stadium vir die begrip van die "normale" verskeidenheid van jeugmisdade en wangedrag is volgens

psigoanaliste die genitale stadium van ontwikkeling (ouderdom 12 jaar tot jong volwassenes). Volgens Freud verteenwoordig die genitale stadium 'n belangrike herontwaking van seksuele en aggressiewe drange. Anders as die vroeëre seksuele/aggressiewe konflikte wat gesinslede betrek het, is konflikte van adolessente na buite die gesin gerig en is dit meer fisiek intens. In die Westerse samelewing word adolessente seksualiteit en aggressie gewoonlik ontken en weggelei in ander sosiaal aanvaarbare kanale, naamlik sport en skoolaktiwiteite. Freud (1957:235) is van mening dat dit die "graad" is en nie die "soort" gedrag nie, wat die verskil tussen "normaal" en "abnormaal" kenmerk. Vervolgens skep die algemene afswering van die instinktiewe bevrediging van seks en aggressie innerlike psigologiese antagonisme en konflik by 'n persoon, wat volgens Freud verantwoordelik is vir die onrus en ongelukkigheid van die huidige beskawing.

4.2.6 Die Id, ego en superego as vlakke van bewussyn

Freud se belangrikste bydrae tot die psigologie is ongetwyfeld sy teorie dat die verstand drie vlakke van bewussyn het, naamlik die onbewuste, die voorbewuste en die bewuste. Tesame met die id, ego en superego, kan hierdie vlakke van die persoonlikheid volgens Freud se teorie misdadige gedrag tot gevolg hê.

Die id is teenwoordig by geboorte, is algeheel onbewus en word saamgestel uit sterk kragte wat drange en instinkte heet. Die twee belangrikste drange of instinkte is seks (Eros) en vernietiging of aggressie (Thanatos). Die id werk op die genotsbeginsel: dit vereis onmiddellike bevrediging om sodoende die psigiese spanning wat deur die kragtige drange veroorsaak word, te verlig (dus streef dit daarna om genot te maksimeer en onaangenaamheid te minimaliseer). Die id het geen realiteitsbesef nie en is dus gevolglik nie boos nie, maar slegs amoreel.

In kontras hiermee, werk die ego op die realiteitsbeginsel terwyl

dit probeer om die behoeftes van die id op sosiaal aanvaarbare maniere te bevredig. Die ego is die hoofsaaklik bewuste gedeelte van die menslike persoonlikheid, maar dit bestaan ook uit 'n dieper, onbewuste gedeelte. Dit begin ontwikkel ná die ouderdom van ses maande na aanleiding van die persoon se ondervindinge in sy omgewing, sodra die individu begin verstaan dat hy afsonderlik of onderskeibaar van ander mense en dinge rondom hom is. Die ego kan die beste beskryf word as die aspek van die persoonlikheid wat rasioneel, tot probleemoplossing geörienteerd en in staat is om bevrediging van behoeftes uit te stel. Die individu se vermoë om die realiteit te hanteer ontwikkel dienooreenkomstig die groei van die ego.

Ten slotte word die superego gewoonlik as die gewete beskryf. Dit ontwikkel wanneer 'n persoon drie tot vyf jaar oud is en word beskou as die bemiddelaar tussen die onbewuste id en die eksterne wêreld. Die ontwikkeling van die superego vloei voort uit die verhouding tussen die kind en die wêreld. Ouers, skole en ander sosiale instellings dien as modelle vir die inhoud van die superego. Alhoewel dit in die sfeer van die onbewuste lê, manifesteer die superego in die beperkinge wat deur morele-, etiese- en samelewingswaardes opgelê word.

4.3 PSIGOANALITIESE INTERPRETASIES VAN MISDAAD

Volgens die Freudiaanse psigoanalitiese perspektief is 'n belangrike oorsaak van misdaad en misdadigheid 'n wanfunksionerende ego of superego. Daar kan byvoorbeeld verwag word dat superegodefekte met gebreke in egokontrolering en mislukking om bevrediging van behoeftes uit te stel, korreleer. Verder is dit onwaarskynlik dat versteurde verhoudings met die ouers tot die Oedipale stadium beperk is. Superegoprobleme word gevolglik geassosieer met onbewuste konflikte wat op alle ontwikkelingstadia ontstaan. Hierdie konflikte motiveer afwykende dade in die persoon se latere lewe, wanneer vroeëre konfliksituasies gereproduseer word. Psigoanaliste staan daarom drie hoofbronne van misdadige gedrag voor, wat onderskeidelik

verband hou met 'n streng, swak of afwykende superego.

Eerstens mag kriminele dade 'n streng superego reflekteer en met 'n neurose ooreenstem. By beide simptomatiese en misdadige neurose word die onbewuste konflik onderdruk. Die enigste verskil tussen die twee is dat dit by eersgenoemde beleef word as 'n outoplastiese verandering in funksionering van die individu. By misdadige neurose word die konflik uitgeleef in 'n alloplastiese poging om die omgewing te verander. By kompulsiewe diefstal, byvoorbeeld, simboliseer die daad van diefstal of die voorwerp wat gesteel word die konflik. Een variasie van hierdie siening is dat die neurotiese misdadiger 'n bestraffende superego het en uiterste onbewuste skuldgevoelens oor onderdrukte infantiele wense beleef. Die uitgeleefde wens lok straf in die vorm van wetlike sanksies uit (Freud, 1957:106-107).

Andersyds kan misdaad plaasvervangende bevrediging van behoeftes aan sekuriteit, aanvaarding of status wat nie in die gesinsopset bevredig word nie verteenwoordig (Healy & Bronner, 1947:8-9). Onvervulde onbewuste wense mag gesublimeer word en uitdrukking vind in alternatiewe dade wat die benodigde erkenning of status voorsien, byvoorbeeld in die konteks van bendemisdadigheid. Stott (1982:116-118) beskou misdaad ook as 'n oplossing vir die frustrasie van emosionele behoeftes aan persoonlike effektiwiteit en sosiale bande binne die gesinsverband. Na aanleiding van sy observasies van jeugdige oortreders in Glasgow suggereer hy dat hul misdadige dade tipiese response op familiestres was, gemotiveer deur een of meer van die volgende faktore:

(a) ontvlugting uit die huislike situasie
(b) vermyding van stres deur opwinding
(c) vyandigheid
(d) toetsing van lojaliteit
(e) kompensatoriese bravado

Die effek van 'n swak superego is lank reeds geassosieer met die

psigopatiese persoonlikheid. Die begrip van 'n egosentriese, impulsiewe, skuldnegerende en ongevoelige, nie-empatiese individu is in werklikheid 'n psigodinamiese beskrywing. Hoewel 'n vroeëre formulering "impulsgedrewe" karakters geïdentifiseer het wat primitiewe instinktiewe behoeftes openbaar, ongewysig deur óf die superego óf ontwikkelingsfiksasies, staan die meeste skrywers 'n kombinasie van onopgeloste Oedipale en pregenitale fiksasies voor. Glover (1960:125-127) beskou psigopate byvoorbeeld as gestrem in 'n vroeë stadium van superegovorming, wat vyandige identifikasies met ouers van enige geslag behels en vir wie "the central issue of mental life is the control of sadism". Hy sien die psigopaat as gepredisponeer tot aggressie en die gebruik van projeksie as 'n verdedigingsmeganisme. Indien voorgenoemde gekombineer word met ondervindinge van frustrerende ouers wat nie daarin slaag om die kind se afhanklikheidsbehoeftes te bevredig nie, is die resultaat narsistiese fiksasie, met gevolglike egosentrisiteit en 'n neiging tot uitbuiting van ander persone. 'n Soortgelyke siening blyk uit gepaste beskrywings van die narsistiese persoonlikheid (Akhtar & Thompson, 1982:12-23). Daarbenewens vererger frustrasies gedurende die orale en anale stadiums die psigopaat se natuurlike neiging tot sadisme, soos die kind die vyandskap wat op die frustrerende ouer geprojekteer word, introjekteer. Nietemin gee Glover te kenne dat die superego nie 'n unitêre entiteit is nie, maar saamgestel is deur lae wat gevorm is deur identifikasies op verskillende stadia. Aangesien slegte verhoudinge slegs tot een ouer en 'n spesifieke ontwikkelingstadium beperk kan wees, mag slegs gedeeltes van die superego defektief wees. Die psigopaat se gedrag mag dus slegs in krisistye afwykend wees.

In hierdie konteks is Bowlby se hipotese ook relevant, naamlik dat die ontwrigting van die geneentheidsbande tussen moeder en kind 'n beduidende voorloper van latere afwykings is. Sy oorspronklike siening van ***moederlike deprivasie*** was gebaseer op bevindinge omtrent 'n geskiedenis van skeiding van die moeder voor die ouderdom van vyf by jeugdige diewe. Sodanige jeugdiges het 'n "affectionless character" geopenbaar (Bowlby, 1944:46-50).

Nietemin is hierdie bevindinge nie wesenlik gerepliseer nie en die uitwerking van sodanige skeiding is op beide metodologiese en konseptuele gronde bevraagteken (Wootton, 1959:23-44; Rutter, 1971:233-260). Rutter se analise het dubbelsinnighede omtrent die "moederlike deprivasie" konsep uitgewys en hy het min bewyse gevind om die oorsaaklike betekenis van skeiding per se te ondersteun. Nogtans het hy 'n mate van aanduiding gevind dat mislukking om 'n gehegtheidsband met die toesighouer (nie noodwendig die moeder nie) te vorm, betekenisvol was wat betref latere misdadigheid. Hierdie aspek word beklemtoon in vorige verslae oor psigopatologie. Die vyandigheid en oënskynlike gebrek aan angs word gesien as 'n verdedigingsmeganisme teen pynlike gevoelens van afhanklikheid en magteloosheid wat veroorsaak word deur die moeder se vroeë verwerping van en inkonsekwentheid teenoor die kind (Marshall, 1983:27-30).

Die derde bron van misdadige gedrag ontstaan indien superegostandaarde normaal ontwikkel, maar waar daardie standaarde afwykende identifikasie reflekteer. Dit mag voorkom wanneer 'n misdadige vader 'n goeie verhouding met sy seun het, wat dan sy vader se kriminele eienskappe introjekteer. In hierdie geval reflekteer die kind se misdadige gedrag 'n afwesigheid van skuldgevoelens, maar nie abnormaliteit van psigiese strukture nie. 'n Verwante konsep is dié van die "superego lacunae" wat impliseer dat misdadigers oor die algemeen toereikend sosiaal aangepas is, maar dat dit hulle aan prohibisies teen spesifieke vorme van afwykings ontbreek (Johnson, 1959: 191). Laasgenoemde is oënskynlik die gevolg wanneer ouers misdadige aktiwiteite aanmoedig wat as plaasvervangende bevrediging van hulle eie onbewuste konflikte dien. 'n Moeder wat besorg is oor haar eie geskiedenis van winkeldiefstal mag byvoorbeeld oormatige aandag gee aan die moontlikheid dat haar kind sal steel, tot die mate dat haar verwagting 'n selfvervullende voorspelling word (Aldrich, 1987: 402-406).

4.4 ANTIKARAKTERVORMING, SKULDGEVOELENS EN ANGS

Psigoanaliste aanvaar dat 'n voortdurende worsteling binne die individu heers tussen die behoefte om drange te bevredig en die eise van die groter samelewing (Eagle, 1984:31; Weiner, 1989). Hierdie worstelinge behels konflikte tussen die ego en die id, sowel as tussen die ego en die superego. Wanneer die id probeer om spesifieke behoeftes te bevredig en die superego hierdie drange onderdruk, bou angs op. In 'n poging om angs te verminder, ontwerp die ego verdedigingsmeganismes soos rasionalisasie of reaksievorming. Volgens Friedlander (1947: 178-179) is antikaraktervorming (wat verwys na eienskappe soos selfsugtigheid, impulsiwiteit en onverantwoordelikheid) die gevolg van versteurde ego-ontwikkeling in die vroeë kinderjare. Die samevoeging van neurotiese simptome wat op sigself betreklik skadeloos is, kan saam met antikaraktervorming tot misdadige gedrag lei. In sodanige gevalle is misdaad dikwels 'n alternatiewe manier om begeertes te vervul wat die kind nie openlik durf te kenne gee nie.

Verder identifiseer psigoanaliste 'n tipe misdadiger wat ontstaan weens 'n skuldgevoel. Hy is die teenoorgestelde uiterste van die misdadiger wat ontstaan weens 'n sin van verontregting en mag ook neuroties wees. Terwyl laasgenoemde soort misdadiger ly onder 'n werklike of verbeelde onreg wat teenoor hom of andere gepleeg is, word eersgenoemde misdadiger weens 'n sin van skuldgevoelens gekwel deur iets wat hy self gedoen het, of van mening is dat hy gedoen het of iets wat hy sou wou doen. Hierdie skuldgevoelens word hoofsaaklik aan die Oedipuskompleks en ook die infantiele seksuele drange wat daarmee verbind is, toegeskryf. Hierbenewens stimuleer hierdie gevoel misdaadpleging, omdat die individu wat aan 'n oormatige en ondraaglike skuldgevoel ly, straf as 'n moontlike verligting hiervan beskou. Alexander en Straub (1956:30) stel dit dat indien die skuldgevoelens of angs wat deur die Oedipus/Elektrakompleks ontstaan het, nie opgelos word in die latente fase nie, latere antisosiale of misdadige gedrag waarskynlik is. Hulle suggereer verder dat baie manlike asook

vroulike persone by misdaad betrokke raak omdat hulle onbewus gestraf wil word. Nogtans is die vraag wat beantwoord moet word waarom dit dan so is dat vele misdadigers opsporing, arrestasie en strafoplegging suksesvol vermy.

4.5 OBJEKVERHOUDINGE EN GRENSLYNPERSOONLIKHEID

In 'n poging om sommige van die probleme wat met Freudiaanse teorieë geassosieer is (bv oorbeklemtoning van instinkte, veral van die geslagsdrang; mislukking om die wetenskaplike beperkinge van pasiëntverslae te erken; gebrek aan wetenskaplike bewyse vir sleutelkonsepte) te versoen, het sommige psigoanaliste die klem weg van die id en egovorming begin skuif. Mahler (1976:87-88) het die aandag gevestig op

(a) die objekte - die simboliese verteenwoordigings van betekenisvolle ander persone - in die kind se omgewing
(b) die objekverhoudings, naamlik die interaksie tussen die kind se selfbeeld en die selfbeelde van ander persone in die kind se lewe
(c) die konsep van introjeksie

Die konsep van introjeksie verwys na 'n proses van internalisering van herinneringe en beelde van emosies, stimuli en response van interaksies met betekenisvolle ander persone in die verlede. In hul vroeë kinderjare onderskei kinders nie duidelik tussen hulself en andere nie. Gedurende ontwikkeling in die fase van skeiding-individuasie (die ontwikkeling van 'n selfbeeld wat onafhanklik van andere "ander" is), verwerf hulle objekkonstantheid (die ouer van die verlede word waargeneem as "dieselfde objek" as die huidige ouer) en word geleidelik "volwasse" individue. Psigologiese probleme mag egter ontstaan weens die feit dat objekverhoudings gewoonlik teenstrydige eienskappe vertoon, soos byvoorbeeld dat ouers liefdevol en versorgend sowel as verwerpend en vyandig kan wees. Om sake verder te kompliseer, kan objekverhoudinge gesplits en onafhanklik geïntrojekteer (geïnkorporeer) of gekompartementaliseer word binne die persoonlikheid self. Individue wat uiterste vorme van splitsing beleef, is nie in

staat om konflikterende objekverhoudinge te integreer en met mekaar te versoen nie en het daarom dus probleme om objekkonstantheid te verwerf en ordelike lewens te lei.

Kernberg (1976:163) het die versteuring wat bekend is as die grensgevalpersoonlikheid beskryf in terme van onstabiliteit, veral wat betref persoonlike verhoudings. Grensgevalpersoonlikhede openbaar dikwels impulsiewe en onvoorspelbare gedrag. Hulle het ook baie lae toleransievlakke en openbaar intense uitbarstings van woede en geweld sonder groot provokasie. Hulle ervaar soms gediskonnekteerde episodes en verlies van kontak met realiteit. Selfmoordpogings en selfverminking word gewoonlik met hierdie probleem geassosieer. Die grensgevalpersoonlikheid word tans deur die DSM-IV beskou as een van die ernstigste psigologiese persoonlikheidsversteurings (American Psychiatric Association, 1994). Dit is interessant om daarop te let dat 'n diagnose van grensgevalpersoonlikheid dikwels in die psigologiese profiele van bekende reeksmoordenaars voorkom.

4.6 KRITIEK OP PSIGOANALITIES-PSIGIATRIESE VERKLARINGS

Psigoanalities-psigiatriese verklarings van antisosiale gedrag en misdaad het veelvuldige kritiek uitgelok. Die ernstigste beswaar teen die psigoanalitiese benadering is metodologies, omdat daar beweer word dat dit moeilik is om die teorie empiries te toets. Volgens Shoemaker (1984:53-58) en Vold & Bernard (1986:116) kan konsepte soos die id, ego en superego nie direk waargeneem word nie. Bogenoemde navorsers bevraagteken die relevansie van psigoanalise vir kriminologie op die volgende gronde:

- Freudiaanse teorie skyn slegs van toepassing te wees op klein dele van die misdadige bevolking.
- Die effektiwiteit van psigoanalise skyn beperk te wees tot algemeen intelligente, welsprekende, volwasse neurote.
- Oortreders sien hulself nie gewoonlik as pasiënte wat

behandeling benodig nie en neem nie vrywillig aan die terapeutiese proses deel nie.

Verder lewer Monahan en Steadman (1983:145) bewyse daarvan dat Freudiaanse teorie van beperkte relevansie is. Hulle navorsing toon aan dat wanneer kontroles vir demografiese faktore soos ouderdom, geslag, sosiale klas en lewensgeskiedenisfaktore (bv vorige kriminele- en geestesgesondheidsrekords) aangewend word, die syfer van "true and treated" verstandelike versteurings nie hoër onder misdadigers is as onder die algemene bevolking nie.

'n Verdere kritiek van die psigoanalitiese benadering sentreer op die oorbeklemtoning van ondervindinge gedurende die kinderjare. Vroeë gesins- en kinderervaringe, hoewel stellig belangrik, bepaal nie uitsluitend of konsekwent volwasse gedrag nie. Volgens geesteswetenskaplikes het teenswoordige sosiale interaksies 'n sterk invloed op die menslike organisme. Daar is byvoorbeeld gesuggereer dat individue hulself voortdurend evalueer in die lig van hoe andere hulle waarneem. Hierdie proses word dwarsdeur die lewenstyd van die individu voortgesit. Bewyse vir kategorieë soos "siek" en "normaal" en veral vir die wanaangepaste en antisosiale persoonlikheidstipes word wyd betwis. Dit het duidelik geword dat sodanige kategorieë moeilik is om wetenskaplik te staaf. Gevolglik het sommige teoretici die idee van 'n eksklusiewe, enkele, onveranderlike persoonlikheidstipe betwis. Hulle siening is dat geestesongesteldheid, misdadigheid of enige ander persoonlikheidsmanifestasie deel is van 'n voortdurend veranderende proses wat dwarsdeur die lewe voorkom en dus onmoontlik is om onder een klassifikasie in te pas (Hogan & Jones, 1983:212).

'n Verdere probleem wat inherent aan die meeste psigoanalitiese tipologieë is, is dat hul dikwels gebaseer is op steekproewe wat geïnstitusionaliseerde jeugdiges of individue onder behandeling insluit. Misdadige jeugdiges in sielsieke-inrigtings verteenwoordig nouliks misdadigers in die algemeen, veral in die

lig van selfrapporteringsdata wat daarop dui dat die meeste jeugdiges op een of ander tydstip dade pleeg wat as afwykend beskou kan word. Dit is dus belangrik om daarvan kennis te neem dat psigiaters nie verklarings aanbied vir die normale reeks gedragspatrone van misdadigers nie, maar dat hulle hoofsaaklik uiterste gevalle hanteer. Relatief min psigoanalitiese studies is gebaseer op steekproewe van volwasse misdadigers. Studies wat wel daarop gebaseer is, gebruik gewoonlik die gevallestudiebenadering en handel oor ernstiger gevalle van gewelddadige oortreders wat dikwels bisarre dade pleeg (bv massaverkragters, reeksmoordenaars, ens). Of die proefpersoon 'n jeugdige of volwasse oortreder is, die oorsaak van die probleem word herlei na ontoereikende of problematiese ondervindinge in die kinderjare. Laasgenoemde word gewoonlik deur die oortreder/pasiënt herroep op die versoek van die psigiatriese ondersoeker. Gevolglik word hoogs subjektiewe weergawes en rasionalisasies van gebeurtenisse uit die verlede eerder as wetenskaplik geverifieerde bevindinge deur psigiaters en die publiek aanvaar.

Vele geesteswetenskaplikes bevraagteken ook die relevansie van instinkte by die interpretasie van menslike gedrag. Daar bestaan bewyse dat die aard en kwaliteit van sosiale interaksies en verhoudings 'n belangrike rol speel in die vorm wat gedrag aanneem en die gevolglike interpretasie of sosiale betekenis van sodanige gedrag. Indien instinkte wel bestaan, is daar geen duidelik afgebakende verband tussen instinkte en afwykende gedrag nie. Selfs al was antisosiale gedrag gekoppel aan instinkte en onkontroleerbare seksuele en aggressiewe drange wat uit die id ontstaan, en wat kultureel en sosiaal begrens is, soos te kenne gegee deur die psigoanalitiese model, word slegs een deel van die dinamika, naamlik die innerlike psigologiese aspekte, beklemtoon. Die sosiale konteks word oor die algemeen geïgnoreer.

Volgens Clinard en Meier (1979:203-210) lê psigoanaliste te veel klem op psigologiese en fisieke faktore wat geassosieer word met die inname van voedsel (orale bevrediging) of the proses van

uitskeiding (anale bevrediging) en veral op die seksuele ontwikkeling by die verduideliking van sosiale en antisosiale gedrag. Min data is beskikbaar wat die bewering ondersteun dat seksualiteit wesenlik die oorsaak van die meeste geesteskonflik is. Die verband tussen volwasse misdadige en jeugmisdadige dade en onvervulde seksuele begeertes is nog nie bevestig of getoets nie.

Gesinsdinamika, wat deur talryke psigoanaliste as universeel aanvaar word, kan gekritiseer word dat dit te histories en kultureel spesifiek is. Die "tipiese" gesinsdriehoek, bestaande uit 'n outoritêre vader, 'n ondergeskikte moeder en 'n ondergeskikte kind wat in 'n industriële, stedelike, manlik-gedomineerde, opkomende middelklas samelewing woon, is byvoorbeeld nie van toepassing op mense wat in ontwikkelende of onderontwikkelde samelewings woon nie. Verskeie antropoloë het al gewys op die Westerse Europese vooroordeel inherent aan Freudiaanse teorieë. Daar is ook te kenne gegee dat psigoanalise as 'n behandelingsmodel aangepas is by die meer welvarende en opgevoede klasse in Westerse industriële nasies (Konner, 1989:283-299).

Selfs as 'n Westerse model kan psigoanalise verouderd wees, aangesien die wêreld die post-moderne fase binnegaan met meegaande veranderinge in sosiale lewe en houdinge, asook die veranderinge in die manier waarop mense "normale" gesinspatrone en rolle definieer. Hoë egskeidingsyfers het byvoorbeeld tot gevolg gehad dat 'n beduidende aantal individue twee of meer huwelike gedurende hulle lewenstyd beleef. Tesame hiermee dui die toenemende aanvaarding van gesamentlike toesig oor kinders na egskeiding daarop dat individue inderdaad in verskeie gesinne gelyktydig kan grootword. Hierdie tendense sal eersdaags die idee van die "familiestamboom" vervang met dié van 'n "familiewoud". Terselfdertyd is die aantal enkelouerhuishoudings ook aan die toeneem. Veranderinge in geslagsrolle, insluitende die toevloei van vroue tot die arbeidsmag en professionele sektore, die ontwikkeling van dualistiese loopbaan gesinne en die

groter klem op die demokratisering van huishoudelike- en beroepsrolle, is almal faktore wat verreikende implikasies vir gesinsdinamika het. Tesame beskou, laat hierdie feite ernstige vrae ontstaan wat 'n aantal Freudiaanse sleutelkonsepte betref, soos byvoorbeeld die ontwikkeling van beide geslagsrolidentiteit en antisosiale gedrag, asook die rol van die Oedipus/Elektrakompleks.

Psigoanalise het vele siklusse van kritiek ontlok, insluitende kritiek vanuit die psigiatriese gemeenskap. Hierdie aanvalle het nie onopgemerk verbygegaan nie (Kessler 1989:299). Meer radikale ondersteuners van psigoanalise het as teenbeskuldiging beweer dat die konserwatiewe faksies van die psigiatriese "establishment" (sowel as polities konserwatiewe psigoanaliste wat die sosiale orde as vanselfsprekend aanvaar) die grootste opponente van psigoanalise is omdat hulle bedreig voel deur die kritiese insig wat psigoanalise openbaar. Dit is daarom geen toeval dat sommige van die mees kritiese sosiale denkers in die moderne geskiedenis 'n poging aangewend het om die Marxistiese en Freudiaanse verskille te versoen nie (Marcuse, 1974:35; Kovel, 1981:113-132). Sodanige pogings behoort nie 'n verrassing te wees nie, aangesien psigoanalise aanvaar dat gevorderde beskawing, insluitende die ontwikkeling van kapitalisme, die grondslag is van menslike lyding. Daar word algemeen aanvaar dat die kragte van die beskawing natuurlike, ongespesifiseerde ongelykhede en onregte in arbitrêre sosiale ongelykhede en onregte omskep het. Die arbitrêre onderskeidings tussen mense word versterk en bevestig omdat sodanige onderskeidings individuele rebellie in die vorm van misdaad en geestesongesteldheid veroorsaak, wat weer gebruik word om onregverdige behandeling en die gevolglike beheer oor sodanige mense in die samelewing te regverdig. Sodoende gee die "radikale" psigoanalitiese teenbeskuldigings te kenne dat fundamentele kritiek teen psigoanalise hoofsaaklik polities van aard is.

4.7 DIE PSIGOANALITIESE PERSPEKTIEF EN DIE KONSEPTE VAN PROJEKSIE EN PROJEKSIETEGNIEKE

Volgens Meyer et al (1988:51-52) het Freud verdedigingsmeganismes beskou as strategieë wat die ego gebruik om homself te verdedig teen die konflik tussen verbode drange en morele kodes, wat neurotiese en morele angs veroorsaak. Aangesien die meganismes pogings is om onbewuste psigiese inhoude te hanteer, is die individue nie bewus van die feit dat hulle verdedigingsmeganismes in hul verdedigende gedrag gebruik nie. Hierdie meganismes is nie net aan seksuele en aggressiewe drange verbind nie, maar ook aan enige ander onaanvaarbare aspekte van die persoonlikheid. Die bekendste verdedigingsmeganismes is verdringing, fiksasie, regressie, identifikasie, sublimasie, rasionalisasie, reaksievorming en projeksie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die konsep van projeksie in besonderhede bespreek en verder in hoofstuk vyf daarop uitgebrei soos dit in die Rorschach tegniek toegepas word.

Die konsep van projeksie is oorspronklik deur Freud ontwikkel om die neiging te karakteriseer om daardie onderdrukte verstandelike prosesse waarvan 'n persoon nie bewus is nie, aan die eksterne wêreld toe te skryf. Deur aan andere 'n kwaliteit toe te skryf wat sodanige persoon nie in homself kan aanvaar nie, word sy prentjie van die wêreld dikwels verwronge en verwyderd van die werklikheid. Freud het later projeksie gedefinieer as 'n verdedigingsmeganisme waardeur 'n persoon daardie eienskappe in homself wat te gevaarlik is en te veel angs veroorsaak om as deel van homself te erken, eksternaliseer.

Die konsep van projeksie is geleidelik verbreed om die attribusie van enige gevoelens, houdings, of eienskappe aan mense of voorwerpe buite 'n persoon self in te sluit. Dit beteken nie dat dit noodwendig tot 'n verdraaiing van die werklikheid sal lei nie.

Uit toenemende eksperimentele werk oor persepsie het 'n kragtige

stimulant tot die groei van projeksietegnieke en hul gebruik ontstaan. Elke individu maak gebruik van 'n selektiewe proses in die organisering en integrering van stimuli wat op die sinne inbreuk maak. Wat die individu waarneem, hang nie alleen af van wat aan sy sinne aangebied word nie, maar ook van wat hy bewustelik of onbewustelik kies om waar te neem. Innerlike persoonlikheidstruktuur word ontwikkel, gevorm en verander deur aangebore individuele reaksies tot ervaringe in die omgewing. Hierdie persoonlikheidstruktuur bepaal die manier waarin 'n persoon op enige nuwe stimulus reageer.

Die term ***projeksietegnieke*** is vir die eerste keer in 1939 deur Frank gebruik om 'n sekere soort taak wat as 'n evaluering van persoonlikheid ontwerp is, te beskryf. Sodanige tegnieke is reeds 'n hele paar jaar tevore gebruik. Hierdie tegnieke reflekteer in 'n groot mate die verskillende invloede van Freud en sy psigoanalitiese benadering op die begrip van persoonlikheid, asook op die ontwikkeling van die eksperimentele psigologie van persepsie. Dit reflekteer ook die impak van Gestalt psigologie in die wegbeweeg van die meting van afsonderlike "eienskappe" om klem te plaas op 'n meer globale of holistiese benadering (Lindzey 1959:158-168). 'n Basiese beginsel is dat hoe meer ongestruktureerd en dubbelsinnig 'n stimulus is, hoe meer kan en sal 'n persoon sy emosies, behoeftes, motiewe, houdings en waardes projekteer. Uit ten minste een belangrike gesigspunt is die struktuur van 'n stimulus die mate van keuse wat vir die persoon beskikbaar is. 'n Hoogs gestruktureerde stimulus laat baie min keuse, aangesien die persoon 'n ondubbelsinnige keuse tussen duidelike alternatiewe het, soos byvoorbeeld in 'n objektiewe-tipe prestasietoets. 'n Stimulus met 'n vae struktuur laat 'n wye reeks van alternatiewe keuses ontstaan. Dit is meervoudig en dubbelsinnig en die persoon kan sy eie interpretasie kies.

Lerner en Lerner (1989:77-115) se siening is dat die ontwikkeling van psigoanalitiese denke gedurende die afgelope eeu in 'n breë teoretiese konteks beskou moet word as deel van 'n belangrike

wetenskaplike rewolusie wat in die middel van die neëntiende eeu begin het. Met die ontwikkeling van nie-Euklidiese meetkunde en nuwe konsepte van kromlynigheid het dit moontlik geword om die heelal op 'n aantal ewe geldige maniere te interpreteer. Soortgelyke vordering het onder fisici plaasgevind toe Einstein se relatiwiteitsteorie Newtoniaanse fisika vervang het. In die filosofie was daar 'n toenemende bewustheid dat die natuur nie gewoonweg waargeneem word nie, maar eerder gekonstrueer word volgens 'n spesifieke perspektief. Hierdie ontwikkelinge het belangrike epistemologiese implikasies gehad vir die feit dat die konseptualisering van meervoudige en relatiewe perspektiewe die implikasie daarmee saamgedra het dat oënskynlike duidelike fenomene nie meer op sigwaarde aanvaar kon word as die enigste geldige manier om die werklikheid te begryp nie. 'n Belangrike besef wat posgevat het, was dat 'n mens die struktuur en organiserende beginsels wat oppervlakteverskynsels onderlê het, moes identifiseer om fenomene te kan begryp. Die klem op interne struktuur het volgens Michel Foucault 'n belangrike kulturele kennissisteem van die twintigste eeu geword (Gutting 1994:47-67).

Psigoanalitiese teorie sowel as psigodiagnostiese toetsteorie is nie statiese kennisgebiede nie, maar is eerder in 'n staat van konstante evaluering. Die betreklik onlangse integrasie van 'n sistematiese psigologie van die self, 'n uitgebreide psigodinamiese ontwikkelingsteorie en 'n moderne objeksverhoudingsteorie in die hoofstroom van klassieke psigoanalitiese denke voorsien tans 'n konseptuele basis vir 'n meer omvattende en fenomenologiese kliniese en toetsteorie. Dié evolusie is gelyk aan 'n teoretiese beweging weg van 'n "ervarings-verwyderde" metapsigologie, uitgedruk in 'n meganistiese natuurwetenskaplike raamwerk van onpersoonlike strukture, kragte en energie na 'n meer "ervarings-verwante" kliniese teorie, wat hoofsaaklik gemoeid is met die verteenwoordigende wêreld en subjektiewe betekenisse as kernelemente (Atwood & Stolorow, 1984).

Baie van wat eens beskou is as essensiële tendense van

psigoanalitiese teorie is drasties herformuleer. Terwyl instinkteteorie en later egoteorie eenmaal die konseptuele middelpunte van psigoanalitiese teorie was, het psigoanalise toenemend 'n ontwikkelingspsigologie van die self en objekverhoudinge geword. Die verskuiwing vanaf klassieke psigoanalitiese drangpsigologie na die ontwikkeling van ontwikkelingsteorie, psigologie van die self en objekverhoudingsteorie is 'n logiese uitvloeisel van die steeds wyerwordende omvang van psigoanalise. Die teoretiese, kliniese en navorsingsbelangstelling in 'n groter aantal geestelik versteurde pasiënte strek verder as 'n eksklusiewe fokus op die ingewikkeldhede van neurotiese toestande wat so duidelik deur Freud verwoord is. Hierdie verskuiwing is gedeeltelik veroorsaak deur die waarneming dat die klagtes van pasiënte wat tans hulp soek, verskil van die klagtes wat vyf en twintig of vyftig jaar gelede in die literatuur beskryf is. In die klassieke neurose is 'n geïntegreerde persoonlikheid skielik ontwrig deur vreemde handelinge, impulse, affekte en gedagtes, dikwels van 'n seksuele en aggressiewe aard. Tans is dit nie soseer 'n kwessie van die hantering van 'n konflikterende, strydende, geskende, strukturalistiese en samehangende persoonlikheid nie, maar eerder 'n konfrontasie met 'n persoonlikheid wat gesplits, misvormd en gestrem is. Daar is 'n verdoeseling van persoonlikheid en simptome sodat simptome nie 'n duidelike aanduiding van die aard van die persoonlikheid gee nie.

Psigologiese toetsing in die algemeen en die Rorschach in die besonder veroorsaak 'n minder bekende en minder gestruktureerde opset as onderhoude, kontrolelyste en vraelyste. Gevolglik vergemaklik die toetssituasie op sigself die verwoording van onderliggende persoonlikheidstrukture en dinamika. Twee enigsins uiteenlopende benaderings tot die Rorschach toets kon in onlangse jare onderskei word. Aan die een kant het 'n teoretiese en hoog empiriese "teken"-benadering op 'n menigte tradisionele Rorschach tellings en ratio's gefokus. Hierdie benadering veronderstel 'n toepassing van psigometriese beginsels en waardes tot projeksiedata. Aan die ander kant het 'n konseptuele benadering

te voorskyn gekom wat ingestel is op die integrering van die oorvloed van geïsoleerde Rorschach tellings in 'n kleiner aantal onderskeibare en teoreties relevante veranderlikes (Blatt & Berman, 1984:226-239).

4.8 DIE RORSCHACH TEGNIEK SOOS TOEGEPAS IN NAVORSINGSTEGNOLOGIE

n Oorsig van die literatuur dui daarop dat die vestiging van normatiewe Rorschach data oor forensiese populasies slegs in die beginstadium is. Min navorsers het groot steekproewe bestudeer of oor 'n wye reeks veranderlikes verslag gedoen. Studies tot sover dui daarop dat die responsstyl van forensiese proefpersone uniek is en verskil van beide nie-pasiënt- en kliniese populasies (Epperson, 1981; Megargee, 1965; Prandoni & Swartz, 1978; Rachmiel, 1987; Richardson, 1981). Hierdie responsstyl blyk gekenmerk te wees deur emosionele inperking en onkonvensionele denkbeeldvorming. Laer responsproduktiwiteit en 'n hoër voorkoms van suiwer vorm (lambdasisme) het konsekwent voorgekom.

In 'n studie wat deur Lester et al (1975:752) onderneem is, is amptelike Rorschach protokolle van 100 veroordeelde moordenaars bestudeer. Die resultate is vergelyk met dié van 50 manspersone wat in dieselfde inrigting opgeneem is vir ander oortredings as moord. 'n Ontleding van die resultate het aangetoon dat die Rorschach veranderlikes van ruimte (S), diere-inhoud (A), populêre respons (P) en lewelose beweging (m) tot 'n redelike mate van akkuraatheid die Rorschach protokolle van moordenaars kon onderskei van dié van nie-moordenaars. Die empiries afgeleide liniêre diskriminantfunksies kan dien as 'n nuttige byvoegsel tot die kliniese interpretasie van Rorschach protokolle van 'n misdadige populasie.

Rachmiel (1987:2791-2792B) het data oor die Rorschachs van 92 volwasse forensiese proefpersone saamgevat. Hy het bevind dat hierdie steekproef 'n verlaagde aantal response (R), 'n hoë lambdasisme (L > 1.5), hoë diere-inhoud (A%), verlaagde

vormkwaliteit (X+%), verlaagde affektiewe ratio (afr) en verlaagde aantal populêre response (P) aangetoon het in vergelyking met die resultate van volwasse nie-pasiënte. Soortgelyke resultate is gevind in Epperston (1981:764-765B) se studie van 45 volwasse forensiese proefpersone. Hierdie groep het 'n soortgelyke lae aantal response, hoë lambdasisme en lae X+% getoon. Epperson het op die hoë persentasie dierlike inhoud gewys en tot die slotsom gekom dat dit dui op 'n onverfynde gestereotipeerde wêreldbeskouing. Epperson beskryf sy proefpersone as gestrem en emosioneel vlak en merk ook op dat hul verlaagde kleurresponse, min skakering, lae affektiewe ratio en verlaagde FM en m vertoon.

'n Studie van 30 oortreders in 'n gevangenis in Indië (Yadav, 1977) het Rorschach resultate opgelewer wat betekenisvol verskil het van dié van normale persone, maar wat soortgelyk was aan dié van 'n "obsessief neurotiese" groep persone. Yadav het verlaagde responsproduktiwiteit en 'n toename in verwerpings opgemerk, wat hy toegeskryf het aan gebrek aan motivering. Hy het afgelei dat die proefpersone in sy steekproef 'n onderontwikkelende behoefte aan toegeneentheid gehad het en geneig was tot impulsiwiteit en onvolwassenheid.

4.8.1 Die Rorschach en geweld

Die assosiasie tussen aggressiewe inhoud volgens die Rorschach en aggressiewe gedrag is in 'n aantal studies aangedui (Coleman, 1967; Haskell, 1961; Megargee & Cook, 1967; Rose & Bitter, 1980). Navorsing wat deur Exner (1986) aangehaal is, suggereer dat aggressiewe bewegingsresponse 'n toenemende waarskynlikheid van aggressiewe gedrag aandui. Hy het daarop gewys dat hierdie veranderlike gematig word deur ander faktore wat die waarskynlikheid van aggressie vermeerder of verminder. Faktore wat deur Exner aangehaal is as bevorderlik vir aggressie benewens aggressiewe beweging is die volgende: D puntetelling minder as nul, wat beperkte hulpmiddels suggereer waarmee onaanvaarbare impulse beheer kan word; CF+C>FC, wat die impulsiewe uitdrukking

van affek suggereer; lae X+% en/of lae P, wat 'n nonkonformistiese sosiale houding suggereer; en verhoogde wit-spasie-response, wat kenmerkende opposisionaliteit suggereer. Sommige studies het nie die verbinding tussen aggressiewe inhoud en openlike aggressie ondersteun nie (Crain & Smoke, 1981; Swartz, 1973; Townsend, 1967). Van die gemelde studies het 'n verband tussen response omtrent slagoffers van geweld, dooie diere of mense en die uitdrukking van aggressie aangetoon.

Die Rorschach veranderlike wat die meeste met gewelddadige gedrag in kliniese formulerings geassosieer word, is ongedifferensieerde kleurresponse (CF of C). In 'n oorsig van die literatuur het Townsend aangedui dat elke belangrike teoretiese bespreking van die Rorschach toets, insluitende Rorschach se oorspronklike siening, ongedifferensieerde kleur met impulsiwiteit verbind. Townsend (1967) het bevind dat sodanige response met aggressiewe gedrag by kinders geassosieer is. Haar steekproef het bestaan uit seuns in 'n nie-forensiese residensiële behandelingsinrigting wat weens aggressiewe eienskappe deur personeel geselekteer is. Haskell (1961) het bevind dat CF+C verband hou met aggressiewe gedrag by psigiatriese pasiënte. Exner (1986) haal verskeie studies aan wat die korrelasie tussen 'n hoë frekwensie van CF+C en aggressiewe of impulsiewe gedrag ondersteun. Daarenteen word die teenwoordigheid van gedifferensieerde kleur (FC) beskou as 'n aanduiding van die vermoë om impulse te kontroleer of reguleer.

Menslike beweging (M) word veronderstel om geassosieer te word met die onderdrukking van impulse. Exner (1986:13-21) gee te kenne dat M daarop dui dat 'n vorm van vertraging voorgekom het voordat die response gemaak is. Townsend (1967) postuleer dat M verband kan hou met die vermoë om impulse op 'n geïnternaliseerde fantasievlak te hanteer. Dit verteenwoordig dus 'n vermoë om impulse te onderdruk eerder as om daarop te handel. Sy het gesuggereer dat die afwesigheid van M of verlaagde M geassosieer kan word met impulsiewe of gewelddadige gedrag. Sy het verder bevind dat lae M met aggressiewe gedrag

by kinders geassosieer word.

Lester en Perdue (1972:562) het hipotetiseer dat individue wat woede inwaarts rig, meer kleur-skakeringsmengsels sou weergee as diegene wat woede na buite rig. Hulle het bevind dat moordenaars minder kleurskakeringresponse weergegee het as persone met selfmoordneigings. Dus het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die kleurskakeringsmengsel nuttig mag wees by die voorspelling van inwaarts-gerigte aggressie.

'n Oorsig van die studies oor geweld dui daarop dat sommige Rorschach veranderlikes mag onderskei tussen individue wat gewelddadig teenoor mense optree en diegene wat dit nie doen nie. Hierdie veranderlikes sluit CF en C response in, veral wanneer CF+C>FC, sowel as lae of nul M, aggressiewe beweging (AG), en wit spasie response (S).

4.8.2 Die Rorschach en seksoortreders

Prandoni et al (1973:334) het die response van 58 seksoortreders, sowel as dié van 58 kontrole-proefpersone wat weens nie-seksuele oortredings gevonnis is, op vier Rorschach kaarte bestudeer. Die bevindinge het aangedui dat seksoortreders nie verskil het van kontrolepersone op die enigste twee veranderlikes wat bestudeer is, die aantal openlike seksuele response en minus vormvlak nie. 'n Selfs interessanter bevinding was dat die seksoortredergroep beduidend meer kaarte verwerp het as die vergelykingsgroep.

Perdue en Lester (1972:514) het die Rorschach toetse van verkragters vergelyk met dié van oortreders wat weens aggressiewe nie-seksuele misdade veroordeel is. Die verkragters het nie beduidend van die ander groep verskil op enige Rorschach veranderlike nie. 'n Studie van kindermolesteerders deur Rose en Bitter (1980:230) het wel statisties beduidende verskille opgelewer. Daar is bevind dat kindermolesteerders meer "infantiele" response gegee het met betrekking tot babas en kinders en meer "angs" response (soos byvoorbeeld X-strale) in

vergelyking met die aggressiewe, nie-seksuele oortreders.

In 'n relevante studie (McCraw & Pegg-McNab, 1989:546-553) oor 45 manlike oortreders is 'n seksoortredergroep saamgestel uit jeugdiges wat veroordeel is weens verkragting, ontugtige gedrag, onwelvoeglike ontbloting, onwelvoeglike telefoonoproepe en prostitusie. Die meeste van hierdie oortredings het die gebruik van geweld of die dreigement van geweld ingesluit. 'n Nie-seksoortredergroep is saamgestel uit jeugdiges wat veroordeel is weens inbraak, aanranding, stokkiesdraaiery, brandstigting en dwelmoortredings. By die aanvanklike ontleding van die resultate was die enigste verskil tussen die groepe dat die seksoortreders 'n gemiddelde van drie meer response gegee het as die ander oortreders. Na die uitskakeling van twyfelagtige rekords is bevind dat seksoortreders meer anatomiese response verskaf het. Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die jeugdige seksoortreders basies net jeugoortreders is. Die relatiewe gebrek aan verskille tussen die groepe kon die resultaat gewees het van die heterogene aard van beide groepe.

4.8.3 Die Rorschach en substansiemisbruik

Rachmiel se studie (1987:2791-2792B) het opvallende verhogings in die affektiewe ratio (afr) vir daardie proefpersone wat as dwelm- of alkoholmisbruikers gediagnoseer is, aangeteken. Desnieteenstaande het Gordon (1980:345-350) in een van die grootste nie-forensiese studies tot op datum laer affektiewe ratio (afr) bevind in 'n steekproef wat saamgestel is uit gehospitaliseerde dwelmgebruikers. Sy het veronderstel dat verminderde affektiewe responsiwiteit 'n poging was om die stres van hospitalisasie te hanteer. Gordon het dus 'n sterk argument aangevoer dat dwelmvoorkeur 'n belangrike verswakkende veranderlike is. Resultate het aangedui dat meervuldige dwelmgebruikers beduidend meer psigopatologie vertoon het as gebruikers van kalmerende of hipnotiese dwelms. Dit is bewys deur 'n minus D waarde, CF+C>FC, en meer dierlike as menslike inhoud (A+Ad>H+Hd). 'n Studie van heroïneverslaafde prostitute

(Exner et al 1977) het eweneens bevind dat sodanige persone tweemaal meer FM antwoorde gee as die kontrolegroep, waarskynliker CF+C>FC sou toon en ook waarskynliker 'n minuswaarde vir D sou hê.

4.8.4 Klassifikasie van oortreders

Identifikasie van Rorschach patrone wat geassosieer is met spesifieke tipes misdadige gedrag veronderstel dat misdadigers geklassifiseer kan word in homogene kategorieë wat op hul oortredings gebaseer is. Volgens Gibbons (1976:140-156), Korn en McCorkle (1960:78) en Roebuck (1967:15-27) is daar vier basiese maniere waarop misdadigers geklassifiseer kan word:

(a) Die wetlike tipologie is die vroegste en mees algemene vorm van klassifikasie. Hiervolgens word aanvaar dat veroordeelde oortreders by benadering diegene wat in werklikheid die wet oortree het, verteenwoordig. 'n Geskilpunt binne die wetlike klassifikasie van oortreders is of klassifikasie slegs die onmiddellike, teenswoordige of mees onlangse oortreding in ag moet neem en of 'n individu se gedragspatroon ook in aanmerking geneem moet word. Die gebruik van die onmiddellike oortreding het die voordeel van objektiwiteit, maar mag in sekere gevalle 'n wanvoorstelling van die persoon wees. Gevalle waar 'n individu van meer as een misdaad aangekla word, wat hierdie tipe klassifikasie mag kompliseer, kom ook voor. 'n Verdere kompliserende omstandigheid ontstaan wanneer die onmiddellike oortreding die verbreking van ondertoesigstelling is.

'n Ander manier om 'n wetlike tipologie te benut is om oortreders te kategoriseer volgens hul voorkeurmetode van misdadige aktiwiteit. Terwyl erken word dat oortreders nie hul misdadige aktiwiteite tot slegs een misdaad mag beperk nie, aanvaar heelparty kriminoloë dat voorkeure vir misdadige aktiwiteite bestaan (Gibbons, 1976:140-156; Roebuck, 1967:15-27). Wanneer enige van hierdie wetlike benaderinge toegepas word, word die aanname gemaak dat etiologiese faktore verskil volgens die tipe

misdaad wat gepleeg is.

(b) Die genetiese, biologiese of fisieke klassifikasie word deur vele as gebrekkig of naïef beskou. Daar is byvoorbeeld gepostuleer dat 'n mesomorfiese liggaamstruktuur 'n persoon tot aggressiewe gedrag kan predisponeer. Tog kan 'n mens sodanige korrelasie ook beskou as 'n resultaat van sosiale seleksie of 'n gevolg van kondisionering. Ander biologiese faktore mag uiteindelik meer geldig blyk te wees.

(c) Die derde benadering tot klassifikasie is gebaseer op die psigologiese eienskappe van die oortreders. "Uitlewing" is 'n algemeen gebruikte psigologiese term wat impliseer dat misdadige aktiwiteit 'n uitlaatfunksie vir spanning is. Desgelyks mag 'n psigologiese klassifikasieskema seksoortreders indeel volgens persone wat regressief, ontwikkelingsvertraag en gefikseerd is.

(d) Die vierde klassifikasieskema van oortreders is sosiologies. Die sosiologiese klassifikasiesisteem wat waarskynlik die algemeenste aanvaar word, is op sosiale klas gebaseer. Min mense sou die idee dat ekonomiese deprivasie ten minste sommige van die veranderlikheid in misdadige gedrag verklaar, betwis. 'n Ander sosiologiese tipologie skei misdadige aktiwiteit van bendes wat in daardie konteks nie as afwykend beskou word nie, van misdade deur individue. Daar moet beklemtoon word dat wetlike klassifikasies nie die benutting van kategorieë b, c en d uitsluit nie.

Dit sou onbehoorlik en naïef wees om te kenne te gee dat enige van hierdie tipes klassifikasie die totale misdadige bevolking toereikend sou kon beskryf. Die meeste deskundiges sou saamstem dat 'n multidissiplinêre benadering tot misdadigheid noodsaaklik is. In hierdie opsig het die huidige studie 'n mate van strekking op die psigologiese aspekte van misdadigheid. Die huidige studie ondersoek hoe verskillende oortreders op die Rorschach toets reageer binne die raamwerk van 'n psigologiese studie van oortreders. Die wetlike klassifikasie van oortredings

word in die huidige studie gebruik omdat sodanige klassifikasie gewoonlik dien as 'n belangrike basis vir besluite oor veroordeling en hantering van oortreders. Met betrekking tot sodanige besluite mag baat gevind word by uitgebreide kennis omtrent die psigologie van oortreders.

4.9 SLOTOPMERKINGS

Ten spyte van die kritiek oor die veralgemeenbaarheid en epistemologiese basis van die psigoanalities-psigiatriese perspektief, sal dit betreurenswaardig wees as motiveringsanalise laat vaar moet word. 'n Ondersoek na die oortreder se agtergrond, gesinslewe en persoonlike geskiedenis, houdings, omstandighede en die rede waarom hy die misdaad gepleeg het, sal gewis in die toekoms nog relevant wees sodat ons spesifieke gevalle kan begryp. Dit bly 'n feit dat die psigodinamiese hipoteses nie sonder meer verwerp kan word nie. Psigoanalise is die enigste teorie wat probeer om die fenomene van affektiewe ervaring sistematies te bestudeer. Ondanks die enigsins oordrewe positivistiese kritiek het dit geblyk dat die teorie getoets kon word en het dit die toets in verskeie opsigte deurstaan. Die weerstand van geesteswetenskaplikes teen die idee van onbewuste bewussynsprosesse het ook reeds begin vervaag en met die kognitiewe rewolusie het die geesteswetenskappe nader aan psigoanalise beweeg.

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSMETODIEK

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting van die navorsingsmetodes wat in die ondersoek aangewend is, gebied. Die keuse van statisties beduidende veranderlikes, die formulering van die hipoteses, die motivering en beskrywing van die meetinstrumente asook die motivering en beskrywing van statistiese tegnieke sal bespreek word.

5.2 NAVORSINGSHIPOTESES

Die navorsingshipoteses wat deur die empiriese ondersoek geëvalueer word, is soos volg:

Hipotese 1

Daar is 'n verskil tussen die staatspasiënte en misdadigers se gemiddelde tellings op enige van die 10 (tien) subskale van die Suid-Afrikaanse Wechsler-intelligensieskaal naamlik, Algemene Inligting, Algemene Begrip, Rekenkundige Redeneervermoë, Syferherhaling, Ooreenkomste, Voltooiing van Prente, Samevoeging van Voorwerpe, Blokpatrone, Syfersimboolvervanging, Prentrangskikking, sowel as die Verbale, Praktiese en Totale IK-tellings.

Hipotese 2

Daar is 'n verskil tussen staatspasiënte en misdadigers ten opsigte van response soos gemeet deur kaart 1 tot kaart 10 van die Rorschach projektiewe tegniek.

Hipotese 3

Daar is 'n verskil tussen staatspasiënte en misdadigers ten opsigte van bepaalde aspekte van die agtergrondgegewens, soos geëvalueer deur die inligtingskedule.

5.3 EMPIRIESE ONDERSOEK

5.3.1 Agtergrond

Ter verduideliking van die staatsbeleid met betrekking tot observasiegevalle die volgende: Die magtiging vir die aanhouding van 'n verhoorafwagtende observasiegeval word ingevolge artikel 79(2) van die Strafproseswet, 1977 (wet 51 van 1977) deur 'n regter of landdros uitgereik. Die opname in die hospitaal geskied ingevolge Regulasie 6 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973) wat ingevolge artikel 77 van die Wet uitgevaardig is. Die betrokke Staatsaanklaer moet vooraf met die Mediese Superintendent van die psigiatriese hospitaal reël vir die opname van die beskuldigde.

Die kantore van die Prokureur-generaal het duidelike riglyne aan aanklaers verskaf om onnodige verwysing van persone vir observasie wat geringe misdade gepleeg het, te vermy, dit wil sê oortredings wat nie ernstige geweld behels nie. Waar dit duidelik is dat die beskuldigde geestesongesteld is, kan die vervolging gestaak word en kan die persoon na 'n Landdros verwys word vir die nodige administratiewe stappe ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 1973. Sodanige optrede kan egter slegs gevolg word waar dit ten tye van sy verskyning in die Hof, duidelik is dat die beskuldigde aan 'n geestesongesteldheid ly en nie sy verhoor kan staan nie. Wanneer die Distriksgeneesheer bevind dat die persoon in staat is om sy verhoor te staan, maar dit blyk dat hy moontlik by die pleeg van die misdryf aan 'n geestesongesteldheid gely het, het die Staatsaanklaer geen ander keuse as om die persoon vir observasie te verwys nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is toestemming gedurende 1993 by die departement Gesondheid en Ontwikkeling asook die etiese komitee van Weskoppieshospitaal verkry om die lêers se gegewens van manlike observasiegevalle wat tydens 1988 tot 1994 aldaar opgeneem is te kan gebruik. Gedurende 1993 en 94 is 'n loodsondersoek by Weskoppieshospitaal van stapel gestuur en die formele ondersoek is daarna gedurende 1995 en 1996 uitgevoer.

5.3.2 Loodsondersoek

Hierdie ondersoek is uitgevoer om te bepaal of die navorsingsprosedure uitvoerbaar was en om oorkombare probleme in die proses te identifiseer. Die ondersoeker wou vrae eksploreer soos byvoorbeeld: Watter groepe met betrekking tot geslag en bevolkingsgroep kon by die ondersoek betrek word? Was daar situasionele faktore wat die geldigheid en betroubaarheid van die informasie wat ingewin is, beïnvloed het? Uit die loodsondersoek het dit geblyk dat blanke manlike observasiegevalle se gegewens die volledigste was aangesien bepaalde meetinstrumente wat gebruik was om die gevalle te evalueer hoofsaaklik op die blanke bevolkingsgroep gestandaardiseer was.

5.3.3 Die Navorsingsontwerp

Aangesien die totale universum nie vir die doeleindes van hierdie studie betrek kon word nie, is daar besluit om van 'n doelbewuste nie-ewekansige steekproef gebruik te maak. 'n Doelbewuste steekproef word deur Kidder (1981:427) soos volg gedefinieer: "The basic assumption behind purposive sampling is that with good judgement and an appropriate strategy one can handpick the cases to be included in the sample and thus develop samples that are satisfactory in relation to one's needs. A common strategy of purposeful sampling is to pick cases that are judged to be typical of the population in which one is interested, assuming that errors of judgement in the selection will tend to counterbalance each other". Met bogenoemde as riglyn is alle

blanke manlike observasiegevalle (die aantal vroue gevalle was onbeduidend klein) wat vanaf 1988 tot en met 1994 by Weskoppieshospitaal opgeneem is {insluitende a) die S A Wechsler-intelligensieskaal, b) die Rorschach projeksietegniek en c) die maatskaplike werker se verslag} in die ondersoek betrek. Dit het die totale aantal gevalle op 142 te staan gebring. Met behulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens se MR (misdaad register)-verslae asook die Departement Justisie se hofsaakverslae kon daar met sekerheid vasgestel word watter observasiegevalle as misdadigers en watter as staatspasiënte geklassifiseer is. Verder is alle gevalle se gegewens uit hulle lêers onttrek en dit het die volgende ingesluit:

(a) Die individuele tellings van die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal se tien subtoetse tesame met die verbale, praktiese en totale IK-tellings.

(b) Die response van elke individuele geval geskik vir die kwantitatiewe analise van die Rorschach projeksietegniek.

(c) Inligting vervat in die maatskaplike werkers se verslae wat in die vorm van 'n inligtingskedule opgestel is.

Vervolgens ter verduideliking van die steekproef van 142 observasiegevalle, die volgende: Die meerderheid (110) van hierdie gevalle se observasietydperk by Weskoppieshospitaal het aan die lig gebring dat hierdie gevalle ten tye van die beweerde misdryf nie sodanig deur 'n geestesversteuring aangetas was nie, dat hulle wel die ongeoorloofdheid van hulle handelinge kon besef, en wel tussen reg en verkeerd kon onderskei en dus ooreenkomstig die onderskeid kon handel. Gevolglik is hierdie persone na die afhandeling van hulle betrokke hofsake, skuldig bevind en gevangenisstraf opgelê. Hierdie 110 gevalle word dus ook vir die doeleindes van hierdie ondersoek as die misdadigersgroep beskou.

Die res van die steekproef (32 gevalle) is as staatspasiënte

verklaar omdat hulle weens geestesongesteldheid nie in staat was om sinvol tot hulle eie verdediging by te dra nie. Dit het ook aan die lig gekom dat hierdie persone ten tye van die beweerde misdaad moontlik tot so 'n mate deur geestesongesteldheid aangetas was dat, hoewel hulle tussen reg en verkeerd kon onderskei, hulle tog nie in staat was om ooreenkomstig die onderskeid te handel nie. Vir die doeleindes van die studie staan hierdie gevalle bekend as die staatspasiëntegroep.

5.3.3.1 Die meetinstrumente en die inligtingskedule

Die meetinstrumente asook die inligtingskedule wat in hierdie ondersoek gebruik is, word kortliks hieronder bespreek.

A Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir Volwassenes

1 Rasionaal en ontwikkeling

Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir Volwassenes (1958) is gebaseer op die Wechsler Adult Intelligence Scale, wat in 1955 deur David Wechsler opgestel is. Laasgenoemde skaal is meestal in die VSA en die Westerse wêreld gebruik maar is intussen met hersiene uitgawes vervang (Frank, 1983; Matarazzo, 1979). Die toets meet algemene intellektuele vermoëns (Matarazzo, 1979). Aangesien dit in hierdie studie gaan om 'n ondersoek na persoonlikheidseienskappe, en die intellektuele vermoëns 'n integrale deel uitmaak van die mens se totale persoonlikheidsfunksionering, is dit gepas dat inligting in verband met die intellektuele vermoëns van die proefpersone in ag geneem moes word. Die beweerde hoë geldigheid en betroubaarheid van die SAWIV, asook die feit dat dit waardevolle inligting van kliniese diagnostiese aard verskaf, was bykomende motiveringsredes vir die gebruik van hierdie beskikbare data by die observasiegevalle. Aangesien die doel met hierdie studie was om onder andere 'n indiepteontleding van die observasiegevalle se persoonlikheidsfunksionering te gee, word hierdie data

gebruik. Daarby word die Wechsler-Intelligensieskaal geredelik gebruik om forensiese gevalle in psigiatriese hospitale te evalueer (Blackburn, 1993; Coetzee & Madge, 1981; Piedmont et al, 1990; Tarter et al, 1987).

2 Samestelling van die S A Wechsler-intelligensieskaal

Die toets bestaan uit 11 subtoetse, wat lei tot die berekening van 'n Verbale, Praktiese en Totale IK-telling. Die Verbale Skaal bestaan uit ses subtoetse, naamlik: Algemene Inligting, Algemene Begrip, Rekenkundige Redeneervermoë, Syferherhaling, Ooreenkomste en Woordeskat (laasgenoemde subtoets word nie benodig vir die berekening van die Totale IK nie, en word daarom, vanweë die tydsfaktor, dikwels in die praktyk uitgelaat). Die Praktiese Skaal bestaan uit vyf subtoetse, naamlik: Voltooiing van Prente, Samevoeging van Voorwerpe, Blokpatrone, Syfersimboolvervanging, en Prentrangskikking.

3 Afneming en administrasie

Die toets word individueel afgeneem in 'n sessie van ongeveer een en 'n half uur. Om 'n formele IK-punt te verkry wat op kognitiewe vermoëns dui, word die roupunt wat behaal is op elk van die subtoetse met behulp van tabelle in die handleiding omgeskakel na 'n genormaliseerde standaardtelling (Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, 1969). Hierdie waardes word verstrek vir ouderdomme van 18 tot 59 jaar. Hierdie tellings word dan bymekaargetel om 'n finale IK-punt te verkry.

4 Geldigheid en betroubaarheid

Wechsler (1958) verskaf in sy handleidings van die WAIS betroubaarheidskoëffisiënte wat wissel van 0,90 tot 0,98 vir die Totale Skaal, en 0,84 tot 0,96 vir die Verbale en Praktiese Skale. Anastasi (1976) rapporteer betroubaarheidskoëffisiënte van 0,97 vir Totale IK-tellings, 0,96 vir Verbale IK-tellings en 0,93 tot 0,94 vir Praktiese IK-tellings. Die koëffisiënte van die

onderskeie subtoetse wissel tussen 0,60 en 0,96. Matarazzo (1979) kom tot die gevolgtrekking dat die betroubaarheid van die WAIS vir die Verbale, Praktiese en Totale Skale bevredigend is, maar het daarop gewys dat die betroubaarheid van sekere individuele subtoetse onbevredigend is. Toets-hertoetsbetroubaarheid is, volgens Matarazzo (1979) en Zimmerman et al. (1973), deur verskeie ondersoeke bevestig.

Wechsler (1948) verskaf 'n syfer van 0,82 in 'n ondersoek waar die Stanford-Binet-intelligensieskaal as eksterne kriterium gebruik is. Matarazzo (1979) het in 'n opsomming, waarin die WAIS met ander toetse vergelyk word, 'n gemiddelde geldigheidskoëffisiënt van 0,75 bevind. Liddicoat en Roberts (1962) het 'n omvattende ondersoek met die SAWIV uitgevoer om die betroubaarheid en geldigheid, asook die diagnostiese gebruike hiervan, te evalueer, en het tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n waardevolle instrument is. Pieters en Louw (1987) asook Nell (1994:100-109) het egter bevind dat die SAWIV verouderd is en geherstandaardiseer of vervang behoort te word.

5 Groepering van IK-tellings

Vir die doeleindes van statistiese verwerkings en spesifiek met die oog op die uitvoering van korrespondensie-analises is die gevalle se IK-tellings in die volgende drie kategorieë ingedeel:

(a) Gevalle met bogemiddelde intelligensiekwosiënt het tellings groter as 110 behaal.
(b) Gevalle met gemiddelde intelligensiekwosiënt het tellings tussen 90 en 110 behaal.
(c) Gevalle met ondergemiddelde intelligensiekwosiënt het tellings kleiner as 90 behaal.

Bogenoemde indeling is van toepassing by die gevalle se totale intelligensiekwosiënt, verbale intelligensiekwosiënt en praktiese intelligensiekwosiënt. Met inagneming van die verdere indeling van die gevalle in 'n misdadigersubgroep en 'n

staatspasiëntesubgroep is daar in die geheel 'n potensiële getal van 18 subgroepe wat in die voorgestelde korrespondensie-analises gebruik kan word naamlik:

+MBTI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MGTI = Misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MOTI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SBTI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SGTI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SOTI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

MBVI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

MGVI = Misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

MOVI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

SBVI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

SGVI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

SOVI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+MBPI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MGPI = Misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MOPI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SBPI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SGPI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde

praktiese intelligensiekwosiënt

+SOPI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

B Die Rorschach-projeksietegniek

1 Rasionaal en ontwikkeling van die projeksietegniek

Van al die projeksietegnieke word die Rorschach die meeste gebruik en 'n groot hoeveelheid artikels en boeke is al oor verskeie aspekte van die Rorschachtegniek gepubliseer. Hoewel Herman Rorschach (1911-1951) as die eintlike vader van die Rorschachtegniek beskou word, het etlike ander geesteswetenskaplikes reeds voor hom, en terwyl hy met sy proefnemings besig was, belang gestel in inkkolle. Kerner het reeds in 1857 geskryf dat dit nie moontlik is om inkkolle volgens 'n vooropgestelde plan te interpreteer nie, maar dat hulle hul betekenis aan die persoon afdwing. Binet en Henri was egter in 1895 die eerste persone wat die moontlikheid besef het dat inkkolle gebruik kan word om die verbeelding van 'n persoon te bestudeer. In 1910 publiseer Whipple die eerste standaardreeks inkkolle en in 1915 gee hy 'n breedvoerige beskrywing van die gebruik van inkkolle en woord-assosiasietoetse as tegnieke vir die eksperimentele bestudering van komplekse geestesprosesse (Knoetze, 1966:176-177).

Dit was egter Herman Rorschach wat in 1921 met sy boek "Psychodiagnostik" op die belangrikheid van inkkolle as 'n tegniek vir persoonlikheidsevaluering gewys het. Na sy dood het die ontwikkeling van die Rorschachtegniek met 'n vinnige pas vooruitgegaan, hoewel dit in die aanvanklike stadium groot teenstand ondervind het. Die Eerste Wêreldoorlog het 'n belangrike bydrae gelewer tot die verdere ontwikkeling van die Rorschachtegniek, aangesien daar op daardie tydstip na 'n metode gesoek is om mense in die leër op die mees geskikte plek te gebruik. Dit het aanleiding gegee tot wysigings van hierdie tegniek. Groepmetodes is ontwikkel om meer mense op 'n bepaalde

tyd te toets. Hoewel hierdie wysigings ook lofwaardig was, kon nie een van hulle daarin slaag om die oorspronklike tegniek te vervang nie. Die oorspronklike Rorschachtegniek is egter só ingewikkeld dat dit baie studie verg. Verskeie deskundiges op die Rorschachtegniek verskil ook van mekaar met betrekking tot die simbole wat gebruik word, sowel as die interpretasie van sekere simbole.

Die Rorschachtegniek bestaan uit 'n stel van 10 kaarte met verskillende inkvlekke daarop. Hulle word in 'n vaste volgorde aan die proefpersoon gegee en die response vir elke kaart word neergeskryf. Die hele toets word in drie fases afgeneem, naamlik die aanbieding van die kaarte, die navraag vir verdere inligting en die toets vir grense om duidelikheid te verkry waar nog onsekerheid bestaan. Hierna word die protokol gemerk volgens drie hoofafdelings, naamlik lokaliteit, determinante en die inhoude. Simbole word vir al hierdie faktore gebruik.

Die waarde van die Rorschach se toepassing op forensiese gevalle is deur verskeie navorsers beklemtoon en deur vele ondersoeke bevestig (Moore, 1991; Prandoni & Swartz, 1978; Rachmiel, 1987; Seamons et al, 1981; Weiner, 1994). In hierdie ondersoek word spesifiek aandag gegee aan die ontleding en interpretasie van sekere vasgestelde kwantitatiewe verhoudings ten koste van die Rorschach se kwalitatiewe aspekte aangesien die observasiegevalle nie deur die ondersoeker self getoets is nie en daar te veel ontbrekende inligting by die kwalitatiewe gedeelte van die Rorschach was.

2 Die interpretasie van die kwantitatiewe verhoudings

Vervolgens word die interpretasiebetekenisse van die verskillende faktore kortliks bespreek.

(a) Verhoudings wat betrekking het op die innerlike bronne en impulsiewe lewe.

Hierdie verhoudings het slegs 'n interpretasiewaarde as die M-response ten minste drie is.

(i) M : FM

As FM meer as tweemaal soveel is as M word die persoon aangespoor deur onmiddellike behoeftes vir bevrediging. Hierdie verhouding kan by persone aangetref word wat geneig is om impulsief op te tree omdat hulle nie in staat is om te wag vir die uiting van die bevrediging van hulle behoeftes nie. As FM tweemaal meer as M is, maar daar geen klem op kleur gelê word nie, en veral as CF ook nie FC oortref nie, kan daar nie afgelei word dat die persoon se gedrag 'n onrype impulsiwiteit sal toon nie, hoewel die individu egosentries kan optree.

As M die FM response oortref, is die impulsiewe lewe ondergeskik aan die waardesisteem van die persoon, mits hierdie verhouding vanselfsprekend nie oorbeklemtoon word nie. 'n Goeie verhouding tussen M en FM is 2M:1FM, want dit dui op 'n hoë ineenskakeling tussen impulsiwiteit en waardesisteem, 'n bewys dat die ego in staat is om die primitiewe drange te deurstaan sonder om deur hulle oorweldig te word. So 'n persoon kan die bevrediging van sy behoeftes uitstel sonder enige frustrasie, konflik of inhibisie. As FM egter minder as M is waar die FM-response afwesig is, is die vermoede dat die impulsiewe lewe onderdruk word en dit veroorsaak spanning, innerlike konflik, buitensporige beheer en gebrek aan spontaniteit.

(ii) M : (FM + m)

Die aantal m-response kwalifiseer die interpretasie van die verhouding tussen M en FM, aangesien m verwys na die spanning en konflik wat die persoon ondervind in sy poging om die integriteit van die ego-integrasie te behou teen magte van binne en van buite. FM + m behoort nie meer as 1 1/2 te wees nie; 'n groter verhouding dui daarop dat die spanning te sterk is om die persoon in staat te stel om sy innerlike bronne te gebruik vir die

oplossing van sy daaglikse probleme. Verder word daar beweer dat as M nie ten minste gelyk is aan FM + m nie, daar tot die gevolgtrekking gekom moet word dat die verbeeldingslewe van die persoon nog nie tot volwasse standaarde ontwikkel het nie en dat primitiewe instinkte en vyandige innerlike magte nog in die onderbewuste versteek is. Hierdie magte is by alle persone aanwesig, maar hulle moet uiting vind in bewuste doelgerigte gebruik.

(b) Verhoudings wat betrekking het op die organisasie van die behoefte aan toegeneentheid

(i) Gedifferensieerde skadu-response: ongedifferensieerde skadu-response

Waar die ongedifferensieerde skadu-reponse (K, KF, k, kF, c en cF) meer is as die gedifferensieerde skaduresponse (Fc en Fk), is dit 'n aanduiding dat die behoefte aan toegeneentheid so swak geïntegreer is met die persoonlikheidsorganisasie dat dit 'n ernstige ontwrigtende invloed het en 'n teken van ernstige wanaanpassing is.

(ii) F : (FK + Fc)

As FK + Fc meer as driekwart van F is, het die behoefte aan toegeneentheid so sterk geword dat dit dreig om die res van die persoonlikheid te verswelg. Die veronderstelling is dat vroeë ervarings van verwerping 'n dringende soek na toegeneentheid van andere laat ontstaan het wat die gedrag nadelig beïnvloed. As FK + Fc minder as 'n kwart van F is, dui dit op 'n repressiewe of onderontwikkeling van die behoefte aan toegeneentheid. Die beste verhouding is wanneer FK + Fc tussen 'n kwart en 'n driekwart van F is, aangesien dit daarop dui dat die behoefte aan toegeneentheid genoegsaam ontwikkel het en dat dit goed geïntegreer is met die res van die persoonlikheidsorganisasie.

(iii) (Fc + c + C') : (FC + CF + C)

As die achromatiese response tweemaal meer is as die chromatiese response, dui dit daarop dat die persoon se responsitiwiteit tot uiterlike stimulering sodanig beïnvloed is deur vorige traumatiese ervaringe dat onttrekking die gevolg is uit vrees dat sy reaksies tot toegeneentheid 'n mislukking sal wees. As die chromatiese response tweemaal meer is as die achromatiese response, is die persoon geneig om sy emosies uit te leef. Hy voel redelik min behoefte vir toegeneentheid en erkenning en word nie gekortwiek deur vrese nie.

c Verhoudings wat betrekking het op onderdrukte beheer

Die konsep van beheer verwys na 'n individu se effektiewe algemene aanpassing by lewensituasies. Daar word drie tipes van beheersing onderskei:

* uiterlike beheer of selfbeheersing wat verwys na die beheer van uiterlike gedrag.
* innerlike beheer, wat beteken dat die persoon genoeg innerlike bronne het wat hom in staat stel om emosionele stimuli te hanteer deur aksie lank genoeg uit te stel sodat beheer oor uiterlike gedrag eers verkry kan word.
* onderdrukte beheer, waardeur die persoon in staat is om gedrag na buite te beheer deur die doeltreffendheid waarmee hy slaag om sy gevoelens, emosies en impulse wat neig tot onbeheerde gedrag, te beheer.

Die volgende persentasies dui op die mate van onderdrukte beheer:

(i) F%

'n Goeie F-respons is primêr afhanklik van intellektuele vermoë en as sulks word die interpretasie van F grootliks gebaseer op intellektuele prosesse en gevolglik verwys na die beheerde, objektiewe benadering van 'n situasie. Vormantwoorde behoort dus tussen 20% en 50% van die totale antwoorde te wees wat dan 'n

persoon beskryf as iemand wat in staat is om die wêreld op 'n onpersoonlike feitegrondslag te sien en hom weer in staat stel om sy aanpassing te beheer. 'n Hoë F% mag die gevolg wees van 'n sterk intellektuele drang of dit mag voorkom as die persoon sy emosionele lewe bewustelik of onbewustelik nouer maak. Dit is gewoonlik die geval met noukeurige persone wat hulle werk met behoedsaamheid en presiesheid verrig. As die F-response egter oor 80% gaan, dui dit op moontlike patologie. Daarteenoor word minder as 20% F-response gevind in die rekords van persone wat baie min klem lê op vorm in hulle daaglikse lewe. Sulke persone word grotendeels gemotiveer deur emosionele faktore en hulle is beslis onkonsekwent.

(ii) (Fk + F + Fc)%

Net soos in die geval van F%, is hierdie persentasie ook 'n aanduiding van die mate waarin die persoon sy uiterlike gedrag in toom hou deur sy gevoelens, emosies en impulse te beheer. As die persentasie meer as 75 is, dui dit op 'n neurotiese inperking. As F% naby 50 is en daar 'n matige aantal FK en Fc-response is sodat die totale persentasie nie 75 oorskry nie, is die hipotese dat die inperking effens versag is.

d Verhoudings wat betrekking het op die emosionele reaksie tot die omgewing

(i) FC : (CF + C)

FC is die beste kwaliteit omdat dit die beheerde emosionele band met die uiterlike werklikheid is. Die FC-response moet meer wees as CF + C en hoe groter die verskil, hoe gunstiger is hierdie aspek. As dit die geval is, is die persoon in staat tot 'n beheerde responsiwiteit tot sy sosiale omgewing sonder om oorbeheersd te wees. As CF + C heeltemal afwesig is, is daar oorbeheer en is die persoon onwillig of onbekwaam tot sterk emosionele reaksie, selfs al vereis die omstandighede 'n emosionele respons.

Wanneer CF + C vir FC oortref, is die beheer oor emosionaliteit

swak en is die persoon geneig om uiterlike uitdrukking aan sy emosionele reaksies te gee. As die aantal FC-response gelyk is aan die aantal CF + C response, wend die persoon 'n dapper poging aan tot aanpassing, maar hy is geneig om maklik van koers af gebring te word deur gebeurtenisse wat emosionele reaksies uitlok.

(ii) Som C

Som C is proporsioneel tot die mate van uiterlike reaksie op emosionele stimuli, of hierdie reaksie beheersd is of nie. As som C minder as drie is, is daar te min responsiwiteit op invloede uit die omgewing.

(iii) (VIII + IX + X) %

Die logiese afleiding is dat die totale persentasie response vir hierdie 3 kaarte ongeveer 30 persent moet wees. Kaart X leen hom egter tot baie meer response en gevolglik word die totale response vir die laaste 3 kaarte op 30 tot 40 persent gestel. Omdat hulle suiwer kleurkaarte is, is hulle aanduidend van die algemene responsiwiteit op emosionele stimuli van die omgewing. As 'n persoon meer as 40 persent van sy response op hierdie kaarte gee, kan daar aangeneem word dat hy baie vatbaar is vir omgewingsinvloede, of hy nou uiterlike ekspressie aan sy emosionele reaksies gee of nie. As die response minder as 30 persent is, is die teenoorgestelde waar.

e Verhoudings wat betrekking het op intellektuele aspekte

(i) W : M

Daar word beweer dat hierdie verhouding 'n aanduiding is van die mate waartoe die persoon in staat is om sy kreatiewe en produktiewe energie te mobiliseer om stukrag te verleen aan sy intellektuele belangstellings en ambisies.

Die verhouding 2W : 1M dui op 'n organisatoriese belangstelling met genoeg kreatiewe potensiaal om stukrag daaraan te verleen om dit 'n werklike dryfkrag vir intellektuele prestasie te maak.

Hoewel die aspirasiepeil hoog is, is dit nie bokant die produktiewe bronne van die persoon nie. In hierdie verhouding moet daar egter ten minste 3M-response en 6W-response wees.

As W groter is as twee maal M, is die aspirasiepeil te hoog vir die kreatiewe bronne van die persoonlikheid. As W minder as 2M is, het die persoon kreatiewe potensiaal, maar ontbreek dit aan 'n geskikte uitgang of fokus.

(ii) (H + A) : (Hd + Ad)

As die detail response ongeveer die helfte van (H + A) is of minder, is dit normaal. Waar (Hd + Ad) egter meer as die helfte soveel is as (H + A), dui dit op 'n oorkritiese houding wat moontlik mag dien as 'n uiting van vyandigheid.

(iii) Die P-response

Die aantal populêre antwoorde hang af van faktore soos intelligensie, emosionele stabiliteit en ouderdom. Die gemiddelde aantal P-response word deur verskeie navorsers op tussen 25 en 30 persent gestel. 'n Persoon wat die gemiddelde aantal P-antwoorde gee, sien die wêreld soos ander dit sien. Gevolglik sal die minder intelligente persoon baie populêre antwoorde gee omdat sulke antwoorde in die kolle 'n maklike interpretasie veronderstel. Aan die anderkant sal persone met laer as gemiddelde intelligensie 'n klein aantal P gee omdat hulle nie in staat is om die gedagtegang van die gemiddelde persoon te deel nie. As daar egter agt of meer populêre antwoorde is, is dit 'n aanduiding van beklemtoning van die voor-die-hand-liggende, die konvensionele.

(iv) Die O-response

Met oorspronklike response word bedoel response wat slegs een keer in elke 100 rekords voorkom. So 'n interpretasie dui op 'n individu se vermoë om nuwe verhoudings te sien en die O-respons, meer as enige ander faktor, reflekteer die persoon se unieke intellektuele benadering. Die superieure persoon is geneig om twee maal meer O's as P's te gee, en twee keer meer addisionele

O's as hoof O's.

(v) A%

Daar word 'n groot aantal van hierdie response verwag omdat dierefigure so maklik is om te identifiseer in die kolle. Rorschach-deskundiges stel die normale aantal A% op tussen 20 en 50 persent. Beck se navorsing het getoon dat A% 'n goeie aanduiding van intelligensie is. In sy hoë intelligensiegroep is slegs 30 persent A-response gegee, terwyl die persentasie A-response vir sy lae intelligensiegroep ongeveer 65 persent was, en selfs soveel as 100 persent by swaksinniges.

(vi) Die totale aantal response (R)

Die aantal response vir 'n bevredigende rekord behoort ongeveer 30 te wees om 'n goeie insig in die totale persoonlikheid te verkry. Klopfer et al (1954:243) beweer egter dat die gemiddelde aantal response tussen 20 en 45 kan wees. 'n Klein aantal response dui op onproduktiwiteit, behalwe waar hierdie response goeie goedgeorganiseerde gehele is. Aan die anderkant dui 'n buitengewone groot aantal response eerder op 'n gedwonge behoefte om klaar te kry of om kwantiteit te lewer in plaas van op ryke produktiwiteit. Volgens Levitt (1980:48) is die totale aantal response een van die beste aanduidings van intelligensie by die Rorschach projeksietegniek. Bogenoemde outeur haal aan die navorsingsresultate van McCall en Doleys (1955) wat aan die lig gebring het dat die gemiddelde aantal response van volwassenes met normale intelligensie tussen 15 en 25 response lê.

C Die Inligtingskedule

1 Inleiding

Hierdie skedule bestaan uit 25 items met die doel om biografiese inligting en persoonlike besonderhede van elke geval in te win. In hoofstuk 6 word van hierdie inligting gebruik gemaak om die steekproef wat vir hierdie studie getrek is te beskryf. Die volledige inligtingskedule verskyn in Bylaag A.

2 Groepering van misdrywe

Ten einde sinvolle berekenings te kan uitvoer met betrekking tot die verskeie misdrywe asook beweerde misdrywe is hulle volgens twee soorte klassifikasies gegroepeer. Die eerste klassifikasie is gebaseer op die ses klas indeling wat ook deur die Sentrale Statistiekdiens gebruik word. Na aanleiding van hierdie klassifikasie is die misdrywe asook beweerde misdrywe wat onder hierdie steekproef se observasiegevalle voorgekom het soos volg in die volgende klasse ingedeel:

Klas A misdrywe - Owerheidsgesag en goeie orde

Gedros van weermag
Minagting van die hof
Sabotasie
Bomdreigement
Onwettige dra van gevangenisuniform
Besit van ongelisensieerde wapen

Klas B misdrywe - Gemeenskapslewe

Onsedelike aanranding
Openbare onsedelikheid
Verkragting
Poging tot verkragting
Besit van dagga

Klas C misdrywe - Persoonsverhoudings

Moord
Poging tot moord
Aanranding
Crimen Injuria
Strafbare manslag
Rig van vuurwapen

Klas D misdrywe - Eiendom

Diefstal
Huisbraak met die opset om te steel
Opsetlike saakbeskadiging
Veediefstal
Dieremishandeling
Brandstigting
Motordiefstal
Roof
Bedrog

Klas E misdrywe - Ekonomiese sake

Geen sulke misdrywe

Klas F misdrywe - Maatskaplike sake

Roekelose bestuur
Bestuur sonder voertuiglisensie
Bestuur onder die invloed van drank

Weens die aard van die misdrywe en beweerde misdrywe in hierdie ondersoek is die volgende drie kategorieë met geweld as kriterium opgestel:

Persoonsgerigte geweldsmisdrywe

Moord
Poging tot moord
Onsedelike aanranding
Aanranding
Verkragting
Poging tot verkragting
Bomdreigement
Roof
Rig van vuurwapen

Nie-persoonsgerigte geweldsmisdrywe

Huisbraak met die opset om te steel
Sabotasie
Opsetlike saakbeskadiging
Brandstigting
Dieremishandeling
Roekelose bestuur

Nie-geweldsmisdrywe

Diefstal
Bedrog
Onwettige dra van gevangenisuniform
Motordiefstal
Besit van ongelisensieerde wapen
Bestuur sonder voertuiglisensie
Bestuur onder die invloed van drank
Besit van dagga
Crimen injuria
Openbare onsedelikheid
Minagting van die hof
Veediefstal

3 Groepering van psigiatriese diagnoses

Ten einde sinvolle resultate met behulp van die gekose statistiese tegnieke te verkry word die aantal psigiatriese diagnoses wat ten opsigte van alle observasiegevalle in die steekproef van hierdie ondersoek gemaak is, soos volg gegroepeer:
*Substansverwante versteurings
*Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*Gemoedsversteurings
*Antisosiale persoonlikheidsversteurings
*Skisofrenie
*Geestesvertraging
*Mediesverwante toestande

*Kognitiewe versteurings
*Geen psigiatriese diagnose

5.4 DIE STATISTIESE TEGNIEKE

Die statistiese tegnieke wat in hierdie studie gebruik is, word hieronder kortliks bespreek.

5.4.1 Die Korrespondensie-analise

Korrespondensie-analise is 'n multiveranderlike metode om kruisgetabelleerde data te eksploreer deur sulke tabelle in grafiese voorstellings (figure of kaarte) om te skakel. Hierdie eksploratiewe metode is hoofsaaklik daarop gerig om kenmerke van die data te vertoon of bloot te lê eerder as om hipoteses te bevestig of te weerlê aangaande die onderliggende prosesse wat die data help genereer. In korrespondensie-analise is daar nie aannames rondom die onderliggende verspreiding van die data nie maar daar is sekere "strukture" by die data opgelê wat eie is aan die metode en wat dan as aannames beskou kan word. Hierdie analise is egter so buigsaam dat dit omtrent op enige kruistabellering toegepas kan word sowel as 'n aantal ander tipes data waar hierdie strukture geregverdig kan word. Die gewone proses in statistiese dataontleding van "aanname nagaan" word in die huidige konteks vervang deur 'n substantiewe verantwoording van die grafiese elemente wat die basis van die korrespondensie-analise se kaarte of figure vorm.

Hierdie wyse van data beskrywing deur visualisering is 'n spesifieke denkwyse eie aan die meeste Franse sosiale wetenskaplikes en statistici. Hierdie filosofie hou verband met die beroemde aanhaling van Benzécri, (een van die grondleggers van hierdie metode): "The model must follow the data, and not the other way around" (Greenacre & Blasius, 1994:viii). Benzécri het al in die vroeë sestigs die grafiese interpretasie van korrespondensie-analise feitlik uitsluitlik in Frankryk gepopulariseer met sy werk "Analyse des Données" in 1973. Buite

Frankryk kon dit eers in die 1980's toegepas word toe korrespondensie-analise in die Engelssprekende wêreld deur sosiale wetenskaplikes bekend geword het. Die belangstelling in hierdie metode het vinnig begin toeneem deur middel van die publikasie van die eerste boeke in Engels deur Greenacre in 1984 asook deur Lebart, Morineau and Warwick in dieselfde jaar.

Volgens Greenacre en Blasius (1994:ix) kan korrespondensie-analise gebruik word om beide die omvang en die onafhanklike aard van die verband tussen die rye en kolomme-kategorieë van die kruistabellering na te vors. Meer spesifieke afleidings aangaande die verband tussen kategorieë van die betrokke veranderlikes kan nou gemaak word. Dit bring mee dat verskeie kruistabellerings met betrekking tot dieselfde beskryfde veranderlike, gesamentlik ontleed kan word deur aaneenskakeling of stapeling voordat korrespondensie-analise daarop toegepas word. Hierdeur word dit moontlik gemaak dat verskeie verbande gelyktydig in dieselfde kaarte (figure) voorgestel kan word.

Greenacre in Greenacre & Blasius (1994:8) meen verder dat die konsepte van korrespondensie-analise soos byvoorbeeld profiele en massas geometries van aard eerder as van statistiese aard is. Die enigste statistiese konsep waaraan die korrespondensie analise gekoppel is, is die Pearson chikwadraat (x^2) statistiek wat gebruiklik bereken word met behulp van kruistabellerings om sodoende die beduidendheid van die verband tussen die ry- en kolom-veranderlikes te bepaal.

Iets wat ook hier verklaar moet word, is die fisiese konsep van afstand en wat alombekend staan as Euklidiese of Pythagoriese afstand en beskou word as die "reguit lyn"-afstand tussen punte binne 'n fisiese ruimte. In korrespondensie-analise egter word daar 'n variasie Euklidiese afstand gebruik wat bekend staan as 'n geweegde Euklidiese afstand na meting en as sodanig afstande tussen profielpunte uitbeeld. Hier verwys die begrip "weeg" na differensiële "weeg" van die dimensies van die ruimte en nie na die weeg van profiele nie. In die praktyk het hierdie weeg tot

gevolg dat responsbesonderhede wat minder dikwels plaasvind, groter bydrae tot die interprofielafstand lewer terwyl die response wat meer dikwels voorkom 'n kleiner bydrae lewer. Dit word gedoen deurdat elke gekwadreerde verskil, verdeel word in die afstandberekening deur die ooreenstemmende element van die gemiddelde profiel.

Inersie, andersom gestel as die "moment van inersie" van 'n bepaalde objek, word gedefinieer as die som van die rd^2 kwantiteite vir die hele objek. Inersie beskik oor 'n geometriese interpretasie en meet die verspreiding van die profiele binne 'n multidimensionele ruimte. Hoe hoër die inersie, hoe meer is die verskeie profiele en hoekpunte versprei.

5.4.2 Die Faktorontleding

Faktorontleding kan ingedeel word onder die statistiese metode wat as struktuurstatistiek bekend staan. Die ontwikkeling van faktorontleding as statistiese tegniek is veral te danke aan navorsers soos Spearman, Thurstone, Burt, Cattell en Eysenck. 'n Baie belangrike wyse waardeur die verwantskap tussen verskillende veranderlikes in 'n faktorontleding ondersoek word, is die ontwikkeling van konstrukte. Een van die hoof aspekte van die ontwikkeling van konstrukte is om te bepaal tot watter mate hipotetiese metings van 'n konstruk vir dieselfde ding meet of in verskillende groeperings van veranderlikes (clusters) opgebreek word om verskillende dinge te meet. Ter verduideliking hiervan moet hier daarop gelet word dat die ontwikkeling van konstrukte die bestudering van die statistiese struktuur vereis, nie net tussen die veranderlikes wat 'n konstruk meet nie, maar ook tussen die stelle veranderlikes wat verskillende konstrukte meet (Nunnaly, 1978:132).

Die prosedure van faktorontleding kan in sewe hoofstappe onderverdeel word:

- die opstel van 'n korrelasiematriks vir die reeks

veranderlikes,

- die bepaling van die kommunaliteit (aangedui deur h^2),
- die bepaling van die lading van elke veranderlike op die eerste faktor,
- die vasstelling van die deel van die korrelasiekoëffisiënt wat nie betrek is by die eerste faktor nie,
- herhaling van die hele proses vir die tweede faktor en daarna vir die derde en volgende faktore totdat die ladings op die laaste faktor so minimaal is dat dit geïgnoreer kan word,
- rotasie van die asse om beter ladings op die verskillende faktore te verkry, en
- interpretasie van die resultate.

Daar is besluit vir die doeleindes van hierdie ondersoek om faktorontleding op alle Rorschach-veranderlikes toe te pas sodat daar vasgestel kan word watter faktorstuktuur onderliggend aan die veranderlikes is. Vervolgens word die veranderlikes met die hoogste gewigte onttrek en gebruik om logistiese regressies uit te voer ten einde 'n voorspellingsmodel ten opsigte van observasiegevalle daar te stel.

5.4.3 Die Chikwadraattoets

Hierdie toets kan gebruik word om vas te stel of 'n reeks metings wat proefondervindelik versamel is, noemenswaardig afwyk vanaf een of ander teoretiese verspreiding van metings wat die ondersoeker in gedagte mag hê. Dit kan ook gebruik word om vas te stel of twee of meer groepe se verspreidings op een of ander kategoriese veranderlike, statisties betekenis verskil of nie.

In hierdie ondersoek word die chikwadraattoets toegepas op alle kruistabellerings waar al die veranderlikes wat in die inligtingsbrojure ingesluit is, teenoor die misdadigersgroep sowel as die staatspasiëntegroep opgeweeg word.

Daar is, in navolging van Siegel (1956:54) se voorskrifte, besluit om die statistiese beduidendhede van veranderlikes op beide die 5%-, 1%- en 0,1% vlakke te kontroleer en streng daarvolgens te rapporteer. In die teks word dan deurgaans genoem dat die waargenome verskil betekenisvol is, in welke geval die nulhipotese verwerp is, of die waargenome verskil nie betekenisvol is nie, in welke geval die nulhipotese bevestig word. Die twee hipoteses word in hierdie verband soos volg geformuleer:

Nulhipotese - H_o
Die twee groepe naamlik misdadigers- en staatspasiënte stem op die **n** kategorieë van die afhanklike veranderlike merkwaardig ooreen.

Werkhipotese - H_1
Die twee groepe naamlik misdadigers- en staatspasiënte verskil op die **n** kategorieë van die afhanklike veranderlike noemenswaardig van mekaar.

5.4.3.1 Die Fisher se eksakte toets

Hierdie toets stel 'n navorser in staat om die presiese waarskynlikheid van enige kruistabellering (**r** x **k**) te kan bereken en is altyd 'n geldige toets. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek se tabelle waar 'n hoë persentasie van selle met verwagte tellings van minder as vyf (5) dikwels voorgekom het, gee die Fisher se eksakte toets altyd 'n geldige lesing van die **p** (waarskynlikheid).

5.4.4 Die T-Toets

Die t-toets is ontwerp met die doel om die statistiese beduidendheid van verskille tussen twee klein steekproefgemiddeldes vas te stel. Daar word aangeneem dat die veranderlikes normaal in die bevolking versprei is en daarby hang die t-verspreiding af van die graad van vryheid wat gebruik word om die standaardafwyking te bepaal. Die beduidendheidsvlak van die F-toets waarin die variansies van die twee groepe wat vergelyk word in berekening gebring word, bepaal of die verskille tussen die groepe werklike verskille tussen die groepe weerspieël. Die alternatief is dat verskille binne groepe naas verskille tussen groepe die omvang van die waargenome verskil kan beïnvloed. Hiermee word inderdaad vir homogeniteit of heterogeniteit van variansie getoets.

In hierdie ondersoek word die t-toets ten opsigte van die dertien S A Wechsler veranderlikes eenkantig toegepas en geïnterpreteer. Die betrokke hipoteses word soos volg gestel:

Nulhipotese - H_o

Op die gemiddeldes stem die misdadigers- en staatspasiëntegroepe (ten opsigte van die S A Wechsler-veranderlikes) merkwaardig ooreen.

Werkhipotese - H_1

Op die gemiddeldes beoordeel (ten opsigte van die betrokke S A Wechsler-veranderlikes) oortref die misdadigersgroep die staatspasiëntegroep of omgekeerd noemenswaardig.

5.4.5 Die Logistiese Stapsgewyse Regressie-ontleding

In plaas van die gebruiklike lineêre model by die bepaling van die sukseswaarskynlikheid op verklarende veranderlikes, word die waarskynlikheidskaal eers vanaf die (0 , 1) na die ($-\infty$, ∞)

meetbestek getransformeer. 'n Lineêre model word dus aangeneem vir die getransformeerde waarde van die sukseswaarskynlikheid, 'n prosedure wat verseker dat die passende waarskynlikhede tussen nul en een sal lê.

Die logistiese regressie of te wel logistiese transformasie van 'n sukseswaarskynlikheid **p**, is **log{p/(1-p)}** wat geskryf word as **logit(p)**. Hierop moet gelet word dat **p/(1-p)** die koers van sukses is en die logistiese transformasie van **p** dus die logaritme van die koers van sukses is. Dit is duidelik dat enige waarde van **p** binne die perke (0, 1) met die waarde van **logit(p)** in $(-\infty, \infty)$ is. Volgens Collett (1991:54) is die logistiese funksie in wese lineêr tussen p=0,2 en p=0,8 maar buite hierdie perke word dit opvallend nie-lineêr. Die lineêre logistiese model is 'n lid van 'n klas modelle wat as **veralgemeende lineêre modelle** bekend staan. Hierdie klas sluit in ook die lineêre model vir normale verspreide data asook die log-lineêre model vir data in die vorm van tellings. Die funksie wat vir **p** in verband bring met die lineêre komponent van die model, staan oor die algemeen bekend as die **skakelfunksie**. Daar word dus 'n logistiese skakelfunksie in die lineêre logistiese model gebruik (Collett 1991:54-56). Ten einde 'n lineêre logistiese model op 'n gegewe datastel toe te pas, moet die **K+1** onbekende parameters $b_0 b_1, \ldots\ldots, b_k$ eers vasgestel word. Hierdie parameters word gewoonlik bepaal deur middel van die maximum-aanneemlikheidsmetode. In wese dus is die logistiese stapsgewyse regressie-ontleding die geskikste tegniek om voorspellers te isoleer, grootliks omdat dit die bydrae van elke veranderlike stapsgewys in ag neem en evalueer. Die navorser word dus in staat gestel om die regressievergelyking te suiwer indien die aanvanklike invloed van 'n regressorveranderike deur die bydrae van veranderlikes wat daarop volg verdwerg word.

5.5 SLOTGEDEELTE

Al die gegewens is deur die ondersoeker nagesien en gekodeer, en daarna statisties verwerk met behulp van die SAS-, SPSS- sowel as die SIMCA-rekenaarpakkete.

HOOFSTUK 6

BESKRYWING VAN STEEKPROEF

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word inligting aangebied oor die observasiegevalle (naamlik 110 misdadigers en 32 staatspasiënte) wat in hierdie ondersoek betrek is.

6.2 BIOGRAFIESE INLIGTING

Sowat 80% van die misdadigergroep was jonger as 46 jaar teenoor 75% van die staatspasiëntegroep wat ook onder 46 jaar oud was. Verder was ongeveer 45% van die misdadigers ongetroud gevolg deur 33% geskeides en 16% wat getroud was. Hierteenoor was 56% van die staatspasiënte ongetroud terwyl 19% getroud was met nog 19% wat geskei was.

Met verwysing na die hoeveelheid kinders waarvan die observasiegeval afkomstig is, kom ongeveer 59% van die misdadigersgroep uit 'n gesin van 2 tot 4 kinders, terwyl die ooreenstemmende gesinsgrootte persentasie by die staatspasiënte 50% was.

Betreffende die geboorte-orde van observasiegevalle is naastenby 35% van alle misdadigers eersgeborenes terwyl ongeveer 34% van alle staatspasiënte die tweede kind in die orde van geboorte was.

6.3 BEROEPSTATUS - INLIGTING

Ongeveer 23% van die misdadigersgroep was geëmplojeer, 18% was werkloos terwyl 53% van hulle 'n onbestendige werksrekord gehad het. Daarteenoor was 31% van die staatspasiëntegroep geëmplojeer, 28% was werkloos met 34% van gevalle in hierdie groep wat 'n onbestendige werksrekord getoon het.

Verder was een-derde van die observasiegevalle wat geëmplojeer is, opgeleide ambagspersone. Uit hierdie gevalle was 75% as misdadigers en 25% as staatspasiënte geklassifiseer. Die tweede grootste subgroep onder die geëmplojeerde gevalle was verkoopspersone wat ongeveer 13% van bogenoemde subgroep uitgemaak het en wat in die geheel uitsluitlik as misdadigers geklassifiseer is.

6.4 AKADEMIESE INLIGTING

Betreffende opvoedkundige kwalifikasies het sowat 45% van alle misdadigers oor standerd tien beskik gevolg deur ongeveer 24% met diplomas en 15 persent wat by 'n spesiale skool onderrig ontvang het. Vervolgens het 34% van alle staatspasiënte standerd tien geslaag gevolg deur 28% wat spesiale skole bygewoon het. Daarby is 12% van die misdadigers en 16% van die staatspasiënte na verbeteringskole verwys. Dan was daar by 15% van die misdadigers en 13% van die staatspasiënte 'n rekord van ongemagtigde afwesigheid van skool.

6.5 ALGEMENE INLIGTING

Ongeveer 63% van alle misdadigers en 54% van alle staatspasiënte was betrokke by vorige botsings met die gereg. Met verwysing na die aantal aanklagte teen albei groepe is 87% van die misdadigers weens net een misdryf aangekla teenoor 13% wat weens meer as een misdryf aangekla is. Daarteenoor is 78% van die staatspasiëntegroep weens een misdryf aangekla terwyl die res (22%) weens een tot sewe misdrywe aangekla is.

Die grootste persentasie van die misdadigersgroep naamlik 22% is weens moord en poging tot moord aangekla. Die ooreenstemmende persentasie by die staatspasiëntegroep was sowat 19% vir dieselfde tipe misdrywe. Verder is 15% van die misdadigers en 12% van die staatspasiënte weens diefstal aangekla gevolg deur 14% van die misdadigers en 6% van die staatspasiënte wat weens huisbraak met die opset om te steel aangekla is.

Dit is ook opvallend dat 55% van alle verkragtings of beweerde verkragtings deur die staatspasiënte en 45% daarvan deur misdadigers gepleeg is. Wanneer die twee groepe teenoor mekaar ten opsigte van bogenoemde misdryf vergelyk word, dan is 19% van alle staatspasiënte weens verkragting aangekla terwyl slegs 6% van alle misdadigers op die aanklag van verkragting skuldig bevind is.

Met verwysing na alkoholmisbruik by die twee groepe is daar bevind dat 83% van alle misdadigers alkohol misbruik het teenoor 72% van alle staatspasiënte waar dit ook voorgekom het. Verder was substansieafhanklikheid aanwesig by 55% van die misdadigersgroep terwyl 62% van die staatspasiëntegroep ook afhanklikheidsvormende substansies misbruik het.

6.6 SLOTGEDEELTE

Hiermee word met die beskrywing van die steekproef volstaan. In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die ondersoek bespreek.

HOOFSTUK 7

ANALISE EN INTERPRETASIE VAN INGESAMELDE DATA

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die ondersoek aangebied. Aangesien die inligtingskedule, die Suid-Afrikaanse Wechsler-intelligensieskaal asook die Rorschach-projeksietegniek se data omvattende statistiese berekeninge moontlik maak, bevat hierdie hoofstuk baie statistiese gegewens. Met hierdie poging om die berekeninge in woord weer te gee, word redeneerpatrone daargestel wat hopelik tot sinvolle gevolgtrekkings en aanbevelings sal kan lei. Die verwerkings wat gedoen is, sluit die kruistabellerings met die gepaardgaande chikwadraattoetse, t-toetse, korrespondensie-analises, faktoranalises en regressieontledings in.

7.2 BEDUIDENDE VERANDERLIKES UIT DIE INLIGTINGSKEDULE AFGELEI

Waar die twee groepe naamlik misdadigers en staatspasiënte ten opsigte van 'n bepaalde veranderlike statisties beduidend van mekaar verskil of 'n sterk neiging daartoe getoon het, word hulle statistiese gegewens in tabelvorm weergegee. Die res van die tabelle waar verskille tussen die twee hoofgroepe statisties nie-beduidend is nie, verskyn in Bylae B.

TABEL 7.1 GROEPE TEENOOR MISDRYWE VOLGENS KLAS (A B C D & F)

GROEPE	MISDRYWE VOLGENS KLAS (A B C D & F)					
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	Klas A	Klas B	Klas C	Klas D	Klas F	Totaal
Misdadigers	2 1.41 1.82 40.00	17 11.97 15.45 58.62	36 25.35 32.73 85.71	52 36.62 47.27 83.87	3 2.11 2.73 75.00	110 77.46
Staatspasiënte	3 2.11 9.38 60.00	12 8.45 37.50 41.38	6 4.23 18.75 14.29	10 7.04 31.25 16.13	1 0.70 3.13 25.00	32 22.54
Totaal	5 3.52	29 20.42	42 29.58	62 43.66	4 2.82	142 100.00

x^2 = 13,03 - vryheidsgrade = 4 - p = 0,01

Tabel 7.1 toon dat 43,66 persent van alle misdadigers en staatspasiënte verbonde was aan klas D misdrywe, gevolg deur 29,58 persent wat aan klas C misdrywe verbonde was, terwyl 20,42 van albei groepe met klas C misdrywe geassosieer was.

Met verwysing na elke groep afsonderlik, het 15,45 persent van die misdadigers klas B misdrywe gepleeg terwyl 37,5 persent van staatspasiënte weens klas B misdrywe aangekla is. Verder is 32,73 persent van die misdadigersubgroep aan klas C misdrywe skuldig bevind teenoor 18,75 persent staatspasiënte wat weens klas C misdrywe aangekla is. Dan is die ooreenstemmende persentasies ten opsigte van klas D misdrywe 47,27 persent gevalle uit die misdadigergroep teenoor 31,25 persent gevalle uit die staatspasiëntegroep. Die chikwadraatwaarde van x^2=13,03 met vier grade van vryheid toon 'n sterk neiging tot statistiese beduidendheid op die een persent vlak maar weens die voorkoms van veertig persent selle met verwagte tellings minder as vyf is die chikwadraat weer uitgevoer nadat die relatiewe klein kategorieë van klas A en klas F misdrywe weggelaat is. Dit het aanleiding tot die onderstaande tabel 7.2 gegee.

TABEL 7.2 GROEPE TEENOOR MISDRYWE VOLGENS KLAS (B C & D)

GROEPE	MISDRYWE VOLGENS KLAS (B C & D)			
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	Klas B	Klas C	Klas D	Totaal
Misdadigers	17 12.78 16.19 58.62	36 27.07 34.29 85.71	52 39.10 49.52 83.87	105 78.95
Staatspasiënte	12 9.02 42.86 41.38	6 4.51 21.43 14.29	10 7.52 35.71 16.13	28 21.05
Totaal	29 21.80	42 31.58	62 46.62	133 100.00

Verlore Frekwensie = 9

x^2 = 9,27 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,01

Tabel 7.2 met die gewysigde steekproeftotaal van 133 gevalle gee 'n berekende chikwadraatwaarde van 9,27 wat met twee vryheidsgrade op die een persent peil beduidend is. Die rypersentasietendens ten opsigte van die misdadiger- en staatspasiëntegroepe bly dieselfde as by tabel 7.1. Gevolglik word die alternatiewe hipotese aanvaar aangesien misdadigers en staatspasiënte noemenswaardig van mekaar verskil met betrekking tot die pleging van misdrywe volgens klas (B C en D).

Vervolgens word die twee groepe se gegewens met betrekking tot die verrigting van militêre diens al dan nie, in tabel 7.3 uiteengesit.

TABEL 7.3 GROEPE TEENOOR VERRIGTING VAN MILITÊRE DIENS

GROEPE	VERRIGTING VAN MILITÊRE DIENS		
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	51 35.92 46.36 87.93	59 41.55 53.64 70.24	110 77.46
Staatspasiënte	7 4.93 21.88 12.07	25 17.61 78.13 29.76	32 22.54
Totaal	58 40.85	84 59.15	142 100.00

x^2 = 6,15 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,01

Die chikwadraatwaarde van 6,15 met een vryheidsgraad is beduidend op die een persent vlak en bevestig die feit dat misdadigers betekenisvol van staatspasiënte verskil aangaande die verrigting van militêre diens, al dan nie. Die alternatiewe hipotese word dus ook in hierdie geval aanvaar.

Verder volg die besonderhede van beide groepe betreffende vorige psigiatriese behandeling, al dan nie, soos hulle in tabel 7.4 weergegee word.

TABEL 7.4 GROEPE TEENOOR VORIGE PSIGIATRIESE BEHANDELING

GROEPE	VORIGE PSIGIATRIESE BEHANDELING		
Frekwensie Totale % Ry % kolom %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	15 10.56 13.64 42.86	95 66.90 86.36 88.79	110 77.46
Staatspasiënte	20 14.08 62.50 57.14	12 8.45 37.50 11.21	32 22.54
Totaal	35 24.65	107 75.35	142 100.00

x^2 = 31,87 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,00

Bostaande tabel 7.4 toon dat 62,5 persent van staatspasiënte, vorige psigiatriese behandeling ontvang het terwyl hierdie verskynsel slegs by 13,64 persent van misdadigers voorgekom het. Die chikwadraatwaarde van 31,87 is met een vryheidsgraad statisties hoogs beduidend en hierdeur word die alternatiewe hipotese weereens aanvaar.

In tabel 7.5 word die twee groepe, naamlik misdadigers en staatspasiënte, se statistiese gegewens met betrekking tot die verskeie diagnoses waarvolgens hulle na afloop van dertig dae observasietydperk geklassifiseer is, uiteengesit.

'ABEL 7.5 GROEPE TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

'ROEPE	P S I G I A T R I E S E D I A G N O S E S									
'rekwensie 'otale % :y % :olom %	SU	SGI	GM	AN	SK	GE	MT	GD	KO	Totaal
:isdadigers	33 23.24 30.00 94.29	4 2.82 3.64 80.00	7 4.93 6.36 77.78	28 19.72 25.45 96.55	1 0.70 0.91 10.00	12 8.45 10.91 54.55	2 1.41 1.82 28.57	23 16.20 20.91 100.00	0 0.00 0.00 0.00	110 77.46
:taatspasiënte	2 1.41 6.25 5.71	1 0.70 3.13 20.00	2 1.41 6.25 22.22	1 0.70 3.13 3.45	9 6.34 28.12 90.00	10 7.04 31.24 45.45	5 3.52 15.63 71.43	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 6.25 100.00	32 22.54
'otaal	35 24.65	5 3.52	9 6.34	29 20.42	10 7.04	22 15.49	7 4.93	23 16.20	2 1.41	142 100.00

x^2 = 67,59 - vryheidsgrade = 8 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001**

SU = Substansverwante versteurings

SGI = Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings

GM = Gemoedsversteurings

AN = Antisosiale persoonlikheidsversteurings

SK = Skisofrenie
GE = Geestesvertraging
MT = Mediesverwante toestande
GD = Geen psigiatriese diagnose
KO = Kognitiewe versteurings

Die hoë statistiese beduidendheid word hier weerspieël in die hoë chikwadraatwaarde van 67,59 met 8 grade van vryheid en 'n waarskynlikheidswaarde kleiner as 0,001 wat deur Fisher se eksakte toets bereken is. Uit die psigiatriese diagnoses wat oorwegend onder die misdadigers voorgekom het, is antisosiale persoonlikheidsversteurings (96,55 persent) substansverwanteversteurings (94,29 persent) seksuele en geslagsidentiteitsversteurings (80 persent) en gemoedsversteurings (77,78 persent). Onder die diagnoses wat hoofsaaklik by die staatspasiënte aangetref is, is skisofrenie (90 persent) en mediesverwante toestande (71,43 persent). Geen psigiatriese diagnoses het uitsluitlik onder die misdadigers voorgekom en hierdie kategorie (naamlik "Geen psigiatriese diagnose") is by 16,20 persent van alle misdadigers aanwesig. Bogenoemde bring mee dat die werkhipotese aanvaar word.

7.3 RESULTATE VAN DIE SA WECHSLER INTELLIGENSIESKAAL

Met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Wechsler intelligensieskaal se veranderlikes word die rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, t-toetse en beduidendheid van tussengroepse verskille, in tabel 7.6 weergegee. Die t-toetswaardes het betekenisvolle verskille tussen die misdadigers- en staatspasiëntegroepe getoon op alle SA Wechsler IK veranderlikes met die uitsondering van veranderlike "algemene inligting". Nadat die hipotese stelling dus eenkantig getoets is, word die afleiding gemaak dat, met die uitsondering van veranderlike "algemene inligting", lede van die misdadigersgroep statisties betekenisvol hoër tellings as lede van die staatspasiëntegroep op die SA Wechsler intelligensieskaal behaal het. Op grond hiervan word die nulhipotese (H_0) verwerp en die alternatiewe hipotese (H_1) aanvaar.

BEL 7.6

STATISTIESE KENMERKE VAN DIE S A WECHSLER VERANDERLIKES BY DIE MISDADIGERS- EN STAATSPASIëNTEGROEPE

Veranderlikes	Misdadigersgroep N = 110		Staatspasiëntegroep N = 32		T-toets	P-Waarde **
	Rek. Gem.	Std. Afw.	Rek. Gem.	Std. Afw.		
Algemene inligting	7.85	1.96	7.12	2.07	1.83	0.069
Algemene begrip	8.75	2.29	7.08	2.78	3.45	0.000
Rekeningkundige redeneervermoë	7.88	1.84	6.59	2.10	3.36	0.001
Syferherhaling	9.03	2.53	7.83	2.19	2.44	0.016
Ooreenkomste	9.44	2.23	8.17	2.85	2.64	0.009
Prentvoltooiing	9.56	2.49	7.95	3.39	2.49*	0.017
Voorwerpsamevoeging	9.64	2.29	8.28	2.98	2.38*	0.021
Blokpatrone	9.88	2.40	8.44	3.16	2.39*	0.021
Syfersimboolvervanging	9.06	2.25	7.01	2.42	4.45	0.000
Prentrangskikking	10.53	2.41	9.03	3.24	2.43*	0.019
Verbale IK-skaal	86.83	16.26	75.06	19.10	3.46	0.000
Praktiese IK-skaal	97.15	15.57	82.56	24.44	3.19*	0.002
Volle IK-skaal	91.89	14.49	78.09	22.04	3.34*	0.001

Aangepas vir heterogeniteit van variansie
P > 0,05 Geen betekenisvolle verskil
0,01 < P < 0,05 Betekenisvol
P < 0,01 Hoogs betekenisvol

7.4 KRUISTABELLE EN KORRESPONSENSIE-ANALISES OP GROND VAN INLIGTINGSKEDULE- EN WECHSLERSKAAL VERANDERLIKES

Die daaropvolgende kommentaar op kruistabelle en korrespondensie-analises is gebaseer op uitgesoekte veranderlikes uit die inligtingskedule asook die IK-indeling wat in hoofstuk 5 uiteengesit is.

7.4.1 Subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor A tot F klas misdrywe

Tabel 7.7, wat verder verskyn, wys dat Klas A misdrywe deur 80 persent misdadigers en staatspasiënte sonder vorige oortredings gepleeg word. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat hierdie subgroepe wat Klas A misdrywe gepleeg het slegs 3,52 persent van die totale steekproef verteenwoordig.

Vervolgens is Klas B misdrywe wat 20,42 persent van die steekproef uitmaak, gepleeg deur:

(a) die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** (34,48 persent)
(b) die ***staatspasiëntesubgroep met 'n vorige oortredingsrekord*** (31,03 persent)
(c) die ***misdadigersubgroep sonder 'n vorige rekord van oortredings*** (24,14 persent) en
(d) die ***staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings*** (10,34 persent).

Hier word ook opgemerk dat 41,37 persent van alle Klas B misdrywe deur die twee bogenoemde staatpasiëntesubgroepe gepleeg is, dus 'n persentasie heelwat hoër as die gemiddelde 22,54 persent vir alle klasse misdrywe wat deur staatspasiënte gepleeg is.

Vervolgens is Klas C misdrywe deur 29,58 persent van die totale groep (misdadigers en staatspasiënte) gepleeg. Hierdie klas misdrywe bevat 47,62 persent gevalle uit die ***misdadigersubgroep***

met vorige oortredings, gevolg deur 38,10 persent uit die ***misdadigersubgroep sonder vorige rekord van oortredings.***

Die Klas D misdrywe is hoofsaaklik deur die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** gepleeg (58,06 persent) gevolg deur die ***misdadigersubgroep sonder vorige oortredings*** (25,81 persent), die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings*** (6,45 persent) en die ***staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings*** (9,68 persent).

Dit is verder opvallend dat Klas D misdrywe die hoogste persentasie van alle klas misdrywe naamlik 43,66 persent uitmaak gevolg deur 29,58 persent in die Klas C, 20,42 persent in die Klas B, 3,52 persent in die Klas A en 2,82 persent in die Klas F. Dan word beide misdadigersubgroepe (met en sonder vorige oortredings) die hoogste verteenwoordig onder die Klas C misdrywe naamlik 85,72 persent, terwyl beide staatspasiëntesubgroepe onder die Klas B misdrywe (41,37 persent) voorkom.

Met verwysing na die onderskeie subgroepe se misdrywe of beweerde misdrywe word die volgende kontraste waargeneem wat dan ook die statistiese beduidendheid tussen die genoemde subgroepe verklaar. Die helfte (50 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings*** het klas B beweerde misdrywe gepleeg teenoor 14,49 persent van die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** wat ook klas B misdrywe gepleeg het. Vervolgens het 39,02 persent van die ***misdadigersubgroep sonder vorige oortredings*** klas C misdrywe gepleeg teenoor 21,43 persent van die ***staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings*** wat ook beweerde klas C misdrywe gepleeg het. Dan het meer as die helfte (52,17 persent) van die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings***, klas D misdrywe gepleeg teenoor 22,22 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings*** wat weens dieselfde klas D misdrywe aangekla is.

TABEL 7.7 SUBGROEPE MET EN SONDER VORIGE OORTREDINGS TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE

KLAS A TOT F MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MO	MNO	SO	SNO	Totaal
Klas A misdrywe	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 40.00 4.88	1 0.70 20.00 5.56	2 1.41 40.00 14.29	5 3.52
Klas B misdrywe	10 7.04 34.48 14.49	7 4.93 24.14 17.07	9 6.34 31.03 50.00	3 2.11 10.34 21.43	29 20.42
Klas C misdrywe	20 14.08 47.62 28.99	16 11.27 38.10 39.02	3 2.11 7.14 16.67	3 2.11 7.14 21.43	42 29.58
Klas D misdrywe	36 25.35 58.06 52.17	16 11.27 25.81 39.02	4 2.82 6.45 22.22	6 4.23 9.68 42.86	62 43.66
Klas F misdrywe	3 2.11 75.00 4.35	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 25.00 5.56	0 0.00 0.00 0.00	4 2.82
Totaal	69 48.59	41 28.87	18 12.68	14 9.86	142 100.00

x^2 = 25,01 - vryheidsgrade = 12 - p = 0,01

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en op grond hiervan word die werkhipotese aanvaar.

+MO = Misdadigersubgroep met vorige oortredings

+MNO = Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings

+SO = Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings

+SNO = Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings

7.4.2 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor A tot F klas misdrywe

Die onderstaande Figuur 1 is die resultaat van 'n korrespondensie-analise wat op tabel 7.7 se gegewens uitgevoer is. Die volgende kan hieruit afgelei word:
Die vertikale as onderskei tussen die misdadigersubgroepe en die staatspasiëntesubgroepe terwyl die horisontale as 'n onderskeid tref tussen die subgroepe met vorige oortredings en die subgroepe sonder vorige oortredings. Dit kom duidelik na vore dat Klas C misdrywe (*C) asook Klas D misdrywe (*D) (op grond van die afstand tussen *C en *D) oor naastenby soortgelyke profiele beskik en gelyktydig verwantskap toon met beide misdadigersubgroepe. Daarteenoor hou Klas A misdrywe (*A), Klas B misdrywe (*B) en Klas F misdrywe (*F) verband met die staatspasiëntesubgroepe. Die buitengewone posisies van *A en *F word grootliks toegeskryf aan hulle lae frekwensies en gevolglik ooreenstemmende klein gewigte. Daarby hou die kontras tussen *A en *F verband met die feit dat die ***staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings*** direk teenoor die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings*** staan. Die groter distansie tussen *F en +SO as tussen *F en +MO en selfs tussen *F en +MNO kan verklaar word deur *F se grensposisie by die onderste twee kwadrante.

FIGUUR 1

SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS)
V. MISDRYWE (KLAS)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.1052 (59.7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.550 (31.2%)
90.9% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MO	=	Misdadigersubgroep met vorige oortredings
+MNO	=	Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings
+SO	=	Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings
+SNO	=	Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings
*A	=	Klas A misdrywe
*B	=	Klas B misdrywe
*C	=	Klas C misdrywe
*D	=	Klas D misdrywe
*F	=	Klas F misdrywe

7.4.3 Subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Tabel 7.8 toon dat persoongerigte geweldmisdade die kategorieë is wat meer as die helfte van die syfer uitmaak by alle groepe, naamlik 52,11 persent gevolg deur nie-geweldmisdade (30,28 persent) en niepersoongerigte geweldmisdade (17,61 persent). In hierdie verband het 65,85 persent van die ***misdadigersubgroep sonder vorige oortredings***, persoonsgerigte geweldmisdrywe gepleeg, gevolg deur 57,14 persent van die ***staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings***; 55,56 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met vorige veroordelings*** en 42,03 persent van die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings***. Dis ook opmerklik dat 60,47 persent van alle niegeweldmisdrywe deur die ***misdadigers met vorige oortredings*** gepleeg is, terwyl by dieselfde subgroep 56 persent van alle niepersoongerigte geweldmisdrywe aangetref is.

TABEL 7.8 SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE

GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS				
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	MO	MNO	SO	SNO	Totaal
Persoonsgerigte Geweldsmismisdrywe	29 20.42 39.19 42.03	27 19.01 36.49 65.85	10 7.04 13.51 55.56	8 5.63 10.81 57.14	74 52.11
Nie-persoons-gerigte Geweldsmismisdrywe	14 9.86 56.00 20.29	6 4.23 24.00 14.63	2 1.41 8.00 11.11	3 2.11 12.00 21.43	25 17.61
Nie-geweldsmisdrywe	26 18.31 60.47 37.68	8 5.63 18.60 19.51	6 4.23 13.95 33.33	3 2.11 6.98 21.43	43 30.28
Totaal	69 48.59	41 28.87	18 12.68	14 9.86	142 100.00

x^2 = 7,21 - vryheidsgrade = 6 - p = 0,30

Volgens Fisher se eksakte toets is p = 0,302 en op grond hiervan word die nulhipotese aanvaar.

+MO = Misdadigersubgroep met vorige oortredings
+MNO = Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings
+SO = Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings
+SNO = Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings

7.4.4 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder vorige oortredings teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Die daaropvolgende Figuur 2 het betrekking op tabel 7.8. Aangesien die chikwadraatwaarde van 7,212 nie statisties beduidend is nie word die posisies van die verskeie veranderlikes

met sekere voorbehoud geïnterpreteer. Die horisontale as onderskei tussen aan die bokant die +SO subgroep en aan die onderkant die +SNO en die +MO subgroepe. Daar kan egter nie met sekerheid stateer word waar +MNO ten opsigte van die horisontale as val nie. Met betrekking tot die vertikale as is die +MO subgroep aan die regterkant daarvan geleë terwyl die +SO +MNO en +MNO subgroepe aan die linkerkant val.

Dit is duidelik dat sowel nie-persoonsgerigte geweldmisdrywe as nie-geweldmisdrywe hoofsaaklik deur misdadigers met vorige oortredings gepleeg is terwyl die pleeg van persoonsgerigte geweldmisdrywe meer eweredig onder die twee misdadigersubgroepe versprei is.

FIGUUR 2

SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS) V. MISDRYWE
(GEWELD / NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0451 (88,7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0057 (11,3%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MO	=	Misdadigersubgroep met vorige oortredings
+MNO	=	Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings
+SO	=	Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings
+SNO	=	Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings

*PG = Persoonsgerigte geweldmisdrywe
*PN = Niepersoongerigte geweldmisdrywe
*NG = Nie-geweldmisdrywe

7.4.5 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor A tot F misdrywe

Tabel 7.9 gee 'n uiteensetting van die syfers en persentasies misdrywe volgens klas soos by die onderskeie subgroepe (met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik) voorgekom het. Meer as die helfte (52,63 persent) van die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** het Klas D misdrywe gepleeg, gevolg deur 31,58 present wat aan Klas B misdrywe skuldig bevind is. Ongeveer 46,15 persent van ***misdadigers met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** het hulself aan Klas D misdrywe skuldig gemaak, gevolg deur 38,46 persent wat Klas C misdrywe gepleeg het. Onder die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** is 34,78 persent vir Klas B misdrywe aangekla, gevolg deur 30,43 persent vir Klas D en 21,74 persent vir Klas C misdrywe. Vervolgens is 44,44 persent van die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** weens Klas B misdrywe aangekla, gevolg deur 'n derde (33,33 persent) wat weens Klas D misdrywe aangekla is. Volgens die klas-misdryweklassifikasie word die botoon gevoer deur Klas D misdrywe (43,66 persent), gevolg deur Klas C (29,58 persent) en Klas B (20,42 persent).

Daar is opmerklike kontraste in die persentasies misdrywe onder die volgende subgroepe: meer as 'n derde (34,78 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** teenoor 12,09 persent van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** met betrekking tot klas B misdrywe. Ongeveer 38,5 persent van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** teenoor 21,74 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** aangaande klas C misdrywe. Dan is daar 52,63 persent van die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** teenoor

33,33 persent van ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** wat met klas D misdrywe geassosieer was.

TABEL 7.9 **SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE**

KLAS A TOT F MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN ALKOHOLMISBRUIK				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MA	MNA	SA	SNA	Totaal
Klas A misdrywe	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 40.00 10.53	2 1.41 40.00 8.70	1 0.70 20.00 11.11	5 3.52
Klas B misdrywe	11 7.75 37.93 12.09	6 4.23 20.69 31.58	8 5.63 27.59 34.78	4 2.82 13.79 44.44	29 20.42
Klas C misdrywe	35 24.65 83.33 38.46	1 0.70 2.38 5.26	5 3.52 11.90 21.74	1 0.70 2.38 11.11	42 29.58
Klas D misdrywe	42 29.58 67.74 46.15	10 7.04 16.13 52.63	7 4.93 11.29 30.43	3 2.11 4.84 33.33	62 43.66
Klas F misdrywe	3 2.11 75.00 3.30	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 25.00 4.35	0 0.00 0.00 0.00	4 2.82
Totaal	91 64.08	19 13.38	23 16.20	9 6.34	142 100.00

x^2 = 28,61 - vryheidsgrade = 12 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en hierdie waarskynlikheid bring mee dat die werkhipotese aanvaar word ten opsigte van die onderskeie subgroepe se aandeel tot die pleging van klas A tot klas F misdrywe.

+MA = Misdadigersubgroep met geskiedenis van

alkoholmisbruik

+MNA = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

+SA = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik

+SNA = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

7.4.6 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor A tot F klas misdrywe

Uit Figuur 3 wat hierop volg en na tabel 7.9 verwys, word die volgende afgelei: Waar die horisontale as die staatspasiëntesubgroepe van die misdadigersubgroepe onderskei, tref die vertikale as 'n onderskeid tussen die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** aan die linkerkant teenoor die oorblywende subgroepe aan die regterkant. Hierdie kontras wat deur die vertikale as by die subgroepe waarneembaar is, korrespondeer met die klein verskil wat tussen Klas F misdrywe bokant die horisontale as en die res van die misdrywe wat van links na regs langs die horisontale as uitgebeeld word. In hierdie verband kan gesien word dat Klas C sowel as Klas D misdrywe oorwegend deur die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** gepleeg is.

FIGUUR 3

**SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK)
V. MISDRYWE (KLAS)**



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.1805 (89.6%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0192 (9.5%)
99.1% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MA	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
+MNA	=	Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
+SA	=	Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik

+SNA	=	Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
*A	=	Klas A misdrywe
*B	=	Klas B misdrywe
*C	=	Klas C misdrywe
*D	=	Klas D misdrywe
*F	=	Klas F misdrywe

7.4.7 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

In Tabel 7.10 word weereens die subgroepe (soos ingedeel ten opsigte van alkoholmisbruik) se responsbesonderhede volgens die klassifikasie persoons-/niepersoongerigte geweldmisdrywe/ niegeweldmisdrywe weergegee. Die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** het 64,08 persent van die totale steekproef uitgemaak. In bogenoemde subgroep het 68,13 persent van die gevalle persoonsgerigte en niepersoongerigte geweldmisdrywe gepleeg, terwyl 31,87 persent van hierdie sub-groep aan niegeweldmisdrywe skuldig bevind is. Onder die misdadigers wat nie alkohol misbruik het nie, is 73,69 persent skuldig bevind aan geweldsmisdrywe en 26,32 persent aan nie-geweldsmisdrywe.

Onder die ***staatspasiënte wat alkohol misbruik het*** is 73,91 persent weens persoonsgerigte en niepersoongerigte geweldmisdrywe aangekla, terwyl meer as een-kwart (26,09 persent) van dieselfde groep weens niegeweldmisdrywe aangekla is. Verder het die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** slegs 6,34 persent van die totale steekproef uitgemaak. Een derde van laasgenoemde subgroep is weens niegeweldmisdrywe aangekla, terwyl twee derdes weens persoonsgerigte en niepersoongerigte geweldmisdrywe aangekla is.

TABEL 7.10 **SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE**

GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN ALKOHOLMISBRUIK				
Frekwensie Persent Ry % kol %	MA	MNA	SA	SNA	Totaal
Persoonge- rigte Geweldsmis- drywe	47 33.10 63.51 51.65	9 6.34 12.16 47.37	13 9.15 17.57 56.52	5 3.52 6.76 55.56	74 52.11
Nie-persoons -gerigte Geweldsmis- drywe	15 10.56 60.00 16.48	5 3.52 20.00 26.32	4 2.82 16.00 17.39	1 0.70 4.00 11.11	25 17.61
Nie gewelds- misdrywe	29 20.42 67.44 31.87	5 3.52 11.63 26.32	6 4.23 13.95 26.09	3 2.11 6.98 33.33	43 30.28
Totaal	91 64.08	19 13.38	23 16.20	9 6.34	142 100.00

x^2 = 1,63 - vryheidsgrade = 6 - p = 0,95

Volgens Fisher se eksakte toets is **p = 0,96** en op grond van hierdie waarskynlikheidswaarde word die nulhipotese aanvaar.

+MA = Misdadigersubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik

+MNA = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

+SA = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik

+SNA = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

7.4.8 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Figuur 4 wat betrekking het op tabel 7.10 gee 'n eenvoudige voorbeeld van die feitlik afwesige verwantskap tussen rye en kolomme wat voorgestel word in die klein verskil by die profielpunte van die (hierdie) betrokke figuur. Wat ook verder duidelik uitstaan is dat alle tipe misdade meesal deur *misdadigers met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik* gepleeg is.

FIGUUR 4

SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK) V. MISDRYWE (GEWELD / NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0096 (83.5%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0019 (16.5%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MA	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
+MNA	=	Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
+SA	=	Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik

+SNA = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

*PG = Persoonsgerigte geweldmisdrywe

*PN = Niepersoongerigte geweldmisdrywe

*NG = Niegeweldmisdrywe

7.4.9 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor A tot F misdrywe

Tabel 7.11 toon die statistiese besonderhede van die misdrywe wat volgens klas ingedeel is, soos dit in die onderskeie subgroepe ten opsigte van substansmisbruik en nie-substansmisbruik geklassifiseer is. Ongeveer 43,66 persent van alle misdrywe en beweerde misdrywe val in die Klas D, gevolg deur 29,58 persent in die Klas C en 20,42 persent in die Klas B misdrywe. Die hoogste persentasie onder die bepaalde subgroepe (42,25 persent) kom voor onder die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik***.

Sestig persent van bogenoemde subgroep is aan Klas D misdrywe skuldig bevind, terwyl 44 persent van ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** aan Klas C misdrywe skuldig bevind is. Verder is 40 persent van die staatspasiëntegroep met geskiedenis van substansmisbruik weens Klas B misdrywe aangekla, gevolg deur 'n derde van staatspasiënte sonder geskiedenis van substansmisbruik wat ook weens dieselfde klas misdrywe aangekla is.

Die volgende gekontrasteerde persentasies word ook by die onderskeie subgroepe waargeneem. Veertig (40) persent van die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** is weens klas B misdrywe aangekla teenoor 13,33 van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** wat klas B misdrywe gepleeg het. Vier-en-veertig (44) persent van die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** het klas C misdrywe gepleeg teenoor 16,67 persent van die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** wat weens klas C misdrywe aangekla is. Dan het 60 persent van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** klas D misdrywe gepleeg teenoor 35 persent van die

staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik wat weens dieselfde klas D misdrywe aangekla is.

TABEL 7.11 SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK TEENOOR A TOT F KLAS MISDRYWE

KLAS A TOT F MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MS	MNS	SS	SNS	Totaal
Klas A misdrywe	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 40.00 4.00	1 0.70 20.00 5.00	2 1.41 40.00 16.67	5 3.52
Klas B misdrywe	8 5.63 27.59 13.33	9 6.34 31.03 18.00	8 5.63 27.59 40.00	4 2.82 13.79 33.33	29 20.42
Klas C misdrywe	14 9.86 33.33 23.33	22 15.49 52.38 44.00	4 2.82 9.52 20.00	2 1.41 4.76 16.67	42 29.58
Klas D misdrywe	36 25.35 58.06 60.00	16 11.27 25.81 32.00	7 4.93 11.29 35.00	3 2.11 4.84 25.00	62 43.66
Klas F misdrywe	2 1.41 50.00 3.33	1 0.70 25.00 2.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 25.00 8.33	4 2.82
Totaal	60 42.25	50 35.21	20 14.08	12 8.45	142 100.00

x^2 = 28,68 - vryheidsgrade = 12 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en hierdie waarde het meegebring dat die nulhipotese verwerp word en die werkhipotese aanvaar word.

+MS = Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik

+MNS = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

+SS = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van substansmisbruik

+SNS = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

7.4.10 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor A tot F klas misdrywe

Tabel 7.11 se gegewens is gebruik om Figuur 5 se korrespondensie-analise uit te werk (tot stand te bring). Waar die vertikale as 'n onderskeid tref tussen aan die regterkant die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor die res van die subgroepe aan die linkerkant, is die horisontale as se onderskeid duidelik sigbaar tussen enersyds die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor die ander subgroepe andersyds. In hierdie opsig word Klas C misdrywe oorwegend deur ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** gepleeg terwyl Klas D misdrywe meesal deur ***misdadigers met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** gepleeg is. Verder is dit opmerklik dat Klas A en Klas B misdrywe nou verwant is met die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik.***

FIGUUR 5

SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK) V. MISDRYWE (KLAS)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.1052 (59.7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0550 (31.2%)
90.9% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MS	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
+MNS	=	Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik
+SS	=	Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
+SNS	=	Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik
*A	=	Klas A misdrywe
*B	=	Klas B misdrywe
*C	=	Klas C misdrywe
*D	=	Klas D misdrywe
*F	=	Klas F misdrywe

7.4.11 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

In tabel 7.12 word 'n uiteensetting gegee van die statistiese gegewens

van die vier subgroepe soos hulle met betrekking tot substans en nie-substansmisbruik geklassifiseer is teenoor die persoons-/geweldmisdrywe niepersoongerigte/niegeweldmisdrywe klassifikasie. Hier blyk dit dat ongeveer twee derdes (66 persent) ***van misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** hulleself aan persoons-/niepersoonsgerigte geweldmisdrywe skuldig gemaak het, gevolg deur 58,33 persent ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** en 55 persent ***staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** wat weens dieselfde tipe misdrywe aangekla is. Vervolgens is 41,67 persent ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** weens niegeweldmisdrywe aangekla. Dis ook opmerklik dat persoonsgerigte geweldmisdrywe meer by die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** voorgekom het, naamlik 44,59 persent. Met betrekking tot niepersoongerigte geweldmisdrywe lê die oorwig van 56 persent by die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik.***

In vergelyking met 55 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** wat beweerde persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg het, het 38,33 persent van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** dieselfde tipe misdrywe gepleeg. Verder het 38,33 persent ***misdadigers met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor 20 persent ***staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** nie-geweldsmisdrywe of beweerde nie-geweldsmisdrywe gepleeg. Die ooreenstemmende persentasies vir dieselfde tipe misdrywe was 22 persent vir die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** en 41,67 persent vir die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik.***

TABEL 7.12 SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE

GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MS	MNS	SS	SNS	Totaal
Persoonsgerigte Geweldsmisdrywe	23 16.20 31.08 38.33	33 23.24 44.59 66.00	11 7.75 14.86 55.00	7 4.93 9.46 58.33	74 52.11
Nie-persoons-gerigte Geweldsmisdrywe	14 9.86 56.00 23.33	6 4.23 24.00 12.00	5 3.52 20.00 25.00	0 0.00 0.00 0.00	25 17.61
Nie-geweldsmisdrywe	23 16.20 53.49 38.33	11 7.75 25.58 22.00	4 2.82 9.30 20.00	5 3.52 11.63 41.67	43 30.28
Totaal	60 42.25	50 35.21	20 14.08	12 8.45	142 100.00

x^2 = 12,53 - vryheidsgrade = 6 - p = 0,05

Volgens Fisher se eksakte toets is p = 0,04 en dit beteken dat die nulhipotese verwerp word terwyl die werkhipotese aanvaar word.

+MS = Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik

+MNS = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

+SS = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van substansmisbruik

+SNS = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

7.4.12 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Figuur 6 wat volgens tabel 7.12 se gegewens opgestel is, toon aan dat die horisontale as tussen die ***staatspasiëntesubgroepe*** onderskei terwyl die vertikale as dieselfde doen ten opsigte van die ***misdadigersubgroepe***. Hieruit kan afgelei word dat persoonsgerigte geweldmisdrywe primêr aan die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** gekoppel is. ***Misdadigers met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** is hoofsaaklik weens niegeweldmisdrywe en niepersoongerigte geweldmisdrywe skuldig bevind.

FIGUUR 6

SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK) V. MISDRYWE (GEWELD - NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0624 (70.7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0259 (29.3%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MS	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
+MNS	=	Misdadigersgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

+SS = Staatspasiëntegroep met geskiedenis van substansmisbruik

+SNS = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

*PG = Persoonsgerigte geweldmisdrywe

*PN = Niepersoongerigte geweldmisdrywe

*NG = Niegeweldmisdrywe

7.4.13 Subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

In tabel 7.13 verskyn die statistiese besonderhede van misdrywe volgens die persoons-/nie persoonsgerigte geweldmisdrywe/niegeweldmisdrywe klassifikasie soos hulle onder die subgroepe ten opsigte van die totale intelligensiekwosiënt ingedeel is. Die vernaamste bevindinge word hieronder aangedui. Onder die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** het 60 persent persoonsgerigte geweldmisdrywe gepleeg, terwyl 63,64 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** ook weens persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla is. Verder is twee derdes van die ***staatspasiënte met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** weens nie-persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla.

Na aanleiding van Fisher se eksakte toets verskil die verskeie subgroepe statisties beduidend van mekaar en word die volgende gekontrasteerde persentasies opgemerk: Sestig (60) persent van die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor een derde (33,33 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** het persoonsgerigte of beweerde persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg. Dan het 30 persent van die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor twee derdes (66,67 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** nie-persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg. Daarby is 16,98 persent van die ***misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor 28,57 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** weens dieselfde as laasgenoemde misdrywe vir observasie verwys.

TABEL 7.13 SUBGROEPE (T.O.V TOTALE IK) TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE

GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	SUBGROEPE (TOTALE IK)						
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBTI	MGTI	MOTI	SBTI	SGTI	SOTI	Totaal
Persoonsgerigte Geweldsmisdrywe	6 4.23 8.11 60.00	26 18.31 35.14 49.06	24 16.90 32.43 51.06	1 0.70 1.35 33.33	3 2.11 4.05 42.86	14 9.86 18.92 63.64	74 52.11
Nie-persoons-gerigte Geweldsmisdrywe	3 2.11 12.00 30.00	9 6.34 36.00 16.98	8 5.63 32.00 17.02	2 1.41 8.00 66.67	2 1.41 8.00 28.57	1 0.70 4.00 4.55	25 17.61
Nie-gewelds-misdrywe	1 0.70 2.33 10.00	18 12.68 41.86 33.96	15 10.56 34.88 31.91	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 4.65 28.57	7 4.93 16.28 31.82	43 30.28
Totaal	10 7.04	53 37.32	47 33.10	3 2.11	7 4.93	22 15.49	142 100.00

x^2 = 11,28 - vryheidsgrade = 10 - p = 0,34

Fisher se eksakte toets toon dat **p < 0,001** en op grond hiervan word die nulhipotese verwerp en die alternatiewe hipotese aanvaar.

+MBTI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MGTI = Misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MOTI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SBTI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SGTI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SOTI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

7.4.14 Korrespondensie-analise ingedeel volgens totale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Figuur 7 wat met behulp van tabel 7.13 se data opgestel is, wys dat ***misdadigers met gemiddelde en ondergemiddelde intelligensie*** oorwegend niegeweldmisdrywe sowel as niepersoongerigte geweldmisdrywe pleeg. Verder is ***staatspasiënte met ondergemiddelde intelligensie*** meesal weens persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla, terwyl ***staatspasiënte met gemiddelde intelligensie*** nouer verwantskap met niepersoongerigte geweldmisdrywe toon.

FIGUUR 7

SUBGROEPE (T.O.V. TOTALE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0676 (85.1%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0118 (14.9%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBTI	=	Misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+MGTI	=	Misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+MOTI	=	Misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+SBTI	=	Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+SGTI	=	Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+SOTI	=	Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt
*PG	=	Persoonsgerigte geweldmisdrywe
*PN	=	Niepersoongerigte geweldmisdrywe
*NG	=	Niegeweldmisdrywe

7.4.15 Subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Tabel 7.14 gee 'n uiteensetting van misdrywe volgens die persoons-/niepersoonsgerigte geweldmisdrywe/niegeweldmisdrywe klassifikasie soos hulle onder die subgroepe volgens die verbale intelligensiekwosiënt-indeling voorgekom het. Dit blyk dat 62,5 persent van die ***staatspasiënte met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** weens persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla is, gevolg deur 37,5 van die ***staatspasiënte met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** wat vanweë dieselfde tipe geweldmisdrywe aangekla is. Dit is ook opvallend dat geen staatspasiënt oor 'n bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt beskik het nie. Onder die misdadigersubgroepe het persoonsgerigte geweldmisdrywe die meeste voorgekom. Die ooreenstemmende persentasies is 60 persent van die ***misdadigers met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt***, 51,52 persent van die ***misdadigers met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** en 49,25 van die ***misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** wat dus persoonsgerigte misdrywe gepleeg het.

TABEL 7.14 **SUBGROEPE (T.O.V VERBALE IK) TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE**

GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE	SUBGROEPE (VERBALE IK)					
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBVI	MGVI	MOVI	SGVI	SOVI	Totaal
Persoonsgerigte Geweldsmisdrywe	6 4.23 8.11 60.00	17 11.97 22.97 51.52	33 23.24 44.59 49.25	3 2.11 4.05 37.50	15 10.56 20.27 62.50	74 52.11
Nie-persoons-gerigte Geweldsmisdrywe	1 0.70 4.00 10.00	5 3.52 20.00 15.15	14 9.86 56.00 20.90	3 2.11 12.00 37.50	2 1.41 8.00 8.33	25 17.61
Nie-gewelds-misdrywe	3 2.11 6.98 30.00	11 7.75 25.58 33.33	20 14.08 46.51 29.85	2 1.41 4.65 25.00	7 4.93 16.28 29.17	43 30.28
Totaal	10 7.04	33 23.24	7 47.18	8 5.63	24 16.90	142 100.00

x^2 = 5,06 - vryheidsgrade = 8 - p = 0,75

Volgens Fisher se eksakte toets is **p = 0,80**

Aangesien die onderskeie subgroepe nie statisties beduidend van mekaar verskil nie, word die nulhipotese aanvaar.

+MBVI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+MGVI = Misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+MOVI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+SGVI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+SOVI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

7.4.16 Korrespondensie-analise ingedeel volgens verbale IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Uit figuur 8 wat na tabel 7.14 verwys kan die volgende afleidings gemaak word: Al drie kategorieë misdrywe volgens die geweld/nie-geweld klassifikasie word oorwegend deur misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensie gepleeg alhoewel niepersoongerigte geweldmisdrywe naaste aan die misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt figureer. Dit is te wyte aan die feit dat 56 persent van alle niepersoongerigte geweldmisdrywe onder bogenoemde misdadigersubgroep ressorteer.

FIGUUR 8

SUBGROEPE (T.O.V. VERBALE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0341 (95.6%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0016 (4.4%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBVI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+MGVI = Misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+MOVI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+SGVI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+SOVI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

*PG = Persoonsgerigte geweldmisdrywe

*PN = Niepersoongerigte geweldmisdrywe

*NG = Niegeweldmisdrywe

7.4.17 Subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

In tabel 7.15 word statistiese gegewens weergegee van misdrywe volgens die persoons-/niepersoonsgerigte geweldmisdrywe/ niegeweldmisdrywe klassifikasie wat ingevolge die praktiese intelligensiekwosiënt indeling bereken is. Hiervolgens is twee derdes (66,67 persent) van die ***staatspasiënte met gemiddelde intelligensiekwosiënt*** en 61,11 persent van ***staatspasiënte met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** weens persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla. Verder is 55,56 persent van die ***misdadigers met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt***, 53,23 persent van die ***misdadigers met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** en 43,33 persent van die ***misdadigers met ondergemiddelde intelligensiekwosiënt*** ook weens persoonsgerigte geweldmisdrywe aangekla en dan skuldig bevind. Die statistiese beduidendheid tussen die onderskeie subgroepe word onder andere deur die volgende gekontrasteerde persentasies verklaar: Meer as die helfte (55,56 persent) van die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** het persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg teenoor 20 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** wat weens dieselfde

tipe misdrywe aangekla is. Vervolgens het 43,33 persent van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** ook persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg teenoor 61,11 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** wat weens dieselfde tipe misdrywe aangekla is. Dan het 20 persent van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** nie-persoonsgerigte geweldsmisdrywe gepleeg terwyl die ooreenstemmende persentasie onder die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** 5,56 persent was. Verder is 32,26 persent van die ***misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** en 11,11 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** weens nie-geweldsmisdrywe aangekla.

TABEL 7.15 **SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK) TEENOOR GEWELD/NIE-GEWELD MISDRYWE**

EWELD/NIE-EWELD ISDRYWE	SUBGROEPE (PRAKTIESE IK)						
rekwensie otale % y % olom %	MBPI	MGPI	MOPI	SBPI	SGPI	SOPI	Totaal
ersoonsge- igte eweldsmis- rywe	10 7.04 13.51 55.56	33 23.24 44.59 53.23	13 9.15 17.57 43.33	1 0.70 1.35 20.00	6 4.23 8.11 66.67	11 7.75 14.86 61.11	74 52.11
ie-persoons gerigte eweldsmis- rywe	5 3.52 20.00 27.78	9 6.34 36.00 14.52	6 4.23 24.00 20.00	2 1.41 8.00 40.00	2 1.41 8.00 22.22	1 0.70 4.00 5.56	25 17.61
ie-gewelds- isdrywe	3 2.11 6.98 16.67	20 14.08 46.51 32.26	11 7.75 25.58 36.67	2 1.41 4.65 40.00	1 0.70 2.33 11.11	6 4.23 13.95 33.33	43 30.28
otaal	18 12.68	62 43.66	30 21.13	5 3.52	9 6.34	18 12.68	142 100.00

x^2 = 9,53 - vryheidsgrade = 10 - p = 0,48

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en dus word die werkhipotese aanvaar.

7.4.18 Korrespondensie-analise ingedeel volgens praktiese IK teenoor geweld/nie-geweld misdrywe

Gebaseer op tabel 7.15 se data is figuur 9 opgestel en die volgende kan hieruit afgelei word: ***Misdadigers met gemiddelde praktiese intelligensie*** pleeg oorwegend persoonsgerigte geweldmisdrywe gevolg deur niegeweldmisdrywe en niepersoongerigte geweldmisdrywe. Dan is die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensie*** die subgroep naaste aan al die drie misdaadgroeperings. Die chikwadraat telling van 9,53 met 10 grade van vryheid en 'n p waarde van 0,48 bevestig neiging dat die onderskeie misdadigers- en staatspasiëntesubgroepe nie statisties beduidend van mekaar verskil nie.

FIGUUR 9

SUBGROEPE (T.O.V. PRAKTIESE I K) V. MISDRYWE (GEWELD/NIE-GEWELD KLASSIFIKASIE)



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.0386 (57.5%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0286 (42.5%)
100.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBPI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MGPI = Misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MOPI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SBPI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SGPI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SOPI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

*PG = Persoonsgerigte geweldmisdrywe

*PN = Niepersoongerigte geweldmisdrywe

*NG = Niegeweldmisdrywe

7.4.19 Subgroepe met en sonder rekord van vorige oortredings teenoor psigiatriese diagnoses

In tabel 7.16 word die psigiatriese diagnoses uiteengesit soos hulle onder die betrokke subgroepe ten opsigte van vorige oortredings, al dan nie, voorgekom het. Met verwysing na die ***misdadigersubgroep met 'n rekord van vorige oortredings*** is 37,68 persent met substansverwante versteurings gediagnoseer, gevolg deur 34,78 persent met die diagnose van antisosiale persoonlikheidsversteuring, terwyl 14,49 persent onder geen diagnose geklassifiseer is.

Onder die ***misdadigersubgroep sonder vorige oortredings*** het 31,71 persent onder die "geen diagnose"-kategorie geressorteer, met 19,51 persent geklassifiseer as geestesvertraagd, terwyl 17,07 persent van hierdie subgroep met substansverwante versteurings gediagnoseer is.

Vervolgens kom die hoogste persentasies onder die ***staatspasiëntesubgroep met 'n vorige oortredingsrekord*** voor by 38,89 persent met die diagnose van geestesvertraging, en 22,22 persent met diagnoses van mediesverwante toestande. Verder ly die helfte van die ***staatspasiënte sonder vorige oortredings*** aan skisofrenie, terwyl 21,43 persent van hulle as

geestesvertraagd gediagnoseer is.

Die statistiese verskille tussen die onderskeie groepe kan hoofsaaklik opgemerk word by die volgende persentasies: Meer as 'n derde (37,68 persent) van die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** is met substansverwante versteurings gediagnoseer teenoor geen gevalle by die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings***. 'n Soortgelyke tendens word ook opgemerk met betrekking tot die diagnose van antisosiale persoonlikheid waar ook meer as 'n derde (34,78 persent) van die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** as sulks gediagnoseer is teenoor geen gevalle onder die ***staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings***. Dan het kognitiewe versteurings alleenlik onder staatspasiënte voorgekom terwyl "geen psigiatriese diagnose" net op die misdadigersubgroepe van toepassing was.

TABEL 7.16 **SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES**

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE MET EN SONDER REKORD VAN VORIGE OORTREDINGS				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MO	MNO	SO	SNO	Totaal
Substansverwante Versteurings	26 18.31 74.29 37.68	7 4.93 20.00 17.07	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 5.71 14.29	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 1.45	3 2.11 60.00 7.32	1 0.70 20.00 5.56	0 0.00 0.00 0.00	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	2 1.41 22.22 2.90	5 3.52 55.56 12.20	2 1.41 22.22 11.11	0 0.00 0.00 0.00	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	24 16.90 82.76 34.78	4 2.82 13.79 9.76	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 3.45 7.14	29 20.42
Skisofrenie	1 0.70 10.00 1.45	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 20.00 11.11	7 4.93 70.00 50.00	10 7.04
Geestesvertraging	4 2.82 18.18 5.80	8 5.63 36.36 19.51	7 4.93 31.82 38.89	3 2.11 13.64 21.43	22 15.49
Mediesverwante Toestande	1 0.70 14.29 1.45	1 0.70 14.29 2.44	4 2.82 57.14 22.22	1 0.70 14.29 7.14	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	10 7.04 43.48 14.49	13 9.15 56.52 31.71	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 100.00 11.11	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41
Totaal	69 48.59	41 28.87	18 12.68	14 9.86	142 100.00

x^2 = 125,06 - vryheidsgrade = 24 - p = 0,00

Fisher se eksakte toets het getoon dat **p < 0,001** en op grond hiervan word die nulhipotese verwerp en die werkhipotese aanvaar.

MO = Misdadigersubgroep met vorige oortredings
MNO = Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings
SO = Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings
SNO = Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings

7.4.20 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder rekord van vorige oortredings teenoor psigiatriese diagnoses

Figuur 10 illustreer die korrespondensie-analise wat op grond van tabel 7.16 se gegewens uitgevoer is. Dit is duidelik dat die vertikale as 'n onderskeid tref tussen die misdadigers- en die staatspasiëntesubgroepe. Naaste aan die ***misdadigersubgroep met vorige oortredings*** lê die gevalle wat met antisosiale en substansverwante versteurings gediagnoseer is. ***Misdadigers sonder 'n vorige oortredingsrekord*** is nouer geassosieer met seksuele en geslagsidentiteitsversteurings asook met gemoedsversteurings. Dit is opvallend dat "geen psigiatriese" - diagnoses feitlik halfpad tussen die twee misdadigersubgroepe lê aangesien hierdie kategorie glad nie onder die staatspasiënte voorkom nie. Onder die ***staatspasiënte sonder 'n rekord van vorige oortredings*** kom skisofrenie meestal voor terwyl kognitiewe versteurings en mediesverwante toestande naaste aan die ***staatspasiëntesubgroep met 'n rekord van vorige oortredings*** lê.

FIGUUR 10

SUBGROEPE (T.O.V. VORIGE OORTREDINGS)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.4918 (55.4%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.2772 (31.3%)
86.7% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MO	=	Misdadigersubgroep met vorige oortredings
+MNO	=	Misdadigersubgroep sonder vorige oortredings
+SO	=	Staatspasiëntesubgroep met vorige oortredings
+SNO	=	Staatspasiëntesubgroep sonder vorige oortredings
*SU	=	Substansverwante versteurings
*SGI	=	Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*GM	=	Gemoedsversteurings
*AN	=	Antisosiale persoonlikheidsversteurings
*SK	=	Skisofrenie
*GE	=	Geestesvertraging
*MT	=	Mediesverwante toestande

*GD = Geen psigiatriese diagnose
*KO = Kognitiewe versteurings

7.4.21 Subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses

Tabel 7.17 gee 'n uiteensetting van die psigiatriese diagnoses soos onder die onderskeie subgroepe (met en sonder alkoholmisbruik) voorgekom het.

Meer as 'n derde (36,26 persent) van die ***misdadigers met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** is gediagnoseer met substansverwante versteurings, terwyl meer as 'n kwart van hulle (26,37 persent) as tipe "anti-sosiale persoonlikheid" vasgestel is, met 'n verdere 23,08 persent onder hierdie spesifieke subgroep wat nie gediagnoseer kon word nie. Verder is 26,32 persent van die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** as geestesvertraagd geklassifiseer met 21,05 persent gekoppel aan gemoedsversteurings en weereens 21,05 persent getipeer as antisosiale persoonlikheidsversteurings.

Onder die ***staatspasiënte wat alkohol misbruik***, is meer as 'n derde (34,78 persent) skisofrene, meer as 'n kwart (26,09 persent) geestesvertraagd terwyl 21,74 persent van hulle aan mediesverwante toestande gely het.

Dan is die meerderheid (44,44 persent) van die ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** gediagnoseer met geestesvertraging.

Die statisties beduidende verskille word weereens opgemerk onder die verskillende subgroepe en wel soos volg: Meer as 'n kwart (26,37 persent) van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** teenoor geen gevalle in die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** is met antisosiale persoonlikheidsversteurings gediagnoseer. Dan is 15,79 persent van die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** teenoor geen van die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** met seksuele en geslagsidentiteitsversteurings gediagnoseer. Verder is 23,08 persent van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** en 10,53 persent van die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** met "geen psigiatriese diagnose" gediagnoseer terwyl geen gevalle onder die staatspasiëntesubgroepe as sulks ressorteer het.

TABEL 7.17 SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MA	MNA	SA	SNA	Totaal
Substansverwante Versteurings	33 23.24 94.29 36.26	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 2.86 4.35	1 0.70 2.86 11.11	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 1.10	3 2.11 60.00 15.79	1 0.70 20.00 4.35	0 0.00 0.00 0.00	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	3 2.11 33.33 3.30	4 2.82 44.44 21.05	1 0.70 11.11 4.35	1 0.70 11.11 11.11	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	24 16.90 82.76 26.37	4 2.82 13.79 21.05	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 3.45 11.11	29 20.42
Skisofrenie	1 0.70 10.00 1.10	0 0.00 0.00 0.00	8 5.63 80.00 34.78	1 0.70 10.00 11.11	10 7.04
Geestesvertraging	7 4.93 31.82 7.69	5 3.52 22.73 26.32	6 4.23 27.27 26.09	4 2.82 18.18 44.44	22 15.49
Mediesverwante Toestande	1 0.70 14.29 1.10	1 0.70 14.29 5.26	5 3.52 71.43 21.74	0 0.00 0.00 0.00	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	21 14.79 91.30 23.08	2 1.41 8.70 10.53	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 50.00 4.35	1 0.70 50.00 11.11	2 1.41
Totaal	91 64.08	19 13.38	23 16.20	9 6.34	142 100.00

x^2 = 115,45 - vryheidsgrade = 24 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en as gevolg daarvan word die alternatiewe hipotese aanvaar.

MA	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
MNA	=	Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
SA	=	Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
SNA	=	Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik

7.4.22 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van alkoholmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses

Die onderstaande figuur 11 is met behulp van tabel 7.17 se statistiese gegewens saamgestel. Die vernaamste assosiasies blyk soos volg te wees. ***Misdadigers met 'n geskiedenis van alkolmisbruik*** is nouer geassosieer met substansverwante versteurings, antisosiale persoonlikheidsversteurings asook met geen diagnoses. Daarteenoor staan die ***misdadigersubgroep sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** in 'n betreklik kleiner assosiasie met seksuele en geslagsidentiteitsversteurings sowel as met gemoedsversteurings. ***Staatspasiënte wat alkohol misbruik het,*** toon die nouste assosiasie met skisofrenie gevolg deur mediesverwante toestande. Daarteenoor toon ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van alkoholmisbruik*** noue verwantskap met geestesvertraging.

FIGUUR 11

**SUBGROEPE (T.O.V. ALKOHOLMISBRUIK)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES**



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.5461 (67.2%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.1875 (23.1%)
90.2% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MA = Misdadigersubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
+MNA = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
+SA = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van alkoholmisbruik
+SNA = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van alkoholmisbruik
*SU = Substansverwante versteurings
*SGI = Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*GM = Gemoedsversteurings
*AN = Antisosiale persoonlikheidsversteurings

*SK = Skisofrenie
*GE = Geestesvertraging
*MT = Mediesverwante toestande
*GD = Geen psigiatriese diagnose
*KO = Kognitiewe versteurings

7.4.23 Subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses

Tabel 7.18 gee weereens 'n uiteensetting van psigiatriese diagnoses maar wel onder die verskeie subgroepe ten opsigte van substansmisbruik.

Met verwysing na die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** is 31,67 persent gediagnoseer met antisosiale persoonlikheidversteurings gevolg deur 26,67 persent gekenmerk deur substansverwante versteurings terwyl 21,67 persent van hierdie subgroep nie psigiatries gediagnoseer kon word nie.

Daarenteen is 34 persent van ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** gediagnoseer met substansverwante versteurings terwyl 20 persent van hulle nie psigiatries gediagnoseer kon word nie.

Die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** het bestaan uit 25 persent skisofrene, 25 persent geestesvertraagdes, met 20 persent wat op grond van mediesverwante toestande geklassifiseer is. Verder is die meerderheid (41,67 persent) ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** as geestesvertraagdes gediagnoseer gevolg deur 'n derde (33,33 persent) wat aan skisofrenie gely het.

Die statistiese beduidendheid met betrekking tot die onderskeie subgroepe word aan die hand van die volgende verklaar: Meer as 'n derde (34 persent) van die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor geen gevalle by die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** is met substansverwante versteurings gediagnoseer terwyl 31,67 van die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor geen gevalle van die ***staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** aan antisosiale persoonlikheidsversteurings gely het. Verder het 'n derde (33,33 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** en 'n kwart (25 persent) van die

staatspasiëntesubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik aan skisofrenie gely teenoor geen gevalle by die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** en 1,67 persent by die ***misdadigersubgroep met 'n geskiedenis van substansmisbruik***. Daarby was 12 persent onder die ***misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** teenoor 41,67 persent onder die ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** as geestesvertraagd gediagnoseer.

TABEL 7.18 SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE MET EN SONDER GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK				
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MS	MNS	SS	SNS	Totaal
Substansverwante Versteurings	16 11.27 45.71 26.67	17 11.97 48.57 34.00	2 1.41 5.71 10.00	0 0.00 0.00 0.00	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 1.67	3 2.11 60.00 6.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 20.00 8.33	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	3 2.11 33.33 5.00	4 2.82 44.44 8.00	2 1.41 22.22 10.00	0 0.00 0.00 0.00	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	19 13.38 65.52 31.67	9 6.34 31.03 18.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 3.45 8.33	29 20.42
Skisofrenie	1 0.70 10.00 1.67	0 0.00 0.00 0.00	5 3.52 50.00 25.00	4 2.82 40.00 33.33	10 7.04
Geestesvertraging	6 4.23 27.27 10.00	6 4.23 27.27 12.00	5 3.52 22.73 25.00	5 3.52 22.73 41.67	22 15.49
Mediesverwante Toestande	1 0.70 14.29 1.67	1 0.70 14.29 2.00	4 2.82 57.14 20.00	1 0.70 14.29 8.33	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	13 9.15 56.52 21.67	10 7.04 43.48 20.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 100.00 10.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41
Totaal	60 42.25	50 35.21	20 14.08	12 8.45	142 100.00

x^2 = 85,45 - vryheidsgrade = 24 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **p < 0,001.** Op grond van bovermelde **p** waardes word die nulhipotese verwerp en die werkhipotese aanvaar.

MS = Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
MNS = Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik
SS = Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
SNS = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik

7.4.24 Korrespondensie-analise van subgroepe met en sonder geskiedenis van substansmisbruik teenoor psigiatriese diagnoses

Die patroon wat in figuur 12 verskyn, gebaseer op tabel 7.18 se gegewens, tref die onderskeid tussen die ***staatspasiëntesubgroepe ten opsigte van substansmisbruik*** aan die linkerkant van die vertikale as en die ***misdadigersubgroepe ten opsigte van substansmisbruik*** aan die regterkant van die vertikale as. ***Misdadigers met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** word geassosieer met antisosiale persoonlikheidsversteurings asook met geen psigiatriese diagnoses en uiteraard met substansverwante versteurings. ***Misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** word ook geassosieer met substansverwante versteurings, geen psigiatriese diagnoses en met antisosiale persoonlikheidsversteurings. Verder is ***staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik*** nou geassosieer met kognitiewe versteurings en mediesverwante toestande, teenoor die ***staatspasiënte sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik*** wat geassosieer word met skisofrenie en geestesvertraging.

FIGUUR 12

SUBGROEPE (T.O.V. SUBSTANSMISBRUIK)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.4776 (79.4%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.0883 (14.7%)
94.0% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MS	=	Misdadigersubgroep met geskiedenis van substansmisbruik
+MNS	=	Misdadigersubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik
+SS	=	Staatspasiëntesubgroep met geskiedenis van substansmisbruik

+SNS = Staatspasiëntesubgroep sonder geskiedenis van substansmisbruik
*SU = Substansverwante versteurings
*SGI = Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*GM = Gemoedsversteurings
*AN = Antisosiale persoonlikheidsversteurings
*SK = Skisofrenie
*GE = Geestesvertraging
*MT = Mediesverwante toestande
*GD = Geen psigiatriese diagnose
*KO = Kognitiewe versteurings

7.4.25 Subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor psigiatriese diagnoses

In tabel 7.19 word die besonderhede van die psigiatriese diagnoses weergegee soos dit voorkom by die onderskeie subgroepe wat ten opsigte van die totale intelligensiekwosiënt ingedeel is. Die kruistabellering toon dat 37,74 persent ***misdadigers met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** weens substansverwante versteurings gediagnoseer is, gevolg deur 30,19 persent met antisosiale persoonlikheid terwyl ongeveer 'n kwart (24,53 persent) nie psigiatries gediagnoseer is nie. Verder is meer as 'n kwart (25,53 persent) van die ***misdadigers met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** as geestesvertraagd gediagnoseer terwyl 23,40 persent van hierdie subgroep met substansverwante versteurings gediagnoseer is. Dan was daar ook 17,02 persent wat nie psigiatries gediagnoseer is nie.

Dis opmerklik dat alle ***staatspasiënte met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** aan skisofrenie gely het. Verder was die meerderheid (57,14 persent) staatspasiënte met gemiddelde intelligensiekwosiënt ook skisofrene, gevolg deur diegene wat aan mediesverwante toestande, gemoedsversteuring en antisosiale persoonlikheid gely het, en wat elkeen afsonderlik 14,29 persent van hierdie subgroep uitgemaak het. Onder die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde intelligensiekwosiënt*** het 45,45 persent aan geestesvertraging gely.

Die lae **p** waarde en die gepaardgaande hoë statistiese beduidendheid van

verskille by die onderskeie subgroepe kan deurgaans in tabel 7.19 gesien word. Die oorgrote meerderheid van substansverwante versteurings het onder die drie misdadigersubgroepe voorgekom naamlik by die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (20 persent), die ***misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (37,74 persent) en die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (23,40 persent) terwyl onder die staatspasiëntesubgroepe net 9,09 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde intelligensiekwosiënt*** aan substansverwante versteurings gely het. 'n Soortgelyke tendens word waargeneem ten opsigte van antisosiale persoonlikheidsversteurings waar 40 persent van die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt***, 30,19 persent van die ***misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** en 17,02 persent van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor net 14,29 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** wat weens bogenoemde versteurings gediagnoseer is. Verder het alle gevalle (100 persent) van die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt***, 57,14 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** en 9,09 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor 2,13 persent van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** aan skisofrenie gely. Dan het 45,45 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** teenoor 25,53 persent van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** aan geestesvertraging gely. Ten slotte het die kategorie "Geen psigiatriese diagnose" uitsluitlik onder die drie misdadigersubgroepe voorgekom.

TABEL 7.19 SUBGROEPE (T.O.V TOTALE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE (TOTALE IK)						
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBTI	MGTI	MOTI	SBTI	SGTI	SOTI	Totaal
Substansverwante Versteurings	2 1.41 5.71 20.00	20 14.08 57.14 37.74	11 7.75 31.43 23.40	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 5.71 9.09	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 10.00	0 0.00 0.00 0.00	3 2.11 60.00 6.38	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 20.00 4.55	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	1 0.70 11.11 10.00	2 1.41 22.22 3.77	4 2.82 44.44 8.51	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 11.11 14.29	1 0.70 11.11 4.55	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	4 2.82 13.79 40.00	16 11.27 55.17 30.19	8 5.63 27.59 17.02	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 3.45 14.29	0 0.00 0.00 0.00	29 20.42
Skisofrenie	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 10.00 2.13	3 2.11 30.00 100.00	4 2.82 40.00 57.14	2 1.41 20.00 9.09	10 7.04

(Vervolg)

(Vervolg)

TABEL 7.19 SUBGROEPE (T.O.V TOTALE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE (TOTALE IK)						
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBTI	MGTI	MOTI	SBTI	SGTI	SOTI	Totaal
Geestesvertraging	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	12 8.45 54.55 25.53	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	10 7.04 45.45 45.45	22 15.49
Mediesverwante Toestande	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 28.57 3.77	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 14.29 14.29	4 2.82 57.14 18.18	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	2 1.41 8.70 20.00	13 9.15 56.52 24.53	8 5.63 34.78 17.02	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 100.00 9.09	2 1.41
Totaal	10 7.04	53 37.32	47 33.10	3 2.11	7 4.93	22 15.49	142 100.00

x^2 = 150,67 - vryheidsgrade = 40 - p = 0,00

Volgens Fisher se eksakte toets is **P < 0,001.** Die veranderlike "psigiatriese diagnose" se indeling by bovermelde subgroepe bring mee dat die werkhipotese aanvaar word.

+MBTI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MGTI = Misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+MOTI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SBTI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SGTI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SOTI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

7.4.26 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens totale IK teenoor psigiatriese diagnoses

Na aanleiding van tabel 7.19 se inligting word die korrespondensie-analise daarvan in figuur 13 uitgebeeld. Die vertikale as onderskei die misdadigersubgroepe (indeling volgens totale intelligensiekwosiënt) aan die regterkant en die ooreenstemmende staatspasiëntesubgroepe aan die linkerkant daarvan. Onder die vernaamste bevindings word daar opgemerk dat antisosiale persoonlikheidsversteurings die naaste lê aan die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (Antisosiale persoonlikheidsversteurings verteenwoordig 40 persent van alle psigiatriese diagnoses in bogenoemde misdadigersubgroep) asook aan die ***misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (verteenwoordig 30,19 persent van alle diagnoses in hierdie betrokke subgroep). Vervolgens is seksuele en geslagsidentiteitsversteurings die nouste verwant aan die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt.*** Verder lê skisofrenie die naaste aan die ***staatspasiënte met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** gevolg deur die ***staatspasiënte met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt.*** Dan is kognitiewe versteurings die naaste geleë aan die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt*** (omrede hierdie versteurings alleenlik by bogenoemde subgroep voorkom) gevolg deur mediesverwante toestande.

FIGUUR 13

SUBGROEPE (T.O.V. TOTALE IK)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.5761 (54.3%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.3618 (34.1%)
88.4% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBTI	=	Misdadigersubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+MGTI	=	Misdadigersubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+MOTI	=	Misdadigersubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt
+SBTI	=	Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SGTI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde totale intelligensiekwosiënt

+SOTI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde totale intelligensiekwosiënt

*SU = Substansverwante versteurings

*SGI = Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings

*GM = Gemoedsversteurings

*AN = Antisosiale persoonlikheidsversteurings

*SK = Skisofrenie

*GE = Geestesvertraging

*MT = Mediesverwante toestande

*GD = Geen psigiatriese diagnose

*KO = Kognitiewe versteurings

7.4.27 Subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor psigiatriese diagnoses

Tabel 7.20 gee 'n uiteensetting van psigiatriese diagnoses soos hulle onder die subgroepindeling volgens die gevalle se verbale intelligensiekwosiënt voorgekom het. Dit is duidelik dat 40 persent van die ***misdadigers met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** aan substansverwante versteuring ly, gevolg deur 20 persent van hulle wat as antisosiale persoonlikheid getipeer is. Daar was ook 20 persent van hulle wat aan geen psigiatriese diagnose gekoppel is nie.

Vervolgens is meer as 'n derde (36,36 persent) ***misdadigers met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** as antisosiale persoonlikheid gediagnoseer met 'n verdere 27,27 persent van hierdie subgroep wat aan substansverwante versteurings gely het. Verder is 27,27 persent van hulle nie psigiatries gediagnoseer nie.

Die meerderheid (29,85 persent) ***misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** is met substansverwante versteurings gediagnoseer gevolg deur 20,90 persent met antisosiale persoonlikheidversteuring, 17,91 persent met geestesvertraging en 17,91 persent met geen diagnose nie.

Onder die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** het die oorgrote meerderheid (75 persent) aan skisofrenie gely terwyl die res met gemoedsversteurings (12,5 persent) en antisosiale persoonlikheid (12,5 persent) gediagnoseer is. Verder was die meerderheid (41,67 persent) van die ***staatspasiënte met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** geestesvertraagd terwyl 20,83 persent van hierdie subgroep weens mediesverwante toestande gediagnoseer is.

Die volgende gekontrasteerde persentasies by die onderskeie subgroepe bied 'n verklaring van die statistiese beduidendheid wat deur die lae **p** waarde bevestig is. Meer as 'n kwart (27,27 persent) van die ***misdadigers met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** is met substansversteurings gediagnoseer teenoor geen gevalle onder die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt***. Daar is verder 29,85 persent van die ***misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** teenoor 8,33 persent van die ***staatspasiënte met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** wat ook met substansverwante versteurings gediagnoseer is. Vervolgens meer as 'n derde (36,36 persent) van die ***misdadigers met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** teenoor 12,5 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** asook 20,90 persent van die ***misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** teenoor geen persone van die ***staatspasiënte met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** is met antisosiale persoonlikheidsversteurings gediagnoseer. Dan het mediesverwante toestande by 20,83 persent van alle ***staatspasiënte met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** teenoor 1,49 persent van alle ***misdadigers met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** voorgekom. Verder is die kategorie "geen psigiatriese diagnose" uitsluitlik by die misdadigersubgroepe aangetref.

TABEL 7.20 **SUBGROEPE (T.O.V VERBALE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES**

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE (VERBALE IK)					
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBVI	MGVI	MOVI	SGVI	SOVI	Totaal
Substansverwante Versteurings	4 2.82 11.43 40.00	9 6.34 25.71 27.27	20 14.08 57.14 29.85	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 5.71 8.33	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 10.00	0 0.00 0.00 0.00	3 2.11 60.00 4.48	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 20.00 4.17	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	1 0.70 11.11 10.00	2 1.41 22.22 6.06	4 2.82 44.44 5.97	1 0.70 11.11 12.50	1 0.70 11.11 4.17	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	2 1.41 6.90 20.00	12 8.45 41.38 36.36	14 9.86 48.28 20.90	1 0.70 3.45 12.50	0 0.00 0.00 0.00	29 20.42
Skisofrenie	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 10.00 1.49	6 4.23 60.00 75.00	3 2.11 30.00 12.50	10 7.04
Geestesvertraging	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	12 8.45 54.55 17.91	0 0.00 0.00 0.00	10 7.04 45.45 41.67	22 15.49
Mediesverwante Toestande	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 14.29 3.03	1 0.70 14.29 1.49	0 0.00 0.00 0.00	5 3.52 71.43 20.83	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	2 1.41 8.70 20.00	9 6.34 39.13 27.27	12 8.45 52.17 17.91	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 100.00 8.33	2 1.41
Totaal	10 7.04	33 23.24	67 47.18	8 5.63	24 16.90	142 100.00

x^2 = 130,31 - vryheidsgrade = 32 - p = 0,00

Na aanleiding van Fisher se eksakte toets is **p < 0,001** en gevolglik word die werkhipotese eweneens aanvaar.

MBVI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
MGVI = Misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
MOVI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
SGVI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
SOVI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

7.4.28 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens verbale IK teenoor psigiatriese diagnoses

In Figuur 14 gebaseer op tabel 7.20 se inligting word weereens die onderskeid getref deur die vertikale as tussen die misdadigersubgroepe (indeling volgens verbale intelligensiekwosiënt) aan die regterkant en die staatspasiëntesubgroepe (in hierdie geval net twee subgroepe) aan die linkerkant. Antisosiale persoonlikheidsversteurings is nou verwant aan die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** asook ***aan die misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt***. Verder kom substansverwanteversteurings die meeste voor by die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** terwyl geen psigiatriese diagnoses uitsluitlik onder die misdadigersubgroepe voorkom. Vervolgens is kognitiewe versteurings die nouste verwant aan die ***staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** terwyl skisofrenie naaste aan die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt*** lê.

FIGUUR 14

SUBGROEPE (T.O.V. VERBALE IK)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.5203 (56.7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.3339 (36.4%)
93.1% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBVI	=	Misdadigersubgroep met bogemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
+MGVI	=	Misdadigersubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
+MOVI	=	Misdadigersubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
+SGVI	=	Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde verbale intelligensiekwosiënt

+SOVI	=	Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde verbale intelligensiekwosiënt
*SU	=	Substansverwante versteurings
*SGI	=	Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*GM	=	Gemoedsversteurings
*AN	=	Antisosiale persoonlikheidsversteurings
*SK	=	Skisofrenie
*GE	=	Geestesvertraging
*MT	=	Mediesverwante toestande
*GD	=	Geen psigiatriese diagnose
*KO	=	Kognitiewe versteurings

7.4.29 Subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor psigiatriese diagnoses

Psigiatriese diagnoses se verspreiding met betrekking tot subgroepe gebaseer op gevalle se praktiese intelligensiekwosiënt word in tabel 7.21 uiteengesit. Antisosiale persoonlikheidsversteuring het by meer as die helfte (55,56 persent) van die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** voorgekom terwyl 22,22 persent van hierdie subgroep nie psigiatries gediagnoseer is nie. Vervolgens het 38,71 persent van ***misdadigers met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** aan substansverwante versteurings gely met 'n verdere 22,58 persent tipes antisosiale persoonlikheid. Ongeveer 'n kwart (24,19 persent) van bogenoemde subgroep is nie psigiatries gediagnoseer nie.

Onder die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** is 36,67 persent geestesvertraagd en 20 persent met substansverwante versteurings geklassifiseer.

Onder die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** is 60 persent van hulle as skisofrene geklassifiseer met 'n verdere 20 persent gekoppel aan gemoedsversteurings en antisosiale persoonlikheidversteurings onderskeidelik.

Vervolgens het twee derdes (66,67 persent) van die ***staatspasiënte met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** ook aan skisofrenie gely terwyl die helfte (50 persent) van die ***staatspasiënte met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** as geestesvertraagd gediagnoseer is.

Na aanleiding van die uiters lae **p** waarde word die vernaamste gekontrasteerde persentasies soos by die onderskeie subgroepe aangetref, hieronder uitgelig: Die oorgrote meerderheid van substansverwante versteurings asook antisosiale persoonlikheidsversteurings het hoofsaaklik onder die misdadigersubgroepe voorgekom. Verder het 60 persent van die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** en twee derdes (66,67 persent) van die ***staatspasiënte met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** teenoor geen persone in beide die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** en die ***misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** aan skisofrenie gely. Dan het die kategorie "geen psigiatriese diagnose" uitsluitlik onder die drie misdadigersubgroepe voorgekom.

TABEL 7.21 SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK)						
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBPI	MGPI	MOPI	SBPI	SGPI	SOPI	Totaal
Substansverwante Versteurings	3 2.11 8.57 16.67	24 16.90 68.57 38.71	6 4.23 17.14 20.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 5.71 11.11	35 24.65
Seksuele en Geslagsidenti-teitsversteurings	1 0.70 20.00 5.56	2 1.41 40.00 3.23	1 0.70 20.00 3.33	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 20.00 5.56	5 3.52
Gemoedsversteu-rings	0 0.00 0.00 0.00	5 3.52 55.56 8.06	2 1.41 22.22 6.67	1 0.70 11.11 20.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 11.11 5.56	9 6.34
Antisosiale Persoonlikheids-versteurings	10 7.04 34.48 55.56	14 9.86 48.28 22.58	4 2.82 13.79 13.33	1 0.70 3.45 20.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	29 20.42
Skisofrenie	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 10.00 3.33	3 2.11 30.00 60.00	6 4.23 60.00 66.67	0 0.00 0.00 0.00	10 7.04

(Vervolg)

(Vervolg)

TABEL 7.21 SUBGROEPE (T.O.V PRAKTIESE IK) TEENOOR PSIGIATRIESE DIAGNOSES

PSIGIATRIESE DIAGNOSES	SUBGROEPE (PRAKTIESE IK)						
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	MBPI	MGPI	MOPI	SBPI	SGPI	SOPI	Totaal
Geestesvertraging	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 4.55 1.61	11 7.75 50.00 36.67	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 4.55 11.11	9 6.34 40.91 50.00	22 15.49
Mediesverwante Toestande	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 14.29 1.61	1 0.70 14.29 3.33	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 28.57 22.22	3 2.11 42.86 16.67	7 4.93
Geen Psigiatriese Diagnose	4 2.82 17.39 22.22	15 10.56 65.22 24.19	4 2.82 17.39 13.33	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	23 16.20
Kognitiewe Versteurings	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41 100.00 11.11	2 1.41
Totaal	18 12.68	62 43.66	30 21.13	5 3.52	9 6.34	18 12.68	142 100.00

x^2 = 174,06 - vryheidsgrade = 40 - p = 0,00

Fisher se eksakte toets is bereken op **p < 0,001** en op grond van bovermelde **p** waardes word die werkhipotese aanvaar.

+MBPI = Misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MGPI = Misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+MOPI = Misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SBPI = Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SGPI = Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SOPI = Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

7.4.30 Korrespondensie-analise van subgroepe ingedeel volgens praktiese IK teenoor psigiatriese diagnoses

Na aanleiding van tabel 7.21 se gegewens word die korrespondensie-analise se resultate in figuur 15 uitgebeeld. Met die uitsondering van die ***misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** is die ander twee misdadigersubgroepe aan die regterkant van die vertikale as terwyl alle staatspasiëntesubgroepe aan die linkerkant van die vertikale as gesetel is. Antisosiale persoonlikheidsversteurings is nou verwant aan die ***misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** gevolg deur die "geen psigiatriese diagnose" - kategorie asook die substansverwanteversteurings. Dit word ook opgemerk dat antisosiale persoonlikheidsversteurings naaste geleë is aan die ***misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt***. Verder word geestesvertraging meesal onder die ***misdadigers met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** aangetref. Vervolgens kom skisofrenie die meeste voor by die ***staatspasiëntesubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** gevolg deur die ***staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt***. Dan is ***staatspasiënte met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt*** die enigste subgroep waarby kognitiewe versteurings aanwesig is.

FIGUUR 15

SUBGROEPE (T.O.V. PRAKTIESE IK)
V. PSIGIATRIESE DIAGNOSES



Horisontale as is dimensie 1 met inersie = 0.6340 (51.7%)
Vertikale as is dimensie 2 met inersie = 0.4274 (34.9%)
86.6% van totale inersie word op bostaande figuur verteenwoordig.

+MBPI	=	Misdadigersubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt
+MGPI	=	Misdadigersubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt
+MOPI	=	Misdadigersubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt
+SBPI	=	Staatspasiëntesubgroep met bogemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt

+SGPI	=	Staatspasiëntesubgroep met gemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt
+SOPI	=	Staatspasiëntesubgroep met ondergemiddelde praktiese intelligensiekwosiënt
*SU	=	Substansverwante versteurings
*SGI	=	Seksuele en geslagsidentiteitsversteurings
*GM	=	Gemoedsversteurings
*AN	=	Antisosiale persoonlikheidsversteurings
*SK	=	Skisofrenie
*GE	=	Geestesvertraging
*MT	=	Mediesverwante toestande
*GD	=	Geen psigiatriese diagnose
*KO	=	Kognitiewe versteurings

7.5 RESULTATE VAN FAKTORONTLEDINGS MET BETREKKING TOT RORSCHACH LOKALITEITS- EN VORMVERANDERLIKES

Verskeie faktor-ontledings is op die Rorschach lokaliteits- en vormveranderlikes toegepas en die volgende resultate is verkry:

7.5.1 Rorschach lokaliteitsveranderlikes

Van die aantal faktorontledings wat ten opsigte van veranderlike "Tipe lokaliteite" op al tien Rorschach kaarte uitgevoer is, is daar aanvanklik deur middel van die varimaxmetode en met behulp van die ***mineigen-kriterium*** drie faktore uitgewys en die geroteerde faktorpatroon het soos volg gelyk:

	Faktor 1	**Faktor 2**	**Faktor 3**
A601	0.83310	0.27119	0.09200
A501	0.72519	0.01543	0.28107
A101	0.68948	-0.05031	0.15618
A401	0.64491	0.24665	-0.10011
A201	0.16031	0.73724	0.11217
A301	0.27134	0.70643	-0.07617
A701	-0.01969	0.64056	0.24597
A1001	0.00174	0.56437	0.42921
A901	0.19383	0.04524	0.78990
A801	0.09109	0.24246	0.64874

Verder was die variansie wat deur elke faktor verklaar word

soos volg:

Faktor 1	**Faktor 2**	**Faktor 3**
2.256840	1.969370	1.429794

Aangesien die groepering van bogenoemde faktore nie sinvol gebruik kan word nie en ten einde hoër itemladings te verkry, is daar 'n verdere faktor-ontleding uitgevoer sodat net een faktor deur die ***mineigen-kriterium*** behoue word. Die faktorpatroon word hieronder uiteengesit:

Faktor 1

A801	0.89785	waar A801 na die agste kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A701	0.86933	waar A701 na die sewende kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A301	0.86743	waar A301 na die derde kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A601	0.85199	waar A601 na die sesde kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A901	0.85137	waar A901 na die negende kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A501	0.84492	waar A501 na die vyfde kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A1001	0.80016	waar A1001 na die tiende kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A401	0.73526	waar A401 na die vierde kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A201	0.69216	waar A201 na die tweede kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui
A101	0.61410	waar A101 na die eerste kaart verwys en die tipe lokaliteit aandui

Die variansie wat deur bovermelde faktor een (1) verklaar word, is bereken op:

Faktor 1 = 6.515986 terwyl die daaropvolgende waardes op die eiewaardes van die korrelasiematriks en die finale kommunaliteitskattings betrekking het, aldus:

Eiewaardes van die Korrelasiematriks: Totaal = 10 Gemiddeld = 1

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Eiewaarde	6.5160	0.9350	0.5947	0.4660	0.4121	0.3922	0.2700	0.2017	0.1131	0.0992
Verskil	5.5810	0.3403	0.1286	0.0539	0.0199	0.1223	0.0682	0.0886	0.0139	
Proporsie	0.6516	0.0935	0.0595	0.0466	0.0412	0.0392	0.0270	0.0202	0.0113	0.0099
Kumulatief	0.6516	0.7451	0.8046	0.8512	0.8924	0.9316	0.9586	0.9788	0.9901	1.0000

Een faktor sal dus deur die **mineigen-kriterium** behou word.

Finale Kommunaliteitskattings: Totaal = 6.515986

A101	A201	A301	A401	A501	A601	A701	A801	A901	A1001
0.377116	0.479089	0.752440	0.540600	0.713892	0.725889	0.755738	0.806136	0.724830	0.640257

Nadat die afsnypunt arbitrêr op 0,8500 vasgestel is, is die volgende vyf veranderlikes uit faktor een (1) uitgekies om in die logistiese regressie-ontleding ingesluit te word.

A801	0.89785	waar A801 staan vir die agste kaart wat die tipe lokaliteit aandui
A701	0.86933	waar A701 staan vir die sewende kaart wat die tipe lokaliteit aandui
A301	0.86743	waar A301 staan vir die derde kaart wat die tipe lokaliteit aandui
A601	0.85199	waar A601 staan vir die sesde kaart wat die tipe lokaliteit aandui
A901	0.85137	waar A901 staan vir die negende kaart wat die tipe lokaliteit aandui

7.5.2 Rorschach-tipe vormveranderlikes

Daar is verder ook verskeie faktorontledings ten opsigte van veranderlike "Tipe-vorms" op alle Rorschach-kaarte uitgevoer en die faktorpatroon met die hoogste itemladings het soos volg daarop uitgesien:

	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3
A503	0.81345	-0.05945	-0.36866
A803	0.77306	0.20508	0.21597
A403	0.73270	-0.00783	-0.24557
A303	0.70099	0.36665	0.01443
A703	0.66113	-0.54391	-0.03577
A603	0.63818	-0.35388	-0.34108
A203	0.47977	0.36268	0.23905
A1003	0.45364	-0.29509	0.26977
A103	0.43818	0.68179	-0.01827
A903	0.41693	-0.27559	0.75552

Die variansie wat deur elke faktor verklaar word, is bereken en die ooreenstemmende lesings word weergegee as:

Faktor 1	**Faktor 2**	**Faktor 3**
3.933733	1.360564	1.061750

Hieronder verskyn ook die eiewaardes van die korrelasiematriks asook die finale kommunaliteitskattings:

Verskil	2.5732	0.2988	0.1834	0.0632	0.2344	0.0949	0.0985	0.0396	0.1995	
Proporsie	0.3934	0.1361	0.1062	0.0878	0.0815	0.0581	0.0486	0.0387	0.0348	0.0148
Kumulatief	0.3934	0.5294	0.6356	0.7234	0.8050	0.8630	0.9116	0.9504	0.9852	1.0000

Drie faktore word dus deur die **mineigen-kriterium** behou.

Finale Kommunaliteitskattings: Totaal = 6.356047

A103	A203	A303	A403	A503	A603	A703	A803	A903	A1003
0.657176	0.418862	0.626030	0.597220	0.801147	0.648845	0.734210	0.686318	0.820597	0.365644

Nadat die afsnypunt arbitrêr op 0,75 vasgestel is, is veranderlikes A503 en A803 uit faktor 1 en veranderlike A903 uit faktor 3 onttrek om in die logistiese regressie-ontleding ingesluit te word.

7.5.3 Rorschach-inhoudveranderlikes

Vervolgens is die misdadigers- en die staatspasiëntegroepe ten opsigte van alle beskikbare Rorschach-inhoudveranderlikes vergelyk. Vanweë die aard van hierdie veranderlikes is hier in hoofsaak van frekwensietabelontledings gebruik gemaak. In hierdie vergelykings het bogenoemde groepe grootliks met mekaar ooreengestem en is daar dus geen inhoudveranderlikes wat by die regressie-ontleding ingesluit kon word nie. Die gegewens wat op hierdie veranderlikes betrekking het, word in bylae B aangebied.

7.5.4 Rorschach kwantitatiewe verhoudings

Met betrekking tot die verwerking van die Rorschach se gegewens aangaande kwantitatiewe verhoudings, is frekwensietabelontledings weereens uitgevoer sodat moontlike beduidende verskille tussen die misdadiger- en die staatspasiëntegroepe uitgewys kan word. Met die uitsondering van response op

Rorschach-kaarte VIII, IX en X gekoppel aan die M : som C response (verhoudings wat betrekking het op die emosionele reaksie tot die omgewing) is daar geen ander statisties beduidende verskille met verwysing na die kwantitatiewe verhoudings tussen die twee groepe opgelewer. In tabel 7.22 word die twee groepe se response uiteengesit ten opsigte van response op kaarte VIII, IX en X tesame gekoppel aan die M:som C response.

TABEL 7.22 C3 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE

C3	GROEPE			
Frekwensie Totale % Ry % Kolom %	misdadigers	staatspasiënte	Totaal	
C3a VIII, IX, X > 40% en M:som C > 0	2 1.41 28.57 1.82	5 3.52 71.43 15.63	7 4.93	Hierdie (7) gevalle se response op kaarte 8, 9 en 10 het die getal van 40% oorskry en tegelyk was die M:som C response groter as 0.
C3b VIII, IX, X < 30% en M:som C < 0	19 16.90 79.17 17.27	5 3.52 20.83 15.63	24 16.90	Hierdie (24) gevalle se response op kaarte 8, 9 en 10 was minder as 30% en tegelyk was die M:som C response kleiner as 0.
C3c die res	89 62.68 80.18 80.91	22 15.49 19.82 68.75	111 74.65	Hierdie (111) gevalle het nie aan bogenoemde twee kategorieë se kriteria voldoen nie.
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00	

x^2 = 10,09 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,006

Dit beteken dat hierdie persone meer vatbaar is vir omgewingsinvloede en dus ekstratensiewe reaksies kan openbaar. Die feit dat die M:som C response egter groter as nul is, dui op introvertiewe neigings. Verder verwys **C3b** na persone wat minder as 30 persent van hul response op kaarte 8, 9 en 10 gegee het en daarby wie se M:som C response kleiner as 0 is. Hieruit word afgelei dat alhoewel hierdie persone minder vatbaar is vir omgewingsinvloede, tog meer ekstratensiewe neigings kan manifesteer. Daar kan ook aangeneem word dat persone met meer as 40 persent van hul response op bogenoemde kaarte kan baie vatbaar kan wees vir omgewingsinvloede of hulle nou uiterlike uitdrukking aan hulle emosionele reaksies gee of nie. Wanneer die response minder as 30 persent is, behoort die teenoorgestelde ook waar te wees. Dan is kategorie **C3c** volgens die Rorschach verteenwoordigend van gevalle met ambiverte reaksies.

Volgens tabel 7.22 kan daar verder afgelei word dat die meerderheid (71,43 persent) van die observasiegevalle wat meer vatbaar was vir omgewingsinvloede maar met meer introvertiewe neigings, staatspasiënte was teenoor 28,57 persent misdadigers. Daarteenoor was die meerderheid (79,17 persent) van die observasiegevalle wat minder vatbaar was vir omgewingsinvloede en met meer ekstratensiewe eienskappe, misdadigers gewees teenoor 20,83 persent staatspasiënte. Ten spyte van die feit dat die meerderheid (74,65 persent) van alle observasiegevalle in kategorie **C3c** ressorteer het, is veranderlike C3 in die voorgestelde regressie-ontledings ingesluit.

7.6 DIE REGRESSIE-ONTLEDING EN 'N VOORGESTELDE VOORSPELLINGSMODEL

Die volgende veranderlikes is nou op grond van hulle beduidendheid gekies om aan verskeie regressie-ontledings onderwerp te word en sodoende 'n model op te stel met die hoogste voorspellingswaarde. Dié veranderlikes word dus teenoor mekaar opgeweeg te einde vas te stel watter van hulle die grootste gewigswaarde toon waarvolgens observasiegevalle hetsy as misdadigers of as staatspasiënte korrek geklassifiseer kan word:

"NNTAANKL" - staan vir "misdrywe volgens klas"
"MILDIENS" - staan vir "verrigting van militêre diens"
"VPSIGBEH" - staan vir "vorige psigiatriese behandeling"
"INLIG" - staan vir "algemene inligting"
"BEGRIP" - staan vir "algemene begrip"
"REKVER" - staan vir "rekenkundige redeneervermoë"
"SYFERH" - staan vir "syferherhaling"
"OOREEN" - staan vir "ooreenkomste"
"PRENV" - staan vir "prentevoltooiing"
"VOORW" - staan vir "voorwerpesamevoeging"
"BLOKP" - staan vir "blokpatrone"
"SYFERS" - staan vir "syfersimboolvervanging
"PRENTR" - staan vir "prentrangskikking"
"A801" - staan vir die "agste kaart wat die tipe lokaliteit aandui"
"A701" - staan vir die "sewende kaart wat die tipe lokaliteit aandui"
"A301" - staan vir die "derde kaart wat die tipe lokaliteit aandui"
"A601" - staan vir die "sesde kaart wat die tipe lokaliteit aandui"
"A901" - staan vir die "negende kaart wat die tipe lokaliteit aandui"

"A503" - staan vir die "vyfde kaart wat die tipe vorm aandui"
"A803" - staan vir die "agste kaart wat die tipe vorm aandui"
"A903 - staan vir die "negende kaart wat die tipe vorm aandui"
"C3" - staan vir "kwantitatiewe verhoudings t.o.v kaarte 8, 9 en 10 asook M:som C response"

Die regressie-ontleding wat die grootste aantal observasie-gevalle korrek kon klassifiseer as enersyds misdadigers en andersyds staatspasiënte, is op sewentig (70) observasiegevalle uitgevoer nadat twee-en-sewentig (72) van die aanvanklik geselekteerde honderd twee-en-veertig gevalle (142) weens ontbrekende data verwerp is en gevolglik vir die doeleindes van die finale regressie-ontleding buite rekening gelaat is. Verder is die waardes van 1 en 2 oorspronklik toegeken aan afhanklike veranderlike "groepe", na onderskeidelik waardes 0 en 1 geënkodeer vir die doeleindes van hierdie ontleding.

Met die aanvang van die stapsgewyse voorwaardse logistiese-regressie is die doel om multikolliniariteit te verhoed en net betekenisvolle veranderlikes in te sluit.
Die volgende vier stappe het die onderstaande resultate opgelewer:

	Verbete-rende			Model			Korrekte	
Stap	**x^2**	**Gvv**	**Bed.**	**x^2**	**Gvv**	**Bed.**	**Klass. %**	**Veranderlike**
1	14.467	1	.000	14.467	1	.000	85.71	IN: **SYFERS**
2	3.688	1	.055	18.155	2	.000	88.57	IN: **VPSIGBEH**
3	4.403	1	.036	22.558	3	.000	88.57	IN: **INLIG**
4	6.736	1	.009	29.294	4	.000	91.43	IN: **PRENTR**

Geen ander veranderlikes kan na stap 4 geskrap of bygevoeg word nie terwyl die berekening na die sesde iterasie geëindig het omdat die logaritme se waarskynlikheid met minder as ,01 persent

verminder het. Die verbeterende chikwadraatwaarde is na die vierde stap met een graad van vryheid op 6,736 bepaal, terwyl die model se finale chikwadraat met vier grade van vryheid op 29,294 te staan gekom het. Hierop volg tabel 7.23 waarop die klassifikasie van die observasiegevalle volgens die uitgewysde veranderlikes uiteengesit word.

Tabel 7.23 **KLASSIFIKASIE VAN GROEPE**

	Voorspelde gevalle		
	Misda-digers	Staats-pasiënte	
Werklike gevalle	(1)	(2)	Gevalle korrek voorspel
Misdadigers	56	2	96,55%
Staatspasiënte	4	8	66,67%
		Totaal	91,43%

Volgens bostaande klassifikasie van gevalle binne elke groep is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid (96,55 persent) wat tot misdadigers geklassifiseer is, korrek voorspel is. Daarteenoor is twee derdes (66,67 persent) van die gevalle wat tot staatspasiënte verklaar is, ook korrek voorspel. Daar is dus in totaal 91,43 persent van alle observasiegevalle - hetsy as misdadigers of staatspasiënte - deur die opgestelde regressiemodel korrek voorspel. Hierop volg die uitgewysde veranderlikes met hulle onderskeie statistiese besonderhede.

Veranderlikes in die vergelyking

eranderlike	B	SE	Wald	Gvv	P	Exp(B)
PSIGBEH(1)	-2,2537	1,0134	4,9454	1	0,0262	0,1050
NLIG	0,9274	0,3718	6,2214	1	0,0126	2,5278
FERS	-0,6772	0,3275	4,2752	1	0,0387	0,5080
RENTR	-0,6451	0,2920	4,8803	1	0,0272	0,5246
onstante	3,8270	2,0695	3,4195	1	0,0644	

staan vir regressiekoëfisiënt

staan vir standaardfout

ald se toets is daarop ingestel om te bepaal dat die regressiekoëffisiënt van 0 betekenisvol verskil.

v staan vir grade van vryheid

staan vir statistiese beduidendheid

p (B) verwys na die kansverhouding vir diskrete veranderlikes of die relatiewe risiko vir kontinue eranderlikes.

Die finale model lyk dus soos volg:

$$\log_e \left(\frac{p}{1-P}\right) = \text{logit}(p) = B_0 + B_1(\text{VPSIGBEH}) + B_2(\text{INLIG}) + B_3(\text{SYFERS}) + B_4(\text{PRENTR})$$

$$= 3{,}827 - 2{,}25(\text{VPSIGBEH}) + 0{,}9274(\text{INLIG}) - 0{,}677(\text{SYFERS}) - 0{,}6451(\text{PRENTR})$$

met $\log \left(\frac{p}{1-P}\right)$ die natuurlike logaritme van die kansverhouding van staatspasiënt tot misdadiger en p is die waarskynlikheid om 'n staatspasiënt te wees. Die kansverhouding naamlik die risiko om as staatspasiënt verklaar te word na blootstelling aan die risikofaktor relatief tot dieselfde risiko maar sonder blootstelling vir die risikofaktor (=exp (regressiekoëffisiënt) in die geval van 'n binêre risikofaktor wat die waardes 0 en 1 kan aanneem). Die relatiewe risiko vir 'n kontinue risikofaktor (voorspeller) is ook exp(regressiekoëffisiënt) en gee die veranderde risiko indien die risikofaktor met een eenheid verander. Verder indien die kansverhouding/relatiewe risiko groter as 1 is, is die kans beter om as staatspasiënt geklassifiseer te word terwyl as dit kleiner is as 1, is die kans beter om as misdadiger geklassifiseer te word.

Die kansverhouding $\exp(B_1)=0{,}1050$ is die kans om as staatspasiënt geklassifiseer te wees wanneer 'n observasiegeval nie vorige psigiatriese behandeling gehad het nie dit wil sê 0,1050 keer so groot as wanneer die observasiegeval wel vorige psigiatriese behandeling gehad het. Dus is die kans 9,52 keer so groot dat 'n observasiegeval as staatspasiënt geklassifiseer word indien die betrokke geval vorige psigiatriese behandeling ontvang het.

Die relatiewe risiko $\exp(B_2) = 2{,}5278$ dui daarop dat wanneer 'n observasiegeval se telling op die subskaal "algemene inligting" van die S A Wechsler intelligensieskaal met een eenheid vermeerder, die risiko om as staatspasiënt verklaar te word met 2,5278 keer verhoog.

Die volgende relatiewe risiko $\exp(B_3) = 0,5080$ beteken dat wanneer 'n observasiegeval se telling op die subskaal "syfersimboolvervanging" van die S A Wechsler-intelligensieskaal met een eenheid toeneem, die risiko om as staatspasiënt geklassifiseer te word na 0,5080 keer verlaag.

Die laaste relatiewe risiko $\exp(B_4) = 0,5246$ wys daarop dat wanneer 'n observasiegeval se telling op die subskaal "prentrangskikking" van die S A Wechsler intelligensieskaal met een eenheid toeneem, verlaag die risiko om as staatspasiënt geklassifiseer te word na 0,5246 keer.

7.7 PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE VOORSPELLINGSMODEL

Vervolgens word drie observasiegevalle uit die huidige ondersoek se steekproef gekies en hulle ooreenstemmende tellings op die uitgewysde regressie-veranderlikes gebruik ten einde die voorgestelde model op individuele gevalle te ontplooi. Die regressie-vergelyking se waardes en waarskynlikhede asook die onderskeie interpretasies daaraan gekoppel, word hieronder uiteengesit.

Observasiegeval nommer 1 se regressie-waarde $y = 3,827 - 2,25x1 + 0,9274x5 - 0,677x4 - 0,6451x4,5 = 0,603$

met $p = 0,646$

waar $y = \log\left(\frac{p}{1-p}\right)$

vpsigbeh = 1
inlig = 5
syfers = 4
prentr = 4,5.

Met inagneming van die 0,5 afsnypunt asook die korrekte klassifikasie persentasie 91,43%, toon die **p** waarde van 0,646 aan dat observasiegeval nommer 1 as 'n staatspasiënt geklassifiseer is.

Observasiegeval nommer 2 se regressie-waarde y = 3,827 -2,25x2 +0,9274x7 -0,677x7 -0,6451x8,5 = -4,403

met p = 0,012
waar vpsigbeh = 2
inlig = 7
syfers = 7
prentr = 8,5.

Volgens die **p** waarde van 0,012 heelwat geleë onder die vasgestelde 0,5 afsnypunt, word observasiegeval nommer 2 as misdadiger geklassifiseer.

Observasiegeval nommer 3 se regressie-waarde y = 3,827 -2,25x2 +0,9274x12 -0,677x6 -0,6451x10 = -0,057

met p = 0,486
waar vpsigbeh = 2
inlig = 12
syfers = 6
prentr = 10.

Die **p** waarde van 0,486 hoewel net onderkant die afsnypunt van 0,5 lewer bewys dat observasiegeval nommer 3 as misdadiger geklassifiseer word.

7.8 SLOTGEDEELTE

In hierdie hoofstuk is 'n breedvoerige bespreking van sekere veranderlikes soos hulle aan die hand van die verskeie misdadiger- en staatspasiëntesubgroepe gemeet is, asook sekere algemene implikasies gegee. Die hele proses het tot 'n voorspellingsinstrument gekulmineer wat die toekomstige klassifikasie van observasiegevalle as misdadigers of as staatspasiënte met 'n hoë vlak van waarskynlikheid sal kan bepaal. In hoofstuk 8 sal aandag gegee word aan die gevolgtrekkings en aanbevelings.

HOOFSTUK 8

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

In die huidige studie is daar ondersoek ingestel na moontlike verskille asook ooreenkomste tussen twee groepe observasiegevalle. Eerstens word die belangrikste gevolgtrekkings met betrekking tot die empiriese bevindinge van hierdie ondersoek uitgelig. Vervolgens sal die belangrikste aanbevelings met betrekking tot die empiriese bevindinge van hierdie studie sowel as die konsepsueel-teoretiese gedeelte van die literatuurstudie vir toekomstige navorsing uiteengesit word.

8.2 GEVOLGTREKKINGS

* Misdadigers en staatspasiënte verskil beduidend van mekaar met betrekking tot die pleeg van misdrywe of beweerde misdrywe wat volgens klas geklassifiseer is. In die besonder is persoonsverhoudings- en eiendomsmisdrywe of beweerde misdrywe meer deur misdadigers as staatspasiënte gepleeg terwyl gemeenskapslewemisdrywe of beweerde misdrywe meer by staatspasiënte as misdadigers voorgekom het.

* Gevalle wat deur 'n geregshof vir 'n beweerde misdryf na Weskoppieshospitaal vir observasie verwys is en na afloop van die observasietydperk deur die regstelsel skuldig bevind is en dus as misdadigers geklassifiseer is, is meer intelligent as soortgelyke gevalle wat as staatspasiënte geklassifiseer is, aldus die afleiding van die gevalle se tellings wat bereken is met behulp van die S A Wechsler intelligensieskaal. Die drie belangrikste voorspellers uit bovermelde intelligensieskaal wat ook in die finale voorspellingsinstrument ingesluit is, was die volgende

subtoetse: algemene inligting, syfersimboolvervanging en prentrangskikking.

* Vorige psigiatriese behandeling het beduidend meer voorgekom by observasiegevalle wat tot staatspasiënte verklaar is as by observasiegevalle wat as misdadigers geklassifiseer is weereens aldus die finale voorspellingsinstrument se bevestiging. In die besonder het die verhouding met betrekking tot klas B misdrywe (onsedelike aanranding, openbare onsedelikheid, verkragting ens.) onder staatspasiënte met vorige oortredings geneig om betekenisvol hoër te wees as die verhouding met betrekking tot klas B onder misdadigers met vorige oortredings.

* Klas B misdrywe het verder ook geneig om betekenisvol hoër voor te kom onder die staatspasiënte met geskiedenis van alkoholmisbruik en substansmisbruik. Die keuse dus om alkohol- en/of substansafhanklikheidstowwe tot 'n sekere graad te misbruik, kan meebring dat 'n persoon se inhibisies vrye teuels kry en misdadige gedrag tot gevolg kan hê.

* Nog steeds met betrekking tot die onderwerp van substansmisbruik, is daar 'n neiging dat nie-persoonsgerigte geweldsmisdrywe, verhoudingsgewys meer onder staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik as by misdadigers met 'n geskiedenis van substansmisbruik voorgekom het. Daarby ook was die verhouding persoonsgerigte geweldsmisdrywe heelwat hoër onder die staatspasiënte met 'n geskiedenis van substansmisbruik as die verhouding met betrekking tot die misdadigers met geskiedenis van substansmisbruik en selfs effens hoër as die verhouding met betrekking tot misdadigers sonder 'n geskiedenis van substansmisbruik.

* Die psigiatriese diagnose "substansverwante

versteurings" is hoofsaaklik op misdadigers gemaak; dit het meer by misdadigers met 'n rekord van vorige oortredings voorgekom en hierdie gevalle het oor 'n gemiddelde intelligensiekwosiënt beskik. Alhoewel daar volgens die maatskaplike verslag 'n rekord van alkohol- en substansmisbruik by 'n groter getal staatspasiënte was, kan die afleiding gemaak word dat die graad of mate van sodanige misbruik tydens die pleeg van die beweerde misdryf, die deurslaggewende faktor was by die bepaling van die psigiatriese diagnose.

* Antisosiale persoonlikheidsversteurings het uitsluitlik onder misdadigers voorgekom en dan grotendeels onder misdadigers met 'n rekord van vorige oortredings asook 'n geskiedenis van alkoholmisbruik. Verder het die meerderheid van hierdie groep 'n gemiddelde intelligensiekwosiënt getoon. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom kom dat persone met psigopatiese/sosiopatiese/antisosiale eienskappe herhaaldelik daarop ingestel is om die wet te oortree maar op so 'n wyse dat daar ongetwyfeld onsekerheid bestaan aangaande hulle toerekeningsvatbaarheid tydens die pleging van die beweerde misdryf.

* Die onderlinge verband tussen toetstellings in verskeie persoonlikheidsareas bring mee dat 'n duidelike onderskeid tussen 'n "misdadige" en 'n "normale" persoonlikheid nie gemaak kan word nie. Gevolglik kon tot dusver nie vasgestel word of misdadige gedrag die uitvloeisel is van bepaalde persoonlikheidseienskappe en of dié eienskappe die gevolge van kriminele aktiwiteite is nie. Daar is dus nie genoegsame bewyse dat mense se persoonlikheid hulle vatbaar maak vir afwykende gedrag nie. Dit is egter moontlik dat individue se betrokkenheid in onwettige aktiwiteite 'n invloed kan hê op die ontwikkeling van sekere persoonlikheidseienskappe.

8.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

* Die S A Wechsler intelligensieskaal het geblyk 'n bruikbare meetinstrument te wees om groepe ten opsigte van hul intelligensiekwosiënt te onderskei. Derhalwe kan die ondersoeker hom nie vereenselwig met die standpunt van sommige geesteswetenskaplikes wat die wêreldwye afskaffing van die Wechsler bepleit nie maar eerder sy ondersteuning gee aan dié se pogings om die S A Wechsler skaal aan te pas vir die eiesoortige omstandighede van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika asook die aanpassing van die meetskaal vir elke land wat dit tans gebruik of in die verlede gebruik het.

* Ten einde bepaalde profiele met behulp van die Rorschach projektiewe tegniek ten opsigte van spesifieke oortreders (bv moordenaars, aanranders, seksoortreders ens.) te trek is dit wenslik dat die toetsingsproses verkieslik deur dieselfde ondersoeker waargeneem word en dan ook ten opsigte van 'n spesifieke oortredersgroep. Rorschach kwantitatiewe datagegewens van die huidige ondersoek kon meer optimaal benut word indien die kwalitatiewe gedeelte van die data op 'n meer konsekwente wyse ingesamel is. 'n Kwalitatiewe ontleding sou dus verdere waardevolle inligting bygedra het.

* Weens die geweldige toename in ekonomiese misdade wêreldwyd behoort die ontwikkeling van 'n integriteitsmetingskaal van groot hulp te wees wanneer persone weens beweerde ekonomiese misdade vir observasie na psigiatriese inrigtings verwys word.

* Met bogenoemde in gedagte kan die voorgestelde voorspellingsmodel dan verder verfyn en aangepas word deurdat 'n groter, landwye steekproef van alle observasiegevalle getrek word wat uiteraard 'n groter aantal veranderlikes sal insluit.

* Die benaming "staatspasiënt" is effens verwarrend weens die feit dat hulpbehoewende pasiënte in staatshospitale normaalweg ook "staatspasiënte" genoem word. Daar word aanbeveel dat die woord "staatspasiënt" in die Wet op Geestesgesondheid eerder deur 'n meer gepaste woord vervang word.

* Aangesien persone wat minder ernstige misdrywe gepleeg het nogtans vir observasie verwys word, bring dit mee dat 'n persoon tot staatspasiënt verklaar word en dit dan agterna blyk dat 'n siviele opname 'n beter opsie sou gewees het. Daar word aanbeveel dat seker gemaak word dat beskuldigdes slegs in die geval van ernstige en gewelddadige misdade tot staatspasiënte verklaar word, terwyl die howe die bevoegdheid kry om in geskikte gevalle te beveel dat beskuldigdes ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Geestesgesondheid aangehou moet word.

* Weens die duidelike verskil tussen geestesongestelde persone en verstandelik vertraagde persone, behoort hierdie twee groepe apart hanteer en behandel word. Nuwe wetgewing word egter nie vereis nie omdat die bepalings van artikels 24 en 28 van die Wet op Geestesgesondheid ruim genoeg is om diegene wat verstandelik vertraag is, hetsy siviele opnames of staatspasiënte, apart aan te hou en te behandel.

* Die getuienis van kriminoloë en sielkundiges behoort bygevoeg te word by dié van psigiaters en wel in gevalle waar toerekeningsvatbaarheid of verminderde toerekeningsvatbaarheid ter sprake is. Bogenoemde deskundiges moet ook besef dat nie van hulle verwag word om 'n regsopinie te gee nie maar wel 'n opinie uit te spreek as deskundiges op hulle terrein wat natuurlik die skyf gaan wees vir die vervolging of die verdediging. Dit moet dus vir die hof duidelik word watter feite beskikbaar was en wat die deskundiges se objektiewe

opinie was, gebaseer op empiriese wetenskaplike kennis.

* Die klaarblyklike betroubaarheid van die DSM-IV handleiding word bevraagteken as gevolg van die onverkrygbaarheid van interwaarnemer (interrater) betroubaarheidsdata asook weens die mate waartoe die DSM-IV op kliniese oordeel steun. Bydraende faktore is die versnellingstempo van hersiening met betrekking tot die DSM-IV tesame met die feit dat die DSM-IV eksplisiet erken dat dit nie oor 'n geskikte definisie aangaande "geestesongesteldheid" beskik nie. Bogenoemde plaas die onus op eties verantwoordelike gedrag aan die kant van psigiaters, sielkundiges en kriminoloë sodat praktyke en prosedures wat die regstelsel op 'n dwaalspoor mag lei, geïdentifiseer kan word.

8.4 SLOT

Die bewering kan gemaak word dat die twee konsepte van geestesongesteldheid en misdaad by tye gelyktydig bestaan. In die geheel gesien is die wese en aard van hierdie verband nie baie deursigtig nie. Soms lyk die verband deels oorsaaklik te wees. Beide begrippe van "geestesongesteldheid" sowel as "misdaad" moet egter binne 'n sosiale konteks geplaas word ten einde 'n volledige beeld van 'n misdryf of 'n beweerde misdryf te verkry. Met die oog op toekomstige navorsing, is dit onwaarskynlik dat daar streng reëls gegenereer sal word aangaande geestesongesteldheid en misdaad. Dit is meer waarskynlik dat elke geval op sy individuele meriete beoordeel gaan word om in 'n bepaalde instansie die aard van die verband tussen die geestesongesteldheid en die misdaad te kan bepaal. Dit sal altyd 'n saak van die uiterste belang bly wanneer die hof 'n oordeel moet vel aangaande kwessies van toerekeningsvatbaarheid, sodat uitsluitsel gegee kan word of 'n beweerde oortreder aanspreeklik gehou en uiteraard gestraf mag word vir die betrokke handeling.

Daar moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die

betroubaarheid en geldigheid van enige opgestelde meetinstrument deur verskeie faktore geaffekteer kan word soos byvoorbeeld die aantal navorsers wat hierdie instrument toepas (administreer en interpreteer) asook die feit dat die verkreë resultate 'n beeld van 'n individu se persoonlikheid gee tydens sy observasietydperk. Dit bring dus mee dat die waarde van alle meetinstrumente nie oorbeklemtoon behoort te word nie aangesien hulle aan 'n magdom invloede blootgestel is. Daar moet ook besef word dat ten spyte van die verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes behoort hulle resultate te lewer wat wedersydse ondersteuning vir mekaar bied. Sulke bevindinge kan dus van meer oortuigende, komplementêre, bevestigende, en by tye selfs van meer beslissende, aard wees.

In enige toekomstige navorsing moet behoorlike oorweging gegee word aan alle redelike sienings van geestesongesteldheid voortvloeiend uit die een uiterste naamlik Szasz (1973) se amper totale verwerping van die begrip "geestesongesteldheid" na die ander uiterste - die allesomsluitende sienings van geesteswetenskaplikes soos Menninger (1988) wat die mening huldig dat alle mense in 'n minder of meerdere mate geestesongesteld is vir groot gedeeltes van hulle lewensloop.

Ter afsluiting, na aanleiding van die gesegde dat daar iets van elke misdadiger in elke mens is en iets van elke mens in elke misdadiger is, kan die volgende ook gesê word: Dit wil voorkom asof daar iets van elke misdadiger in elke staatspasiënt en iets van elke staatspasiënt in elke misdadiger is, sprekend van die gelyktydige eenvoudigheid en kompleksiteit van homo sapiens.

BIBLIOGRAFIE

Abrahamsen, D. 1960. ***The psychology of crime.*** New York: Columbia University Press.

Ackerknecht, E H. 1982. ***A short history of medicine.*** Baltimore: John Hopkins Press.

Adler, A. 1959. ***The practice and theory of individual psychology.*** Totowa, NJ: Littlefields, Adams.

Akhtar, S & Thomson, A. 1982. Overview of narcissistic personality disorder. ***American journal of psychiatry.*** Volume 139:12-20.

Aldrich, C K. 1987. Acting out and acting up: the superego lacuna revisited. ***American journal or orthopsychiatry*** volume 57: 402-406.

Alexander, F & Straub, H. 1956. ***The criminal, the judge, and the public.*** New York: Free Press.

American Psychiatric Association. 1994. ***Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders.*** Vierde uitgawe. DSM-IV. Washington DC.

Anastasi, A. 1976. ***Psychological testing.*** Vierde uitgawe. New York: MacMillan.

Andrews, J M. 1974. Immaturity, delinquency and the Wechsler PV sign. ***Journal of abnormal child psychology*** volume 2:245-251.

Aristotle. 1913. ***Aristotle on education: being extracts from the Ethics and Politics.*** Cambridge: Cambridge University Press.

Aristotle. 1954. ***The Nicomachean Ethics.*** (Ross translation). Oxford: Oxford University Press.

Aronfreed, J. 1974. Discussion: Developmental gains in moral judgement. ***American journal of mental deficiency*** volume 79 Nommer 2:113-154.

Atwood, G & Stolorow R. 1984. ***Structure of subjectivity: explorations in psychoanalytic phenomenology.*** Hillsdale, N J: Analytic Press.

Bartol, C R. 1991. ***Criminal behavior: a psychosocial approach.*** Derde uitgawe. New Jersey: Prentice Hall.

Bartol, C R. 1995. ***Criminal behaviour. a psychosocial approach.*** Fourth Edition. New Jersey: Prentice Hall, Englewood Cliffs.

Biggs, J. 1955. ***The guilty mind.*** Harcourt, New York: Brace and Co.

Blackburn, R. 1993. ***The psychology of criminal conduct: theory, research and practice.*** Chichester: John Wiley & Sons.

Blatt, S J & Berman, W H. 1984. A methodology for the use of the Rorschach in clinical research. ***Journal of personality assessment*** volume 48(3):226-239.

Bowlby, J. 1944. Forty-four juvenile thieves. ***International journal of psychoanalysis*** volume 25:1-57

Brown, B S & Courtless, T F. 1967. ***The mentally retarded offender.*** Reference document reproduced by the President's Commission on Law Enforcement and administration at Justice.

Burt, C. 1925. ***The young delinquent.*** London: London University Press.

Campagna, A F & Harter, S. 1974. Moral judgments in sosiopathic and normal children. ***Journal of personality and social psychology*** volume 31(2):199-205.

Caplan, N S. 1965. Intellectual functioning. In H C Quay (Red). ***Juvenile delinquency.*** Princeton: Van Nostrand. pp 100-138.

Cattell, R B. 1987. ***Intelligence: its structure, growth and action.*** New York: Elsevier science publishing co.

Clinard, M B & Meier, R F. 1979. ***Sociology of deviant behavior.*** New York: Holt, Rinehart and Winston.

Coetzee, A L & Madge, E M. 1981. ***Research with the South African version of the Wechsler-Bellevue Adult Intelligence Scale.*** Research finding P-35. Pretoria:Human Sciences Research Council.

Coleman, J C. 1967. Stimulus factors in the relation between fantasy and behavior. ***Journal of projective techniques*** volume 31:68-73.

Collett, D. 1991. ***Modelling binary data.*** London: Chapman & Hall.

Crain, W C & Smoke L. 1981. Rorschach aggressive content in normal and problematic children. ***Journal of personality assessment*** volume 45:2-4.

Danby, H. 1967. ***The Mishnan.*** London: Oxford University Press.

Denno, D W. 1990. ***Biology and violence: from birth to adulthood.*** Cambridge, England: Cambridge university press.

Departement van Justisie. 1992. ***Verslag RP 40/1993.*** Kaapstad: Kaap & Transvaal drukkers.

Eagle, M N. 1984. ***Recent developments in psychoanalysis.*** New York: McGraw-Hill.

Ellenber, H D. 1961. Remard Home Boys, 1930-1955. ***British Journal of criminology*** volume 2:111-131.

Epperson, R C. 1981. Predictive validity of the Rorschach in probation-supervised treatment of mentally disordered offenders. Ongepubliseerde doktorale studie, California School of Professional Psychology-Berkeley. ***Dissertation abstracts international*** volume 42:764-765B.

Epstein, H T. 1974. ***Phrenoblysis: special brain and mind grow periods***. I. Human brain and skull development; II. Human mental development. Developmental Psychobiology. Volume 7:207-224.

Erdelyi, M. 1985. ***Psychoanalysis: Freud's Cognitive Psychology***. San Francisco: Freeman.

Erikson, E. 1963. ***Childhood and society***. New York: W W Norton.

Exner, J E, Wylie, J R, Laura, A V & Parnill, T. 1977. Some psychological characteristics of prostitutes. ***Journal of personality assessment*** volume 41:474-485.

Exner, J E. 1986. ***The Rorschach: a comprehensive system***. Volume I: basic foundations. Tweede uitgawe. New York: Wiley

Farrington, D P. 1981. The prevalence of convictions. ***British journal of criminology*** volume 21: 173-175.

Feldman, M P. 1977. Criminal behaviour: ***A psychological analysis***. New York: Wiley

Finkel, N J. 1992. Insanity: making law in the absence of evidence. ***Medicine and law***. 384-404.

Fox, V. 1946. Intelligence, race and age as selective factors in crime. ***Journal of criminal law and criminology*** volume 32:141-152.

Frank, G. 1983. ***The Wechsler enterprise: an assessment of the development, structure and use of the Wechsler tests of intelligence***. Oxford: Pergamon Press.

Frease, D E. 1973. Schools and delinquency: some intervening processes. ***Sociological review*** volume 16:426-448.

Freud, S. 1953. ***A General Introduction to Psychoanalysis***. New York: Perma Books.

Freud, S. 1957. Criminals from a sense of guilt. In J Strachey (ed). ***The complete psychological works of Sigmund Freud***. Volume 18. London: Hogarth Press.

Freud, S. 1959. ***Group Psychology and the analysis of the ego***. New York: W W Norton & company. (Oorspronklike werk in 1921 gepubliseer).

Freud, S. 1961. ***Civilization and its discontents.*** Vertaal deur J Strachey. New York: W W Norton.

Friedlander, K. 1947. ***The Psychoanalytic approach to Juvenile delinquency.*** London: Routledge and Kegan Paul.

Fromm, E. 1973. ***The anatomy of human destructiveness.*** New York: Helt, Rinehart & Winston.

Gath, D, Tennent, G & Pidduck, R. 1971. Criminological characteristics of bright delinquents. ***British journal of criminology*** volume 11:275-279.

Gibbons, D C. 1976. Offender typologies: two decades later. ***British journal of criminology*** volume 15:140-156.

Gibbons, D C. 1987. ***Society, crime and criminal behaviour. Vyfde uitgawe).*** Englewood cliffs, NJ: Prentice Hall.

Glover, E. 1960. ***The roots of crime.*** London: Imago.

Glueck, S & Glueck, E. 1930. ***Five hundred criminal careers.*** New York: Knopf.

Glueck, S & Glueck, E. 1934. ***One thousand juvenile delinquents.*** Cambridge: Harvard University Press.

Glueck, S & Glueck, E. 1934a. ***Five hundred delinquent women.*** New York: Knopf.

Gold, L H. 1962. Psychiatric profile of the firesetter. ***Journal of forensic sciences*** volume 7:404-417.

Gordon, L B. 1980. Preferential drug abuse: defenses and behavioral correlates. ***Journal of personality assessment*** volume 44:345-350.

Gordon, R. 1976. Prevalence: The rare datum in delinquency measurement and its implications for the theory of delinquency. In MW Klein (Red). ***The juvenile justice system.*** Beverly Hills: Sage publications.

Graham, E E. 1952. Wechsler-Bellevue and WISC scattergrams of unsuccessful readers. ***Journal of consulting psychology*** volume 16:268-271.

Graham, E E & Kamano, D. 1958. Reading failure as a factor in the WAIS subtest patterns of youthful offenders. ***Journal of clinical psychology*** volume 14:302-305.

Greenacre, M J & Blasius, J. (Reds). 1994. ***Correspondence analysis in the social sciences: recent developments and applications.*** London: Academic press.

Gunn, J 1977. Criminal behaviour and mental disorder. ***British journal of psychiatry*** volume 130:317-329. London.

Gutting, G. (Red). 1994. ***The Cambridge companion to Foucault.*** Cambridge: Cambridge University Press.

Hagan, F E. 1986. ***Introduction to theories, methods and criminal behaviour.*** Chicago: Nelson Hall.

Halleck, S. 1968. American psychiatry and the criminal. ***International journal of psychiatry*** volume 6:185-208.

Hare, R D. 1984. Performance of psychopaths on cognitive tasks related to frontal lobe function. ***Journal of abnormal psychology*** volume 93:133-140.

Hartman, A A. 1940. Recidivism and intelligence. ***Journal of criminal law and criminology*** volume 31:417-426.

Haskell, R J. 1961. Relationship between aggressive behavior and psychological tests. ***Journal of projective techniques*** volume 25:431-440.

Healy, W & Bronner, A F. 1947. ***New light on delinquency and its treatment: results of research conducted for the Institute of human relations Yale University.*** New Haven: Yale University Press.

Heilbrun, A B. 1979. Psychopathy and violent crime. ***Journal of consulting and clinical psychology*** volume 47:509-516.

Hellman, D en Blackman, N. 1966. Enuresis, Fire Setting and Cruelty to Animals. ***American journal of psychiatry*** volume 122: 1431-1435.

Hermann, D H J. 1983. ***The insanity defense: philosophical, historical and legal perspectives.*** Springfield, Illinois: Charles C Thomas.

Hibbert, C. 1963. ***The roots of evil.*** London: Weidenfeld and Nicholson.

Hirschi, T. 1969. ***Causes of delinquency.*** Berkeley & Los Angeles California: University of California Press.

Hirschi, T & Hindelang, M J. 1977. Intelligence and delinquency: a revisionist review. ***American sociological review*** volume 42: 571-587.

Hogan, R. 1974. Dialectical aspects of moral development. ***Human development*** volume 17: 113.

Hogan, R and Jones, W H. 1983. A role-theoretical model of criminal conduct. In W S Laufer and J M Day (Reds). ***Personality theory, moral development, and criminal behaviour.*** Lexington, Massachusets: Lexington Books.

Jacobson, R R. 1985. Child Firesetters: a clinical investigation. ***Journal of child psychology and psychiatry*** volume 26(5):759-768.

Johnson, A M. 1959. Juvenile delinquency. In S Arieti (Red). ***American handbook of psychiatry***. New York: Basic Books.

Jones, J W. 1956. ***The Law and the legal theory of the Greeks***. Oxford university press.

Jung, C G. 1940. ***The integration of personality***. London: Routledge & Kegan Paul.

Kaufman, A S. 1976. Verbal performance IQ discrepancies on the WISC-R. ***Journal of consulting and clinical psychology*** volume 44:739-744.

Kernberg, O F. 1976. ***Object relations theory and clinical psychoanalysis***. New York: Jason Aroson.

Kessler, R. 1989. Sociology and Psychiatry. In H I Kaplan and B J Sadock (Reds). ***Textbook of psychiatry***. Volume 1. Vyfde uitgawe. Baltimore, Md.: Williams & Wilkins.

Kidder, L H. 1981. ***Selltiz, Wrightsman and Cook's research methods in social relations***. Vierde uitgawe. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Kierkegaard-Sorensen, L & Medrick, S A. 1977. A prospective study of predictors of criminality: intelligence. In ***Biosocial basis of criminal behaviour*** deur S A Medrick en K O Christiansen (Reds) New York: Garden Press.

Kisker, G W. 1964. ***The disorganized personality***. New York: McGraw-Hill book company.

Klopfer, B, Ainsworth, M D, Klopfer, W G & Holt R R. 1954. ***Developments in the Rorschach technique: Volume I - Technique and theory***. London: Harcourt Brace Jovanovich.

Knoetze, F F. 1966. ***Die Rorschach-profiel van 'n groep begaafde St. IV - leerlinge***. Ongepubliseerde magister verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Kohlberg, L. 1976. Moral stages and moralization. In R Lickona (Red). ***Moral development and behavior: theory, research and social issues***. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Kolko, J D, Kazdin, A E & Meyer, E C. 1985. Aggression and Psychopathology in childhood Firesetters: parent and Child Reports. ***Journal of clinical psychology*** volume 53(3):377-385.

Konner, M. 1989. Anthropology and Psychiatry. In H I Kaplan en B J Sadock (Reds). ***Textbook of Psychiatry***. Volume 1. Vyfde uitgawe. Baltimore, Md: Williams & Wilkins.

Korn, R R & McCorkle L W. 1960. ***Criminology and penology***. New York: Holt, Rinehart & Wilson.

Kovel, J. 1981. ***The age of desire: reflections of a radical psychoanalyst***. New York: Pantheon.

Kruger, A. 1983. Tekortkominge in Wetgewing oor Geestesongesteldes. ***Tydskrif vir regswetenskap*** volume 2:182-192. Creda Press.

Kruger, A. 1993. The insanity defence raised by the State, minister's decisions patients and a bill of rights. ***South African journal of criminal justice*** volume 6:148-154. Creda Press.

Krynicki, V E. 1978. Cerebral dysfunction in repetitively assaultive adolescents. ***Journal of nervous and mental disease*** volume 166(1):52-67.

Lerner, P M & Lerner, H D. 1989. ***Primitive mental states and the Rorschach***. Madison Connecticut: International universities.

Lester, D, Kendra, J M, Thisted, R A & Perdue, W C. 1975. Prediction of homicide with the Rorschach. ***Journal of clinical psychology*** volume 31:752.

Lester, D & Perdue, W. 1972. Suicide, homicide and color-shading response on the Rorschach. ***Perceptual and motor-skills*** volume 35:562

Lester, D. 1986. The Violent offender. In H Toch. ***Psychology of crime and criminal justice***. Prospect Heights, III: Waveland Press:299-322.

Levitt, E E. 1980. ***Primer on the Rorschach technique: a method of administration, scoring and interpretation***. Illinois: Charles C Thomas.

Liddicoat, R & Roberts A O H. 1962. Interim standardization of the SA Wechsler-Bellevue Adult Intelligence Test. ***Psychologia Africana*** volume 9:273-285.

Lindzey, G. 1959. ***Assessment of human motives***. New York: Rinehart.

Maeder, T. 1985. ***Crime and madness: the origin and evolution of the insanity defense***. New York: Harper & Row, publishers.

Mahler, M. 1976. ***On human symbiosis and the vicissitudes of individuation***. New York: Library of human relations.

Marcuse, H. 1974. ***Eros and civilization: a philosophical inquiry into Freud***. Boston: Beacon Press.

Marshall, R J. 1983. A psychoanalytic perspective on the diagnosis and development of juvenile delinquency. In W S Laufer en J M Day (Reds). ***Personality theory, moral development and criminal behaviour.*** Lexington: Heath.

Matarazzo, J D. 1979. ***Wechsler's measurement and appraisal of adult intelligence.*** Vyfde uitgawe. New York: Oxford University Press.

McAuley, F. 1993. ***Insanity, psychiatry and criminal responsibility.*** Dublin: The Round Hall Press.

McClure, W E. 1933. "Intelligence of 600 juvenile delinquents" ***Journal of juvenile residivism*** volume 20:20-27 aangehaal deur Franks, C M 1956. "Recidivism, psychopathy and personality" ***British journal of delinquency*** volume 6:192-201.

McCraw, R K & Pegg-McNab, J. 1989. Rorschach comparisons of male juvenile sex offenders and nonsex offenders. ***Journal of personality assessment*** volume 53:546-553.

Mead, M. 1950. ***Coming of age.*** New York: New American library.

Megargee, E I. 1965. The performance of juvenile delinquents on the Holtzman Inkblot techniques: a normative study. ***Journal of projective techniques*** volume 29:504-512.

Megargee, E I & Cook, P E. 1967. The relation of TAT and inkblot aggressive content scales with each other and with criteria of overt aggressiveness in juvenile delinquents. ***Journal of projective techniques and personality assessment*** volume 31:48-60.

Menard, S & Morse, B J. 1980. A structuralist critique of IQ-delinquency. ***American journal of sociology*** volume 89:1347-1379.

Menninger, K A. 1988. ***The selected correspondence of Karl A. Menninger, 1919-1945.*** New Haven: Yale university press.

Merril, M A. 1947. ***Problems of child delinquency.*** Boston: Houghton Mifflin.

Meyer W F, Moore C & Viljoen H J. 1988. ***Persoonlikheidsteorieë: van Freud tot Frankl.*** Eerste uitgawe. Johannesburg: Lexicon.

Milton, J. 1989. Law Reform : The case of State President's detainees. ***Consultus*** Oktober:117-119.

Moffit, T E. 1990. The neuropsychology of delinquency: a critical review of theory and research. In N Morris and M Tonry (Eds). ***Crime and justice: an annual review of research.*** Volume 12:99-169.

Moffit, T E & Henry, B C. 1989. Neuropsychological assessment of executive function in self-reported delinquents. ***Development and psychopathology*** volume 1:105-118.

Moffit, T E & Silva, P A. 1988. IQ and delinquency: A direct test of the differential detection hypothesis. ***Journal of abnormal psychology*** volume 97:330-333.

Moffit, T E , Gabrielli, W F, Mednick, S A & Schulsinger, F. 1981. Socioeconomic status, IQ and delinquency. ***Journal of abnormal psychology*** volume 90:152-156.

Monahan, J & Steadman, H J. 1983. Crime and mental disorder: An epidemiological approach. In M Tonry & N Morris (Reds). ***Crime and justice*** volume 4. Chicago: University of Chicago Press.

Monahan, J & Steadman, H J. 1984. ***Crime and mental disorder.*** Washington, DC: National Institute for Justice, September.

Monro, C H. 1901. ***Justinian Digest.*** Cambridge: University Press.

Moore, L L. 1991. ***A forensic study of the Rorschach inkblots: normative data and analysis of offense type.*** Ongepubliseerde doktorale studie. Berkeley: University Microfilms International.

Murchison, C. 1926. ***Criminal intelligence.*** Worcester: Massachusets.

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing. 1969. ***Suid-Afrikaanse Wechsler intelligensie-skaal vir volwassenes.*** Pretoria: Nasionale Instituut vir Personeel Navorsing.

Nell, V. 1994. Interpretation and misinterpretation of the South African Wechsler-Bellevue Adult Intelligence Scale: a history and a prospectus. ***Suid-Afrikaanse tydskrif vir sielkunde*** volume 24(2):100-109.

Norusis, M J. 1993. ***SPSS for windows: Base system user's guide.*** Release 6.0. Chicago: SPSS Inc.

Nunnaly, J C. 1978. ***Psychometric theory.*** Tweede uitgawe. New York: McGraw-Hill.

Nuus vir die geesteswetenskappe. 1993. The mentally ill: criminals or patients. ***CSD/SWO Bulletin*** volume 5(3):20.

Oosthuizen, H & Verschoor, T. 1993. Verwysing van onverhoorbare beskuldigdes en die daarstelling van 'n verhoorbaarheidsvasstellingseenheid. ***Suid-Afrikaanse tydskrif vir strafregpleging*** volume 6:155-164.

Perdue, W & Lester, D. 1972. Personality characteristics of rapists. ***Perceptual and motor-skills*** volume 35:514.

Piedmont, R L, Sokolove, R L & Fleming, M Z. 1990. Discriminating personality disorders using the WAIS-R: a comparison of three approaches. ***Journal of personality assessment*** volume 54:363-378.

Pieters, H & Louw, D A. 1987. Die Suid-Afrikaanse Wechsler-Intelligensieskaal vir Volwassenes: 'n kritiese perspektief. ***Suid-Afrikaanse tydskrif vir sielkunde*** volume 17:145-149.

Plato. 1982. ***Education: ends and means.*** Washington D C: University Press of America.

Plato. 1931. ***Laws, Book IX.*** Translated by Taylor.

Platt, A & Diamond, B L. 1966. The origins of the "right and wrong" test of criminal responsibility and its subsequent development in the United States: an historical survey. ***California law review*** volume 51:1227-1260.

Plug, C, Meyer W F, Louw, D A & Gouws, L A. 1993. ***Psigologie-Woordeboek.*** Tweede uitgawe. Pretoria: Lexicon Uitgewers.

Prandoni, J R, Jensen D E, Matranga, J T & Waison, M O. 1973. Selected Rorschach response characteristics of sex offenders. ***Journal of personality assessment*** volume 37:334-336.

Prandoni, J R & Swartz, C P. 1978. Rorschach protocols for three diagnostic categories of adult offenders: normative data. ***Journal of personality assessment*** volume 42:115-120.

Prentice, N M & Kelly, F J. 1963. Intelligence and delinquency: a reconsideration. ***Journal of social psychology*** volume 60:327-337.

Pretoria News, vide "US court rules out insanity defence".

Prince, M. 1969. ***The dissociation of a personality : a biographical study in abnormal psychology.*** Westport city: Greenwood Press.

Quay, H C. (Red.) 1987. ***Handbook of juvenile delinquency.*** New York: John Wiley and sons.

Rachmiel, H M. 1987. Rorschach responses styles in a forensic population. Ongepubliseerde doktorale tesis. Universiteit van Toledo. ***Dissertation abstracts international*** volume 48:2791-2792B.

Rank, O. 1936. ***Will therapy and truth and reality.*** New York: Knopf.

Regoli, R M & Hewitt J D. 1996. ***Criminal Justice.*** Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Reiss, A J & Rhodes A L. 1961. The distribution of juvenile delinquency in the social class structure. ***Americal sociological review*** volume 26:720-732.

Richardson, H M & Surko, F F. 1956. WISC scores and status in reading and arithmetic of delinquent children. ***Journal of genetic psychology*** volume 89:251-262.

Richardson, L M. 1981. The concurrent validity of the MMPI versus the Rorschach in discriminating offense type and psychiatric diagnosis among juvenile offenders. Ongepubliseerde doktorale studie. Universiteit van Houston. ***Dissertation abstracts international*** volume 48:2791-2792B.

Roebuck, J. 1967. ***Criminal typology.*** Springfield, III: Charles C Thomas.

Rose, D & Bitter, E J. 1980. The Palo Alto destructive content scale as a prediction of physical assaultiveness in men. ***Journal of personality assessment*** volume 44:228-233.

Rosen, G. 1968. ***Madness in Society.*** Chicago: University of Chicago Press.

Rutter, M. 1971. Parent-child separation: Psychological effects on the children. ***Journal of child psychology and psychiatry*** volume 12:233-260.

SAS Institute Inc. 1990. ***SAS Procedures Guide.*** Version 6, 4de uitgawe. Carey, NC: SAS Institute Inc.

Santamour, M, Bedell, G F & West, B. 1989. ***The mentally retarded offender and corrections: an updated prescriptive package.*** Laurel, MD: American correctional association.

Schmalleger, F. 1994. ***Criminal Justice: a brief introduction.*** New Jersey: Regents/Prentice Hall.

Seamons, D T, Howell R J, Carlisle, A L & Roe, A V. 1981. Rorschach simulation of mental illness and normality by psychotic and nonpsychotic legal offenders. ***Journal personality assessment*** volume 45:130-135.

Shanok, S S & Lewis D O. 1981. Medical histories of female delinquents. ***Archives of general psychiatry*** volume 38:211-213

Shapino, T & Perry, R. 1976. Latency revisited: The age 7 plus or minus 1. ***Psychoanalytic study of the child*** volume 31:79-105.

Shoemaker, D J. 1984. ***Theories of delinquency.*** New York: Oxford University Press.

Short, J F & Strodtbeck, F L. 1965. ***Group process and gang delinquency.*** Chicago: Univesrity of Chicago Press.

Siegel, S. 1956. ***Nonparametric statistics fot the behavioral sciences.*** New York: MacGraw-Hill Co, Inc.

Simpson, A L. 1976. Comments: Rehabilitation as the justification for a separate juvenile justice system. ***California law review*** volume 64:984-1017.

Smit, G J. 1981. ***Psigometrika***. Pretoria: Haum publishers.

Snyman, J L. 1987. Aspekte rakende die verhoorbaarheidsvereiste in die strafprosesreg. ***Tydskrif vir regswetenskap*** volume 1:145-162.

South African Law Commission. 1995. ***The declaration and detention of persons as State patients under the Criminal Procedure Act, Act 51 of 1977, and the discharge of such persons under the Mental Health Act, Act 18 of 1973, including the burden of proof with regard to the mental state of an accused or convicted person***. Working paper 55.

Spearman, C E. 1927. ***The nature of "intelligence" and the principles of cognition***. London: Macmillan company.

Spearman, C E & Jones, L W. 1950. ***Human ability: a continuation of "The abilities of man"***. London: Macmillan.

Stark, R. 1975. ***Social problems***. New York: Random House.

Stattin, H & Klackenberg-Larsson, I. 1993. Early language and Intelligence development and their relationship to Future Criminal behaviour. ***Journal of abnormal psychology*** volume 102 (3):369-378.

Stott, D. 1982. ***Delinquency: the problem and its prevention***. London: Bats ford.

Sutherland, E H. 1931. Mental efficiency and crime. In K Young, (Red). ***Social attitudes***. New York: Henry Holt, pp 357-375.

Swartz, V W. 1973. The effects of aggression and awareness on Rorschach performance. Ongepubliseerde doktorale studie, Universiteit van Nebraska. ***Dissertation abstracts international*** volume 34:2319B.

Syre, F B. 1932. Mens rea. ***Harvard law review*** volume 45:974-1026.

Szasz, T S. 1973. ***Ideology and insanity: essays on the psychiatric dehumanization of man***. London: Marion Boyars.

Tarter, R E, Hegedus, A M, Winsten, S T & Alterman A I. 1987. International profiles of violent behavior in juvenile delinquents. ***Journal of psychology*** volume 119:125-128.

Toby, J & Toby, M L. 1961. ***Low school status as a predisposing factor in subcultural delinquency***. New Brunswick, NJ: Rutgers University.

Toch, H & Adams, K. 1989. ***The Disturbed Violent Offender***. New Haven, D T : Yale University Press.

Tomlinson-Keasey, C & Keasy, C B. 1974. The mediating role of cognitive development in moral judgment. ***Child development*** volume 45:291-298.

Townsend, J. 1967. The relation between Rorschach signs of aggression and behavioral aggression in emotionally disturbed boys. ***Journal of projective techniques and personality assessment*** volume 31:13-21.

US court rules out insanity defence. 1994. ***Pretoria News,*** 30 March:8.

Van Oosten, F F W. 1993. Non-pathological criminal incapacity versus pathological criminal incapacity. ***Suid-Afrikaanse tydskrif vir strafregpleging*** volume 6:127-147.

Visser, M J, Haasbroek C P & Bodemer W. 1989. ***Psigiatriese hospitale in Suider-Afrika.*** Verslag P-100. Pretoria: Raad vir geesteswetenskaplike navorsing.

Vold, G B, & Bernard, T J. 1986. ***Theoretical criminology. Derde uitgawe.*** New York: Oxford University Press.

Walker, N. 1968. ***Crime and Insanity in England.*** Volume I. Edinburgh University Press: Edinburgh.

Walsch, A, Petee, T A & Beyer, J A. 1987. Intellectual imbalance and delinquency: comparing high verbal and high performance IQ delinquents. ***Criminal justice and behaviour*** volume 14:370-379.

Warren, M Q. 1971. Classification of offenders as an aid to efficient management and effective treatment. ***Journal of criminal law, criminology and police science*** volume 62:239-258.

Wechsler, D. 1948. ***The measurement of adult intelligence.*** Derde uitgawe. Baltimore: Williams & Wilkens.

Wechsler, D. 1958. ***The measurement and approval of adult intelligence.*** Baltimore: Williams & Wilkens.

Weiner, I B. (Red). 1994. ***Rorschachiana: Yearbook of the International Rorschach Society.*** Volume 19. Bern: Hogrefe & Huber publishers.

Weiner, M F. 1989. Theories of personality and psychopathology: other psychodynamic schools. In H I Kaplan en B J Sadock (Reds). ***Comprehensive textbook of psychiatry.*** Volume 1 Nommer 5. Baltimore Md: Williams & Wilkins.

Weiss, J & Sampson, H. 1986. ***The psychoanalytic process: theory, clinical observation and empirical research.*** New York: Gilford.

Wessely, S & Taylor, P J. 1991. Madness and crime: criminology versus psychiatry. ***Criminal behaviour and mental health*** volume 1: 193-228.

West, D J & Farrington D P. 1973. ***Who becomes delinquent?***. London: Heinemann Educational.

Whitlock, F A. 1963. ***Criminal responsibility and mental illness***. London: Butterworth and Co.

Wilson, J Q & Herrnstein, R J. 1985. ***Crime and human nature***. New York: Simon and Schuster.

Wolfgang, M, Figlio, R F & Sellin, T. 1972. ***Delinquency in a birth cohort***. Chicago: University of Chicago press.

Woodward, M. 1955. ***Low intelligence and crime***. London: Institute for the study and treatment of delinquency.

Wooton, B. 1959. ***Social science and social pathology***. London: Allen and Unwin.

Yadav, R A. 1977. Rorschach responses of the institutionalized offender. ***Social defence*** volume 12:34-38.

Zimmermann, I L, Woo-Sam, J M & Glasser, A J. 1973. ***Clinical interpretation of the Wechsler Adult Intelligence Scale***. New York: Grune & Stratton.

BYLAE A

INLIGTINGSKEDULE

1. Geval nommer | | | | 1-3

2. Kaart nommer | 0 | 1 | 4-5

3. MR Nommer .....

4. Saak nommer .....

5. Ouderdom | | | 6-7

6. Opvoedkundige Kwalifikasies

Spesiale skool	1	
Onder matriek	2	
Matriek	3	
Diploma	4	
Graad	5	8

7. Beroepstatus van pasiant

Geëmplojeer	1	
Werkloos	2	
Student/diensplig tige	3	
Pensionaris	4	
Onbestendige werksrekord	5	9

8. Indien geëmplojeer meld tipe beroep

Professioneel - Advokaat, regter, rekenmeester, mediese-praktisyn, natuur en/of geesteswetenskaplike, lektor, apteker, argitek, ens.	1		
Administratiewe, uitvoerende, of besturende beampte - Bv. direkteur, self-geemplojeerde bestuurder, senior regeringsamptenaar, ens.	2		
Klerikale werk - Klerk, kassier, junior regeringsamptenaar, ens.	3		
Verkoopspersoon - Versekeringsagent, eiendomsagent, handelsreisiger, ens.	4		
Landbouer - Plaasbestuurder, bosbouer, ens.	5		
Mynwerker - Mynkaptein, skofbestuurder, skaggrawer, ens.	6		
Vervoerwerker of kommunikasiewerker - Taxibestuurder, vragmotorbestuurder, kondukteur, telefoonoperateur, radio-operateur, brandweerman, ens.	7		
Opgeleide ambagsman - Persone wat ambagopleiding ondergaan het.	8		
Halfopgeleide ambasman - Vakleerling, in-opleiding, ens.	9		
Onopgeleide ambagsman - Arbeider, ens.	10		
Ondersteunende beroepe - Weermagpersoneel, polisiepersoneel, korrektiewe diensteperssoneel, ens.	11		
Ander - Gids, haarkapper, kelner, opsigter, begrafnisondernemer, toneelspeler, ens.	12		10-11

9. Huwelikstatus

Ongetroud	1		
Getroud	2		
Geskei	3		
Wewenaar	4		
Saamleef	5		12

10. Tipe beweerde misdryf | | | 13-14

11. Tipe vorige oortredings

		15-16
		17-18
		19-20
		21-22
		23-24

12. Was daar vorige botsings met die gereg?

Ja	Nee		
1	2		25

13. Aantal botsings met die gereg | | | 26-27

14. Psigiatriese diagnose | | | 28-29

15. Was daar alkoholmisbruik aanwesig?

Ja	Nee		
1	2		30

16. Was daar substansieafhanklikheid aanwesig?

Ja	Nee		
1	2		31

17. Tipes van afhanklikheidsvormende substansies | | 32

18. Was pasiënt uit 'n gebroke gesin afkomstig?

Ja	Nee		
1	2		33

19. Was daar geskiedenis van selfmoordpogings?

Ja	Nee		
1	2		34

20. Het pasiënt se ontwikkelingsmylpale normaal verloop?

Ja	Nee		
1	2		35

21. Het godsdiens klaarblyklik 'n positiewe of negatiewe rol in die pasiënt se lewe gespeel?

Positief	Negatief		
1	2		36

22. Het pasiënt in die verlede militêre opleiding ondergaan?

Ja	Nee		
1	2		37

23. Was pasiant na 'n verbeteringskool toe verwys?

Ja	Nee	
1	2		38

24. Was daar mediese probleme by pasiant aanwesig?

Ja	Nee	
1	2		39

25. Tipes mediese probleme?

		40-41

26. Was daar psigologiese probleme by die pasiant aanwesig?

Ja	Nee	
1	2		42

27. Tipes psigologiese probleme

		43-44

28. Hoeveel kinders was in pasiant se gesin van afkoms, aanwesig?

		45-46

29. Geboorte-orde van die pasiant?

		47-48

30. Bestaan daar 'n rekord van vorige psigiatriese behandelings?

Ja	Nee		
1	2		49

32. Bestaan daar 'n rekord van ongemagtigde afwesigheid van skool (stokkiesdraai)?

Ja	Nee		
1	2		50

33. Bestaan daar 'n rekord van vorige ontsnappings?

Ja	Nee		
1	2		51

34. Het die ouers van die pasiënt 'n rekord van vorige psigiatriese behandeling?

Ja	Nee		
1	2		52

35. Was daar substansie-afhanklikheid by ouers van pasiënt aanwesig?

Ja	Nee		
1	2		53

B Y L A E B

VERANDERLIKES NIE STATISTIES BEDUIDEND NIE

TABEL VAN GROEPE TEENOOR HUWELIKSTATUS

GROEPE	HUWELIKSTATUS					
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Onge-troud	Getroud	Geskei	Wewenaar	Saamleef	Totaal
Misdadigers	49 34.51 44.55 73.13	18 12.68 16.36 75.00	36 25.35 32.73 85.71	0 0.00 0.00 0.00	7 4.93 6.36 87.50	110 77.46
Staatspasiënte	18 12.68 56.25 26.87	6 4.23 18.75 25.00	6 4.23 18.75 14.29	1 0.70 3.13 100.00	1 0.70 3.13 12.50	32 22.54
Totaal	67 47.18	24 16.90	42 29.58	1 0.70	8 5.63	142 100.00

x^2 = 6,34 - vryheidsgrade = 4 - p = 0,17

TABEL VAN GROEPE TEENOOR BOTSING MET DIE GEREG

GROEPE	BOTSING MET DIE GEREG		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	69 48.59 62.73 79.31	41 28.87 37.27 74.55	110 77.46
Staatspasiënte	18 12.68 56.25 20.69	14 9.86 43.75 25.45	32 22.54
Totaal	87 61.27	55 38.73	142 100.00

x^2 = 0,438 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,51

TABEL VAN GROEPE TEENOOR GESKIEDENIS VAN ALKOHOLMISBRUIK

GROEPE	ALKOHOLMISBRUIK		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	91 64.08 82.73 79.82	19 13.38 17.27 67.86	110 77.46
Staatspasiënte	23 16.20 71.88 20.18	9 6.34 28.13 32.14	32 22.54
Totaal	114 80.28	28 19.72	142 100.00

x^2 = 1,844 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,17

TABEL VAN GROEPE TEENOOR GESKIEDENIS VAN SUBSTANSMISBRUIK

GROEPE	SUBSTANSMISBRUIK		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	60 42.25 54.55 75.00	50 35.21 45.45 80.65	110 77.46
Staatspasiënte	20 14.08 62.50 25.00	12 8.45 37.50 19.35	32 22.54
Totaal	80 56.34	62 43.66	142 100.00

x^2 = 0,638 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,42

TABEL VAN GROEPE TEENOOR GEBROKE GESIN

GROEPE	GEBROKE GESIN		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	56 39.44 50.91 76.71	54 38.03 49.09 78.26	110 77.46
Staatspasiënte	17 11.97 53.13 23.29	15 10.56 46.88 21.74	32 22.54
Totaal	73 51.41	69 48.59	142 100.00

x^2 = 0,049 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,82

TABEL VAN GROEPE TEENOOR SELFMOORDPOGINGS

GROEPE	SELFMOORDPOGINGS		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	28 19.72 25.45 77.78	82 57.75 74.55 77.36	110 77.46
Staatspasiënte	8 5.63 25.00 22.22	24 16.90 75.00 22.64	32 22.54
Totaal	36 25.35	106 74.65	142 100.00

x^2 = 0,003 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,96

TABEL VAN GROEPE TEENOOR NORMALE VERLOOP VAN ONTWIKKELINGSMYLPALE

GROEPE	NORMALE VERLOOP VAN ONTWIKKELINGSMYLPALE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	93 65.49 84.55 79.49	17 11.97 15.45 68.00	110 77.46
Staatspasiënte	24 16.90 75.00 20.51	8 5.63 25.00 32.00	32 22.54
Totaal	117 82.39	25 17.61	142 100.00

x^2 = 1,557 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,21

TABEL VAN GROEPE TEENOOR ROL VAN GODSDIENS

GROEPE	ROL VAN GODSDIENS		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Positief	Negatief	Totaal
Misdadigers	19 13.38 17.27 76.00	91 64.08 82.73 77.78	110 77.46
Staatspasiënte	6 4.23 18.75 24.00	26 18.31 81.25 22.22	32 22.54
Totaal	25 17.61	117 82.39	142 100.00

x^2 = 0,037 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,85

TABEL VAN GROEPE TEENOOR VERWYSING NA VERBETERINGSKOOL

GROEPE	VERWYSING NA VERBETERINGSKOOL		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	13 9.15 11.82 72.22	97 68.31 88.18 78.23	110 77.46
Staatspasiënte	5 3.52 15.63 27.78	27 19.01 84.38 21.77	32 22.54
Totaal	18 12.68	124 87.32	142 100.00

x^2 = 0,325 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,57

TABEL VAN GROEPE TEENOOR MEDIESE PROBLEME

GROEPE	MEDIESE PROBLEME		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	50 35.21 45.45 73.53	60 42.25 54.55 81.08	110 77.46
Staatspasiënte	18 12.68 56.25 26.47	14 9.86 43.75 18.92	32 22.54
Totaal	68 47.89	74 52.11	142 100.00

x^2 = 1,158 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,28

TABEL VAN GROEPE TEENOOR PSIGOLOGIESE PROBLEME

GROEPE	PSIGOLOGIESE PROBLEME		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	103 72.54 93.64 76.87	7 4.93 6.36 87.50	110 77.46
Staatspasiënte	31 21.83 96.88 23.13	1 0.70 3.13 12.50	32 22.54
Totaal	134 94.37	8 5.63	142 100.00

x^2 = 0,489 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,48

TABEL VAN GROEPE TEENOOR WERKLOOSHEID

GROEP	WERKLOOSHEID		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	84 59.15 76.36 77.78	26 18.31 23.64 76.47	110 77.46
Staatspasiënte	24 16.90 75.00 22.22	8 5.63 25.00 23.53	32 22.54
Totaal	108 76.06	34 23.94	142 100.00

x^2 = 0,025 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,87

TABEL VAN GROEPE TEENOOR HOEVEELHEID KINDERS IN PASIëNT SE GESIN

GROEPE	HOEVEELHEID KINDERS IN PASIëNT SE GESIN											
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	15	Totaal
Misdadigers	4 2.82 3.64 66.67	24 16.90 21.82 77.42	23 16.20 20.91 79.31	18 12.68 16.36 85.71	21 14.79 19.09 80.77	6 4.23 5.45 75.00	5 3.52 4.55 62.50	2 1.41 1.82 66.67	4 2.82 3.64 80.00	2 1.41 1.82 50.00	1 0.70 0.91 100.00	110 77.46
Staatspasiënte	2 1.41 6.25 33.33	7 4.93 21.88 22.58	6 4.23 18.75 20.69	3 2.11 9.38 14.29	5 3.52 15.63 19.23	2 1.41 6.25 25.00	3 2.11 9.38 37.50	1 0.70 3.13 33.33	1 0.70 3.13 20.00	2 1.41 6.25 50.00	0 0.00 0.00 0.00	32 22.54
Totaal	6 4.23	31 21.83	29 20.42	21 14.79	26 18.31	8 5.63	8 5.63	3 2.11	5 3.52	4 2.82	1 0.70	142 100.00

x^2 = 4,731 - vryheidsgrade = 10 - p = 0,91

TABEL VAN GROEPE TEENOOR GEBOORTE-ORDE VAN DIE PASIëNT

GROEPE	GEBOORTE-ORDE VAN DIE PASIëNT									
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	1	2	3	4	5	6	7	8	9	Totaal
Misdadigers	38 26.76 34.55 82.61	27 19.01 24.55 71.05	19 13.38 17.27 79.17	12 8.45 10.91 80.00	7 4.93 6.36 63.64	5 3.52 4.55 100.00	1 0.70 0.91 100.00	1 0.70 0.91 100.00	0 0.00 0.00 0.00	110 77.46
Staatspasiënte	8 5.63 25.00 17.39	11 7.75 34.38 28.95	5 3.52 15.63 20.83	3 2.11 9.38 20.00	4 2.82 12.50 36.36	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	0 0.00 0.00 0.00	1 0.70 3.13 100.00	32 22.54
Totaal	46 32.39	38 26.76	24 16.90	15 10.56	11 7.75	5 3.52	1 0.70	1 0.70	1 0.70	142 100.00

x^2 = 8,366 - vryheidsgrade = 8 - p = 0,40

TABEL VAN GROEPE TEENOOR BEROEPSTATUS VAN PASIËNT

GROEPE	BEROEPSTATUS VAN PASIËNT					
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Geëmplo-jeer	Werkloos	Student/ diens-pligtige	Pensio-naris	Onbeste-ndige werksrek	Totaal
Misdadigers	25 17.61 22.73 71.43	20 14.08 18.18 68.97	3 2.11 2.73 75.00	4 2.82 3.64 80.00	58 40.85 52.73 84.06	110 77.46
Staatspasiënte	10 7.04 31.25 28.57	9 6.34 28.13 31.03	1 0.70 3.13 25.00	1 0.70 3.13 20.00	11 7.75 34.38 15.94	32 22.54
Totaal	35 24.65	29 20.42	4 2.82	5 3.52	69 48.59	142 100.00

x^2 = 3,681 - vryheidsgrade = 4 - p = 0,45

TABEL VAN GROEPE TEENOOR STOKKIESDRAAI

GROEPE	STOKKIESDRAAI		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Ja	Nee	Totaal
Misdadigers	16 11.27 14.55 80.00	94 66.20 85.45 77.05	110 77.46
Staatspasiënte	4 2.82 12.50 20.00	28 19.72 87.50 22.95	32 22.54
Totaal	20 14.08	122 85.92	142 100.00

x^2 = 0,086 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,77

TABEL VAN GROEPE TEENOOR OUDERDOM

GROEPE	OUDERDOM				
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Jonger as 22 jaar oud	22 - 30 jaar oud	31 - 40 jaar oud	Bokant 40 jaar oud	Totaal
Misdadigers	20 14.08 18.18 83.33	39 27.46 35.45 82.98	29 20.42 26.36 70.73	22 15.49 20.00 73.33	110 77.46
Staatspasiënte	4 2.82 12.50 16.67	8 5.63 25.00 17.02	12 8.45 37.50 29.27	8 5.63 25.00 26.67	32 22.54
Totaal	24 16.90	47 33.10	41 28.87	30 21.13	142 100.00

x^2 = 2,650 - vryheidsgrade = 3 - p = 0,45

TABEL VAN GROEPE TEENOOR OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES

GROEPE	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES				
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Spesiale skool	Onder-matriek	Matriek	Diploma en/of graad	Totaal
Misdadigers	17 11.97 15.45 65.38	18 12.68 16.36 75.00	49 34.51 44.55 81.67	26 18.31 23.64 81.25	110 77.46
Staatspasiënte	9 6.34 28.13 34.62	6 4.23 18.75 25.00	11 7.75 34.38 18.33	6 4.23 18.75 18.75	32 22.54
Totaal	26 18.31	24 16.90	60 42.25	32 22.54	142 100.00

x^2 = 3,126 - vryheidsgrade = 3 - p = 0,37

TABEL VAN A1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
A1 verwys na M:FM

A1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
fm<m>2	4 3.31 57.14 4.30	3 2.48 42.86 10.71	7 5.79
1/2fm>m>2	1 0.83 100.00 1.08	0 0.00 0.00 0.00	1 0.83
die res	88 72.73 77.88 94.62	25 20.66 22.12 89.29	113 93.39
Totaal	93 76.86	28 23.14	121 100.00

x^2 = 1,897 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,39

TABEL VAN A2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
A2 verwys na M:(FM+m)

A2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
fmm>1.5m	63 44.37 75.00 57.27	21 14.79 25.00 65.63	84 59.15
fmm<m	19 13.38 79.17 17.27	5 3.52 20.83 15.63	24 16.90
die res	28 19.72 82.35 25.45	6 4.23 17.65 18.75	34 23.94
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,798 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,67

TABEL VAN B1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
B1 verwys na Som C = FC+2CF+3C/2

B1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
sumc>=3	15 10.56 78.95 13.64	4 2.82 21.05 12.50	19 13.38
sumc<3	95 66.90 77.24 86.36	28 19.72 22.76 87.50	123 86.62
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,028 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,87

TABEL VAN B2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
B2 verwys na FC:(CF+C)

B2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
fc>cfc&cfc=0	23 16.20 76.67 20.91	7 4.93 23.33 21.88	30 21.13
fc>cfc&cfc~=0	7 4.93 77.78 6.36	2 1.41 22.22 6.25	9 6.34
fc<cfc	42 29.58 76.36 38.18	13 9.15 23.64 40.63	55 38.73
die res	38 26.76 79.17 34.55	10 7.04 20.83 31.25	48 33.80
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,129 - vryheidsgrade = 3 - p = 0,99

TABEL VAN B3 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
B3 verwys na kaarte (VII IX en X)%

B3	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
8,9,10 r>40	13 9.15 61.90 11.82	8 5.63 38.10 25.00	21 14.79
8,9,10 r<30	55 38.73 82.09 50.00	12 8.45 17.91 37.50	67 47.18
die res	42 29.58 77.78 38.18	12 8.45 22.22 37.50	54 38.03
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 3,736 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,15

TABEL VAN C1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
C1 verwys na M:Som C

C1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
sumc-0&sumc<m&m>2	8 5.63 66.67 7.27	4 2.82 33.33 12.50	12 8.45
sumc>m	39 27.46 79.59 35.45	10 7.04 20.41 31.25	49 34.51
die res	63 44.37 77.78 57.27	18 12.68 22.22 56.25	81 57.04
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,933 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,63

TABEL VAN C2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
C2 verwys na (FM+m):(Fc+c+C')

C2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
dmsumc&dfmmfccc>0	42 29.58 77.78 38.18	12 8.45 22.22 37.50	54 38.03
dmsumc&dfmmfccc<0	2 1.41 66.67 1.82	1 0.70 33.33 3.13	3 2.11
die res	66 46.48 77.65 60.00	19 13.38 22.35 59.38	85 59.86
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,205 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,90

TABEL VAN D1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
D1 verwys na FK+Fc:F

D1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
fkfc>0.75f	10 7.04 66.67 9.09	5 3.52 33.33 15.63	15 10.56
fkfc<0.25f	75 52.82 78.13 68.18	21 14.79 21.88 65.63	96 67.61
die res-optimum	25 17.61 80.65 22.73	6 4.23 19.35 18.75	31 21.83
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 1,205 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,55

TABEL VAN D2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
D2 verwys na (Fc+Fk+FK):(K+kF+KF+c+CF)

D2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
ongediffer.> gedifferen.	15 10.56 68.18 13.64	7 4.93 31.82 21.88	22 15.49
die res	95 66.90 79.17 86.36	25 17.61 20.83 78.13	120 84.51
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 1,285 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,26

TABEL VAN D3 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
D3 verwys na (Fc+cF+c+C'+C'F+FC'):(FC+CF+C)

D3	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
2*akrom=kromat.	9 6.34 81.82 8.18	2 1.41 18.18 6.25	11 7.75
2*kromat.=akrom	22 15.49 73.33 20.00	8 5.63 26.67 25.00	30 21.13
die res	79 55.63 78.22 71.82	22 15.49 21.78 68.75	101 71.13
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,446 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,80

TABEL VAN E1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
E1 verwys na F%

E1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
F>50	32 22.54 80.00 29.09	8 5.63 20.00 25.00	40 28.17
F<20	25 17.61 67.57 22.73	12 8.45 32.43 37.50	37 26.06
die res	53 37.32 81.54 48.18	12 8.45 18.46 37.50	65 45.77
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 2,841 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,24

TABEL VAN E2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
E2 verwys na (FK+F+FC)%

E2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
fk_f_fc>75	11 7.75 91.67 10.00	1 0.70 8.33 3.13	12 8.45
die res	99 69.72 76.15 90.00	31 21.83 23.85 96.88	130 91.55
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 1,514 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,22

TABEL VAN F1 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
F1 verwys na R response

F1	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadigers	Staatspasiënte	Totaal
R>45	2 1.41 100.00 1.82	0 0.00 0.00 0.00	2 1.41
R<20	99 69.72 79.20 90.00	26 18.31 20.80 81.25	125 88.03
die res	9 6.34 60.00 8.18	6 4.23 40.00 18.75	15 10.56
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 3,418 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,18

TABEL VAN F2 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
F2 verwys na W:M

F2	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
w>2*m	98 69.01 78.40 89.09	27 19.01 21.60 84.38	125 88.03
w<2*m	7 4.93 63.64 6.36	4 2.82 36.36 12.50	11 7.75
die res	5 3.52 83.33 4.55	1 0.70 16.67 3.13	6 4.23
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 1,386 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,50

TABEL VAN F3 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
F3 verwys na (H+A):(Hd+Ad)

F3	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
2*hdad=ha	3 2.11 75.00 2.73	1 0.70 25.00 3.13	4 2.82
2*ha=hdad	2 1.41 66.67 1.82	1 0.70 33.33 3.13	3 2.11
die res	105 73.94 77.78 95.45	30 21.13 22.22 93.75	135 95.07
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 0,222 - vryheidsgrade = 2 - p = 0,89

TABEL VAN F4 - KWANTITATIEWE VERHOUDINGS TEENOOR GROEPE
F4 verwys na A%

F4	GROEPE		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	Misdadi-gers	Staats-pasiënte	Totaal
A%>50	36 25.35 87.80 32.73	5 3.52 12.20 15.63	41 28.87
A%<=50&>20	64 45.07 74.42 58.18	22 15.49 25.58 68.75	86 60.56
die res	10 7.04 66.67 9.09	5 3.52 33.33 15.63	15 10.56
Totaal	110 77.46	32 22.54	142 100.00

x^2 = 3,970 - ryheidsgrade = 2 - p = 0,14

TABEL VAN GROEPE TEENOOR A EN DIE RES VAN RESPONSE

GROEPE	A RESPONSE EN DIE RES		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	A response	Die Res	Totaal
Misdadigers	170 10.4 43.9 22.4	217 13.3 56.1 24.9	387 23.7
Staatspasiënte	589 36.1 47.3 77.6	656 40.2 52.7 75.1	1245 76.3
Totaal	759 46.5	873 53.5	1632 100.0

x^2 = 1,357 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,24

TABEL VAN GROEPE TEENOOR H EN DIE RES VAN RESPONSE

GROEPE	H RESPONSE EN DIE RES		
Frekwensie Totale % Ry % Kol %	H response	Die Res	Totaal
Misdadigers	43 2.6 11.1 26.1	344 21.1 88.9 23.4	387 23.7
Staatspasiënte	122 7.5 9.8 73.9	1123 68.8 90.2 76.6	1245 76.3
Totaal	165 10.1	1467 89.9	1632 100.0

x^2 = 0,559 - vryheidsgrade = 1 - p = 0,45